



# **HANDELINGE**

## **van die 14de vergadering van die**

## **ALGEMENE SINODE**

### **van die**

## **NEDERDUITSE GEREFORMEERDE**

## **KERK**

**BIRCHWOOD KONFERENSIESENTRUM, BOKSBURG**  
**Maandag 10 tot Vrydag 14 Oktober 2011**

# **ROEPINGSVERKLARING**

## **van die Nederduitse Gereformeerde Kerk**

### **2007**

Ons besef opnuut God roep die NG Kerk deur sy Woord en Gees om aan Hom te behoort. Christus, die Hoof van die kerk, stuur ons om ons roeping te gehoorsaam en ons daaraan toe te wy:

(a) *Om met'n leerbare gees die wil van God deur sy Woord te leer ken en uit te leef in die uitdagende en komplekse wêreld waarin ons lewe.*

Ons is daarvan oortuig dat slegs die evangelie van Jesus Christus mense op die pad van verlossing, versoening en lewende hoop plaas. Daarom wil ons die Woord van die Here tydig en ontydig verkondig, as profete optree en oral getuienis aflê van die hoop wat in ons leef.

(b) *Om voortdurend in liefde na mekaar te luister en in ons vertroue van mekaar te groei.*

Bewus van ons diversiteit, verbind ons ons aan groter eenheid tussen gemeentes, aan die hereniging van die kerkfamilie, asook aan die versterking van ons ekumeniese bande. Ons wil graag met alle ander Christene saamwerk om veilige ruimtes te skep waarbinne ons eerlik met mekaar kan praat en bly praat.

(c) *Om in deernis met ander saam te leef.*

Ons word deur God geroep as deel van sy liggaam in Afrika. Ons is dankbaar vir alle positiewe ontwikkelinge op ons kontinent, waaronder die snelle groei van die Christelike geloof. Daar is ook vele tragiese verhale van geweld, misdaad, armoede, hongersnood en die gevolge van MIV-Vigs. Ons betuig ons meegevoel aan die talle slagoffers hiervan en wil meewerk aan genesing vir mens, dier en omgewing. God roep en stuur sy kerk om 'n verskil te maak. Ons verseker alle owerhede van ons voorbidding.

(d) *Om met openheid onvoorwaardelik diensbaar te wees in die wêreld.*

Ons wil graag met alle ander Christene hande vat om ons samelewings op te bou en pynlike omstandighede te verlig. Ons wil mekaar as gemeentes en leiers met liefde aanspoor, begelei en toerus om by die genesing van ons lande betrokke te raak. Ons is beskikbaar en is verbind tot diens aan gemeenskappe. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons oral hoor. As gestuurde gelowiges is ons sout van die aarde en lig vir die wêreld. Ons staan in diens van die koms van God se koninkryk.

Ons buig voor die Here. Ons is hier. Ons is sy kerk. Ons is gestuurdes.

Aan God al die eer.

# VOORWOORD

Die Veertiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk het nie maar net sommer gekom en gegaan nie. Iets het onherroeplik verander. Ons kan nooit weer op die ou, tradisionele weë van vergaderings gaan nie.

Hiérdie vergadering het vir ons 'n klomp geskenke gebring. Van hulle is die volgende: ons het ontdek hoe die Hoof van die Kerk ons harte en verstande verlig toe ons met die oop Woord geloofsonderskeidend sy wil gesoek het; ons het ervaar hoe ons in ons verskeidenheid om die tafels saam nuwe insigte kon ontdek; die stemme van die jonger generasies het op belangrike punte koers en hoop gegee; ons is verander deur die getuienis van medesinodegangers; die sinvolle gebruik van simboliek, musiek en metafore (dink maar aan die metafoor "dans") het bygedra tot die 'verwagting' wat deurentyd geheers het; ons het erns gemaak om mekaar menswaardig en sag te hanteer; die verhelderingsgesprekke het bygedra daartoe dat belangrike sake goed deurgetrap kon word voor dit in die groot vergadering ter tafel geneem is; die leierskap wou nie die kollig steel nie maar slegs optree as dienaars sodat daar ruimte kon kom vir die werking van die Gees van die Here; die optrede en die boodskappe van die ekumeniese verteenwoordigers het wêrelde vir ons oopgemaak én die wêreld in ons midde gebring. En ek sou kon aangaan...

Die geskenke het daartoe bygedra dat ons huistoe gegaan het nie met 'n klomp besluite in ons harte nie maar met oortuigings. Dit het daartoe geleei dat mens oral hoor van afgevaardigdes wat nie verslag doen oor die vergadering nie maar getuig van wat daar én met hulle gebeur het ... en van wat die Hoof van die Kerk gedoen het.


Natuurlik moes ons almal wat by hierdie vergadering was weer die berg afgaan om die berg-belewenis en die besluite van die vergadering in ons kerkverband in te dra. Natuurlik is dit nie maklik nie en natuurlik kan ons nie verwag almal moet dadelik die konteks van alle besluite verstaan nie. Ons moet soos ter vergadering van alle kante menswaardig en sag met mekaar wees sodat die stem van die Hoof van die Kerk helder klink.

Hierdie Handelinge van die Veertiende Vergadering van die Algemene Sinode gee, saam met die Kerkorde, die werk weer wat gedoen is in biddende afhanklikheid. In die Handelinge en die Kerkorde vind die besluite van hierdie vergadering neerslag: dit vra om uitvoering in biddende afhanklikheid van die Hoof van die Kerk – so het ons as kerkverband immers met mekaar gekontrakteer.

Baie mense het die voorbereiding van die vergadering, die werk ter vergadering asook die werk daarna maklik gemaak deur hulle professionaliteit, toewyding en harde werk. Baie dankie aan elkeen!

En aan die einde van alles kan ons as gereformeerde Christene saam met ons tradisie deur al die eeu uitroep:

**SOLI DEO GLORIA!**



**Dr JJ Gerber**  
**Algemene Sekretaris van die NG Kerk**

# INHOUDSOPGawe

<b>A. VERSLAE (Aanvullend).....</b>	7
<b>A.10 LEER EN AKTUELE SAKE.....</b>	8
Apostolicum .....	8
<b>B. BESKRYWINGSPUNTE (Aanvullend).....</b>	18
B.10 Belhar .....	18
<b>C. VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES.....</b>	30
T.3.1 Bevoegdheid: Eerste verslag .....	31
T.3.2 Bevoegdheid: Tweede verslag .....	32
T.5.1 Verslag van gesamentlike vergadering van die Tydelike Kommissie vir Diens en Getuenis en die Tydelike Kommissie vir Gemeente- ontwikkeling .....	33
T.6.1 Diensverhoudinge .....	34
T.7.1 Fondse.....	35
T.10.1 Leer en Aktuele Sake .....	38
T.11.1 Algemene en Ekumeniese sake: Kerkhereniging .....	40
T.11.2 Algemene en Ekumeniese sake: Ekumene.....	45
T.11.3 Algemene en Ekumeniese sake: Kerkhereniging .....	45
T.12.1 Regte: Eerste verslag .....	46
T.12.2 Regte: Tweede verslag.....	52
T.12.3 Regte: Derde verslag.....	68
T.12.4 Regte: Vierde verslag .....	72
<b>D. NOTULE.....</b>	73
Eerste Sittingsdag.....	74
Tweede Sittingsdag .....	79
Derde Sittingsdag .....	91
Vierde Sittingsdag.....	100
Vyfde Sittingsdag.....	112
<b>E. GROETEBOODSKAPPE .....</b>	127
<b>F. ANDER DOKUMENTE .....</b>	151
Liturgie van openingsgeleentheid .....	152
Teks van "Lord of the Dance" .....	154
Belydenis van die 14de vergadering .....	155
<b>G. BESLUITERREGISTER .....</b>	156
<b>H. SAKEREREGISTER .....</b>	184

# AFKORTINGS

## A

AACC	All Africa Conference of Churches
ABF	Algemene Bedieningsfonds
ABID	Argief- en Bestuursinligtingsdienste
ABR	Algemene Bevoegheidsraad
ACK	Afrikaanse Christen Kerk Nieu-Seeland
ADD	Algemene Diensgroep Diens en Getuienis
ADGO	Algemene Diensgroep Gemeenteontwikkeling
AGS	Apostoliese Geloofsending
AJK	Algemene Jeugkommisie
APK	Afrikaanse Protestantse Kerk
ARCA	Alliance of Reformed Churches in Africa
Art	Artikel
ASGISA	Accelerated and Shared Growth Initiative for South Africa
ASM	Algemene Sinodale Moderamen
ATABID	Algemene Taakspan Argief- en Bestuursinligtingsdienste
ATBV	Algemene Taakspan Bybelvertaling
ATDV	Algemene Taakspan Diensverhoudinge
ATF	Algemene Taakspan Fondse
ATKM	Algemene Taakspan Kerklike Media
ATLAS	Algemene Taakspan Leer en Aktuele Sake
ATR	Algemene Taakspan Regte

## B

Bep	Bepaling
BIG	Basiese Inkomste Toelaag (Basic Income Grant)
BM	Bybel-Media
BSA	Bybelgenootskap van Suid-Afrika

## C

CABSA	Christen Vigsburo vir Suidelike Afrika
CAD	Christelike Afhanklikheidsdiens
CCAP	Church of Central Africa Presbyterian
CEC	Evangelical Community in the Congo
CPK	Calvyn Protestantse Kerk
CLF	Christelike Lektuurfonds
CMR	Christelike Maatskaplike Raad
CRCA	Communion of Reformed Churches in Africa
CRCA	Christian Reformed Churches of Australia
CRCNA	Christian Reformed Church in North America
CRWRC	Christian Reformed World Relief Committee
CUM	Christelike Uitgewersmaatskappy

## D

DL	Dordtse Leerreëls
DRC	Dutch Reformed Church (NGK)
DRCB	Dutch Reformed Church in Botswana
DVK	Diensverhoudingkommisie

## F

FIM	Forum for Intercultural Missionaries
FJKM	Church of Jesus Christ in Madagaskar
FLAM	Eietydse Musiekbediening

## G

GCF	Global Christian Forum
GDN	Gemeentedienstenetwerk
GEKA	Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië
GER	(REC) Gereformeerde Ekumeniese Raad
GISA	Ginealogiese Instituut van Suid-Afrika
GKSA	Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

## H

HK	Hugenote Kollege
HK	Heidelbergse Kategismus

## I

IFAPA	Inter-faith Action for Peace in Africa
IFRB	Independent Forum for Religious Broadcasting
IKOO	Interkerklike Kommissie vir Opvoeding en Onderwys
ISWEN	Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing

## J

JONK	Jeugbediening van die NG Kerk
------	-------------------------------

## K

KBB	Kommissie vir Buitelandse Bediening
KJWV	Kerklike Jeugwerskersvereniging
KO	Kerkorde

## L

LPG	Lessenaar vir Publieke getuienis
LXX	Septuaginta

## N

NAV	Nuwe Afrikaanse Vertaling
NBI	Nehemia Bybelinstituut
NBO	Nuwe Bedieningsontwikkeling
NDR	Nasionale Demokratiese Revolusie
NEK	Nuwe Gemeente-ontwikkeling, Evangelisasie, Kerkplanting
NGB	Nederlandse Geloofsbelidens
NG Kerk	Nederduitse Gereformeerde Kerk (DRCA) Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika
NGKA	NGKU
NGSK	NG Kerk Uitgewers
NGO	NG Sendingkerk
NGTT	Nuwe Gemeente-ontwikkeling
NHK	Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif
NRLF	Nederduitsch Hervormde Kerk National Religious Leaders Forum

<b>N</b>	NT	Nuwe Testament	
<b>O</b>	OT	Ou Testament	
<b>P</b>			
PASD		Predikant in Algemene Sinodale Diens	
PCUSA		Presbyterian Chuch in the USA	
PKN		Protestantse Kerk in Nederland	
PL		Parlementêre Lessenaar	
Prim		Primarius	
PSD		Predikant in Sinodale Diens	
<b>R</b>			
REC		(GER) Reformed Ecumenical Council	
RCA		Reformed Church in Africa	
RCEA		Reformed Church in East Africa	
RCH		Reformed Church in Hungary	
RCJ		Reformed Church in Japan	
<b>S</b>			
SAARC		Southern African Alliance of Reformed Churches	
SAKOV		Suid-Afrikaanse Kerkorrelistevereniging	
SACLA		South African Christian Leadership Assembly	
SAKV		Suid-Afrikaanse Koorvereniging	
SAPD		Suid-Afrikaanse Polisiediens	
SARK		Suid-Afrikaanse Raad van Kerke	
Sek/Sec		Sekundus/Sekundi	
SKB		Sentrum vir Kontekstuele Bediening	
STDV		Sinodale Taakspan Diensverhoudinge	
<b>T</b>			
TEASA		The Evangelical Alliance of South Africa	
TIW		Toerustingsburo vir Interkerklike Werkers	
TM		Tydskriftematskappy	
TKK		Tussenkerklike Kommissie	
TKR		Tussenkerklike Raad	
TSO		Teologiese Studente Opleiding	
<b>U</b>			
UCA		Uniting Church in Australia	
UMSW		Uniting Ministry for Service and Witness	
UP		Universiteit Pretoria	
UPCSA		Uniting Presbyterian Church in Southern Africa	
URCSA		Uniting Reformed Church in Southern Africa	
US		Universiteit Stellenbosch	
UV		Universiteit Vrystaat	
<b>V</b>			
VBO		Voortgesette Bedieningsontwikkeling	
VCSV		Verenigende Christelike Studentevereniging	
VDDG		Verenigde Diensgroep Diens en	
VDM		Getuienis Verbi Divini Minister (Bedienaar van die Goddelike Woord)	
VGKSA		(URCSA) Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika	
VONKK		Voortgesette Ontwikkeling van Nuwe Klassieke Kerkmusiek	
VTO		Voortgestelte Teologiese Opleiding	
<b>W</b>			
WARC		World Alliance of Reformed Churches	
WBG		Wêreldbond van Bybelgenootskappe (WARC) Wêreldbond van	
WBGK		Gereformeerde Kerke	
WCRC		World Communion of Reformed Churches	
WGK		Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke	
WRF		World Reformed Fellowship	
WRK		(WCC) Wêreldraad van Kerke	
WVK		Waardeheds- en Versoeningskommissie	

## **A. VERSLAE (Aanvullend)**

## A. VERSLAE (Aanvullend)

### A.10 LEER EN AKTUELE SAKE (AANVULLEND)

#### APOSTOLICUM: 'N EIETYDSE INTERPRETASIE

##### 1. BEGELEIDENDE BRIEF AAN DIE ALGEMENE SINODE VAN DIE NG KERK IN SITTING 10-14 OKTOBER 2011

Geagte Voorsitter en lede van die vergadering,

By die vorige vergadering van die Algemene Sinode (2007) is opdrag aan Algemene Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS) gegee om hierdie sinode te bedien met 'n eietydse *interpretasie van die Twaalf Artikels*. Die Sinode het 'n taakgroep bestaande uit Ben du Toit, Robert Vosloo en Danie Malan hiervoor benoem. By die eerste vergadering van ATLAS ná die Sinode is Danie Malan as sameroeper van die projek aangewys. Hierna is in 'n proses van konsultasie 'n werkgroep op die been gebring wat bestaan uit teoloë met kundigheid ten opsigte van verskillende fasette van die Twaalf Artikels (ook bekend as die Apostoliese Geloofsbelidens, of *Apostolicum*). Die volgende persone vorm deel van dié werkgroep: Gerrit Brand, Coenie Burger, Ernst Conradie, Danie Dreyer, Piet Naudé, Nico Koopman, Christo Lombard, Dirkie Smit, asook die drie lede wat deur die Sinode aangewys is.

Die werkgroep het van die begin af besef dat hierdie 'n belangrike opdrag is wat deeglik uitgevoer moet word. Na talle gesprekke/vergaderings en aanvanklike voorleggings, het die groep besluit op 'n bepaalde interpretasie van die opdrag en daaruit voortvloeiend 'n sekere werkswyse en werksverdeling.

#### Interpretasie

\* Die opdrag is gesien as 'n uitleg van die Apostoliese Geloofsbelidens, eerder as 'n sistematiese uiteensetting van die Bybel oor die Christelike geloof, of die daarstelling van 'n nuwe "klein dogmatiek". As "interpretasie" moet hermeneutiese vrae uiteraard ernstig opgeneem word.

\* Dit is verder 'n eietydse interpretasie. "Eietyds" beteken vir ons dat die vrae, voorveronderstellings, kritiese ingesteldheid en probleme van ons eie tyd deeglik verreken moet word. Daar is uitgegaan van die standpunt dat dit tot die eie-aard van die gereformeerde tradisie behoort om gedurig in die lig van God se Woord te bly reformeer. Nuwe tye vra nuwe vrae en kry soms ook verrassende nuwe antwoorde.

#### Werkswyse en werksverdeling

\* By die eerste sessies het ons aandag gegee aan voorleggings oor die aard van die apostoliese geloof en die ontstaansgeskiedenis van die Apostoliese Geloofsbelidens. Daar is ook deeglik aandag gegee aan soortgelyke projekte deur die ekumeniese kerk – en veral die Wêreldraad van Kerke se soortgelyke projek oor die Geloofsbelidens van Nicea. Hierdie werkstuk, bekend as *Confessing the One Faith* het ons baie gehelp om 'n formaat te vind vir ons eie projek. Daarna is die Apostoliese Geloofsbelidens onderverdeel en aan elke persoon is opdrag gegee om aan sekere artikels aandag te gee. Dit het geleid tot veertien stukke wat deur die groep gelees en bespreek is. Uiteindelik is daar in drie werkgroepe verdeel wat die hoofdele oor die Vader, Seun en Gees onderskeidelik behandel en geïntegreer het.

\* Die Taakspan se werk is baie ver gevorder. Al die stukke wat aan die verskillende teoloë as opdragte gegee is, is in konsepform klaar geskryf en weer deur drie subredakteurs as eenheid saamgesnoer. Onnodige herhaling is uitgehaal, en die teks is nou in 'n proses van deeglike bespreking. Uiteindelik sal twee kritiese lesers wat nie deel van die werkgroep was nie, saam met die groep die teks deurwerk. Ons beoog om die finale dokument einde Januarie 2012 vir taalversorging en kommunikatiewe redigering gereed te hê.

\* Wat aan die sinode voorgehou word, is dus die eerste van die drie dele van 'n eietydse *Interpretasie van die Twaalf Artikels*. Hierdie stuk hanteer die grootste deel van die belydenis van *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde*. Hierdie teks het al ook deur meer as een proses van taalkundige en kommunikasie-redigering gegaan. Die taakgroep hou dit graag voor aan die sinode as illustrasie van die aard, styl en teologiese inhoud wat met die dokument as geheel beoog word. **Ook hierdie teks is voorlopig**, in die sin dat dit nog in terme van die geheel later geïntegreerd aangebied sal word.

Ons het verskeie teoloë van die VGK ingespan op die werkgroep weens hulle uitmuntende teologiese kennis. Hulle bly ook steeds deel van die projek met die oog op afhandeling van die opdrag. Ons dank en waardering vir die waardevolle ondersteuning en aanmoediging wat ons deurentyd van dr Kobus Gerber en die voorsitter van ATLAS, dr James Kirkpatrick, ontvang het.

#### AANBEVELINGS: EIETYDSE INTERPRETASIE VAN DIE APOSTOLICUM

In die lig van bogenoemde lê ons die volgende voorstelle voor die sinode wat as aanbevelings dien:

- 1. Die Algemene Sinode neem die konsepdocument *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde*, asook die *Begeleidende Brief* ter tafel vir hantering/bespreking.**
- 2. Die Algemene Sinode neem kennis van die werkswyse wat die werkgroep van ATLAS gevvolg het en versoek die Taakspan (ATLAS) om die projek af te handel in terme van moontlike verdere voorstelle wat die sinode hieroor aanvaar het.**
- 3. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die verdere hantering van die projek, soos wat ATLAS dit in die volgende maande aan die vergadering sal voorlê, te hanteer met die oog op die voltooiing en afhandeling daarvan.**

Vriendelike groete

Dr Danie Malan, prof Robert Vosloo en dr Ben du Toit  
Namens Taakspan Leer en Aktuele Sake

## **2. EK GLO IN GOD DIE VADER, DIE ALMAGTIGE, DIE SKEPPER VAN DIE HEMEL EN DIE AARDE**

### **Inleiding: Ek glo in God**

1. Ons as Christene bely dat ons in God glo. Ons sê dat ons God ken en vertrou. Ons voeg by dat ons God veral in Jesus Christus leer ken. Dit is 'n mondvol. Daar is tog baie ander mense wat ook sê dat hulle in God glo, maar God nie ken soos ons nie. Daar is nog ander wat nie in enige god glo nie of nie eens weet wat dit beteken om in 'n god te glo nie. Daar is selfs ook mense wat doelbewus enige geloof in 'n god afmaak as onsin – wat sê dat geloof in 'n god nie nodig is vir die lewe nie – wat hulle trouens daarvoor beywer om God-gelowiges te oortuig om hierdie geloof te laat vaar. Hoe kan ons in elk geval so seker wees van God? En, hoe kan ons so seker weet dat ons God in Jesus Christus kan leer ken? 'n Mens kan mos nie sommer 'n houvas op God kry nie, of hoe?

#### *I. Waar kom hierdie belydenis vandaan?*

2. Die Christelike geloof het binne die Joodse kultuur ontstaan. Dit is dus vanselfsprekend dat hulle verstaan van God hoofsaaklik gebaseer was op hoe die Israeliete in God geglo en dit bely het: "Hoor, Israel, die Here (Jahwe) is 'n unieke God, die enigste Heer" (Deut 6:4). Israel het 'n lang pad met hierdie God geloop en langsamerhand iets van die hart van God leer ken en verstaan. Daarvan lees ons in die Ou Testament. Israel het 'n heel spesifieke en eiesoortige opvatting van God gehad en ander opvattings oor 'n godheid verwerp as afgodery, of valse godesdiens. Hulle het soms lekker die spot met hierdie geloof in afgode gedryf (kyk byvoorbeeld na Jes 44), en die Naam van die HERE (Jahwe) as heilig beskou en bewaar.

3. Israel se voorstelling van God is nie dieselfde as die voorstelling van gode in Mesopotamië, Egipte of die res van Afrika nie. Nietemin het Israel nie die woord "god" uitgedink nie. In Bybelse tye is die geloof in een of ander god min of meer as vanselfsprekend aanvaar. Waar godsdiens vandaan kom, is moeilik om te sê, maar die vroegste mense het hulle al aan alles verwonder en bepaalde verhale met 'n godsdienstige strekking vertel om die wêreld waarin hulle gewoon het te verstaan.

4. Die vroegste Christene het egter nie bloot die opvatting oor God wat in Israel aanwesig was net so orgeneem nie. Die manier waarop hulle God leer ken het, was gegrond op die lewe, bediening, lyding, kruis, opstanding en hemelvaart van Jesus Christus. Daaruit het hulle tot die gevolgtrekking gekom dat ons in hierdie gebeure die duidelikste ooit kan agterkom en verstaan wie God nou eintlik is. Die begin van die brief aan die Hebreërs beskryf hierdie beskouing helder: Nadat God voorheen met hulle deur die profete gepraat het, het God nou met hulle kom praat deur Jesus. Jesus was dus die Woord van God en in Hom leer hulle God ken. In Hom kan ons iets van die hart van God sien. Trouens, hulle het bely dat Jesus nie net die gesalfde (Messias/Christus) is nie, maar ook die opgestane Here (Kurios). Dit het hulle gebring by die belydenis dat Jesus self waarlik God is en dat hulle in Jesus hierdie één God waarlik leer ken het (hieroor meer in die gedeelte oor die tweede artikel van die belydenis). Meer nog, op grond van die gebeure op Pinkster, Jesus se beloftes van 'n Trooster/Advokaat wat sal kom, en verwysings na die Gees van God in die Ou Testament, het hulle bely dat hulle in die Heilige Gees hierdie één God op 'n nuwe manier leer ken, en ervaar dat dié Gees daarom saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik moet word. (Hieroor meer in die gedeelte oor die derde artikel van die belydenis).

5. Die belydenis van God as Vader, Seun en Heilige Gees kom as 'n soort formule dwarsdeur die Nuwe Testament voor. Dit het waarskynlik te make met die wyse waarop gelowiges in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees gedoop is. Dit is egter nie bloot 'n formule nie, maar 'n aanduiding van hoe hulle God leer ken het in die gebeure waarvan die Nuwe Testament vertel. Wie God is, kan 'n mens tog nie self uitdink nie. Die vroegste Christene het die identiteit van God afgelei uit wat God in die geskiedenis gedoen het – en dan meer spesifiek en bepalend in die lewe en optrede (geskiedenis) van Jesus. Hulle het tot die oortuiging gekom dat God dáár, veral in die kruis en opstanding, aan ons geopenbaar is as Vader, Seun en Heilige Gees.

#### *II. Hoe is hierdie belydenis deur die eeu verstaan?*

6. Die vroeë kerk het hierdie belydenis bewaar, gekoester en daaroor nagedink. Hierdie nadenke is duidelik uit

hulle geskrifte en het 'n bepalende rol gespeel om hulle na Jesus se hemelvaart te troos en te help met alle aspekte van hulle lewens. Hierdie formuleringe van hulle geloof in God was vir hulle uiters belangrik, omdat hulle alte dikwels vervolg, gemartel en doodgemaak is as gevolg van hulle geloof. Hulle moes hulle geloof in God vir hulself en vir ander verduidelik te midde van die aansprake van ander godsdiens en die eise van die Romeinse keisers, naamlik dat hulle gesag deur almal as die hoogste gesag (Here, of Keiser) erken moes word.

7. Dit het 'n groot uitdaging aan Christene gestel. Hoe kon hulle sowel daarvan vashou dat God Een, Enig en Uniek is (weer Deut 6:4), asook aan die belydenis dat hulle God as Vader, Seun en Heilige Gees leer ken het? Is God nou Een of Drie? Die woord "Triniteit" vir "Drie-eenheid" het uit hierdie nadanke ontstaan as die beste manier om aan albei hierdie oortuigings reg te laat geskied. Dit druk die diepste geheim van die identiteit van God uit. Op die vraag: "Wie is God?" het die kerk nou leer antwoord: "God is Vader, Seun en Heilige Gees ineen".

8. Die geloof in 'n drie-enige God was inderdaad 'n diepe geheimenis. Dit was/is nie 'n belydenis wat 'n mens logies kon verklaar nie. Mens kon daaroor dalk eerder sing en dans en bid – en jou verwonder. Dit kan verstaan word as die kortste moontlike belydenis oor wie God nou eintlik is, want in hierdie aanduiding van God (Vader, Seun en Heilige Gees) word uitdrukking gegee aan hoe ons God verstaan en leer ken – in die geskiedenis (verlede), maar ook in ons lewens (vandag). Dit druk iets uit van ons geloof as ons woorde opdroog. Dit word daarom ten beste gebruik in die erediens, in lofsang en aanbidding, in stilte. Buite die konteks van die erediens vra dit egter verdere nadanke.

9. Ons sien dat die kerk, sedert die eerste groot ekumeniese konsilie (kerklike vergaderings – of "sinodes" soos ons vandag daarna verwys) in Nicea (325) en Konstantinopel (381) tog op hierdie uitdaging gereageer en verder gewaag het om oor die verhouding tussen Vader, Seun en Heilige Gees na te dink. Die formulering "een wese, drie persone" het rigting gegee te midde van allerlei strominge, maar het self ook nuwe vrae opgeroep. Tot vandag toe worstel teoloë met die vraag hoe 'n mens reg kan laat geskied aan die oortuigings wat agter die belydenis van God as Vader, Seun en Heilige Gees lê. Die verleenheid is dat die kerk selde vir lidmate help om liewer die misterie te bewaar – dit as misterie te respekteer. Wat 'n mens te dikwels kry, is dat die misterie op en of ander abstrakte en ingewikkeld wyse verduidelik word – wat juis daarom as "moeilik" beleef word. Nietemin is daar 'n wyd-verspreide eenstemmigheid dat die geloof in die drie-enige God die kern van die belydenis verwoord. Miskien is dit daarom die beste om daarby te hou dat 'n mens daaroor nooit uitgepraat kan raak nie – juis omdat dit só 'n groot geheimenis is. Die eietydse verduideliking van die Christelike geloof in hierdie boek is juis 'n nuwe poging om dié geheim te bewaar en te koester. Dit is egter wel moontlik (en ook nodig) om oor die persoon en werk van die Vader, Seun en Gees na te dink en iets van die verhouding tussen hierdie Drie-eenheid te peil. Dit is dan ook wat ons hier probeer doen.

10. Die Christelike geloofsbelidnis gaan nie net oor wie God is nie, maar ook oor wat God doen. Dit gaan nie net oor die Naam en identiteit van God nie. Christene verstaan ook die eienskappe en karakter van God op 'n heel spesifieke wyse. In die deel van die Apostolicum oor God as Vader word drie woorde gebruik om te verduidelik waaroor dit hier gaan, naamlik "Skepper", "Almagtige" en "Vader". Al drie hierdie woorde sê iets oor wie God is, maar ook oor wat God doen en wat God se karakter is. Hierdie karaktereienskappe wat aan God toegeskryf word, is anders as in baie ander godsdiens waar gode soms as wispelturig, afsydig, ongenaakbaar of sedeloos uitgebeeld word. Kom ons kyk na elkeen van hierdie drie sleutelwoorde en vra wat dit beteken. Die vrae wat direk met hierdie woorde saamhang, word in die volgende afdelings bespreek.

## God as Skepper

11. Ons as Christene bely dat hierdie drie-enige God die Skepper van "hemel en aarde" is. Die oorsprong van die wêreld, die gang van die geskiedenis en die rigting waarin dinge beweeg, kan nie uit sigself verklaar word nie. Dit kom van God. Meer nog, dit wat materieel, liggaamlik en aards is, is in God se oë goed, 'n bron van vreugde, amper soos wat 'n ouer oor 'n pasgebore kind voel, of 'n kunstenaar oor 'n meersterwerk.

12. Met hierdie belydenis stuit ons voor 'n groot misterie. Dit is 'n merkwaardige en waagmoedige belydenis. Hoekom? Want – hoe weet ons nou eintlik waar die wêreld vandaan kom? Ons was tog nie daar "in die begin" nie? Hoe kan ons só spesifiek glo dat die God waarin Christene glo die Skepper is? Wat van ander skeppingsverhale in buite-Bybelse bronne? Watter een is reg? Hoe durf ons die skepping "goed" noem? Is daar dan nie ook 'n "donkerder kant" aan God se skepping waar 'n mens swaarkry, lyding en dood aantref nie? Om die wêreld soos wat ons dit ken as die werk van 'n God van liefde te beskryf, is alles behalwe vanselfsprekend. Dit is daarom nodig om te vra waar hierdie belydenis vandaan kom.

### I. Waar kom hierdie belydenis vandaan?

13. Die belydenis van God as Skepper kom 'n lang pad. Van die vroegste tye het mense gewonder: Waar kom die wêreld nou eintlik vandaan? Was dit nog altyd daar? Waar kom ons as mense vandaan? Jode, Christene en Moslems, saam met baie ander godsdiens tradisies, beantwoord hierdie soort vrae deur te sê dat die wêreld uiteindelik van God af kom. Trouens, vir lank was dit amper 'n soort definisie van wat die woord "god" beteken. As die wêreld tog van iets anders as jou god af kom, dan is daar mos iets wat "groter" is as jou god. Dan kan jy hoogstens verskillende gode glo en op die sterkste een vertrou vir jou voorspoed. Sonder die oortuiging dat God die Skepper is, val enige godsdiens gou-gou plat. Daar word natuurlik wel deesdae nuwe antwoorde op hierdie

vrae gegee, waarna ons nog sal terugkeer.

14. In die Bybel word die opvatting dat die wêreld van God as Skepper afkomstig is min of meer as vanselfsprekend aanvaar. Genesis 1 en 2 is miskien die bekendste, maar glad nie die enigste teksgedeeltes wat oor God as Skepper handel nie. Daar is pragtige gedeeltes oor die skepping in die Psalms, Job, die profete, die wet, Jesus se gelykenisse, Johannes 1, Romeine 8, Kolossense 1 en die boek Openbaring, om maar enkele voorbeeldte te noem. Die tekste kan nie oor dieselfde kam geskeer word nie, maar dit gaan nie oor die vraag óf God geskep het, of oor die vraag hóé God geskep het, nie. Die klem val eerder op Wie geskep het en daarvoor vereer moet word, wat die karakter van die Skepper is en wat die betekenis daarvan in 'n spesifieke situasie is.

15. Kom ons kyk kortliks na Genesis 1 as voorbeeld. Die meeste Bybelkenners meen dat hierdie eerste hoofstuk van Genesis deur priesters in die tyd van die Babiloniese ballingskap geskryf, of ten minste afgerond, is. Na die verwoesting van Jerusalem sou hulle waarskynlik met reg kon wonder: Hoekom het God dan nie die ramp voorkom nie? Die stad was verwoes, die tempel (God se huis) was platgevee en die stabiele koningshuis van Dawid was daarmee heen. Daar was orals chaos. Nou, hier in Babilon, het hulle met Mesopotamiese godsdiens te doen gekry – die godsdiens van diegene wat hulle oorwin het. Die gevolgtrekking was waarskynlik vanselfsprekend en verleidelik: Marduk, die god van die Babiloniërs, moet dan klaarblyklik sterker as Jahwe, die God van Israel wees. Op die vraag of Marduk dus dalk die eintlike Skepper is, antwoord hulle nou egter beslis: Elohim (God) is die Skepper van hemel en aarde, van die see en die land. Dit is uitgedruk in die kunstige gedig wat ons in Genesis 1 lees. Die goedskap was duidelik: God was van die begin af in beheer van die magte van chaos. Dieselfde God, hulle God, is nou nog in beheer en sou die situasie waarin hulle nou verkeer daarom kreatief kon aanspreek en omdraai/verander. Die moeilikheid waarin hulle as Godsvolk (Israel) beland het, was hulle eie skuld. God se skepping was goed, maar die land is vervuil deur hulle sonde – hulle ongehoorsaamheid. Die res van die geskiedskrywing in die Ou Testament, wat oor 'n lang tyd ontstaan het, verduidelik dit dan verder.

16. In die Nuwe Testament word die skepping met Jesus Christus in verband gebring. Johannes 1 vertel van die Woord ("logos" wat hier ook wysheid kan beteken) deur wie alles onstaan het. Die idee hiervan klink baie soos in Spreuke 8 (byvoorbeeld vers 22 en verder) om te verduidelik dat God die wêreld met wysheid geskape het. Hierdie wysheid word dan met Jesus Christus (vers 17), die Seun van die Vader in verband gebring (vers 14). Dit word egter beklemtoon dat hierdie Wysheid van die begin af daar was. In die woorde van die belydenis van Nicea: "deur Hom het alles tot stand gekom." In die loflied in Kolossense 1:16 word dit bevestig: "God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is ... Alles is deur Hom vir Hom geskep." En in 1 Korintiërs 8:6: "[Daar is] nogtans vir ons net een God: die Vader uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe." Dit is merkwaardige uitsprake. Meestal onbegryplik vir ons beperkte begrip. Hoe op dees aarde kan 'n mens sê dat die hele wêreld tot stand gekom het deur hierdie man van Nasaret? Slegs as hierdie Jesus ook waarlik God is!

17. Dit is opvallend dat in al sulke tekste die tema van *skepping* in in verband met die goedskap van *verlossing* gebring word (oor die betekenis/inhoud van die begrip "verlossing" sien paragraaf 18 en verder). Die Skepper orden die magte van chaos (Gen 1:2). Die Woord bring lewe en die lig skyn huis in die duisternis (Joh 1:4-5). Deur Christus het God alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen (Kol 1:20). In talle ander gedeeltes blyk dit duidelik dat skepping en verlossing nooit geskei word nie (kyk veral na die Psalms en Jes 40-66). Vir die Bybelse gelowiges het hulle geloof in God se skepping van hemel en aarde nie maar bloot om 'n verklaring van die oorsprong van alles gegaan nie. Dis as't ware of die skepping tot stand gekom het met die oog op die verlossing. In 'n seker sin sou 'n mens kon sê eers vanuit die verlossingsgoedskap van Jesus, het die Nuwe Testamentiese gelowige die skepping as daad van dieselfde God verstaan en geglo.

18. Dit beteken egter nie dat die twee (*skep* en *verlos*) vermeng word nie. As skepping opsigself verlossing is, dan kan 'n mens begin wonder: waaruit (of waarvan) word 'n mens dan verlos? Uit die skepping self? Of is dit huis die skepping wat verlos (moet) word? Dan beteken verlossing tog die verlossing van iets wat klaar daar is – soos byvoorbeeld, van die gevalle skepping. Meer nog: die vraag is altyd ook óf God in Jesus Christus die wêreld kán verlos van lyding, dood en die kwaad. Kan God regtig verandering bring? Die sleutel tot die antwoord hierop is huis die geloof in God as Skepper. God kan ons red omdat God ook die Skepper is. Dit was huis die goedskap van die profete en priesters in die tyd van die ballingskap in die Ou Testament: God kan weer 'n nuwe begin gee, want God was van voor die begin af daar. So is die opstanding van Jesus Christus 'n radikale teken hiervan, naamlik dat God nuut kan skep. Nie uit niksoos heel aan die begin nie, maar ook selfs uit die dood. Sonder geloof in God as Skepper is dit in elk geval moeilik om te verduidelik wat dit beteken as ons sê dat God ons gered het uit die nood. Dit is daarom belangrik om nou vra in watter verhouding God tot die wêreld staan. Wat is God se verband met die wêreld en hoe werk God in die wêreld (sien hieronder)? Hierdie is belangrike vrae waaroor ons duidelikheid moet kry, alvorens 'n mens kan verduidelik wat daarmee bedoel word dat God *redder* is, *verlosser* is.

19. Dit is daarom duidelik dat die tema van skepping in die Bybel hoegenaamd nie beperk kan word tot skepping in die begin nie. Dit gaan oor God se deurlopende betrokkenheid by hierdie skepping. Dit gaan dus oor skepping in die verlede, maar ook sy skepping in die hede en die toekoms. In die hede (hier, nou) gaan dit oor die oortuiging dat God weereens 'n nuwe begin moontlik maak, selfs in die moeilikste omstandighede, selfs te midde van dood en verwoesting. Kyk ons hiervandaan vorentoe, gaan dit oor die geloof in God se herskeppingswerk: oor God se droom vir die wêreld; oor waarheen God met ons op pad is. En, kyk ons terug na die verlede (na die begin, toe nie

een van ons by was nie), word dit duidelik dat ons ook daaroor eers vanuit die hede, van wat ons nou weet, kan praat. Deur op hierdie manier oor die verlede, die skepping aan die begin te praat, word ons huis in die hede herinner aan God se oorspronklike bedoeling met die wêreld. God se droom vir die verre toekoms word as 't ware teruggekaats tot in die verre verlede. God se plan het wel skynbaar skeefgeloop, maar God bly getrou aan die skepping.

20. In die belydenis van Nicea word al hierdie oortuigings saamgevat in 'n drievalige belydenis: God as Vader is die Skepper; deur Jesus Christus het alles tot stand gekom; en die Heilige Gees is die Een wat lewe gee. In die Apostolicum word dit koper verwoord: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde." Hierdie eenvoudige belydenis is dwarsdeur die geskiedenis uit verskillende hoeke, van binne die kerk, maar ook van buite die kerk, gekritiseer. Kom ons kyk na enkele deurlopende lyne.

## *II. Hoe is hierdie belydenis deur die eeu verstaan?*

21. Gaan die belydenis van God as Skepper oor 'n bepaalde opvatting oor die *wanneer* en die *hoe* van die ontstaan van alle dinge? Of gaan dit eerder oor *wie die Skepper is*, aan wie die eer toekom en wat hierdie belydenis vir ons vandag beteken? Of gaan dit dalk oor altwee? Vir 'n Christen gaan dit sekerlik oor altwee hierdie kante van ons skeppingsgeloof. Deur die eeu het dit gebeur dat óf die een, óf die ander oorbeklemtoon was, met verrekende gevolge. As die belydenis van die skepping vereenvoudig en beperk word tot 'n abstrakte teorie daaroor, dan word dit gou-gou verswelt deur die intellekuele beredeneringe oor die ontstaan van dinge. Dan word die terrein van die wetenskap betree en verloor hierdie geloof sy spesifiek Christelike inhoud en betekenis. Daar is 'n verskil tussen die Christelike geloofsbelidnis en 'n wetenskaplike teorie. Vir 'n Christen hoef geloof en wetenskap nie los van mekaar te staan nie. Maar, hulle praat verskillende tale. As die beredeneringe slegs sou gaan oor die ontstaan van dinge (en dat God my gemaak het) sonder om die bedoeling van God met die skepping (en met my) en sy voortgaande betrokkenheid daarby in ag te neem, verloor die belydenis sy geloofwaardigheid. Immers, wat beteken dit dat God die "skepper" is? As God nie die oorsprong van alles is nie, dan ontstaan die vraag: waar kom die wêreld dan vandaan? Geloof en wetenskap het altwee met hierdie vraag te make, maar op heel verskillende wyses.

22. Volgens die Apostolicum is God die Skepper van hemel en aarde. Met ander woorde, van die lugruimte en die land, van dit wat ons nie kan sien, vat, of proe nie (die onsienlike), maar ook van dit wat ons wel kan sien sien, vat, proe en ruik (die sienlike). As die Bybel dus van "hemel" praat, beteken dit alreeds verskillende dinge: die blou lug, die onsienlike magte, die woonplek van God, dit wat transendent (die onbekende anderkant, buite ons begrip en ervaring) is en die plek waar lewe na die dood moontlik is. Ook oor die "wêreld" het die mense in die Bybelse tye verskillende opvatting gehad – wat uiteraard beïnvloed is deur denke uit Mesopotamië, Egipte en Griekeland. Genesis se eerste skeppingverhaal beskryf dan ook 'n konsep van die hemel en die aarde wat in daardie tyd algemeen aanvaar was. Mens sou dit in drie dele kon voorstel: die hemel bo (met 'n koepel bo-oor die aarde met al die elemente soos wind, reën en haal aan die bokant van die koepel), die land/grond geskei van die water/see in die middel (waarop ons lewe en die bome, die plante en die diere aangetref word, terwyl die visse en ander seediere in die water is), en dan die lewe onder die aarde (dikwels verstaan as die doderyk, alhoewel daar geen verwysing daarna in Genesis self is nie – wel elders in die Bybel).

23. In die laat Middeleeue het geleerde begin besef dat die aarde rond is, maar steeds vasgehou daarvan dat dit die sentrum van die heelal is. Alhoewel hierdie beskouing (van 'n ronde aarde) deur Kopernikus ('n Poolse priester) se teorie in die 15de eeu ondersteun is, het sy verdere bewerings bestaande beskouings oor die hemel en die aarde ernstig uitgedaag. Nie net het hy duidelik verklaar dat die aarde rond is nie, maar hy het ook gesê dat dit die son is wat stilstaan (nie die aarde nie) en dat die aarde om die son wentel. Nou kon die drie verdieping konsep en die "onder" en "bo" van die aarde nie meer sinmaak nie. Galileo het hierna met behulp van 'n nuut ontwerpte teleskoop in 1632 sy teorie bekendgemaak waarin hy verklaar het dat die son self ook nie die middelpunt van die heelal is nie, maar deel is van 'n sonnestelsel. En nou het die vraag ontstaan: hoe bly dit dan alles in die lug hang? Dit was Newton wat die vraag na die samehang van die hemelliggame beantwoord het met verwysing na swaartekrag. Einstein se relativiteitsteorie het die verstaan van die heelal nog meer gekompliseer, en nuwe uitdagings en allerlei nuwe moontlikhede het deel geword van die ondersoek. Dit was vanselfsprekend dat die vraag na God as die skepper van die sienlike en onsienlike al meer indringend gevra en hierdie geloof toenemend uitgedaag sou word.

24. Hoe het hierdie nuwe bevindinge die geloof in God as Skepper al meer uitgedaag? Vir sommige was dit 'n baie belangrike saak. Hulle wou weet: hoe moet ons nou byvoorbeeld sin maak van die woord "hemel" (wat dwarsdeur die belydenis veronderstel word)? Hoe moet ons nou verstaan waar God is/woon? Wat is God se verband met hierdie wêreld? Vir ander weer, was/is hierdie vrae van weinige hulp, omdat dit slegs lei tot spekulasié oor God. Hoewel dit belangrike vrae is, moet ons weet dat ons vandag hierdie vrae vra vanuit 'n heeltemal ander verstaan van "die hemel" en "die aarde." Hierdie vrae beteken nie dat ons nou noodwendig God self hoef te bevraagteken nie. As ons daarvan vashou dat God ewig is – en dat Hy van altyd af en tot in die toekoms betrokke sal wees by Sy skepping, dan kan ons eerder as gelowiges die fokus laat val op dit wat ons wel van God weet. Wat is dit? God het Homself in Israel se geskiedenis sigbaar gemaak en in Jesus Christus Homself uiteindelik finaal aan ons bekend gemaak. Hy is 'n God van liefde en genade. Hy is 'n God van reg en geregtigheid. Dit is hierdie beeld van God wat dan deur die Heilige Gees in die kerk verder bekendgemaak moet

word. Hieroor hoef ons nie te spekuleer nie.

25. Dit is opvallend dat daar in die Apostolicum nik s oor die skepping van die mens self gesê word nie. Tog is daar in die uitleg en nadenke van die belydenis dwarsdeur die kerk se geskiedenis ook wel op die mens gekonsentreer. Mens sou die vraag kon vra: wat is die fokuspunt van die belydenis van God as Skepper? Is die fokus op die aarde/grond? Eerder as op die mens? Word met die skepping van hemel en aarde die insluiting van die mens as so vanselfsprekend aanvaar dat dit nie eers genoem word nie? Wat is die plek van die mens in die groter verhaal van die skepping? Wat is ons rol en ons roeping op aarde? Aan die een kant is ons as mense stof, nietig, verbygaande en keer ons na die aarde terug. Adam en aarde, humus en "humility" pas bymekaar. Aan die ander kant is die mens "weinig minder as 'n goddelike wese" (Psalm 8), uniek in die geskiedenis van lewe op aarde, in staat tot grootse prestasies, maar ook ewe groot in die vernietiging van die lewe/skepping. Hierdie teenstrydige vermoë van die mens kan byvoorbeeld helder gesien word in die prestasie van die splitsing van die atoom. Beide kante van die mens word hierdeur aangedui. Skouspelagtige tegnologie, maar ook skrikwakkende vernietiging. Wat is die mens dan tog dat God aan ons dink en self mens geword het? Jesus. Ja, die mens bly vir ons self 'n tergende mysterie.

26. Daar is iets goeds en iets kwaads in die mens. Maar hoe hou dit met mekaar verband? Moet ons hoop dat daar ten minste meer goed as kwaad is? Wat beteken "goed" nou eintlik? Perfek, 'n goeie begin, of net OK? Goed soos in 'n goeie produk, 'n goeie voorbeeld, of 'n goeie mens? Of is die skepping dalk goed in die sin waarin die kruis "goed" is? Waar kom die kwaad in elk geval vandaan? Is "die kwaad" die noodwendige teenpool van dit wat "goed" genoem word? As jy vir die een kies, dan word die ander tog geïmpliseer, of hoe? Of lê die kwaad dalk opgesluit in dit wat materieel is? Die Christelike kerk het deur die eeue daaraan vasgehou dat God se skepping self "goed" is. Dit is ook nie verbased nie, wanneer ons telkens in Genesis 1 aan die einde van elke dag se skeppingsgebeure die frase lees: "En God het gesien dit is goed." Daarom is geglo dat die kwaad nie van God af kom nie. Dit het egter 'n konstante stryd afgegee. Die Joodse waardering vir dit wat aards en liggaamlik is, vir die lewe self, het dikwels te staan gekom teen 'n Griekse klem op die suiwere idees, op dit wat verhewe is, wat onveranderlik en essensieel is. Die kerk het met verskillende denkritzings te doen gehad wat die goedheid van God se skepping bevraagteken het. Enige waarderende opmerking oor iets in die skepping wat goed is, moes met groot moeite verdedig word. Tot vandag toe is daar nog 'n soort tweedeling onder gelowiges aanwesig waarvolgens die siel belangriker geag word as die liggaam, idees belangriker as materie, die hemel belangriker as die aarde, die kerk belangriker as die samelewning, geloof belangriker as wetenskap, verlossing belangriker as skepping. Deesdae het die pendulum begin swaai en geld die omgekeerde dikwels, met ewe gevaelike gevolge. Seksualiteit gaan byvoorbeeld hiervolgens net oor die liggaam en niks meer nie, dit is 'n soort sport, wat tegnieke vra en beloon word met orgasmes. Dit gaan dan oor vaardigheid waarby min waardigheid oorbly. Die Christelike belydenis is dat die Woord vlees geword het en onder ons kom woon het (Johannes 1). Hier gaan dit om die *menswording van God*. Dat dit ten minste vir ons iets belangriks wil sê van die menswaardigheid van alle mense, meer nog, die God-waardigheid van mense, kan nie betwyfel word nie. Dat daarmee 'n positiewe waarde oor menswees as sodanig uitgespreek word, kan nie betwis word nie.

### *III. Vrae rondom die betekenis van die belydenis vir vandag*

27. Die geloof in God as Skepper laat vanselfsprekend baie vrae ontstaan oor die verhouding tussen geloof en wetenskap. So byvoorbeeld kan mens vra na hoe die Christelike geloof verband hou met insigte wat voortkom uit die astrofisika, kwantum-meganika, geologie, evolusionêre biologie en kognitiewe wetenskappe? Hierdie wetenskappe ontwikkel steeds, maar daar is tog genoeg eenstemmigheid oor talle aspekte van die verstaan van die wêreld. Vir baie mense binne en buite die kerk lyk dit of hierdie konsensus in stryd is met die Christelike geloof. Daar is baie vrae: Is dit nog geloofwaardig, gesien die geskiedenis van die kosmos oor die afgelope 13,7 miljard jaar, om te sê dat die Vader van Jesus Christus die begin en die einde van alles is en alles "in sy hand hou"? Het God dan gebruik gemaak van evolusie (natuurlike seleksie) in die voortgaande skep van nuwe lewe? Indien wel, wat van die onmeetlike pyn en lyding wat daarmee saamhang? Is God dan aan die kant van die sterkstes wat oorleef het? Is die mens enige iets meer as 'n slim (of miskien juis dwase) groot aap? Was daar ooit iets soos 'n paradys? Kan die erfsonde verklaar word uit "selfsugtige gene"? Kan ons nog van 'n onsterlike siel praat? Waarheen is alles op pad? Wat is die toekoms van die aarde as sommige wetenskaplikes sê dat dit oor 5 miljard jaar gaan wegsmelt wanneer die son 'n supernova word? Daar is nog heelwat meer sulke vrae, wat later in die toepaslike gedeeltes behandel word.

28. Alhoewel hierdie interessante vrae nie een vir een hier bespreek word nie, kan dit wel help om te kyk na die teenoorstaande wyses waarop die vrae gewoonlik benader word. **Een manier** is om uit die Christelike geloof (met bepaalde direkte aanhalings uit die Bybel) antwoorde op wetenskaplike vrae te probeer bied, om sodoende Christelike oortuigings te verdedig. Daar is baie voorbeeldelike hiervan: fundamentalisme, jong-aarde-kreasionisme, intelligenteontwerp-teorieë en vorms van natuurlike teologie, sommer met bewyse vir God se bestaan en al. Die Bybel is egter glad nie 'n wetenskaplike handboek nie. Dit was nooit bedoel om dit te wees nie – altans nie "wetenskaplik" soos ons dit vandag verstaan nie. Waar die teks van die Bybel só gebruik word, lei dit tot swak Bybeluitleg én swak wetenskap! Dit is swak wetenskap, omdat alle gegewens bloot ingespan word om 'n ononderhandelbare teorie te bevestig. **'n Teenoorgestelde manier** is om geloofsvalte uit die wetenskap te probeer

beantwoord. Daar is bekende denkers wat reken teologie sal binnekort 'n onderafdeling van fisika of biologie word – want geloofsvrae kan daar veel beter bespreek word! Wat kan 'n mens egter op grond van die biologie oor die dieper morele betekenis van die konflik in Palestina sê? Kan fisika vir ons verduidelik hoe 'n verkragger gestraf moet word? **'n Derde benadering** is om wetenskaplike insigte Christelik te probeer inkleur en vertolk. Veral in Rooms-Katolieke kringe is daar denkers soos Teilhard de Chardin en Thomas Berry wat met sulke sinteses vorendag gekom het. **'n Vierde benadering** is om geloof en wetenskap heeltemal van mekaar te skei. Elkeen het sy eie terrein wat nie oorskry kan word sonder om van wetenskap ideologie te maak of om geloofsvertroue te reduiseer tot kennis van feite nie. Só kan die Christelike geloof maklik ingeperk word. Dan het dit net iets te sê binne die terrein van die kerk en dalk vir 'n mens se persoonlike lewe – waar terapie dalk in elk geval beter werk. Wat dan byvoorbeeld van die ekonomiese en politiek? Is die aarde dan nie die Here s'n nie? Kan die Christelike geloof in God as Skepper só ingeperk word?

29. Daar moet dus 'n ander manier wees om hierdie verhouding tussen geloof en wetenskap te benader. Christene behoort nie vandag daarvan terug te deins om hierdie vrae rondom die oorsprong en uiteinde van alles ernstig op te neem nie. Omdat die Bybelse teks uit so 'n anderse tydperk en konteks kom as ons tyd vandag, beteken dit nie dat ons nou alle pogings om oorsprongsvalle te beantwoord sonder meer sal laat gaan nie. Natuurlik gaan dit nie soseer oor die "hoe?" van daardie oorsprong nie, maar eerder oor 'n verstaan van die "hoekom?" daarvan. Dit moet steeds in verband gebring word met die Christelike geloof in God as Skepper. Genesis 1 is inderdaad nie bedoel om wetenskap soos ons dit vandag verstaan te bied nie. 'n Mens kan nietemin sê dat die priesters wat dit geskryf het van die beste beskikbare kennis van hulle dag gebruik gemaak het (en dit was in baie gevalle glad nie so sleg nie) om 'n verhaal te vertel wat aandui hoedat die God van Israel (Elohim) – en nie Marduk, die god van Babel nie – orde uit chaos tot stand gebring het, sodat die aarde vrugbaar kan wees en floreer. Hulle boodskap was gemik daarop om die bannelinge te bemoedig. God is steeds in beheer, al lyk dit nie aldag so nie. Indien ons soos hulle getrou wil bly aan hierdie boodskap sal ons in ons gesprekke rekening moet hou met die beste beskikbare kennis van ons dag. Alhoewel ons nie byvoorbeeld bewyse vir God se bestaan kan aanbied nie, is die geloofwaardigheid van die boodskap van verlossing op die spel as ons nie met hierdie gesprek voortgaan nie. Ons het alreeds gesien hoedat daar in die Christelike geloof 'n baie nou verband is tussen skepping en verlossing. As ons nie meer in God as Skepper kan glo nie, dan raak dit moeilik om te verduidelik hoe God die Verlosser kan wees.

30. Kom ons neem daarom die groot vrae vir 'n oomblik ernstig op: Waar kom alles eintlik vandaan? Waarheen is alles op pad? Waarom draai alles? Watter kragte dryf ons voort? Hoe moet ons as Christene en as mense ons plek en taak binne die groter prentjie van die lewe verstaan? Meer nog, hoe kan ons dan klaarkom met die eise van die lewe, met pyn en met lyding, met onreg veral as dit aspris was, met kwaad? Hoe kan ons van die kwaad van buite, maar ook binne ons eie gemeenskappe, in ons eie hart en denke verlos word? Alhoewel hierdie vrae moeilik beantwoordbaar is, behoort ons nie daarvan weg te skram om aan te hou om antwoorde te soek nie. Dit help jou om te weet hoe jy jou moet oriënteer en hoe jy jou lewe moet inrig, elke oomblik van elke dag. Mense lewe byvoorbeeld asof alles draai om geld, of roem, of plesier, of geluk of wat ook al. Hierdie vrae kan ook nie altyd alleen uit die wetenskappe beantwoord word nie, want dit berus op aannames wat buite die grense van die wetenskappe lê. Uiteindelik stuit ons hier voor 'n groot misterie.

31. Om dit 'n "misterie" te noem, beteken nie dat mense nie tog voortgaan om antwoorde op hierdie groot vrae soek nie. Volgens sommige is die Noodlot in beheer: Wat sal gebeur, sal gebeur; alles is vooruit bepaal in terme van oorsaak en gevolg. Ander meen weer dat alles – die heelal self, die evolusie van lewe en die ontstaan van die mens – uiteindelik verklaar word in terme van kans en geluk. As jy gelukkig is om 'n kans te kry, moet jy dit aangryp, want niks anders is in beheer nie. Nog 'n mening is dat alles die produk is van 'n kosmiese bloudruk, 'n slim klaar uitgewerkte ontwerp – waaraan ons eintlik niks kan doen nie. Vir die Christelike geloof is nie een van hierdie opsies juis aanvaarbaar nie. Dalk, so sou mens kon redeneer, het die diepste misterie van alles eerder te make met onselfsgutigheid, of medemenslikheid, of trou, of liefde, of vreugde. Indien dit so is, is gesonde menslike verhoudings binne 'n gemeenskap – eerder as planne of sisteme of toevallige prosesse – dalk nader aan die hart van hierdie misterie. In die Christelike geloof word iets hiervan weergegee in die beeld van die gemeenskap tussen Vader, Seun en Gees. Die hele kerk, trouens die hele kosmos, word sodoende die plek waar die Heilige Gees teenwoordig is en werk.

## God as Almagtig

32. Om in God te glo beteken om in Hom as Skepper te glo. Dit is eintlik logies dat daarmee erken word dat God mag het. Die probleem is nou net dat mense die woord "mag" verskillend verstaan. Ook as dit by God se mag kom. Dit was vir die kerk van die begin af 'n probleem. Op 'n stadium is daar 'n hele reeks eienskappe aan God toegeken (wat almal iets met mag te doen het) – in die oortreffende trap: alwetend, almagtig, algoed en en alomteenwoordig. Daarmee saam is ook begrippe in ontkennende vorm gebruik: God is oneindig, onveranderlik, onsterflik, onaantastbaar, ondeurgrondelik. Alles maniere om te probeer aantoon dat Hy hoegenaamd nie so beperk is soos ons mense nie. Hierdie eienskappe het egter meer met filosofiese nadanke uit daardie tydperk oor God te doen gehad, as dat die Bybel so oor God praat. In sommige gevalle het die kerk egter raakgesien dat 'n mens nie so maklik sonder hierdie soort aanduidings kan klaarkom nie – veral as ons wil verduidelik dat die Drie-enige God heeltemal anders as enigiets anders is.

## I. Waar kom hierdie belydenis vandaan?

33. Van al hierdie begrippe is slegs "almagtig" in die Apostolicum oopgeneem. Dit kom ongetwyfeld ooreen met die Bybelse getuienissoor God se mag. Die Psalms en profete besing God se magtige skeppingswerk. Die uit tog en die wonderlike bevryding uit die groot mag van Egipte was vir eeu die standaard voorbeeld van God se nog groter mag. Dink aan al die oorlogsverhale van redding uit militêre moeilikheid wat in die geskiedenis van rigters en konings opgeneem is. Voeg daarby die rol van tekens en wonders wat dwarsdeur die Bybel voorkom. Die belangrikste voorbeeld hiervan is die opstanding van Jesus Christus. Dit demonstreer nie net God se mag nie, maar dui God se identiteit aan: God word geken en bely as die Een wat vir Jesus Christus opgewek het deur die krag van die Heilige Gees (Ef 1:19-23). Dan is daar die kragtige bediening van die apostels. Die Woord van God is ook "lewend en kragtig" (Heb 4:12). In elkeen van hierdie gevalle bring hierdie krag mense tot verbasing en ontsag voor iets wat groter is as wat hulle ooit kon vermoed.

34. Die Bybel vertel terselfdertyd ook van God se grootse kwesbaarheid, naamlik sy besorgdheid oor die swakkes. Dwarsdeur die Bybel kies God mense wat as gering geag word vir die grootste verantwoordelikhede. Dink aan Abel, Abraham, Isak, Gideon, Dawid, Jeremia en nog vele meer. Daarteenoor word helde soos Saul en Simson geteken as tragies. Die Kneg van die Here is een wat verag en deur die mense verstoot is. Jesaja 53:1 vra tereg: "Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?" In navolging hiervan word Jesus van Nasaret wel as die gesalfde Messias gehuldig, maar hy kom Jerusalem binne op 'n geleende donkie. Die Man van smarte was self aan swakheid en kwesbaarheid onderhewig (Heb 5:2). Die kruis is die teken van God se onmag. Selfs in die uur van Jesus se godverlatenheid kom God se almag na vore – nie deur 'n demonstrasie van mag nie – maar juis deur nijs te doen om dit te keer nie. Net so word die bloed van die martelare die oortuigingskrag van die kerk se boodskap.

## II. Hoe is hierdie belydenis deur die eeu verstaan?

35. Hoe moet 'n mens hierdie kontras tussen God se almag en oënskynlike onmag verstaan? Deur die eeu het die kerk hiermee geworstel. Gewoonlik is een kant ten koste van die ander beklemtoon. Dit is ten minste duidelik dat God se almag nie eenvoudig in enige moontlike sin van die woord verstaan kan word nie. In die Middeleeue het mense hiermee vasgeval. Hulle het gevra: Kan 'n almagtige God 'n klip maak wat so swaar is dat God self dit nie kan optel nie? Na al twee kante toe blyk dat God dan nie almagtig is nie, of hoe? Net so kan God nie 'n vierkantige sirkel maak nie. God kan die gevolge van iets wat gebeur het ten goede omkeer, maar kan nie wat nou eenmaal gebeur het ongedaan maak sodat dit nie gebeur het nie. Belangriker nog: God kan nie ontrou wees of teen God se eie aard en karakter optree nie. Al hierdie voorbeelde help ons om raak te sien dat ons moet verduidelik wat met God se almag bedoel word. Dit help nie om soos klein seuntjies met mekaar te stry oor wie se pappa die sterkste is nie, so asof enige idee van mag ewe goed is nie.

## III. Vrae rondom die betekenis van die belydenis vir vandag?

36. Vandag is daar eintlik 'n groeiende eenstemmigheid dat God se almag verstaan moet word in terme van God se sorg, liefde en trou as Vader – God se vrye keuse om vir ons 'n God te wees. Liefde is nie 'n brute krag nie. Dit het min of nijs met spierkrag, geldmag, wapens, militêre mag, politieke mag, kragtige motors of media invloed te make nie. Liefde vra eerder respek, openheid, kwesbaarheid en weerloosheid, om die ander toe te laat om die liefde te beantwoord. Hierdie soort krag word uitgebeeld deur die Vader in die gelykenis van die verlore seun (Lukas 15). Dit is 'n krag wat ruimte laat vir die vryheid van ander, wat gewillige kinders verkies bo willose slawe of robotte. Liefde verg wederkerigheid en is bereid om kwesbaar te wag op die beantwoording van liefde wat betoon word. Tog gaan hiervandaan 'n krag uit wat die hele wêreld kan verander. Hierdie soort opvatting van mag is in ons tyd vir baie mense veel meer aantreklik as die soort mag waaraan die wêreld gewoond is. Daar is immers heelwat kulturele weerstand teen soveel mag. Die uitdrukking "power corrupts and absolute power corrupts absolutely" weerspieël iets hiervan. Die Christelike geloof praat daarom van God se almag nie bloot in enige sin van die woord nie.

37. God se weerloosheid kan egter ook eensydig beklemtoon word. 'n God wat met groot geduld wag en eerder die skepping kans gee om te reageer, klink vir baie mense asof dit 'n God is wat regtig nijs kán doen nie. Wat is nou eintlik die verskil tussen só 'n God en glad geen god nie? In situasies van siekte, lyding en nood gryp mense daarom na die hoop dat God tóg kan ingryp en die situasie ten goede kan omkeer. Ons sal aan die einde van die deel oor God as Vader na vrae rondom God en lyding terugkeer. Hier is dit nog nodig om na 'n spesifieke vraagstuk ten opsigte van God se almag te kyk, naamlik die verstaan van wonderwerke as 'n voorbeeld van God se mag.

38. Daar is baie gelowiges wat reken dat die kerk meer moet maak van wonderwerke. Hulle soek met hulle hele hart na ten minste een voorbeeld van 'n gebeurtenis waarvan hulle onteenseglik kan weet dat daar geen ander verklaring voor is nie. Dit kan alleen van God af kom. Dikwels gaan dit oor genesing uit 'n ernstige siekte of selfs oor sogenaamde na-doodse ervarings, maar ook oor uitkoms na droogte, noue ontkomings en so meer. Hulle bou hulle geloof dan op hierdie ervaring en getuig van God se groot krag in hulle lewe. Daar is ander gelowiges wat eerder klem lê op nugterheid. Hulle is versigtig vir hierdie soort aansprake en lê dan klem op die wonder van dit wat alledaags is. Elke kind se geboorte is 'n wonderwerk, sê hulle graag. Nog ander meen 'n mens moet rekening hou met moderne opvattings oor oorsaak en gevolg. God kan nie as 'n soort van verklaring aangebied word vir dit

wat nog nie deur die wetenskappe verklaar kan word nie ("the God of the gaps"). Dit is 'n resep vir moeilikheid, want dalk vind ons later wel só 'n verklaring. Hulle sal die verhale oor die vermeerdering van die brood lees as 'n verhaal oor verstommende gasvryheid, eerder as 'n soort godsdienstige toorkuns. In reaksie hierop meen die eerste groep dat dit nou weer alles afwater tot wat 'n mens kan weet en verstaan en nie genoeg ruimte vir God laat nie. Is daar dan geen ruimte meer vir wonders en vir verwondering nie? Hulle vra daarom: Wat dan van die opstanding van Christus? Is dit dan net 'n mite?

39. Dit is beswaarlik moontlik om hierdie vraagstuk hier op te los. Dit sal in elk geval nie almal bevredig nie. Dit is eerder belangrik dat gelowiges sal leer om vir mekaar hieroor begrip te hê. Dit is wel moontlik om ooreenstemming te bereik oor twee uiterstes wat 'n mens moet vermy. Die een uiterste is om alles te reduseer tot die eenvoudigste boustene. Dan kry jy uitsprake soos "mense se gedrag kan volledig verklaar word vanuit genetiese kodes". Dan is die wonder daarmee heen. Daar is geen ruimte vir verstomming en verbasing nie. Hierteenoor is dit belangrik om ruimte te laat vir hoër en dieper dimensies van die werklikheid as wat ons ooit kan begryp. Hierdie soort nederigheid is in elk geval ook toepaslik vir wetenskaplikes. Aan die ander kant moet 'n mens waak teen opvattingen waarvolgens wonderwerke verstaan word as God se ingrype teen die wette van die natuur. Dan word dit voorgehou asof God vir 'n oomblik hierdie natuurwette opskort om vinnig iets te doen voordat jy nog jou oë kan knip. Só 'n God is nie baie betroubaar nie. God as Verlosser kom dan in stryd met God as Skepper. In elk geval is die wette van die natuur veel meer kompleks as wat ons mag dink. Die wette beperk nie die moontlikhede nie, maar ontsluit dit juis. Die reëls van grammatika is byvoorbeeld relatief eenvoudig. Dit skep egter 'n bykans oneindige aantal moontlikhede vir ons taalgebruik. Ons het juis hierdie taal nodig om ons verbasing oor God se groot genade tot uitdrukking te bring. God het oorgenoeg ruimte geskep om self binne die reëls te kan optree –tot ons stomme verbasing, nie net oor God se almag nie, maar veral oor God se groot ontferming oor ons.

## God as Vader

### I. Waar kom hierdie belydenis vandaan?

40. Die Apostolicum begin met: Ek glo in God die Vader. Ons glo nie sommer maar in enige god of godheid nie. Die God in wie Christene glo, het 'n bepaalde identiteit en karakter wat Hom onderskei van ander gelowe se godsgeloof. Wanneer 'n mens van "identiteit" en "karakter" praat, dan werk ons natuurlik met eienskappe wat aan mense toegedig word. Ons aanvaar sondermeer dat God nie soos mense is nie, maar ons het ook geen ander manier om oor God te praat as in menslike terme nie. Daarom is die aanduiding van God as "Vader" van groot betekenis vir ons as Christene. In 'n wêreld met vele godsdienste en lewensbeskouings is hierdie verstaan van die Christelike God 'n saak van die aller grootste belang.

41. Alhoewel die Bybel op verskillende maniere oor God praat, gee die Apostolicum voorkeur aan een daarvan, naamlik God as Vader. Hierdie be-naming van God kom van Jesus Christus self. Dit is die Naam wat hy self in die bekende gebed gebruik het wat Hy vir sy dissipels geleer het: "Ons Vader wat in die hemel is ...". 'n Baie belangrike boodskap van die Nuwe Testament is dat ons, as die volgelinge van Jesus, ook Sy (Jesus se) Vader ons Vader mag noem. Volgens Romeine 8:15 geld dit van alle Christene, uit die Joodse nasie, sowel as die heidense nasies. Met ander woorde, ook ons is soos aangename kinders deel van God se huishouding. Ons is selfs sy erfgename. Daarom mag ons vir God op 'n intieme manier aanspreek as "Abba". In gewone Afrikaans sou mens kos sê: "ons liefdevolle Vader" of "ons Pappa". Dit is as't ware ons reg, omdat dieselfde Gees wat in Jesus is, ook in ons is en aan ons hierdie kindskap van God waarborg.

42. Daar is heelwat assosiasies met hierdie Naam wat mens dwarsdeur die Bybel aantref. Eerstens: Alhoewel God nie 'n mens soos ons is nie, is Hy ten minste ook 'n Wese met persoonlike eienskappe. Dis Iemand met wie ons as mense kan praat, kan kommunikeer. Tweedens: Die Vader is intiem aan ons bekend deur Jesus Christus. Dit is sy Vader! Ons, as Sy aangename kinders, kan iets van Hom verstaan en ken deur Jesus, ons broer (Hebr 2:11). Derdens: Die Vader het 'n huis en 'n hele huishouding wat die hele bewoonde wêreld, trouens die hele kosmos insluit, want dit kom alles van God af. Vierdens: Die Vader van die huishouding is een wat help sorg en versorg, wat besorg is oor die hele huishouding. Vyfdens: God is die *Ekonom*, wat besorg is oor die bestuur van die huishouding. Die woord "ekonomiese" beteken letterlik die regulering (*nomoj*) van die huishouding (*oikos*), God se huishouding. Sesdens: God as Vader is getrou aan sy kinders en die hele huishouding. Die Vader laat nie die werke van sy hande vaar nie. God se trou duur tot in ewigheid. Op hierdie lojaliteit kan ons staatmaak.

43. Hierdie Naam vir God is weliswaar nie die enigste een nie. In die belydenis praat ons immers van God as Vader, Seun en Heilige Gees (hieroor meer in die gedeeltes oor die tweede en derde dele van die Apostolicum). In die Ou Testament is daar ander name vir God soos Elohim (God), Jahwe (HERE), Adonai (Here), El Sjadai (Heer van die leërskare) en so meer. Dan is daar ook eienskappe wat aan God toegeken word wat amper soos 'n Naam gebruik word. In Jesaja 9:5 kry ons vier sulke terme: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredelovens wat die Nuwe Testament ook op Christus betrek word. Daar is baie ander. Dan kry ons ook metafore vir God. God is soos 'n vader, maar ook soos 'n moeder, soos 'n leeu, 'n hen of 'n arend, en soos 'n rots of 'n anker. Ons sal terugkeer na die vroulike metafore vir God in die deel oor die betekenis van die belydenis vir vandag hieronder.

*II. Hoe is hierdie belydenis deur die eeu verstaan?*

..... (word vervolg)

## B. BESKRYWINGSPUNTE (Aanvullend)

### B.10 BELHAR

(VRYSTAAT: GEE DEUR SONDER KOMMENTAAR)

Die Vrystaatse Sinode gee die volgende beskrywingspunt namens die NGK Kroonstad Môrewag aan die Algemene Sinode deur:

- 1) Die Algemene Sinode besluit dat die belydenisskrifte duidelik en genoegsaam die waarheid bely aangaande temas soos ware versoening, eenheid en geregtigheid, sodat 'n verdere belydenisskrif (soos die Belydenis van Belhar) rondom hierdie sake nie nodig is vir die kerk nie.
- 2) Die Algemene Sinode besluit dat die Belydenis van Belhar nie voldoen aan die vereistes van 'n gereformeerde belydenisskrif nie.
- 3) Die Algemene Sinode besluit dat die Belydenis van Belhar se Skrifgebruik grootliks onaanvaarbaar is, weens die wyse waarop die ware bedoeling van sekere Skrifgedeeltes verduister en verdraai is, ter wille van Belhar se vooropgestelde agenda.
- 4) Die Algemene Sinode besluit dat die belydenis van Belhar Skriftuurlik dwaal rondom sekere sake.

### MOTIVERING

#### Spreek Belhar se inhoud regtig sake aan waaroer die Formuliere van Eenheid (FE) swyg?

Die inhoud van Belhar kan opgesom word in drie temas: eenheid, versoening en geregtigheid. Hierdie sake of temas word ook in die FE benadruk. Belhar se opstellers het egter gevoel dat die FE nie genoegsaam ingaan op hierdie temas om 'n ideologiese dwaling in Suid-Afrika te voorkom nie. Die gevolg was apartheid, diskriminasie en 'n skewe ideologie in die destydse kerk. Daarom wil Belhar hierdie sake duideliker toelig. Vervolgens moet die FE nagegaan word in die vraag of dit regtig ruimte laat vir 'n skewe ideologie rondom hierdie sake –

(Dordtse Leerreëls-DL, Heidelbergse Kategismus-HK en Nederlandse Geloofsbelofte-NGB)

-DL Hoofstuk 2.5: "Hierdie belofte moet aan alle volke en mense...sonder enige onderskeid verkondig en bekendgestel word".

-DL Hoofstuk 2.8: "Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis ... uit elke volk, stam, geslag en taal.. sal verlos..."

-HK 40 Vraag 105: "Ek mag nie self en ook nie deur iemand anders my naaste onteer, haat, beledig of doodmaak nie... nie met my gedagtes, woorde of gebare... en nog minder met die daad"

Vraag 106... "Hy die wortel daarvan soos afguns, haat, woede en wraaklus verafsku."

Vraag 107... "terwyl God afguns, haat en woede verbied, gebied Hy dat ons ons naaste moet liefhê soos onsself. Ons moet teenoor hom geduldig, vredeliewend, sagmoedig, barmhartig en vriendelik wees, alles wat hom kan benadeel/ sover moontlik probeer voorkom en selfs aan ons vyande goed doen."

-NGB Artikel 27... "Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie".

-HK 42 vraag 117..." Ek moet die belang van my naaste, waar ek kan en mag, bevorder en hom so behandel soos ek wil hê dat hy my moet behandel. Daarby moet ek my werk ook getrou doen sodat ek die behoeftiges in hulle nood kan help."

Uit hierdie enkele dele is dit duidelik dat die FE geen ruimte laat vir 'n ideologie van diskriminasie en onderdrukking en nalaat van behoeftiges nie. Nog 'n belydenisskrif was en is dus nie nodig rakende hierdie sake nie. **Die probleem in Suid-Afrika was dus dat die NGK nie sy belydenis ernstig opgeneem en uitgeleef het nie.** Die NGK is egter hier nie alleen in die beskuldigde bank nie. Die VGK het eerder as om die kerk se bestaande belydenisskrifte profeties te verkondig aan die NGK, die vreemde weg gevolg om 'n nuwe belydenisskrif te gaan opstel rakende sake wat **helderder en suiwerder** in die bestaande belydenisskrifte bely word. Waarom het die VGK nie bloot herhaaldelik die bestaande belydenisskrifte aangehaal teen die skewe ideologie van destyds nie? Kan dit aanvaar word dat ook die VGK nie meer erns met die FE gemaak het nie? Dit is duidelik dat daar dus rondom hierdie sake geen nuwe belydenisskrif nodig was nie. Des te meer aangesien die NGK en VGK, **skynbaar beide**, in 'n krisistyd nie erns met die FE gemaak het wat die dwaling sou afwys nie. **'n Verdere belydenisskrif rondom hierdie sake maak 'n bespotting van die erns van die kerk met belydenisskrifte.** Vergelyk ook die impulsiewe wyse waarop Belhar ontstaan het. Het die VGK regtig moeite gedoen om hulle besware vanuit die FE te doen? Die antwoord is nee (Lees Daniëls :2001 195 oor die impulsiewe ontstaan van Belhar) **Indien 'n kerk van gereformeerde oorsprong skielik diefstal sou begin sanksioneer, is 'n nuwe belydenisskrif tog sekerlik**

nie nodig, as die FE tog duidelik, in lyn met die woord, diefstal awys nie? Dit geld tog ook die geval as 'n Kerk teen sy eie belydenis in diskriminasie, apartheid en onderdrukking sou sanksioneer.

### **Beantwoord Belhar se inhoud aan die kriteria vir 'n gereformeerde belydenisskrif?**

Hierdie afdeling word kortlik bespreek om bewusmaking te skep van die eensydige formuleringe van Belhar. Hierdie eensydighede in Belhar bring dit reeds in botsing met die Skrif en FE.

Eloff (1998:13) haal Karel Barth aan: " 'n Belydenis mag nooit met enige bymotief geskied nie. Ek mag dus nooit bely om daar mee... hierdie of daardie politieke bestel 'n nekslag toe te dien nie. Dit mag alleen gaan om die eer van God".

Jonker sê (1994:5): "Met die reformasie ontstaan daar egter '**n totaal ander situasie** (as in die Roomse kerk). Dit is uit die ontdekking wat Luther van die Pauliniese boodskap van die regverdiging deur die geloof gemaak het. **Daardeur is die hele Skrif in 'n nuwe lig gepJaas en die hele lewe van die kerk aan 'n heroriëntering onderwerp waarvan daar noodwendige rekenskap afgelê moes word. So ontstaan die verskynsel 'belydenisskrif' ".**

By Belhar is daar nie sprake van "die hele Skrif in 'n nuwe lig waarvan noodwendige rekenskap" moet volg nie. Belhar staan bloot krities teenoor 'n tydsgebonde ideologie waarvoor die bestaande belydenisskrifte reeds geen ruimte gelaat het nie. Belhar voldoen dus hoogstens aan die vereistes van 'n kritiese dokument wat ontstaan het uit 'n stryd teen apartheid (vgl Daniëls 2001:195).

Belhar se inhoudelike formuleringe geskied verder boonop halsoorkop. Danzfuss bevestig eintlik maar net Daniëls se woorde met sy volgende kommentaar oor die verloop met die totstandkoming van Belhar se inhoud:

"... 'n Nuwe belydenisskrif. Sonder dat daar ooit so 'n item op die agenda was, besluit die sinode om hul eie nuwe belydenisskrif op te stel. Nadat die veroordeling van apartheid en die besluit oor die Status Confessionis goedgekeur is, staan prof Bam op en verduidelik dat die besluit ingrypende implikasies het. Hy wys dat die sinode verplig is om verder te gaan en 'n nuwe geloofsbelijdenis moet opstel. Die moderatuur benoem toe 'n kommissie wat nog tydens die vergadering 'n geloofsbelijdenis vir goedkeuring moet voorlê. Hulle ontvang geen duidelike opdrag oor die inhoud van die belydenis nie. Al wat duidelik was, was dat dit teen apartheid moes wees, en dat dit baie haastig opgestel moes word." (Danzfuss)

Tereg haal Danzfuss vir Jonker en Heyns as volg aan:

"Enige persoon wat met die historiese agtergrond en teologiese inhoud van ons gereformeerde belydenisse vertrou is sal erken dat dit nie dokumente is wat lukraak en onnadenkend saamgeflass is nie. Gereformeerde belydenisse is goeddeurdagte en noukeurig geformuleerde dokumente. Heyns en Jonker is reg as hulle sê: 'Die belydenisskrifte is immers die geformuleerde en gesaghebbende uitdrukking van die geloof van die kerk. Die kerk doen dit op geen onsekere toon nie ... Dit wil nikks anders wees nie as 'n gelowige en lofpryse repetitio Sacrae Scripturae – 'n naspreek van die spreke van die Skrif' (Op Weg met die Teologie, p 200). In 'n ander bron sê prof Jonker: 'die Protestantse belydenisskrifte dra die karakter van omvangryke teologiese deurdagte en noukeurig geformuleerde dokumente' (Bevrydende Waarheid, p 11)"

Danzfuss skryf verder:

"Volgens Heyns en Jonker is 'n gereformeerde belydenis vir die kerk ook 'n regula fide – 'n geloofsreël wat die ware geloof van die dwalinge onderskei. 'n Wesenlike element van elke belydenis is dat dit polemies gerig is teen allerlei vorme van kettery. Die gereformeerde belydenisse stel gewoonlik die waarheid positief, formuleer dit noukeurig om alle misverstande uit te skakel, en onderskei dan die leuen aan albei kante (links en regs) van die waarheid.

Dit is in lyn met God se opdrag aan sy volk in Josua 1:7 en 23:6. 'n Pragtige voorbeeld van sulke gebalanseerde geloofsreëls kry ons in die Dordtse Leerreëls wat die waarheid eers noukeurig formuleer en dan **na links en regs** die dwalinge awys. Die belydenis van Belhar is nie 'n gebalanseerde geloofsreël nie, maar 'n eensydige protestskrif wat van begin tot einde slechts oog het vir dwalinge na regs, terwyl dit die dwalinge na links nie net ignoreer nie, maar selfs huisves. As voorbeeld kan gekyk word na Belhar se belydenis oor versoening. Belhar verwerp alles wat die horisontale versoening tussen mense kan benadeel. Van die vele dwalinge wat versoening slechts horisontaal sien, en so die vertikale versoening tussen God en mens misken, word egter nikks gesê nie. Sulke dwalinge word selfs in Belhar gehuisves deur sy taalgebruik wat aan die bevrydingsteologie ontleen is. Belhar is te eensydig om as regula fidei vir 'n gereformeerde kerk te dien." (Danzfuss)

(Lees gerus ook Daniëls van die VGK, asook Danzfuss se verwysings na die verloop van die debatvoering oor Belhar op die 1986 sinode van die NGSK. Daar was heftige teenkanting teen van die formuleringe in Belhar vanuit die NGSK se eie geledere! Lees ook Andrews se ernstige kommer soos dit later in hierdie artikel aangehaal word).

## **Belhar en die buitelandse kerke en teoloë**

Bloot in die lig van bogenoemde gegewens is dit dus nie verrassend nie dat Belhar op die Gereformeerde Ekumeniese Sinode in Athene, in 1992, nie as belydenisskrif aanvaar is nie. (Die Kerkbode 1992:2). ‘n Tweederdermeerderheidstem kon nie ten gunste van Belhar verkry word nie, selfs nie onder buitelandse kerke wat saam met die destydse NGSK sterk protes aangeteken het teen apartheid se vergrype nie! 20 Afgevaardiges het teen Belhar, en 26 daarvoor gestem (Meiring 1992:354-363). Sedert hierdie vergadering is Belhar egter in sekere gereformeerde kringe aanvaar. Die rede vir die aanvaarding moet egter ondersoek word in ‘n ander studiestuk. **Vrae kan gevra word of daar werklik intensief eksegeties na Belhar gekyk is, en of dit bloot ‘n tipe welwillendheidsgebaar was, sonder dat baie van die afgevaardigdes Belhar onder oë gehad het.** Kyk byvoorbeeld na die tragiese omstandighede wat aan die lig kom waarbinne die Amerikaanse Presbyterian Church Belhar skynbaar bespreek het. Jerry Andrews, pleit voor die vergadering waaroor Belhar gestem moes word as volg:

*“In my role as Chair of the Ecclesiastical Committee of my presbytery, as part of our preparation for a vote, I have proposed this conversation in our common life. I hope for a good response and quality conversation that leads to greater faithfulness because the Faith has been newly attended to. But.*

*I will not be advising the presbytery to vote YES on adding the Belhar Confession to our confessional standards for one simple reason: **there is not enough time to give it the consideration it is due and which the Church should require before a decisive vote.***

*Confessions of Faith not only form the Church, they are formed by the Church. They, at their best and when we are at our best, arise from the hard work of advancing the theological mission of the Church, often in controversy, always with difficulty.*

*Confessions of Faith, prior to adoption by the Church, are to be examined—read closely, studied carefully, understood fully. This work is the work of the Church. It cannot be assigned to a task force. The work of any task force early in the process is to recommend further consideration or not, and produce helps for the whole Church to examine it well. As a Church considering a confession, this is the place where we should be—using the helps provided to examine the document. **Instead, the task force of the General Assembly recommended adoption of the confession without offering even its own examination (approval is not examination). The General Assembly, neither in committee nor plenary, debated any one sentence or even cited one phrase in its debates. It recommended that the Church adopt the confession without discussion of its content.***

Mag die NGK tog hierdie waarskuwing ter harte neem! Dit is immers bekend dat selfs die bestaande belydenisskrifte redelik inhoudelik onbekend aan baie leraars is! Die afwys van Belhar as ‘n belydenisskrif deur die NGK sal dus duidelik nie aan blote hardnekkige diskriminasie toegeskryf kan word nie. Dit is ook insiggewend om die uiters kritiese beskouinge van Duitse teoloë rakende die inhoud van Belhar na te gaan. In ‘n studiestuk praat Kaiser van “Christus se naam misbruik”, “Ketterij” ensovoorts in sy kritiek op sekere stellings in Belhar. Dieselfde Kaiser bevestig in die studiestuk ook dat apartheid nie skriftuurlike gronde het nie. Sy kritiek op Belhar staan dus bo verdenking uit ‘n objektiewe eksegesese.

## **BELHAR SE INHOUD ONDER DIE SOEKLIK**

### **Inleidende inhoudelike gevaaaligte by Belhar**

Daniëls van die VGK is ongelukkig verkeerd as hy Belhar wil motiveer deur bloot ruimte te laat vir die moontlikheid van gebrekkige formuleringe in Belhar se inhoud. (Daniëls, 2001:205). Dit sal vervolgens aangetoon word dat die probleme rondom Belhar veel dieper is as gebrekkige formuleringe.

Daniëls van die VGK (2001:196) bepleit Belhar se saak as volg:

*“Belhar bely of verwoord maar net die geloof oor eenheid wat reeds in die NGSK se lidmate geleef het. Daarom is hierbo reeds gesê dat Belhar nie op direkte, enkele skrifbewyse berus nie, maar op ‘n hele reeks Bybelse assosiasies wat opgeroep word. Dit wil sê, Belhar probeer nie om die tekste te interpreteer nie. Die neerskryf van die belydenis het egter daardie tekste opgeroep.”*

Daniels maak die stelling trots-ootmoedig! Dit is dus vir hom totaal aanvaarbaar dat Belhar tekste nie binne hul konteks (en volgens hul bedoeling dus) laat spreek nie. Dit is ook vir hom aanneemlik dat die tekste die mens se idees sanksioneer. Anders gestel: Daniëls vind dit nie vreemd dat die tekste Belhar se standpunte dien, eerder as dat Belhar in diens van die Woord kom nie. Belhar gebruik dus die Woord van God vir sy agenda.

Verdermeer; Binne ‘n tyd waar daar baie stemme binne die NGK ernstig waarsku teen ‘n bibliistiese Bybelversie-anhalery deur gelowiges, sou dit verstommend wees as die NGK die onverantwoordelike Skrifgebruik van Belhar goedsmoeds sou ignoreer en aanvaar.

Die opstellers van Belhar sal dalk wil walgooi teen die eerlike belydenis(?) van Daniëls, maar later sal aangetoon word dat Daniëls heeltemal korrek is met sy stelling. Dit is dus duidelik waarom Britz (1998; 13) verklaar:

**"Die belydenisgrondslag van die kerk sal verander (as gevolg van Belhar). Belhar maak 'n hele nuwe manier van omgang met die Skrif... moontlik".**

'n Kerk wat himself vereenselwig met Belhar, sanksioneer dus terselfertyd 'n bedenklike wyse van Skrifomgang; 'n Skrifomgang wat nie ootmoedig in vrees en tot eer van God sy heilige Woord eerbiedig nie. So word 'n Skrifomgang, saam met Belhar, gesanksioneer waardeur die mens sy argumente uit die woord verdedig eerder as om te bely wat die Woord werklik bedoel. Die duidelikste voorbeeld van die gevolge van so 'n manier van Skrifomgang word sigbaar in Belhar se belydenis rakende die armes ...

## **Belhar en die armes**

Jordaan skryf 'n artikel onder die opskrif "Toutrekkery om God", en daarin maak hy die volgende stelling:

*“...Hierdie neiging (Toutrekkery om God) is baie sterk by sekere godsdienstige groeperings. 'n Voorbeeld hiervan is die Brits-Israel-beweging van die sogenaamde Wit Teologie. Tipies sektaries, wil die Wit Teologie God vir die blanke ras opeis: Hy is aan óns kant en basta met die res! Dieselfde geld vir die Swart Teologie, wat God vir die swart ras opeis; die Marxistiese teologie wat verklaar dat God Hom aan die armes se kant skaar; en die feministiese teologie wat van God 'n kampvegter vir vroue wil maak.*

*Die ellende met hierdie "teologieë" is dat elkeen van hulle God probeer inperk. Wat 'n gruwelike vermetelheid..."* (Christelike biblioteek)

Hierdie "gruwelike vermetelheid" van die Marxistiese teologie, is ongelukkig ook sigbaar in Belhar se belydenis oor die armes en verontregtes. Belhar verwys sonder om die konteks van Bybelgedeeltes in ag te neem, na Skrifgedeeltes (en besonderlik na die evangelie van Lukas) om te kan verklaar:

*“...dat Hy (God) in 'n wêreld vol onreg en vyandskap op 'n besondere wyse die God van die noodlydende, die arme en die veronregte is en dat Hy sy kerk roep om Hom hierin na te volg; (eie beklemtoning) dat Hy aan verdruktes reg laat geskied en brood aan die hongeriges gee; dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy dié wat bedruk is, ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat dit vir Hóm reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek;*

Een van die prominente "bewysplekke" waarna Belhar dan verwys om God ongekwalificeerd, op 'n besonder wyse, op te eis vir die armes, is Lukas 6:20-26:

*“Jesus het sy dissipels aangekyk en gesê: “Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God...”*

Hier sien ons weer die tragedie van Belhar se Skrifgebruik soos wat dit doodeerlik deur Daniëls erken word:

*“Belhar probeer nie om die tekste te interpreteer nie, Die neerskryf van die belydenis het egter daardie tekste opgeroep.”*

Hierdie gereformeerde-onaanvaarbare manier waarop die opstellers van Belhar die Bybel gebruik/misbruik, veroorsaak dat Belhar ongekwalificeerd kan aflei dat God "op 'n besondere wyse die God van die ... arme ... is" op grond van die klank van dele soos Lukas 6. Die ernstige Bybelleser sal dadelik besef dat die Skrif hier misbruik word vir die ideologie van die bevrydingsteologie. Die opstellers sou goed gedoen het as hulle verkiekslik eerder die Skrif probeer interpreteer het, in plaas daarvan dat "*die neerskryf van die belydenis ... daardie tekste opgeroep het*" – Daniëls. Wat mis Belhar by Lukas 6 (en trouens die ander dele wat uit die Skrif aangehaal word)? Groenewald skryf tereg in sy kommentaar op Lukas 6:20 die volgende:

*“Volgens Lukas het Jesus Sy dissipels aangekyk toe Hy die veldrede uitgespreek het, maar net soos in die bergrede (Mt 5:1ev) was die menigte mense daarby en is Sy uitsprake ook bedoel vir **almal wat hulle by Hom aansluit as Sy volgelinge**. Hy spreek hulle aan as julle wat arm is en dui hulle daarmee aan as mense vir wie die evangelie bedoel is (vgl 4:18). **Die dissipels is “arm” in die sin dat hulle al hulle besittings verlaat het om Jesus te volg...**”* (eie beklemtoning)

Dit gaan duidelik in Lukas oor dié mense wat rykdom en die wêreld vaarwel geroep het *ter wille van Jesus*, wat deur Jesus salig verklaar word. Hulle armoede is die gevolg van hulle prysgee van die wêreld om Jesus te volg. Die rede vir hulle armoede word dus duidelik **gekwalfiseer**. Dit is ook die boodskap van die res van die Skrif oor armoede. Belhar, gedring deur die humanistiese bevrydingsteologie, verklaar egter dat God op 'n besondere wyse die God van die arme is (lees: nieteenstaande jou goddelose leefwyse en weiering om Christus te volg).

Ridderbos doen in sy boek "De komst van het Koninkrijk" 'n afsonderlike bespreking getiteld: "Het evangelie der armen" (p 167- 173). In sy bespreking is dit eweneens duidelik dat die bevrydingsteologie se stellings (soos ook in

Belhar verwoord) ‘n totale verdraaiing van die Skrif is. God is nie ongekwalificeerd “op ‘n besondere wyse” die God van die armes en die verontregtes in die samelewing nie. Ridderbos volg die spoor van die definisie van “armes” vanuit die OT en bespreek dit as volg:

*“Dit word ons duidelik, wanneer wij de Oudtestamentische achtergrond zowel van het begrip “arme” als van “armen van geest” in het oog vatten ... Deze “armen” of “armen van geest” (zachtmoeidigen) treden telkens weer in het Oude Testament, speciaal in de psalmen en de profeten naar voren. Zij zijn het beeld van de maatschappelijk verdrukten, degenen die zuchten onder de macht van het onrecht en van degenen, die slechts met hun eigen voordeel en invloed rekening houden. Tevens zijn ze echter degenen, die in dat alles aan God vasthouden en alleen van zijn koninkrijk hun heil verwachten. Zij beantwoorden niet kwaad met kwaad en stellen geen onrecht tegenover onrecht. Daarom vormen zij temidden van de goddeloosheid en wêreldgezindheid van anderen het ware volk van Gods, dat als zodanig ook telkens weer met de belofte van het komende heil des Heren en van zijn verlossende koninklijke manifestasie getroost word. Ook in het latere vóór-Christelijke Jodendom komt het begrip “armen” meermalen in deze betekenis voor. Thans – Aldus is daar ook de gedachte – is het volk Gods onder de heidenen verstrooid; thans zijn ook de vromen en goddelozen met elkander vermengd in hetgeen van ouds het volk Gods was. Maar eenmaal zal het echte Israel door God worden vergaderd en tot openbaring komen. Deze kern van het Godsvolk wordt dan in navolging van Oudtestamentische teksten, speciaal in de psalmen van Salomo, “de armen” ... genoemd en op hen wordt van toepassing geacht alles wat aangaande de redding van Israel als het volk Gods door de profeten beloofd en in de kringen dergenen, die op God hoopten met heimwee verwacht werd. Tegen deze achtergrond zullen wij nu ook “de armen” aan wie het evangelie verkondig wordt, also ook “de armen van geest” en “de zachtmoeidigen” in de zaligsprekingen hebben te beschouwen. Wij hebben hier dus niet te doen met een nieuw ethisch ideal, noch enkel meteen aanduiding van social onrecht, dat zal worden te niet gedaan, óók niet met een algemeen religieuze notie van kennis van eigen onvolkomenheid en zonde, die geschikt zou maken voor het koninkrijk Gods. Men kan zeggen, dat het begrip “armen” zowel sociaal als religious-etisch bepaald is. Doch vóór alles ontleent het zijn inhoud aan het feit, dat deze “armen” en “zachtmoeidigen” van ouds in bizondere zin de dragers zijn der heilsbelofte, omdat in hen het ware volk Gods gevonden wordt en omdat zij, in tegenstelling met degenen die hun hoop op deze wêreld gevestigd hebben, het heil dat God aan zijn volk in het vooruitzicht gesteld heeft, als de “vertroosting Israels”, verwachten (Luc 2:35, vgl 6:24; 16:25, Matth. 5:4)”*

Opsommend leer die Bybel dus, volgens Ridderbos, dat “armes” die teenpool is van goddelose wêrelde mense. “Armes” is mense wat God se heil verwag, eerder as die vreugde van wêrelde rykdom. **Hier kom ‘n totale ander definisie op die voorgrond as by Belhar wat verklaar dat God ongekwalificeerd die God van die sosiaal-armes en verontregtes is. Belhar se definisie is bloot lasterlik en Skriftuurlik onhoudbaar.**

Moet God nagevolg word deur Sy kerk om ongekwalificeerd by alle armes te staan in hulle swaarkry, soos Belhar beweer? Nee! Ongekwalificeerd staan by die armes (soos Belhar navolging van God verstaan), sonder die oproep tot bekering, is humanisme en nie die taak van die kerk nie. Anders gestel: **Dit is lásterlik en óngehoorsaamheid aan God as die kerk in die samelewing sou kant kies vir sekere samelewingsgroepes. Die kerk moet die evangelie met daad en Woord aan “arme”, selfvoldane rykes en “arme”, geldgierige, goddelose armes bly verkondig, anders as wat Belhar met sy venynige liefdeloosheid teenoor verlore rykes dit wil hê.** Hierdie twee tragiese groepes, sosiaal-armes en sosiaal –rykes, is beide “ryk” aan hulle hoop op die wêreld. Beide hoop op die wêreld – die een groep voel net hulle het al die hoop bereik, en die ander groep streef nog daarna om die hoop wat in besittings te vinde is, te bereik. Beide is tragies want hulle ken en soek nie die ware vreugde en “rykdom” in Christus nie.

Belhar toon ‘n totale onbegrip vir die ware tragiek en ellende van mense. Belhar getuig dus van die totale geblinddoekte en eensydige agenda van sy opstellers se tyd en omstandighede. Dit spreek van ‘n uiters oppervlakkige en eensydige verstaan van die doen van geregtigheid. Belhar se verstaan van die gehoorsame doen van geregtigheid spreek dus ook van uiterste humanistiese eensydigheid, soos later meer omvattend aangetoon sal word.

Kortliks moet stilgestaan word by nog ‘n voorbeeld van Belhar se ligsinne Skrifgebruik, in sy pleidooi dat God op ‘n besondere wyse die God van die armes ens is. Belhar, gedring deur die tydgebonden agenda van sy haastige opstellers, verwys ook as “bewysplek” vir sy lering oor armes en geregtigheid najaag, na Lukas 16:19-31. Volgens Belhar leer die verhaal van die ryk man en Lazarus dat God op ‘n besondere manier die God van die (sosiaal)armes is, en die kerk moet ook so maak as die kerk gehoorsaam aan geregtigheid wil wees. Bloot ‘n uiters ligsinne en vinnige lees van hierdie gedeelte kan aanleiding gee tot so ‘n afleiding. Belhar se opstellers sou goed gedoen het om eers te gaan nadink het waarom die ryk man se naam nie genoem word in die verhaal nie, terwyl Lazarus se naam wel genoem word. Met deeglike eerbiedige nadink oor die Skrif sou hulle dan ontdek het dat Jesus hier in ‘n strydgesprek betrokke was met die geldgierige, Jesus-veragtende Fariseers (Lukas 16:14). Hierdie Fariseers wat nie hulle hoop en hulp van God in Christus verwag nie, maar hoop op hulle band met Abraham(16:22 e.v.! ) word deur die ryk man in die verhaal voorgestel, daarom het die ryk man geen naam nie. Hy is tipe van die Fariseers. Die arm man se naam word doelbewus-berekend genoem. Dit is ‘n naam wat die hele verhaal ontsluit. Sy naam is....Lazarus. Lazarus wat beteken: GOD HELP. Hy is dus nie bloot arm en goddeloos

nie, maar arm en Sy hoop is in God. Daarom dien hierdie arme in hierdie wêreld, wat Sy hoop op God gerig het, en nie op besittings nie, as teenpool van die geldgierige Fariseers. Hy, en nie die wêreldse mens, vind dat God op 'n besondere wyse sy God is. BESONDRE wyse op 'n veel dieper wyse as wat Belhar verwag dat God op 'n besondere wyse God is. BESONDERS in die sin dat Hy die ewige skatte van die hémel gee aan die wat hulle hoop op hom gerig het, ten koste van aardse rykdom. Die kerk moet daarom aan ryk en arm vertel dat as God in Christus jou God is, het jy BESONDRE rede om rustig te leef in hierdie hartseer wêreld. God is dan immers op 'n BESONDRE wyse jou God.

Hier sien ons net weer die verskriklike gevolge wat voortspruit uit Belhar se ligsinnige Skrifmisbruik ter wille van hulle agenda. Die evangelie word verduister en verskraal weens hierdie haastige en ligsinnige Skrifomgang wat in Belhar aangewend word. Hoe kan die kerk van die Here haarself vereenselwig met so 'n Belydenisskrif? Spreek dit nie van uiterste ligsinnigheid binne die kerk nie? Bely u, die leser, regtig saam met Belhar hierdie ligsinnige dinge?

Belhar se verdedigers staan dikwels, soos reeds aangetoon, stil by die **Lukas evangelie** om aan te toon dat Belhar tóg reg is, as Belhar bely dat God op **ongekwalifieerde**, besondere wyse die **noodlydende, die arme en die verontregte** se God is.

Indien dit 'n regte verstaan van die Lukas-evangelie is, sou mens tog verwag dat Jesus alle kontak met diesulkes wat **nie** noodlydend, arm en verontreg is **nie**, sou vermy om die skare tevrede te hou wat hierdie verwagting het dat Hy eerder by die armes ens moet staan. Hierdie skare het immers uiters **selfsugtige en aardse** verwagtinge gehad van Jesus, **want hulle was onderdruk en verontreg** deur die Romeine se regering van hulle tyd. Klink nogal soos Suid-Afrika van 1986 toe Belhar geskryf is. Hulle verwag Jesus moet inval by hulle planne met Hom. Hy moet aan hulle kant **as onderdrukte** kom staan teen alle mense wat baat vind by die bestaande sosiale en politieke bestel. Jesus gooi egter die appelkar om in die Lukasevangelie. Hyself ontbloot Belhar se leuenteologie op die pad na Jerigo. Mens sou verwag dat Jesus uit die skare sou kies om by 'n noodlydende, arm en verontregte persoon te gaan inloer, soos dit vandag se politici betaam waanneer die skare en televisie se oog op Hom gerig is. Jesus veroorsaak egter konsternasie onder hierdie bevooroordeerde, haatdraende skare van verontregtes en noodlydendes. Hulle verwag dat Hy soos hulle bevooroordeeld moet staan teen die onderdrukkers en mense wat voordeel trek uit die onderdrukkende sisteem van hulle dag. Hy sal tog nie so laag daal om by so 'n bevoordeelde onderdrukker te gaan oornag nie? Woede breek los teenoor Jesus toe Hy Sy oornagplek kies. Hulle woede en vooroordeel wys egter net dat hulle die ware Jesus, met al hulle vooraf lofliedere oor Hom, glad nie geken het nie... Hy kies die mees gehate man in die oë van die skare (en in die oë van Belhar-belyers dalk ook?). Hy kies 'n man wat glad nie aan Belhar se standaarde voldoen nie, om by huis te gaan. Hy kies die uitnemende voorbeeld van rykdom om by huis te gaan. 'n Man wat sy rykdom bekom het deur die armes uit te buit, en verontregting te pleeg. 'n Man wat op die rug gery het van die voordele van die politieke sisteem van sy dag. Hy kies die tollenaar Saggeus, want die Seun van die mens het nié op 'n **ongekwalifieerde en besondere** wyse gekom vir mense wat voldoen aan sekere sosio-politiese standaarde nie. Hy sluit die Saggeus-verhaal af met woorde wat die woedende skare glad nie wil hoor nie. Hy mag nie só onbevooroordeeld wees teenoor die sosio-politiese onderdrukkers nie sou hulle murmureer. Tog sê Hy doodeenvoudig:

*"Die Seun van die Mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is"* (Lukas 19:10). Maak nie saak of hulle ryk of arm verlorenes is nie.

Treffend dat ons dan lees hoe Saggeus dan, omdat Hy in Jesus glo, bereid is om arm te word deur sy besittings en wêreldse vreugdes prys te gee... **Hy vergeet sy eie belang en sien andere se nood skielik raak omdat Hy in Jesus glo.**

**Let mooi op: Hy is lynreg anders as hierdie skare arm, onderdrukte en verontregte mense wat in selfsug en eie liefde Jesus vir hulle saak wil opeis, terwyl hulle harte vol haat en nyd teenoor hulle ryk en verlore naaste is.**

**So word ryk Saggeus... "arm"... ter wille van Christus..., en daarom is Hy nou... 'n arm... geseënde... saam met die res van die dissipels... wat Jesus volg... en nie in selfbejammerende..., haatdraende selfsug... Jesus vir sy eie saak probeer kaap nie.**

## **Belhar en eenheid**

In 'n studiestuk van hierdie aard is 'n volledige eksegese van al Belhar se stellings, asook van die tekste waarna verwys word, onmoontlik. Dit is duidelik datveral Efesiërs 2 en 4, asook Johannes 17 kerntekste vir Belhar was in die formulering van Belhar se verstaan van eenheid. Op grond van Efes. 4 verklaar Belhar dat die eenheid van die kerk van Jesus Christus daarom gawe en opdrag is... wat nagejaag en gesoek moet word. "Belhar verduidelik dan sy verstaan van eenheid in die kritiek teen dwaling met die volgende woorde: "... wat ontken dat 'n weiering om hierdie sigbare eenheid as 'n kosbare gawe na te jaag sonde is." Die opdrag tot eenheid is dus vir Belhar in die daarstel van 'n sigbare eenheid. Wie nie hierdie sigbare (en strukturele eenheid) bely nie, is besig om sonde te doen, volgens belyers van Belhar. Die afleiding is nou vervolgens dat uit Belhar daar 'n nuwe verstaan van

kerkwees na vore kom as wat die Bybel leer en die FE bely. Belharbelyers glo dat **strukturele eenheid** die opdrag van die Bybel is. Party sal egter vra: Bely Belhar regtig 'n strukturele eenheid?

Hierdie afleiding waartoe hierdie studiestuk kom, word bevestig deur die feit dat Belhar 'n "...sigbare en werksame eenheid van die kerk" bepleit, en kritiek uitspreek teen "aparte kerkformasie". Belhar praat ook van "een sigbare volk van God" asook "dat hierdie eenheid sigbaar moet wees". **Tussen die los aanhalings van Bybeltekste word dit duidelik dat Belhar streef na een kerkstruktuur.**

Die stelling word bevestig deur Daniëls se stelling (2001:206):

*"n Belydende kerk is nie een wat 'n belydenis het nie, maar een wat hul belydenis is; een wat hul strukture en optrede sigbaar maak sodat die wêreld kan sien".*

Die VGK en Belhar verstaan dus op geen onduidelike wyse die Skrif as opdraggewend tot strukturele eenheid. Diegene wat nie strukture wil laat saamsmelt nie, doen sonde, volgens Belhar. Is dit werklik die boodskap van die Skrif dat strukturele eenheid 'n opdrag is? Het die Skrif en FE dalk eerder 'n ander tipe eenheid in gedagte?

### **Spreek die Bybel van strukturele eenheid?**

Pont (1995:785) skryf

*"Die aandrang op sigbaar-organisatoriese eenheid is 'n negentiende-twintigste-eeuse verskynsel waar die geloof in Christus dikwels as 'n menslike daad verstaan word en nie meer as 'n genadegawe van God nie. Daarom word in hierdie dae geoordeel dat die eenheid van die Kerk deur mense verwerklik kan word, as een kerklike struktuur opgerig word".*

Pont verwys onder andere na Nijenhuis wat "*eenheid en algemeenheid lê in die consensus in puram doctrinam en as dit nie bestaan nie, is daar nie van eenheid sprake nie, want dan is daar geen eenheid met die hoof van die kerk, Christus, nie.*"

Botma (1997:345) verwys na Barth wat sê:

*"But what is meant by the quest for the one church? It cannot be concerned with the magical fascination of numerical unity or uniqueness, nor with ethical and social ideals of uniformity, mental harmony and agreement. It must rather be concerned with the imperative content of the acknowledgement that there is one Lord, one baptism, one God above all, for all and in all (Ef 4) "*

Belhar dwaal as dit dus uit die gawe van een geloof, een doop ensovoorts aflei dat strukturele sigbare eenheid moet bewerk word. Spoelstra (1989:293) sê: "*Gereformeerdes identifiseer nie eenheid in Christus met struktuur nie*". Calvyn het duidelik ook nie die Skrif verstaan as opdraggewend tot "*'n institutêre, organisatoriese eenheid nie*" (Pont 1995:784). Danzfuß verwys dan ook tereg na die NGB met die volgende opmerking:

*"Vir Belhar is kerkeenheid primer 'n sigbare, strukturele eenheid. Hierteenoor bely ons in Artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelofte geen strukturele eenheid nie: 'Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig'.*

Susan Cyre, 'n Amerikaanse teoloog skryf as volg in haar "*A Critique of the Belhar Confession*":

*"The Second Helvetic Confession shows this relationship between truth and unity, "unity consists not in outward rites and ceremonies, but rather in the truth and unity of the catholic faith. The catholic faith is not given to us by human laws, but by the Holy Scriptures...."*

*In contrast to these confessions, the Belhar places unity above everything including revealed truth. The Belhar confesses, "we reject any doctrine, which professes that this spiritual unity is truly being maintained in the bond of peace while believers of the same confession are in effect alienated from one another for the sake of diversity and in despair of reconciliation". Is this "diversity" related to sexual behavior? Or to beliefs about the nature and work of Christ, or to birth status like "Jew and Gentile, slave and free"? Belhar isn't clear.*

*Scripture and the Confessions are clear that false beliefs and sinful behavior cause disunity. It was the false priests and prophets that Jeremiah condemned who proclaimed "peace, peace" when there could be no peace because of Israel's idolatry and sinful behavior (Jer. 6:14). Jeremiah was viewed by the false priests and prophets as the unity breaker. Ahab called Elijah the "troublemaker of Israel" because Elijah's condemnation of sin destroyed unity. And Jesus said he came not "to bring peace but a sword" (Matt. 10:34). We should seek unity but it cannot be at the expense of truth. Scripture and the Confessions are clear that as long as sin continues in us, unity cannot be realized fully. To attempt to produce unity apart from truth, as the Belhar does, is to deny truth matters and to put "truth and falsehood on a level"*

*which the Book of Order rightly calls "pernicious." Presbyteries should vote NO to including Belhar in the Book of Confessions"*

## **Belhar en Efesiërs 4 en Johannes 17**

Belhar lei sy begrip van 'n sigbare eenheid as opdrag af uit Efes 4:1-16 en Joh 17:20-23. Wil Efes 4 en Joh 17 regtig eenheid as opdrag beveel op die wyse waarop Belhar die "eenheidsopdrag" verstaan, naamlik 'n sigbare en werksame eenheid?

Ef 4:10-16 leer hoe Christus gawes gegee het aan die gemeente om die gelowiges toe te rus, en so word die gemeente opgebou as liggaam van Christus. Opgebou tot eenheid in geloof (13) en kennis van die Seun van God. So realiseer die eenheid van die geloof deur die gawes/"ampte" wat Christus gee. Grosheide sê aangaande v13: "*De gereedmaking der heiligen,... leidt ook tot de eenheid van geloof en kennis*" (Grosheide; 1960:67). Deur die bediening van die gawes/ampte kom gelowiges tot die einddoel naamlik eenheid in geloof. Die eenheid in geloof word nie hier op aarde bereik nie, weens die sondigheid van die mens. Calvyn in sy kommentaar op Efesiërs 4:13 sê:

*"Such is the weakness of our nature, that it is enough if every day brings some nearer to others, and all nearer to Christ. The expression , coming together (v13), denotes that closest union to which we still aspire, and which we shall never reach, until this garment of the flesh, which is always accompanied by some remains of ignorance and weakness, shall have been laid aside."*

**Dit wat ons in Christus is, realiseer dus nie deur menslike aktiwiteit wat een sigbare struktuur daarstel nie, maar realiseer waar gelowiges in die plaaslike gemeentes al meer opgroei in waarheid en kennis van Christus, deur die gawes se bediening.** Dán erken en herken mense regoor die wêreld wanneer hulle mekaar raakloop dat hulle dieselfde "taal" praat en een is in Christus. Hulle vier saam nagmaal want hulle weet die ander een bely die nagmaal se waarhede soos ek dit bely. Hulle vier hulle eenheid in Kanada of Rusland of waar hulle ook al is, sonder om eers gou hulle strukture een te maak... as hulle nie wil sondig nie (Belhar)! Hulle voel nie gewetensdwang om eers strukture op te rig nie. Maar, hulle kom agter dat hulle nie een(s) is in die geloof as hulle egter reuseverskille het oor die ware leer. Dan vermy hulle mekaar eerder agt die feit dat hulle nie een in waarheid is nie. Hier op aarde verwerklik volkome eenheid dus nooit nie, as gevolg van die dwaling/valse leer. Eendag in die hemel sal ons kom tot volmaakte eenheid in geloof. Hier op aarde bring die bediening van die waarheid "*everyday... some nearer to others, and all nearer to Christ.*"

Daar is geen sprake van 'n entoesiastiese verwerkliking van eenheid as mense kerklike strukture oprig nie. Dit is bloot om deur die menslike daad Christus se werk te probeer oorneem. Die "ampte" se "bydrae" tot eenheid is bloot daarin geleë om die waarheid te bedien.

Botma (1997:338) vat Calvyn se verstaan van die Skrif se "eenheidsopdrag" as volg saam:

*"Die eenheid waarvoor Calvyn hom beywer het, was dus 'n eenheid in waarheid soos dit in die heilige Skrif geopenbaar is" en "uiterlike organisatoriese eenheid sonder die waarheid was nie werklike eenheid nie. Calvyn het nie gesoek na 'n broederskap tussen mense sonder die regte leer nie."*

Daarom gaan, by sowel Calvyn as Luther, die waarheid vooraf aan die eenheid van die kerk. Die eenheid van die kerk word as't ware sigbaar in die waarheid van die notae ecclesiae".

Samevattend: Die daarstel van *een kerklike struktuur* is nie 'n Bybelse opdrag nie, maar 'n moderne-eeuse menslike uitvindsel. Die plaaslike gemeente wat deur die bediening van die gawes/ampte van Christus hul beywer vir die waarheid deur lering en onderrig van gelowiges, maak erns met die gegewene dat ons een in Christus is. Sonder eenheid in waarheid, is daar geen ware eenheid nie, al rig mense entoesiasties-demonstratief "ter wille van die wêreld" een kerkstruktuur op. **Verder meer is dit bloot lasterlik om mense se gewetens swaar laste op te lê deur Christus se naam te betrek by so 'n eenheidsgedagte, en dit as Bybelse opdrag voor te hou aan mense.** Die probleem hier is dus nie **noodwendig** die eenword van strukture nie, maar die feit dat Belhar dit as Bybelse opdrag op mense se gewetens probeer bind in belydenisvorm. Dit spreek bloot van swak en onverantwoordelike Skrifuitleg, gemotiveer deur 'n tydsgebonde kerkbeeld.

Die onhoudbaarheid van so 'n ideaal kom duideliker aan die lig as mens prakties hieroor nadink: Moet daar regtig gestreef word daarna dat die kerk regoor die wêreld versamel word binne een struktuur? Dit sou tog duidelik onmoontlik wees. Moet die kerk daarom skuldig voel omdat sy, soos Belhar leer, nie een struktuur opgerig kry regoor die wêreld nie? Natuurlik nie! Juis hierin word die dwaasheid van Belhar se Skrifverstaan oor eenheid sigbaar. Daarom pas dit om veel eerder saam met die NGB heel anders oor die kerk te bely:

*"Verder is hierdie heilige kerk nie geleë in, gebonde aan of bepaal tot 'n sekere plek of sekere persone nie, maar dit is oor die hele wêreld versprei en verstrooi. Tog is dit met hart en wil en deur die krag van die geloof in een en dieselfde Gees saamgevoeg en verenig"*

Net so seker as wat die Heilige Gees alleen heiligheid in die heilige kerk kan bewerk **deur die Woorddiens**, net so seker kan die Heilige Gees alleen eenheid bewerk deur die **Woorddiens van waarheid**. Hier mag die mens nie aktivisties probeer oorneem nie, deur "sigbare en werksame" eenheid organisatories daar te stel nie. Net so seker soos volmaakte heiligheid eers in die hemel sal werklik word, so ook met eenheid. Daarop wag die kerk in geloof, terwyl ons sug, ... **en die waarheid bly bedien sodat mense deur die Woordbediening gevorm kan word om een in waarheid en liefde te word...** al kom daar nie een magtige-organisatoriese struktuur tot stand nie.

b) Kan regtig uit Joh 17 uit afgelei word dat ons geroep word om. "eenheid sigbaar" te maak ... sodat die wereld **kan glo dat "Christus vyandskap en haat oorwin het tussen mense en mensegroepe"**?

Anders gestel: **Wat is die werklike doel wat volgens Jesus se gebed bereik moet word as Hy bid vir hulle eenheid?** Belhar verdraai Christus se woorde om eerder 'n humanistiese ideologie van broederskap te promoveer as die doelwit wat bereik moet word. In Joh 17 bid Jesus dat gelowiges een mag wees... "**sodat die wêreld kan glo dat u My gestuur het. Ek het hulle die heerlikheid gegee wat U My gegee het**" (v27,22).

Brown se kommentaar hierop is:

*"we contend that these statements do not mean that the world will accept Jesus, rather the christian believers will offer to the world the same type of challenge that Jesus offered. A challenge to recognise God in Jesus" en "Jesus presented a challenge because he claimed to be the revelation of God's glory, now Jesus has given this glory to the Christians (v22), and so the challenge comes through them"* (Brown;1966:778).

Calvyn lê ook die klem op die feit dat **die doel van die eenheid** is om die heerlikheid van God te openbaar. Dit doen 'n "very excellent pledge, of the love of God towards believers, which the world is compelled to feel, whether it will or not, when the Holy Spirit dwelling in them sends forth the rays of righteousness and holiness".

Calvyn toon dus aan dat Jesus bid om die Heilige Gees se werking in gelowiges, waardeur die wêreld bewus sal word **van God se liefde** as hul sien hoe gelowiges geregtigheid en heiligheid in eenheid uitstraal.

Belhar gee egter op grond van Joh 17, 'n totaal ander verstaan aan die doel van eenheid. Belhar leer dat mense moet sien dat hul nie meer geskei moet wees van mekaar in haat nie. **Dit gaan vir Belhar oor blote menslike harmonie**, as Jesus hier bid om eenheid. **Dle werklike doel is egter dat mense bewus moet word van die heerlikheid van God.** Dit is tog onbetwisbaar dat net die Gees 'n tipe eenheid kan bewerk wat die wêreld bewus maak van die heerlikheid van God. 'n Menslike najaag van hierdie tipe eenheid asof ons dit deur menslike strukture daar kan stel, is bloot minagtlig van die werk van die Vader, Seun en Gees. Belhar se gebrek aan eksegese lei hier tot die verwoording van 'n humanistiese ideologiese en demonstratiewe eenheid van menslike harmonie, eerder as om die gerigtheid op God van Johannes 17 raak te lees. Geen mense-aktiwiteit kan daardie soort eenheid bewerk nie. Die wyse van die eenheid is ook hier nie 'n strukturele eenheid nie, maar 'n eenheid op gelyke vlak met Ef 4 (Calvyn rakende Joh.17 )

## Belhar en geregtigheid

Belhar leer: "... dat die kerk sal getuig enstry teen enige vorm van ongeregtigheid" asook "...dat die kerk as eiendom van God moet staan waar hy staan, naamlik teen die ongeregtigheid en by die verontregtes." Belhar sê ook dat die kerk teen magtiges en bevoorregtes moet getuig. Belhar koppel die gehoorsaamheid aan geregtigheid dus primêr aan hulpverlening, bystaan enstry vir minderbevoorregtes. Hierin lê vir Belhar gehoorsaamheid aan geregtigheid en navolg van Christus. Is dit suwer lering of word ook hierdie afdeling van Belhar gekenmerk deur eensydige agendas?

## Die Skrif en geregtigheid

Belhar se agenda (veg vir onderdruktes) verlei sy opstellers ongelukkig daartoe om "op 'n eensydige manier tekste uit te soek en afleidings te maak" (Britz;1998:13). So ontstaan 'n totale verdraaiing van die Bybel se bedoeling met geregtigheid. Belhar bely -

*"..dat Hy die gevangenes bevry en blindes laat sien; dat Hy die wat bedruk is ondersteun, die vreemdelinge beskerm en weeskinders en weduwees help en die pad vir die goddelose versper; dat vir Hom reine en onbesmette godsdiens is om die wese en die weduwees in hulle verdrukking te besoek; dat Hy sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek; dat die kerk daarom mense in enige vorm van lyding en nood moet bystaan, wat onder andere ook inhoud dat die kerk sal getuig en salstry teen enige vorm van ongeregtigheid"*

Belhar is heel korrek as dit leer dat "Hy Sy volk wil leer om goed te doen en die reg te soek". Die probleem kom in daarby dat Belhar só gepreokkupeer is met die onderdrukkende sisteem wat destyds in die land geheers het, dat dit gehoorsaamheid aan die geregtigheid uiters eensydig beperk tot hulp en veg vir mense in situasies van

onderdrukking. Wat van die sonde en goddelose praktyke wat deur hierdie onderdruktes gepleeg word? Moet die kerk 'n blinde oog draai daarvoor dat hierdie onderdruktes nie in die regte verhouding met God is, en Sy naam ontheilig nie? Geregtigheid in Belhar word dus uiterstens beperk tot veg vir die onderdruktes se reg. **Dit spieël dus 'n gerigtheid op die onderdrukte mens.**

Hoe lyk ware gehoorsaamheid aan geregtigheid? Ridderbos se kommentaar op die nuwe gehoorsaamheid in Christus aan geregtigheid leer die volgende:

*"reeds uit de herhaalde tegenstelling met 'zonde' blijkt het **alomvattende** van het begrip geregtigheid, blijkt ook zijn primair op God gerichte inhoud en bepaaldheid"* (Ridderbos;1971:287 in sy bespreking van Romeine 6 waarna Belhar ook verwys.)

Hierdie perspektief op geregtigheid koppel Ridderbos terug ook aan die OT definisie van die begrip 'tsedaka'. Die getroue eksegese van die woord geregtigheid in die Skrif het dus **'n veel dieper dimensie as armesorg of onderdruktes bystaan**. Ridderbos toon ook aan dat die nuwe gehoorsaamheid aan Christus daarom ook gerig is op **heilighed** (Romeine 6:19,22). Belhar ignoreer hierdie kardinale perspektiewe totaal. Verder doen Belhar weinig moeite om vooraf eers te praat oor die forensiese geregtigheid waar God in Christus ons in 'n nuwe verhouding tot Hom plaas. **Uit hierdie forensiese geregtigheid kan daar werklik nagedink word oor die nuwe gehoorsaamheid aan geregtigheid.**

Die nuwe gehoorsaamheid aan Christus, en die doen van geregtigheid, het dus 'n gerigtheid **teen sonde op alle vlakte en persone in die samelewung tot eer van God**, én **vanuit die feit dat die gelowige die geregtigheid in Christus ontvang het**. Belhar se eensydige verstaan van geregtigheid spreek van 'n afwesigheid van ernstige eksegese. Die gevolg is die daarstel van 'n humanistiese ideologie van bevryding eerder as ware verwoording van die Skrif se bedoeling met die gedagte '*gehoorsaamheid aan die geregtigheid*'.

b. 'n Kerk "*wat staan waar hy staan*" by die verontregtes en teen die ongeregtigheid, adem dus veel meer van die bevrydingsideologie as van gebalanseerde skrifuitleg. Efesiërs 6 rig eerder verontregte slawe se oog op Christus as om jou staan te gaan staan by hulle op 'n revolusionêre wyse. Dis hartseer dat Belhar hierdie aspekte nie gebalanseerd weergegee het nie. Samevattend kan dus gesê word dat Belhar ook wat die Bybelse begrip geregtigheid betref ongelukkig nie die Skrif tot diens is nie, maar eerder die agenda van die onderdruktes verdedig.

### **Belhar bring al reeds tragiese, siek vrugte voort**

Die feit dat Belhar 'n skeue teologie daarstel, wat bots met die Skrif en die FE word duidelik in die vrug wat Belhar reeds opgelewer het. Belhar het in sy kort bestaan reeds die deure oopgemaak vir dwaling in die kerk. Die Amerikaner, Susan Cyre toon dit duidelik as volg aan:

*"Allen Boesak, one of the architects of Belhar, told members of his Uniting Reformed Church in South Africa in 2008 that the Belhar should be used to end discrimination against those who practice same-sex behavior. Boesak claimed, "Based on Belhar, the church should fully accept gay members, should perform gay marriage ceremonies and allow ministers in gay relationships to serve in the church." Although Boesak's own church rejected his interpretation of the Belhar, the fact that he would see its potential for this purpose demonstrates that Belhar can be used in this expansive way.*

*Speaking to a group at Louisville Presbyterian Theological Seminary this past April on the Belhar, Boesak told the group, "the demand for inclusivity goes well beyond the issue of race" to include "women, people with disabilities and those whose sexual orientation is not heterosexual."*

*There is evidence of an intent to apply the Belhar to same-sex behavior in the PCUSA. Cynthia Holder Rich, a member of the Advocacy Committee for Racial Ethnic Concerns that initially brought the Belhar to the General Assembly acknowledged that the Belhar is being used to "press other issues." She told a joint meeting of the PCUSA Advisory Committee on Social Witness Policy, the Advocacy Committee of Women's Concerns, and the Advocacy Committee on Racial Ethnic Concerns that met in January 2010, "Theologians have used this document to press issues other than race....You may or may not know that that is part of the international conversation.... This document is about freedom. People of different sexual orientations are not free and so this document could be used to free people."*

*The Reformed Church in America (RCA) is a Formula of Agreement partner with the PCUSA and has approved the Belhar. The RCA interprets the Belhar in their official study guide to go beyond racism "to all forms of exclusion" including same-sex behavior. The study guide uses the Belhar to apply to the Israel-Palestine conflict and always in a way that is pro-Palestinian. The RCA Commission on Christian Action has publicly said they use the Belhar in addressing issues before them that include: the farm bill, Sudanese refugees, the Iraq War, immigration, minimum wage increases and America's embargo of Cuba.<sup>5</sup>*

*How will this expansive interpretation of unity be used in the church? The Rev. John Austin, of Madison Avenue Presbyterian Church in New York City and member of the Special Committee that recommended*

*to the GA that the Belhar be added to the Book of Confessions, said, “The church needs to be transformed by Belhar.”<sup>6</sup> We should ask, since the church rejected racism more than 40 years ago, how will Belhar transform the church? What new teaching does Belhar confess that will transform the church?”(Cyre)*

Belhar is op die regte manier aangehaal deur dr Boesak. Die VGK was net nie bereid om te erken dat Belhar die deure so wyd oopmaak vir die leuen nie. Belhar skep vir die kerk ‘n verleentheid. Hoe kan die kerk die waarheid verkondig en bely oor sake soos homoseksualiteit, as haar eie belydenisskrif duidelik aanleiding gee tot sulke legitieme afleidings van mense buite die kerk?

Die spoor van onmin en wrywing as gevolg van Belhar in die VGKSA en NGKA, asook binne die NGK, spreek boonop vanself. Slegs uiters naïewe persone kan dink Belhar is ‘n skadelose dokument wat nie ‘n instrument in die hand van die vader van die leuen is nie.

## SAMEVATTING

Daar is in hierdie beswaarskrif die volgende aangetoon:

- 1) Die NGK se bestaande belydenisskrifte is so duidelik in die afwys van dwalinge rondom geregtigheid, versoening en eenheid dat die kerk nooit moes verval het in ‘n praktyk van diskriminasie, vooroordele en verskeurdheid nie. Die NGK en VGK moes met groter erns vanuit die waarheid van ons bestaande belydenisskrifte geleef het, en met mekaar gepraat het, dan sou die hartseer van die verlede vermy kon gewees het. ‘n Verdere belydenisskrif rondom hierdie sake was en is dus nie nodig nie.
- 2) Belhar gee huisvesting aan ‘n onhoudbare en ongerefommeerde tipe omgang met die Heilige Skrif.
- 3) Belhar se inhoud is nie Skriftuurlik betroubaar nie, maar selektief en dien ‘n Suid-Afrikaanse samelewingsgroep se agenda eerder as wat dit die Skrif naspreek.
- 4) Belhar se eensydige, bevooroordeelde en tydsgebonde omgang met die Skrif, bring dit in botsing met die FE.
- 5) Belhar het reeds in sy kort bestaan aanleiding gegee tot die opening van deure vir allerlei valse leringe.

## BRONNELYS

### ANDREWS J

2010. Voting? On the Belhar. The Presbyterian Coalition webtuiste

### BOTMA A en KOEKEMOER JH

1997. Die verskynsel van die eenheid-verskeidenheid van die kerk: In gesprek met Calvyn. HTS 53 (1 en 2) : 326-352

### BRITZ RM

1998. Belhar verskil van ons Belydenisskrifte. Die Kerkbode 160 (14) : 13

### BROWN RE

1966. The Gospel according to John (Vol 2) London: Chapman (The Anchor Bible)

### CALVYN J

- 1) 1509-1564 . Commentary on John (Vol 2). Theophilus CD Dr AH Bogaards 1999, Ivan Jurik
- 2) Commentary on Ephesians
- 3) 1581 The Institution of the Christian Religion ( Prefix to the fourth edition) Translated by T Norton. Electronic edition. Logos Library.1998

### CYRE S

2010. A Critique of the Belhar Confession.The Presbyterian coalition webtuiste

### DANIËLS A

2001. Bybelgebruik in die Belharbelydenis se artikel oor ‘eenheid’. Scriptura 77(2):193-209

### DANZFUSS T

2005. Waarheid en dwaling webblad. Drie opvolgartikels in Mei - Julie 2005.

### ELOFF S

1998. Skriftuurlik en Teologies is Belhar nie waterdig nie. Die Kerkbode 160(14):12

### GROENEWALD EP

1989. Die evangelie volgens Lukas - Skrifuitleg vir Bybelstudent en gemeente. NGK Uitgewers.

### GROSHEIDE FW

1960. Die brief van Paulus aan de Efeziërs. Kampen. JH Kok (Commentaar op het Nieuwe Testament)
- JONKER WD  
1994. Bevrydende Waarheid. Hugenote uitgewers Wellington
- KAISER B  
Zum Glaubensbekenntnis der NGSK. Ongepubliseerde studiestuk vertaal deur Prof. Von Delft. UV
- MEIRING PGJ  
1992. Die gereformeerde ekumeniese sinode, Athene, 1992: Om Christus vandag te volg! NGTT 33(3): 354-363
- PONT AD  
1995. Die Reformatoriese Kerkbegrip. Enkele groot lyne op grond van Calvyn se uiteensetting. HTS 51(3):771-791
- RIDDERBOS H  
1) 1971 Paulus. JH Kok Kampen  
2) 1950 De Komst van het Koninkrijk. JH Kok Kampen
- SPOELSTRA B  
1998. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering. Die Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.
- BELHAR nie in Athene as belydenis aanvaar nie. 1992. Die Kerkbode. 149(21):2

## **VERSLAE VAN TYDELIKE KOMMISSIES**

## T 3.1 BEVOEGDHEID

In die lig van die verhelderingsgesprekke asook enkele redaksionele wysigings stel die Taakspan die volgende wysigings voor (vgl Agenda bl 34 pt 4):

1. Huidige voorstel:

### 4.1.5.3 Volle ampsbevoegdheid (emeritus)

Dit is 'n predikant wat die aftree-ouderdom bereik het en geëmeriteer het. 'n Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik, kan:

\* Alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9 op uitnodiging en toesig van'n kerkraad.

'n Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik:

\* Is nie beroepbaar nie.

Wysigings:

Die Taakspan ondersteun ook die amendement soos voorgestel en versoek die Algemene Sinode om te besluit dat daar ook aan emeriti die bevoegdheid verleen word om huweliksbevestigers te wees in terme van die Staat se voorskrifte:

### 4.1.5.3 Volle ampsbevoegdheid (emeritus)

Dit is 'n predikant wat die aftree-ouderdom bereik het en geëmeriteer het. 'n Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik, kan:

\* Alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9 op uitnodiging en toesig van'n kerkraad.

'n Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik:

\* Is slegs beroepbaar in terme van die besluite by Kerkorde artikel 11

\* Steeds voort te gaan as Huweliksbevestiger na emeritaat

2. Huidige voorstel:

### 4.1.6.4 Persone wat oor beperkte bevoegdheid beskik, kan:

\* Net die Woord bedien (indien kwalifikasie dit toelaat) onder opsig en toesig van die kerkraad en ring

\* Diens van die gebede

\* Onderrig en toerusting

\* Beperkte opbou van die gemeente

\* Beperkte dienswerk in die gemeente

\* Beperkte leiding en organisering van die gemeente

\* Beperkte pastorale versorging

Die volgende redaksionele wysiging word voorgestel: skrap die woorde "beperkte" in 4.1.6.2:

### 4.1.6.4 Persone wat oor beperkte bevoegdheid beskik, kan:

\* Net die Woord bedien (indien kwalifikasie dit toelaat) onder opsig en toesig van die kerkraad en ring

\* Diens van die gebede

\* Onderrig en toerusting

\* Beperkte opbou van die gemeente

\* Beperkte dienswerk in die gemeente

\* Beperkte leiding en organisering van die gemeente

\* Beperkte pastorale versorging

Dr L Ungerer (Skriba)

## **T.3.2 BEVOEGDHEID**

### **1. ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD**

Die Algemene Sinode het die volgende goedgekeur (A 12 Regte bl 279 pt. 2.8.5):

Die Algemene Sinode

2.8.5.1 besluit om 'n Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) daar stel om alle sake rakende bedieningsbevoegdheid namens die Algemene Sinode te hanteer;

2.8.5.2 versoek die Bestuurspan van die ASM om so gou moontlik kantoorfasiliteite tot beskikking van die ABR te stel;

2.8.5.3 keur die Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) goed (Punt 2.8.4 hierbo);

2.8.5.4 gee opdrag aan die ATR om te kontroleer watter wysigings aan die reglemente deur die instelling van die ABR nodig sal wees en die voorgestelde wysigings aan die Moderamen vir goedkeuring voor te lê;

2.8.5.5 Die Algemene Sinode besluit verder

2.8.5.5.1 dat alle proponente, bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband, ander persone met die bevoegdheid van bedienaar van die Woord en emeriti by die ABR regstreer en dat 'n jaarlikse registrasiefooi betaalbaar word.

2.8.5.5.2 om werkgewers te versoek om minstens 50% van die registrasiefooi vir 'n bedienaar van die Woord/proponent/emeritus in diens van 'n gemeente/kerkverband te betaal;

2.8.5.5.3 dat die jaarlikse registrasiefooi deur die Bestuurspan van die Moderamen op aanbeveling van die ABR en die ATF vasgestel word;

2.8.5.5.4 om op aanbeveling van die Tydelike ATR die eerste lede van die ABR aan te stel.

2.8.5.6 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om, nadat advies van die ABR en die ATF ontvang is, die koördineerder/uitvoerende amptenaar aan te stel

### **2. AANBEVELINGS: ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD**

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om

**2.1 in die lig van A.12 pt 2.8.5.2 'n datum te bepaal wanneer die kantoorfasiliteite aan die ABR beskikbaar gestel word**

**2.2 die lede van die ABR in samewerking met die ATR aan te wys**

**2.3 die volgende te bepaal:**

**2.3.1 die datum van implementering van die jaarlikse registrasiefooi**

**2.3.2 die finansiering van die Kantoor van die ABR te finaliseer in samewerking met die ATF**

**2.3.3 die eerste jaarlikse registrasiefooi**

**2.4 om, nadat die proses van finansiering gefinaliseer is, 'n koördineerder/ uitvoerende amptenaar te benoem.**

Dr L Ungerer (Skriba)

## **T.5.1 VERSLAG VAN GESAMENTLIKE VERGADERING VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIENS EN GETUIENIS EN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR GEMEENTE-ONTWIKKELING**

### **1. OPDRAG VAN SINODE**

Die tydelike kommissies word versoek om die Sinode te adviseer hoe aanbeveling 20.1 van die *Verslag oor 'n Missionale Ekklesiologie* (ADGO Bylaag 10 bl 130) en die *Verslag oor teologiese vertrekpunte van 'n beoogde standpuntinname oor die NG Kerkfamilie in konteks* (ADD Bylaag 1 bl 59) moontlik geïntegreer kan word.

### **2. AANBEVELING 20.1 (VERSLAG OOR 'N MISSIONALE EKKLESILOGIE)**

Die tydelike kommissies beveel aan dat aanbeveling 20.1 van die *Verslag oor 'n Missionale Ekklesiologie* (Agenda bladsy 141) soos volg gewysig word:

**20.1 Die Algemene Sinode aanvaar hierdie dokument as deel van die NG Kerk se gesprek oor 'n missionale ekklesiologie.**

### **3. AANBEVELING 15.2 (VERSLAG VAN ADD)**

Die tydelike kommissies beveel aan dat aanbeveling 15.2.2 van die ADD verslag (Agenda bl 58) soos volg gewysig word:

**15.2 Die saamvoeging van die verskillende studiestukke rakende 'n missionale ekklesiologie, insluitend studiestukke oor die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit in een dokument wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat.**

Ds André Barlow (Voorsitter :Tydelike Kommissie vir Gemeente-ontwikkeling)

Me Rinel Hugo (Skriba: Tydelike Kommissies vir Gemeente-ontwikkeling)

Prof Piet Meiring (Voorsitter: Tydelike Kommissie vir Diens en Getuienis)

Ds Willie van der Merwe (Skriba: Tydelike Kommissies vir Diens en Getuienis)

## A.6.1 DIENSVERHOUDINGE

### DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING

In die lig van die voorstelle by die verslag van die Taakspan Regte (Agenda A.12 bl 279 pt. 2.8.5) versoek die ATDV dat sy verslag as volg gewysig word.

Motivering: Die voorgestelde ABR handel slegs oor sake tov predikante en nie alle diensverhoudinge nie. Verder het die ASM reeds in 2010 goedgekeur dat die hantering van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge deur die ATR hanteer word.

#### Die Algemene Sinode

- 2.3.1 besluit dat die ATDV as selfstandige Taakspan van die Algemene Sinode ontbind
- 2.3.2 besluit dat die ATDV se werkzaamhede/opdragte verdeel word soos volg:
  - 2.3.2.1 die hantering van die Bestuurshandleiding deur die ATR
  - 2.3.2.2 sake wat predikante raak deur die ABR
  - 2.3.2.3 bestuur van die Algemene Sinode se personeel deur die Sinodale Kantoor in samewerking van die ATR
- 2.3.3 versoek die ATR om te begroot vir die voortdurende hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.

Dr L Ungerer (Skriba)

## T.7.1 FONDSE

### 1. BESKRYWINGSPUNT B.6: BEFONDSING ALGEMENE SINODE

#### B.6 BEFONDSING ALGEMENE SINODE (OOSTELIKE SINODE)

Die Algemene Sinode besluit dat die fondse vir die werk en bedryf van die Algemene Sinode sover as moontlik uit die beleggingsopbrengs van die Algemene Sinode voorsien word.

1. Die werksaamhede van die Algemene Sinode word tans geherstruktureer. Dit skep die geleentheid om koste te verminder en slegs op die noodsaaklike te fokus. Hierdeur word uitdrukking gegee aan die feit dat hoe verder 'n vergadering van 'n gemeente verwijder is, hoe minder permanensie behoort daar te wees en hoe minder behoort die koste daarvan te wees.
2. Die koste vir die Algemene Sinode word uit sinodale bydraes befonds – wat van gemeentes afkomstig is. Gemeentes verkeer onder druk, sodat die oorhoofse koste soveel moontlik verminder behoort te word.
3. Die omvang van die beleggings van die Algemene Sinode maak dit moeilik aanvaarbaar dat gemeentes en Sinodes wat onder druk is, steeds 'n wesenlike bydrae vir hierdie werk moet lewer.
4. Meeste van die werksaamhede van die Algemene Sinode is so ver verwijderd van die gemeentes dat dit selde, indien ooit, enige waarde aan die gemeentes toevoeg.
5. Die Algemene Taakspan Fondse tree met die betrokke taakgroep van die tien Sinodes in gesprek oor hoe om die besluit so spoedig moontlik te implementeer.

#### 1.1 BEREDENERING

Die Tydelike Kommissie vir Fondseoordeel dat die beskrywingspunt van die Oostelike sinode nie haalbaar is nie. Op die huidige oomblik kan die werk van die Algemene Sinode nie net uit die beleggingsbefonds word nie, alhoewel dit 'n lofwaardige doelwit is.

Die Algemene Sinode het in 2004 bepaal dat die maksimum sinodale bydrae van die lopende inkomste 0.3% moet wees en om die moontlikheid van 'n verlaging van hierdie persentasie te ondersoek. In die lig van dié besluit het die Taakspan Fondse ondertussen reeds maatreëls in plek gestel om enersyds begrotingsuitgawes te beperk en andersyds sinodes se bydraes te verminder. Vir die 2012/2013 begroting is sinodes se aanslag van 0.3% na 0.28% van totale lopende inkomste verminder.


Die Taakspan Fondse het die volgende as vertrekpunte gebruik vir hulle besinning:

- (i) Tendense uit sinodes se verslae is verwerk. Byvoorbeeld: gemeentes raak minder, leraarsposte wat verander, inkomste groei nie teen dieselfde persentasie as uitgawes, ensovoorts.
- (ii) Kernfunksies (KPA's) is gekwantifiseer.
- (iii) Moontlike afbestuur van die begroting: Die Algemene Sinode kan nie 'n uitgawegedreve begroting hê nie, maar 'n inkomstegedreve begroting. Wat is die dravermoë, gegewe die finansiële situasie van sinodes?
- (iv) Hoe moet die inkomste van die Algemene Sinode bereken word? 'n Begrotingsbeleid, beleggingsbeleid en die wyse waarop sinodes se bydraes vasgestel word, is verreken.

In die lig van bostaande ag die Tydelike Kommissie vir Fondse dit belangrik dat die Algemene Sinode ook KENNIS NEEM van die volgende besluite van die Taakspan Fondse op 6 Oktober 2011:

(1) Finansiële begrotingsbeginsels

- a. Die huidige strategiese prioriteite van die Algemene Sinode gelys moet word en deel vorm van die begroting vir 2012/13
- b. Onderstaande begrotingsbeginsels aanvaar word en deel word van die Begrotingsbeleid:
- i. Die oorhoofse begrotingsbeginsel is gebaseer op 'n deurlopende siklus van *Beplanning, Uitvoering en Meting van Resultate* met die begroting wat sentraal staan tot hierdie siklus.



- ii. Die begroting is die uitdrukking van die operasionele plan (finansiële doelwitte en meetbare aktiwiteite vir die implementering van die Strategiese Plan van die Algemene Sinode) vir die implementering van die Strategiese Plan in finansiële terme en dit bestaan uit twee hoofkomponente, naamlik '*n inkomstebegroting*' en '*n uitgawebegroting*'.
- iii. In die inkomstebegroting word die beplande inkomste van die Algemene Sinode aangegee en die uitgawebegroting toon die uitgawes wat nodig is om die gestelde strategiese doelwitte (doelstellings, aktiwiteite en meting daarvan) te behaal.
- iv. Die begroting van die Algemene Sinode is 'n dinamiese bestuursinstrument en dien as 'n hulpmiddel vir kontantvloeibepanning.
- v. Goeie finansiële beplanning, bestuur en beheer met gereelde verslagdoening moet deurlopend plaasvind. Begrotingsbeheer moet deurlopend toegepas word.
- vi. 'n Begrotingsbeleid wat uitspel hoe die begroting in die praktyk opgestel en aangewend word. Die volgende is ter sprake: Die roeping en visie van die Algemene Sinode; die strategiese doelwitstelling(s) met doelwitte en meetbare aktiwiteite soos vervat in die strategiese plan van die Algemene Sinode; verantwoordelikhedsentra (kostesentra); en beleggingstrategie.
- vii. Die strategiese implikasies vir die Algemene Sinode se beleggingsportefeuilje moet deurgaans verreken word.

(2) Die Taakspan Fondse het besluit dat die Beleggingskommissie verteenwoordig moet wees in die taakspan wat die opdrag kry om die besluit wat by punt (1), *Finansiële begrotingsbeginsels*, geneem is tot uitvoer te bring en dat genoemde taakspan die opdrag kry om 'n behoorlike beleggingstrategie en beleggingsbeleid op te stel deur gebruik te maak van die werksdokument, *Strategiese implikasies vir die Algemene Sinode se beleggingsportefeuilje*.

### (3) Persentasiebydrae deur sinodes

Die taakspan fondse het besluit dat

- a. die voorgestelde hersiene begroting verder besnoei word deurdat die streeksinodes se bydraes verminder word na 0,28% i.p.v. die huidige 0,3%
- b. die taakspan fondse hom verbind tot 'n verdere inkrementele vermindering in die persentasiebydrae deur die sinodes met inagneming van die volgende:
  - (i) Strategiese prioriteit soos bepaal deur die strategiese beplanning;
  - (ii) Die Begrotingsbeleid;
  - (iii) Die Beleggingstrategie; en
  - (iv) Al die toepaslike faktore – welsyn van gemeentes, ekonomiese klimaat, rentekoers ens.

## 1.2 AANBEVELING: BEFONDING ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinode onderskryf die meriete van die beskrywingspunt van Oostelike sinode (B.6). Dit is egter op die oomblik nie haalbaar nie.

## 2. KOSTE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE (vgl A.7 bl 74 pt 11)

### 11.3 AANBEVELING: VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

*Die Algemene Sinode besluit om die aanbeveling van die Taakspan Strukturering ten opsigte van die verkleining en frekwensie van vergadering van die Algemene Sinode goed te keur.*

### 2.1 BEREDENERING

Die Tydelike Kommissie vir Fondseoordeel dat die NG Kerk nie die omvang van die Algemene Sinode in sy huidige grootte en koste-implikasie finansieel volhoubaar kan kontinueer nie.

Die motivering is die volgende:

- Sinodes se styging in inkomste was die afgelope twee jaar ongeveer 2,5% per jaar. Teen die agtergrond van die huidige ekonomiese klimaat blyk dit dat hierdie groei in inkomste onder druk sal wees. Die gemiddelde styging van reiskoste, akkommodasie, konferensie-fasiliteite, ensovoorts was die afgelope jare ongeveer 8% jaar op jaar.
- Die Algemene Sinode het 'n bepaalde styl van vergader wat gemotiveer is deur die manier waarop ons wil werk. Hierdie wyse van vergadering is binne ons sosiale konteks en binne ons finansiële vermoëns moeilik verantwoordbaar en volhoubaar.
- Indien die Algemene Sinode die aanbeveling oor hereniging met die NGKA en die RCA goedkeur (en op die pad vorentoe kan die VGKSA ook bykom) kan dit meebring dat met die huidige berekening van afgevaardigdes die vergadering van die Algemene Sinode met ongeveer 60-80 groter kan word.

## **2.2 AANBEVELING: KOSTE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE**

Die Tydelike Kommissie vir Fondse beveel aan dat die frekwensie van die voorgenome verkleinde sinode tweejaarliks sal wees. Dit sal 'n positiewe effek op die groterwordende begrotings-uitdagings van die totale kerkverband hê.

CT Visagie (Voorsitter)

JPL Mostert (Skriba)

## T.10.1 LEER EN AKTUELE SAKE

### 1. SAKE VERWYS NA DIE KOMMISSIE

- 1.1 Beskrywingspunt 1 (B1 bl 291) Ruimte vir die Bekeringsdoop
- 1.2 Beskrywingspunt 2 (B2 bl 291) Die Doop.
- 1.3 Beskrywingspunt 5 (B5 bl 297) Aborsie

### 2. AANBEVELINGS

#### 2.1 ABORSIE (bl 297)

Die Algemene Sinode keur die beskrywingspunt goed.

#### 2.2 DOOP (bl 291 en 146)

(Hierdie is 'n amendering van die aanbevelings van ADGO bl146 en hanteer daarmee ook Beskrywingspunte B1 en B2)

**2.2.1** Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.

**2.2.2** Die Algemene Sinode vra daarom gemeentes om hierdie Doopbeskouing met entoesiasme te verkondig en met oortuiging toe te pas.

**2.2.3** Die Algemene Sinode gee terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde Doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus.

**2.2.4** Die Algemene Sinode erken dat daar in die NG Kerk bepaalde lidmate is wie se beskouing oor die doop nie in ooreenstemming is met ons verstaan van die Christelike geloof nie, maar dat hulle tog wil leef uit God se genade en graag deel wil wees van die NG Kerk.

**2.2.5** Die sinode wil daarom hierdie lidmate omarm en insluit by die gemeenskap van gelowiges en voortgaan om aan hulle die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop te kommunikeer.

**2.2.6** (punt 9.1.1 van die aanbevelings van ADGO Bylaag 11, p 146 volg verder)

#### 2.3 BEDIENING VAN BEVRYDING (bl 174)

Die Kommissie volstaan met verslag en aanbevelings, behalwe pt 14.9.4 waar die woorde "en afgestorwenes" geskrap word.

#### 2.4 APOSTOLICUM (Aanvullende Verslae A.10 bl 1)

**2.4.1** Die Algemene Sinode neem kennis van die konsep-formulering van die eerste deel van die Apostolicum soos aan die vergadering voorgelê en aanvaar die styl en formaat daarvan.

**2.4.2** Die Algemene Sinode versoek die werkgroep om die projek te voltooi en die teks soos dit vorder vir kommentaar op die internet aan te bied.

**2.4.3** Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die lede van hierdie taakgroep, veral diegene uit die geledere van ons NG Kerkfamilie, vir die harde en deeglike werk wat hulle gedoen het en waardeer hulle voortgesette betrokkenheid hierby.

**2.4.4** Die Algemene Sinode versoek ook die Apostolicum-werkgroep om 'n korter en meer populêre weergawe (nog meer eenvoudige weergawe) vir tieners en lidmate te formuleer.

**2.4.5** Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die verdere hantering van die projek, soos wat ATLAS dit in die volgende maande aan die vergadering sal voorlê, te hanteer met die oog op die voltooiing en afhandeling daarvan.

#### 2.5 SKRIFBESKOUING

Die Kommissie volstaan met die verslag en aanbevelings (A.10 Bylaag 3 bl 192 pt 5).

#### 2.6 KERK EN WETENSKAP (A.11 bl 212 pt 7.6)

**2.6.1** Die Algemene Sinode keur die hantering van die saak deur die ASM goed en neem kennis van die formulering as 'n standpunt-stuk van die ASM.

**2.6.2** Die Algemene Sinode bedank graag alle wetenskaplikes, wat as Christene hulself in die openbaar blootstel ter wille van hulle geloofsoortuigings, terwyl hulle as Christene met oorgawe as wetenskaplikes hulle professie uitoefen.

## **2.7 HK 80** (bl 168 en 173)

**2.7.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die feit dat die Rooms-Katolieke Kerk die Roomse Mis anders verstaan as die verduideliking wat die Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 80 gegee is en besluit om die gesprek hieroor met die Rooms Katolieke Kerk voort te sit.**

**2.7.2 Die Algemene Sinode bevestig dat daar ingrypende verskille tussen die gereformeerde verstaan van die Nagmaal en die Roomse verstaan van die Mis is.**

**2.7.3 Die Algemene Sinode besluit om langs gepaste weë oor hierdie saak met plaaslike lidkerke van die WGGK in gesprek te tree.**

**2.7.4 Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om die moontlikheid van 'n vereenvoudigde vertaling van die Heidelbergse Kategismus te ondersoek.**

**2.7.5 Die Algemene Sinode gee opdrag aan ATLAS om die onderlinge samehang van die doop en die Nagmaal in diepte te ondersoek.**

## **2.8 HUWELIK EN SAAMWOON** (bl 193 en 204)

Die Kommissie volstaan met aanbevelings 6.1 tot 6.8 slegs met verandering van

6.3 waar die woord "erken" vervang word met "is bewus daarvan" en

6.4 waar "verkieslik" vervang word met "sover as moontlik"

'n Verdere punt 6.9 word bygevoeg: **Die Algemene Sinode aanvaar dat al die implikasies rondom die bevestiging van 'n enkel kerklike huweliksverbintenis nog nie uitgeklaar is nie en daarom op hierdie stadium nie ten gunste van so 'n reëling nie.**

JD Kirkpatrick (Voorsitter)

BJ du Toit (Skriba)

## **T.11.1 ALGEMENE EN EKUMENIESE SAKE: KERKHERENIGING**

### **1. EENHEIDSPROSESSE TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA**

(Vgl Agenda A.11 Moderamen Bylaag 5 bl 240 pt 4)

1.1 Die Tydelike Kommissie het kennis geneem van die brief wat die VGKSA aan die bogenoemde drie kerke geskryf het na aanleiding van die verslag en voorstel in die Agenda (vgl A.11 Bylaag 5 pt 4 bl 240-242). Die brief is by hierdie verslag aangeheg.

1.2 Die Tydelike Kommissie het geoordeel om Aanbeveling 4.4 bl 242 uit te brei en met die volgende te vervang:

#### **4.4 AANBEVELING: EENHEIDSPROSESSE TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA**

**4.4.1 Die Algemene Sinode besluit om die eenheidsprosesse/ struktuur tussen die NG Kerk, NGKA en die RCA goed te keur.**

**4.4.2 Die Algemene Sinode bevestig dat die NG Kerk se eie siening van eenheid organiese eenheid is en dat hierdie besluit (pt 4.4.1) as ‘n eerste stap oppad na hierdie eenheid gesien moet word.**

**4.4.3 Die Algemene Sinode spreek die hoop en begeerte uit dat die VGKSA so gou as moontlik deel van hierdie proses en verdere gesprekke sal wees (vgl pte 1.3 en 6 van die voorstel).**

**4.4.4 Die Algemene Sinode neem kennis van die brief van die VGKSA en wil dadelik met die VGKSA in gesprek tree oor die interpretasie van hierdie besluit van die Algemene Sinode.**

### **2. BESKRYWINGSPUNT B.3: BELYDENIS VAN BELHAR**

(Vgl Agenda B.3 bl 292 en T.12.1 Tydelike Regte pt 2.3)

2.1 Die Tydelike Kommissie het die verslag van die Ad hoc-kommissie (T.12.1 pt 2.3) in ontvangs geneem en ook kennis geneem van die bespreking by die betrokke verhelderingsgesprekke.

#### **2.2 AANBEVELING: BELYDENIS VAN BELHAR**

**Die Algemene Sinode besluit om Beskrywingspunt B.3, soos gewysig, te aanvaar:**

**Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hiervoor in werking te stel.**

CJP Niemandt (voorsitter)

JJ Gerber (skriba)

**UNITING REFORMED CHURCH IN SOUTHERN AFRICA**

**GENERAL SYNOD**

**CHURCH OFFICE: PO BOX 21206 HEIDEDAL, 9306. FAX: 0865182003**

**Moderator:**

Prof ST Kgatla  
363 Marshall Str  
Polokwane  
0699  
Tel: 015 - 296 0005  
Cel: 082 200 5198  
Email: [kgatla@mweb.co.za](mailto:kgatla@mweb.co.za)  
Thias.Kgatla@up.ac.za



**Scribe:**

Dr DA Kuyler  
4 Vergottini Str  
Fichardt Park  
9317  
Tel: 051 - 406 5427  
Cel: 083 274 7616  
Email: [generalsynod@urcsa.org.za](mailto:generalsynod@urcsa.org.za)

**Vision: A Committed and United Church in service of unity, reconciliation and justice to all people through Christ**

DRC  
DRCA  
RCA

3 October 2011

Dear Sisters and Brothers in Jesus Christ

**RE: RESPONSE OF THE URCSA GSC TO THE PROPOSED CHURCH UNITY PROCESS BY THE DRC, DRCA AND RCA.**

We have received your letter with your expressed intention to unification, for our assessment and discussed it at our GSC in September 2011 in Bellville.

We appreciate your aim to church unity expressed in paragraphs 1.1 & 1.2 of your statement.

We are however compelled to respond as follows to paragraph 1.3 and further points in your letter:

**1. Introduction**

1.1 When we encouraged the DRC, DRCA and RCA in 2005 (and thereafter) to undertake such a process, we were not prescribing a model/process for reunification; we were very clear amongst ourselves about what reunification entails in principle and practice.

We continuously express our sincere commitment to organic church unity within the DRC family.

In the process we are guided by the Spirit, the Word of God and the Confessions, which apart from the historical standards to which we subscribe, also include for us the Confession of Belhar (1986).

1.2 As you know, the latter was born in the DRC church family's struggle to clarify and reclaim the misunderstood and misappropriated Biblical injunctions and guidance on unity, reconciliation and justice within South Africa of that time.

1.3 In the light of your current efforts to move towards greater unity –and the information you supplied to us on your perceived process—we take the liberty to reiterate our understanding of the unity that Christ achieved and to which He calls us, within the context and history of Southern Africa today:

## **2. Biblical Foundation**

We call attention to the Biblical teaching on the nature of church unity and reconciliation

Pivotal texts quoted in the Confession of Belhar (e.g. 1 Cor 12, Eph 2 and 4. Col 2 and 3, Gal 3, 2 Cor 5) clearly teach that all the parts of the one body, though many, still make up one single body – so it is with Christ. We were baptised into one body in a single Spirit, Jews as well as Greeks, slaves as well as free men, and we are all given the same Spirit to drink (1 Cor 12:12-13); there is only one Body, one Spirit, one Lord, one God (Eph 4:4-6); Jew and Greek, slave and free, male and female, are all one in Christ (Gal 3:28); the wall of division between Jews and non-Jews were destroyed in Christ's person, to create a single New Human out of the two of them, and through the cross to reconcile them both to God in one Body (Eph 2:14-16); we all died and were resurrected in Christ, renewed in the image of our Creator, and in that image there is no room for distinction between Greek and Jew, between the circumcised and uncircumcised or between Barbarian and Scythian, slave and free. There is only one Lord, one Christ: He is everything and He is in everything (Col 2:12, 3:10-11); and anyone who is in Christ is a new creation, the old order is gone and a new being is there to see. It is all God's work; he reconciled us to himself through Christ and he gave us the ministry of reconciliation (2 Cor 5:17,18) (references from the Jerusalem Bible).

## **3. Confessional Focus**

The confessions clearly teach on the church:

3.1 the fact and nature of our unity. We were called into one, holy, universal Christian Church, the communion of the saints called from the entire human family (Apostolicum - art 9, Belhar Confession - art 2, Heidelberg Catechism - Q/A 54).

3.2 that unity is, therefore, both a gift and an obligation for the Church of Jesus Christ; that through the working of God's Spirit it is a binding force, yet simultaneously a reality which must be earnestly pursued and sought: one which the people of God must continually be built up to attain (Belhar–art 2);

3.3 that this unity must become visible so that the world may believe that separation, enmity and hatred between people and groups is sin which Christ has already conquered, and accordingly that anything which threatens this unity may have no place in the Church and must be resisted (Belhar–art 2).

3.4 that this unity of the people of God must be manifested and be active in a variety of ways: in that we love one another; that we experience, practice and pursue community with one another; that we are obligated to give ourselves willingly and joyfully to be of benefit and blessing to one another; that we share one faith, have one calling, are of one soul and one mind; have one God and Father, are filled with one Spirit, are baptised with one baptism, eat of one bread and drink one cup, confess one Name, are obedient to one Lord, work for one cause, and share one hope; together come to know the height and the breadth and the depth of the love of Christ; together are built up to the stature of Christ, to the new humanity; together know and bear one another's burdens, thereby fulfilling the law of Christ that we need one another and buildup one another, admonishing and comforting one another; that we suffer with one another for the sake of righteousness; pray together; together serve God in this world; and together fight against all which may threaten or hinder this unity (Belhar–art 2);

3.5 that this unity can be established only in freedom and not under constraint; that the variety of spiritual gifts, opportunities, backgrounds, convictions, as well as the various languages and cultures, are by virtue of the

reconciliation in Christ, opportunities for mutual service and enrichment within the one visible people of God (Belhar—art 2).

It is clear to us that both the Biblical witness and the confessional focus emphasise “diversity in unity”, a visible collective identity that encompasses diversity, not based on race or culture or gender, but on the salvation of Christ that causes all of us no longer to look at each other with natural eyes.

#### **4. Embodiment**

Implications for embodiment was understood by URCSA as follows:

4.1 Biblical teaching and the guidance of our confessions call for the embodiment of organic unity.

4.2 Thus URCSA has established one united national synod, as well as integrated regional synods & presbyteries, where we together and continuously address our segregated history as well as the current challenges we jointly face.

4.3 URCSA concurred that local congregations can move at the pace they find possible towards local organic unity and the possible development of multicultural congregations. We are currently assessing this situation since we realise we ought to develop symbols of hope, a witness to society and the world at large, being the good news of Christ’s reign – against racism, classism, lack of reconciliation, injustice, disunity, apartheid ideology and practices). In this we believe we have to exemplify the one body, created through Christ’s death and resurrection, in which all parts are united, inter-connected, inter-dependent and co-responsible, functioning together to the honour and obedience of our only Lord, Jesus Christ.

4.4 With the mediation of the World Alliance of Reformed Churches (WARC – since 2010 the World Communion of Reformed Churches – WCRC) we embarked in 2009 with the DRC on a process of interaction within the DRC family, which focus on the acceptance of the Confession of Belhar; on the unity of the church; and on reconciliation and restorative justice. This process is continuing.

#### **5. Quests**

Some questions regarding the implications of some aspects of your proposed process

5.1 We do not see the need for the borders of presbyteries and regional synods to overlap in an organic structure.

5.2 We deem it necessary to state that the challenges which you define as particular to the RCA and the DRCA (e.g. your points 2.5 and 2.6), need to be taken as challenges facing us all and that we should address those from our given unity in Christ, our common confessional foundation, and the ministry practice we have to agree upon. Similarly, we should grapple together with the issues that you identify as important and sensitive issues (your point 8), as matters of common responsibility.

5.3 For us it is very clear that the historical divisions that divided the DRC family should not be reinforced or entrenched in the new process for church unity.

#### **6. Invitation**

6.1 Therefore we seriously plead with you, dear sisters and brothers, to come and stand with us. Let us struggle together in the truth and practice of the Gospel and our confessions, as outlined above.


6.2 We plead with you not to further develop the process you propose to embark upon.

6.3 We honestly fear that your proposed line of action will entrench practices that cannot stand the test of good theology and will not be a credible witness in our context, where entrenched divisions of the past are still obvious.

We trust that you will seriously and prayerfully consider our communication to you.

Your sisters and brothers in Jesus Christ,

Greetings in Christ

A handwritten signature in black ink, appearing to read "D. A. Kuyler".

Dr Dawid Kuyler

Scribe: General Synod URCSA

dkuyler@telkomsa.net or generalsynod@urcsa.org.za

051 – 406 5427 (office)

## **T.11.2 ALGEMENE EN EKUMENIESE SAKE: EKUMENE**

(Vgl A.11 Moderamen Bylaag 6 pt 2.3 bl 252)

### **1. LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE**

1.1 Die Federale Raad het Sondagmiddag 9 Oktober 2011 vergader.

1.2 Die vergadering het soos volg besluit

*Die vergadering*

1. Besluit om die Federale Raad te ontbind met onmiddellik effek;

2. Herbevestig dat voortdurend na geleenthede gesoek moet word om die onderlinge eenheid van die NG Kerke in Afrika te versterk en uit te bou;

3. Besluit dat in plaas daarvan om dadelik weer 'n struktuur daar te stel, riglyne ontwikkel moet word vir die instandhouding en versterking van die eenheid van die familie;

4. Versoek die NG Kerk van Suid-Afrika om telkens saam met vergaderings van ekumeniese liggame waaraan die verskillende kerke behoort, soos die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WCRC), die Community of Reformed Churches in Africa (CRCA) en die All Africa Conference of Churches (AACC), asook saam met vergaderings van die Algemene Sinode van die NG Kerk, vergaderings van die familie van NG Kerke te reël;

5. Besluit dat die vennootskapsvergaderings van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis ook benut moet word as geleenthede waar die onderlinge eenheid van die NG Kerkfamilie in Afrika verder versterk en uitgebou word en versoek dat die vergaderings op 'n gereelde basis, verkiekslik elke tweede jaar sal plaasvind;

6. Besluit dat 'n gereelde nuusbrief, verkiekslik twee keer per jaar, aan al die kerke wat deel is van die familie van NG Kerke gestuur sal word. Die doel van die nuusbrief is om die verskillende kerke in die familie aan mekaar bekend te stel, nuus van die werkzaamhede van die verskillende kerke te publiseer en sake vir voorbidding bekend te maak. Die NG Kerk word versoek om verantwoordelikheid vir die uitstuur van die nuusbrief te neem.

#### **1.3 AANBEVELING: LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE**

1.3.1 Die Algemene Sinode besluit om kennis te neem dat die Federale Raad ontbind het (die besluit is reeds in 2004 deur die NG Kerk geneem).

1.3.2 Die Algemene Sinode onderskryf die besluite 1-6 tov die band tussen die kerke van die NG Kerkfamilie.

CJP Niemandt (voorsitter)

JJ Gerber (skriba)

## **T.11.3 ALGEMENE EN EKUMENIESE SAKE: KERKHERENIGING**

### **1. BESKRYWINGSPUNT B.10 (Kroonstad-Môrewag)**

(Vgl Aanvullende Verslae, Beskrywingspunt B.10)

1.1 Die Ad Hoc-Kommissie (Moderamen, TKLAS, TRK, Moderamen Wes-Kaap en Moderamen Vrystaat, soos goedgekeur by T.12.1 punt 2.10) beveel aan:

1.1.1 Die Algemene Sinode aanvaar nie beskrywingspunt B.10 Belhar nie.

1.1.2 Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 1998: "Die Algemene Sinode aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie net die drie formuliere van eenheid in stryd is nie" en ook "aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesentlike inhoud van die Belydenis van Belhar".

1.1.3 Die Algemene Sinode wys daarop dat die NG Kerk in gesprek is met die VGKSA. Die gesprek word gefasiliteer deur die WGGK. In die gesprek word ook aandag gegee aan due theologiese inhoud van die Belydenis van Belhar.

CJP Niemandt (voorsitter)

JJ Gerber (skriba)

## T.12.1 TYDELIKE REGTE

### SAKE VOORKOMEND IN DIE AGENDA VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011

#### Uitgangspunt vir die werking van die Tydelike Regskommissie

Die Tydelike Regskommissie (TRK) spreek hom nie uit oor die meriete van die inhoudelike van die onderskeie verslae nie – die prinsipiële besinning daaroor hoort tot die werksaamheid van die onderskeie taakspanne/kommissies verantwoordelik vir die opstel van die onderskeie verslae. Die funksie van die TRK is om **die kerkregtelike implikasies van aanbevelings** te beredeneer en dáároón aanbeveling by die vergadering van die Algemene Sinode (AS) te maak. Hierdie vertrekpunt is dié van die TRK vir sy eie funksionering, en ontnem nié die lede van die TRK die voorreg om persóónlik ter vergadering van die AS aan die prinsipiële beredenering van verslae deel te neem nie.

## 1. AGENDAKOMMISSIE

### 1.1 KONSTITUERING

Agenda AS 2011 – p11, pt 7 lui:

- 7.1 Die afgevaardigde **leraar met die langste diens**, wat die oudste in jare is, neem die konstituering van die Algemene Sinode waar (vgl Reglement van Orde 1.1). Die leraar se naam verskyn in die *laatstukke*.  
7.2 Hy/ sy doen die konstituering as deel van die openingsliturgie.

In die verslag van die ATR aan die AS, word die volgende aanbeveel (Agenda p289):

#### Artikel 39

'n Moderatuur word by die aanvang van die Algemene Sinode verkies en lei die vergadering. Lede word vir 'n termyn van twee jaar gekies en kan slegs een keer in dieselfde hoedanigheid herkies word.

Bogenoemde strook egter nie met die wysiginge wat in die Kerkorde aangebring is tydens die vergadering van die ATR gedurende Mei 2011 nie (sien hieronder).

Die ATR beveel verder by die AS aan:

#### Artikel 41

Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.

Die ATR (Mei 2011) beveel die volgende wysiginge aan Kerkorde 2007 by die AS aan:

#### Artikel 39

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n addisionele lid, lei die Sinode (artikel 25). **Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem.**

#### Artikel 40

- 40.1 **Ter aanvang** van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies **vir die duur van die vergadering**.  
40.2 Lede van die Moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.  
40.3 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word 'n Moderamen saamgestel.

#### Besluit by Art 40.2

~~Indien die huidige 2 jaar sirklus verander word na 'n 3 of 1 jaar sirklus, kan die moderatuur vir 2 termyne in dieselfde posisie verkies word. Indien die huidige 2 jaar sirklus behou word, kan die moderatuur vir 3 termyne in dieselfde posisie verkies word. Die persoon mag daarna wel in een van die ander posisies verkies word.~~

#### Artikel 41

Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.

#### Riglyn by art. 41

~~In die lig van art. 39 open die leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, die Algemene Sinode. Daarna lei die Moderatuur die vergadering.~~

### **1.1.1 Aanbevelings:**

- 1.1.1.1 Die TRK beveel die bogenoemde Kerkordewysiginge aan as ordevoorstel ter aanvang van die vergadering (met konstituering) van die AS (2/3e meerderheid).**
- 1.1.1.2. Die AS keur die wysinge van die *Kerkorde Art<sup>s</sup> 39, 40.1 en 41 goed en besluit dat dit onmiddelik van krag is.***
- 1.1.1.3 Die AS besluit dat die aanbevelings vir die wysiging van die *Kerkorde art<sup>s</sup> 40.2 en 40.3 oorstaan tot by hantering van verslag van Moderamen (Bylaag 1).***

## **1.2 IN-WERKING-STEL VAN BESLUITE**

Agenda AS 2011 – p15, pt 15.5 lui:

### **15.5 In-werking-stel van besluite**

Die Algemene Sinode het in 1994 besluit dat 'n besluit van die Sinode *in werking tree met die publikasie van die Handelinge van die Algemene Sinode tensy die sinode anders besluit. Die Kerkorde en Reglemente tree in werking by die publikasie daarvan.* (Handelinge 1994, bl 426)

### **1.2.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat hierdie besluit van die AS in die nuwe *Kerkorde se Reglement vir Orde opganeem word.***

## **2. BESKRYWINGSPUNTE**

### **2.1 B.1 RUIMTE VIR DIE BEKERINGSDOOP (Agenda bl 291)**

#### **(OOSTELIKE SINODE)**

Die Sinodale Diensraad lê die volgende beskrywingspunt namens die volgende vyf gemeentes aan die Algemene Sinode voor: Ermelo-Oos, kerksondermure, Moreletapark, Witbank-Klipfontein en Witrivier.

*Die Algemene Sinode besluit om gemeentes toe te laat om 'n bekeringsdoop te bedien. Dit is nie 'n herhaling of vervanging van die verbondsdoop nie, maar maak deel uit van die getuenis van lidmate se geloofsverbintenis met Jesus Christus.*

Hierdie beskrywingspunt raak die wese van die kerk se sakramentsbeskouing en dus belydenisgrondslag (NGB Art XXXIV) aan, en kan nie sonder behoorlike nakoming van Kerkorde Art 44'n besluit van die AS word nie.

### **2.1.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.1 ontvanklik is en verwys dit na die TKLAS.**

### **2.2 B.2 DIE DOOP (Agenda bl 291)**

#### **(WES- EN SUID-KAAP)**

1. Die Sinode is oortuig daarvan dat die verbondsdoop 'n uitdrukking is van die grondwaarheid van die evangelie dat God se getrouheid groter is as ons ontrou, dat sy genade ons geloof voorafgaan – daarvoor is ons die Here innig dankbaar.

2. Die Sinode het by die sitting van 9-13 Mei 2011 daarvan kennis geneem dat daar lidmate van die NG Kerk is wat ander oortuigings en ervarings oor die doop het, by name dat die doop na belydenis van geloof vir hulle seën gebring het. Verder, dat hierdie oortuigings terselfdertyd vir baie getroue lidmate van die NG Kerk pyn meegebring het deurdat hulle onder die indruk gebring is dat hulle om daardie rede onwelkom in die kerk is – daarvoor vra die Sinode hierdie lidmate om verskoning. Die Sinode het ook daarvan kennis geneem dat sommige lidmate van die kerk hulle siening van die doop so op die spits dryf dat dit skeuring in gemeentes veroorsaak en pleit by al sy lidmate om oor hierdie kwessie groter wedersydse respek aan die dag te lê.

3. Die Sinode het nie alle kennis in pag nie. Dit is dus noodsaaklik om met nederigheid en openheid te luister na die getuenis van gelowiges met ander oortuiginge oor die doop as ons eie – daarom is die Sinode oortuig van die dringende noodsaaklikheid daarvan dat op alle vlakke van ons kerkregering, met name streeksinodes en die Algemene Sinode van ons kerk, weereens nagedink sal moet word oor die doop.

**4. Derhalwe versoek die Sinode die Sinodale Kommissie vir Leer en Aktuele Sake (SKLAS) om voort te gaan met nadenke, studie en gesprekke oor die doop, en dat die insigte wat tydens die gesprekke by die sinode van Mei 2011 bekom is, verreken sal word.**

**5. Derhalwe versoek die Sinode die Algemene Sinode om met nadenke en studie oor die doop, die verbondsdoop asook die belydenisdoop, leiding te gee en in die besonder by sy sitting in Oktober 2011 uitsluitsel te gee oor die vraag of die regte opvatting van die doop 'n kernwaarheid van die evangelie is, 'n saak waaroor daar geen verskille onder gelowiges kan wees nie.**

**6. Ten einde hierdie nadenke te stimuleer, lê die Sinode van Wes- en Suid-Kaap aan die Algemene Sinode die volgende opsies voor om vir NG-lidmate wat 'n ander doopoortuiging as die verbondsdoop**

**huldig in die kerk ruimte te gee. Ons versoek dat die volgende opsies by die Algemene Sinode van Oktober 2011 bespreek sal word:**

Opsie 1: "Ons verstaan dat mense verskillende standpunte oor die doop kan huldig." (**Aanvaar deur Sinode van Wes- en Suid-Kaap**).

Opsie 2: "Niemand sal verplig word om hulle kinders te laat doop nie." (**Aanvaar deur Sinode van Wes- en Suid-Kaap**).

Opsie 3: "Die kerk sal nie tugstappe onderneem teen lidmate wat die belydenisdoop ondergaan het, of oortuig is dat hulle, as gevolg van 'n ander siening van die doop, nie hulle kinders ten doop moet bring nie." (**Aanvaar deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap**).

Opsie 4: "Die kerk laat spesiale kategorie-gemeentes toe om, onder toesig van ringe, die belydenisdoop te bedien". (**Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie**).

Opsie 5: "Lidmate word by wyse van uitsondering spesiale verlof gegee om die belydenisdoop te ondergaan". (**Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie**).

Opsie 6: "Lidmate het die reg om 'n keuse uit te oefen of hulle die belydenisdoop wil ondergaan". (**Geen besluit deur die Sinode van Wes- en Suid-Kaap nie**).

**7. Die Sinode voeg by die SKLAS-voorlegging kommentaar deur belangegroepe wat voor 30 Mei 2011 by SKLAS ingehandig moet word.**

**8. Die Sinode versoek die skribaat van die Algemene Sinode om alle tersaaklike rolspelers, byvoorbeeld die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD) en die Algemene Diensgroep Gemeenteontwikkeling (ADGO), te vra om kommentaar wat by die voorlegging gevoeg moet word.**

Hierdie beskrywingspunt raak die wese van die kerk se sakramentsbeskouing en dus belydenisgrondslag aan, en kan nie sonder behoorlike nakoming van Kerkorde Art 44 'n besluit van die AS word nie.

## 2.2.1 Aanbeveling:

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.2 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TKLAS.**

## 2.3 B.3 BELHAR (Agenda bl 292 ev)

### (WES- EN SUID-KAAP)

Die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika het tydens sy afgelope sitting van 9-13 Mei 2011 die onderstaande beskrywingspunt aanvaar:

*Die Algemene Sinode word versoek om "die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak."*

Die volledige besluit lui soos volg:

"Die sinode is oortuig dat die Bybelse eis vir geregtigheid vir alle mense, versoeniging tussen alle mense en die eenheid van die kerk tot die kern van die evangelie behoort. Die Belydenis van Belhar verwoord hierdie evangeliese eis om geregtigheid, versoeniging en eenheid op 'n ander wyse as die ander belydenisskrifte van die kerk. Die sinode aanvaar as kerkvergadering die Belydenis van Belhar en daarom versoek hierdie vergadering die Algemene Sinode om die Belydenis van Belhar op 'n kerkordelike wyse deel van die Nederduitse Gereformeerde Kerk se belydenisgrondslag te maak."

Hierdie beskrywingspunt raak die wese van die kerk se belydenisgrondslag aan, en kan nie sonder behoorlike nakoming van Kerkorde Art 44 en die nuwe Regl 6:6 'n besluit van die AS word nie.

## 2.3.1 Aanbeveling:

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.3 ontvanklik is en dat dit verwys word na 'n ad hoc-kommissie bestaande uit 3 verteenwoordigers elk van die Moderamen, TKLAS, TRK en Wes-Kaap se Moderamen. Die uittredende voorsitter van die Moderamen tree op as sameroeper van die ad hoc-kommissie.**

## 2.4 B.4 LEERDWALING (Agenda bl 297)

### (VRYSTAAT)

*In die lig van langdurige en herhaalde uitsprake van leraars en leiers wat awyk van die gereformeerde verstaan van die Skrif, soos dit in die Belydenisskrifte saamgevat en verduidelik is, en die onnoembare skade wat dit aan die geloofservaring van lidmate en die beeld van die NG Kerk veroorsaak, versoek die Moderamen van die NG Kerk in die Vrystaat die Algemene Sinode om dringend aan hierdie saak aandag te gee en na weë te soek om die leerstellige vrysinnigheid te bekamp.*

## 2.4.1 Aanbeveling:

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.4 nie ontvanklik is nie omdat motivering en duidelikheid ontbreek (Regl 13:6.2).**

## 2.5 B.5 ABORSIE (Agenda bl 297)

### (VRYSTAAT)

In die lig van die toenemende aantal tienerswangerskappe en groot getal aborsies wat jaarliks in SA plaasvind, gee die Algemene Sinode opdrag aan ATLAS om 'n ondersoek te doen oor die hele aangeleentheid.

#### Motivering

Die Moderamen van die NG Kerk Vrystaat het weereens onder die indruk gekom van die groot aantal aborsies wat jaarliks uitgevoer word en steeds toeneem en dien daarom die bogenoemde beskrywingspunt in vir behandeling deur die Algemene Sinode.

Die standpunt en besluit van die Algemene Sinode soos geneem in 1982 mbt aborsie word deur die Vrystaatse Moderamen onderskryf en terselfdertyd word 'n beroep gedoen op die owerheid om te herbesin oor die groot aantal aborsies wat daagliks op willekeurige wyse uitgevoer word.

*Besluit Algemene Sinode 1982 mbt aborsie:*

*Die Sinode bevind, in die lig van die Skrifgegewens en die stand van wetenskaplike gegewens, dat aborsie ontoelaatbaar is. In die hoog uitsonderlike gevalle van volkome onafwendbaarheid, bly dit nog steeds 'n saak wat nie volgens God se geopenbaarde wil is nie en daarom slegs met diepe worsteling, skuldbelydenis, pyn en onder felle protes aanvaar kan word.*

#### 2.5.1 Aanbeveling:

Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.5 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TKLAS.

## 2.6 B.6 BEFONDING ALGEMENE SINODE (Agenda bl 298)

### (OOSTELIKE SINODE)

Die Algemene Sinode besluit dat die fondse vir die werk en bedryf van die Algemene Sinode sover as moontlik uit die beleggingsopbrengs van die Algemene Sinode voorsien word.

#### Motivering

1. Die werksaamhede van die Algemene Sinode word tans geherstruktureer. Dit skep die geleentheid om koste te verminder en slegs op die noodsakklike te fokus. Hierdeur word uitdrukking gegee aan die feit dat hoe verder 'n vergadering van 'n gemeente verwyder is, hoe minder permanensie behoort daar te wees en hoe minder behoort die koste daarvan te wees.
2. Die koste vir die Algemene Sinode word uit sinodale bydraes befonds – wat van gemeentes afkomstig is. Gemeentes verkeer onder druk, sodat die oorhoofse koste soveel moontlik verminder behoort te word.
3. Die omvang van die beleggings van die Algemene Sinode maak dit moeilik aanvaarbaar dat gemeentes en Sinodes wat onder druk is, steeds 'n wesenlike bydrae vir hierdie werk moet lewer.
4. Meeste van die werksaamhede van die Algemene Sinode is so ver verwyderd van die gemeentes dat dit selde, indien ooit, enige waarde aan die gemeentes toevoeg.
5. Die Algemene Taakspan Fondse tree met die betrokke taakgroep van die tien Sinodes in gesprek oor hoe om die besluit so spoedig moontlik te implementeer.

#### 2.6.1 Aanbeveling:

Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.6 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TKF.

## 2.7 B.7 AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE (Agenda bl 298)

### (NOORDELIKE SINODE)

Die Algemene Sinode herroep sy besluit van 1986 oor die aftree-ouderdom van predikante en vervang dit met die volgende:

- 1 Die aftree-ouderdom van persone wat na 14 Oktober 2011 tot die bediening in die NG Kerk toegelaat word, is 70 jaar.
- 2 Die aftree-ouderdom van persone wat vroeër tot die bediening toegetree het, bly steeds 65 jaar tensy 'n nuwe ooreenkoms met sy/haar kerklike werkgewer onderhandel word in welke geval die aftree-ouderdom hoogstens 70 jaar kan wees.
- 3 Kerkrade en ander kerklike werkgewers word versoek om dit vir leraars moontlik te maak om na die ouderdom van 65 steeds in die bediening voort te gaan en om hulle pensioenkontribusies in stand te hou. Kerkrade en ander kerklike werkgewers kan egter, as deel van die onderhandelinge rakende 'n hoër aftree-ouderdom, sekere vereistes vir voortgesette dienslewering stel.
- 4 Vereistes wat gestel kan word sluit in 'n bewys van genoegsame gesondheid, byvoorbeeld deur die jaarlikse indiening van 'n mediese sertifikaat, asook 'n bewys van suksesvolle deelname aan die program vir voortgesette bedieningsontwikkeling. Werkgewers kan ook spesifieke kritiese prestasie areas stel waaraan die leraar in sy/haar dienslewering moet voldoen.
- 5 Die ooreenkoms wat 'n hoër aftree-ouderdom moontlik maak kan op 'n termynbasis bepaal word wat byvoorbeeld jaarliks heroorweeg sal word.

**6 Alle gevalle van gewysigde diensooreenkomste moet deur die ring goedgekeur en gemoniteer word. Ringe moet veral seker maak dat die leraar se dienslewering steeds tot voordeel van die gemeente se bediening is.**

### **2.7.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.7 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TRK.**

## **2.8 B.8 SONDE IN DIE GELEDERE VAN DIE REGERING** (Agenda bl 300)

### **(HOËVELD STUUR DIE VOLGENDE VAN DR SM VAN VUREN DEUR SONDER KOMMENTAAR)**

*1. The General Synod of the Nederduitse Gereformeerde Kerk has noted with grave concern the tendency in Government circles for office bearers to enrich themselves through irregular practices eg corrupt and fraudulent dealings, “tenderpreneur” actions, the appointment of incompetent cadres in offices in statal and para-statal instances requiring highly skilled people, the abandoning by the Government of the declared policy of transparency and of accountability to the people of the Republic of South Africa, by clamping down on the media. The General Synod, together with all the people of South Africa wish our country to be the non-racial democratic success story of the 21<sup>st</sup> century.*

*2. Therefore the General Synod draws the attention of the Government to the following important facts:*

*2.1 These, and other similar practices, are contrary to the Commandments of the Highest Authority, viz, the Almighty God, and are therefore sin.*

*2.2 These, and other similar sinful practices, function to the detriment of our Country and its people.*

*2.3 The poor in South Africa are the ultimate victims of these sins.*

*3. The General Synod:*

*3.1 Assures the Government of its co-operation and constant prayers in fighting these heinous crimes; and*

*3.2 Call upon the Government to refrain from these practices itself, and to take serious and effective steps to eradicate these sinful practices of its office bearers.*

### **Motivering**

1. Ons is almal bewus van die afgryslike sondes van korruksie, bedrog en nepotisme wat onophoudelik en op groot skaal in regeringskringe gepleeg word. Daar word oral gekla daaroor en daar gaan talle stemme op daarteen, sommiges openlik en onbevrees, maar die Regering gaan voort asof die grootste deel van die bevolking onkundig is daaroor. Hy vrees die onthulling van sy sondes, en daarom moet die media gemuilband word. Dit is interessant dat die media tans die sterkste vegters is vir reg en geregtigheid in Suid-Afrika.

2. Die stemme wat teen die Regering se sondes opgaan, wys op die staatkundige, ekonomiese, maatskaplike en ander aspekte van die vergrype, maar die SONDE-aspek kom nooit ter sprake nie. Dit is tog die heel grootste gevaa! Daardie aspek behoort huis vir die Kerk van Christus die swaarste te weeg, want sonde bly in die oog van die Heilige God 'n gruwel wat Hy straf!

3. Maar die Christelike kerke swyg soos die graf oor al die sondes. Selfs die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, wat sulke sterk vegters was teen die "sondes" van apartheid, weet van hierdie sondes maar verhef nie sy stem daarteen nie. Die sondes botvier en die kerk aanvaar dit gelate. Sommige van die voormalige kampvegters teen apartheid in die Raad deel self daarin.

4. Het die Christelike Kerke in Suid-Afrika die stadium bereik waarteen Openbaring 11:7-10 waarsku? Verwag die Koning van die Kerk nie huis dat die NG Kerk die Woord van God laat spreek nie? Het die sout laf geword? Dit is my oortuiging dat as die Kerk verder swyg, sy haar doodvonnis onderteken. Ek roep die Kerk op om weer waarlik Kerk van CHRISTUS te wees.

### **2.8.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.8 nie ontvanklik is nie (Regl 13:6.1 en 6.2)**

## **2.9 B.9 WYSIGING VAN DIE BELYDENISGRONDSLAD VAN DIE KERK** (Agenda bl 301)

### **(WES- EN SUID-KAAP)**

Die Moderamen besluit om die Algemene Sinode te versoek om Kerkorde Artikel 44.1 en 44.2 te wysig om as volg te lees:

*"44.1 Die Algemene Sinode het die bevoegdheid om die belydenisgrondslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met 'n tweederde meerderheidstem te wysig of uit te brei (vergelyk Artikel 43.1.4).*

*44.2 Wysiging geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederde meerderheidstem ten gunste daarvan besluit het. Die uitslag van die stemming van die sinodes moet in elke geval, met oopgaaf van die getal stemme wat uitgebring is en die getal stemme ten gunste van die mosie, en gewaarmerk deur die handtekeninge van die voorsitter sowel as die skriba, aan die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode gekommunikeer word op 'n datum soos vasgestel deur die Algemene Sinode."*

Hierdie Beskrywingspunt impliseer revisie van 'n vorige besluit van die AS.

### **2.9.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.9 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TRK.**

## **2.10 B.10 BELHAR (Aanvullende verslae bl 11)**

### **(VRYSTAAT: GEE DEUR SONDER KOMMENTAAR)**

*Die Vrystaatse Sinode gee die volgende beskrywingspunt namens die NGK Kroonstad Môrewag aan die Algemene Sinode deur:*

- 1) Die Algemene Sinode besluit dat die belydenisskrifte duidelik en genoegsaam die waarheid bely aangaande temas soos ware versoening, eenheid en geregtigheid, sodat 'n verdere belydenisskrif (soos die Belydenis van Belhar) rondom hiérdie sake nie nodig is vir die kerk nie.*
- 2) Die Algemene Sinode besluit dat die Belydenis van Belhar nie voldoen aan die vereistes van 'n gereformeerde belydenisskrif nie.*
- 3) Die Algemene Sinode besluit dat die Belydenis van Belhar se Skrifgebruik grootliks onaanvaarbaar is, weens die wyse waarop die ware bedoeling van sekere Skrifgedeeltes verduister en verdraai is, ter wille van Belhar se vooropgestelde agenda.*
- 4) Die Algemene Sinode besluit dat die belydenis van Belhar Skriftuurlik dwaal rondom sekere sake.*

Vir die motivering van die beskrywingspunt sien Aanvullende Verslae bll 11-22.

#### **2.10.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.3 ontvanklik is en dat dit verwys word na 'n *ad hoc*-kommissie bestaande uit 3 verteenwoordigers elk van die Moderamen, TKLAS, TRK, die Wes-Kaap se Moderamen en die Vrystaat se Moderamen. Die uittredende voorsitter van die Moderamen tree op as sameroeper van die *ad hoc*-kommissie.**

JH Ernst (voorsitter)

HM Janse van Rensburg (skriba)

## T.12.2 TYDELIKE REGTE

### 1. ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE

#### 1.1 NUWE REGLEMENT

Agenda AS 2011 – bl 31 pte 4,5 lui:

#### 4. NUWE REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE (BYLAAG 1)

**4.1 Noodsaaklikheid van ‘n nuwe reglement:-** Met die oordrag van ABID vanaf die Algemene Sinode na die NG Kerk in SA is dit noodsaaklik om te besin oor die samestelling van die Taakspan, sowel as oor ‘n nuwe reglement vir die Taakspan se werkzaamheid.

**4.2 Samestelling en opdrag van die Taakspan:-** Die Taakspan behoort baie kleiner te wees as die bestaande Taakspan, omdat dit slegs oor die NG Kerk se Argief en Museumbeleid moet besin en nie meer oor die uitvoering daarvan en die bestuur van ABID nie.

#### 4.3 AANBEVELING: REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE

Die Algemene Sinode verwys die Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Inligtingsdienste na die Moderamen en die Algemene Taakspan Regte vir finalisering.

### 5. REGLEMENTE VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL ÉN KERKLIKE REGISTERS

**5.1 Hersiening en herverdeling:-** Hierdie Reglemente behoort hersien te word deur pt 6 (*6. Inlewering van Argivale Bronne*) uit die Reglement vir die Hantering van Argief- en Museummateriaal te laat en saam met die Reglement vir Kerklike Registers in ‘n afsonderlike, uitgebreide “Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer” op te neem. Hierdie handleiding moet nadat dit goedgekeur is, aan alle gemeentes, sinodes en Kerkargiewe beskikbaar gestel word as beleidsdokument vir die hantering van kerklike registers en die bewaring en vernietiging van argivalia.

#### 5.2 AANBEVELING: REGLEMENTE ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL EN HANTERING VAN KERKLIKE REGISTERS

**5.2.1 Die Reglemente vir die hantering van Argief- en Museummateriaal, soos in Die Kerkorde (Algemene Sinode, 2007) opgeneem is, word weer in Die Kerkorde opgeneem met die weglatting van 6. Inlewering van Argivale Bronne in Bylaag 1.**

**5.2.2 6. Inlewering van Argivale Bronne en die Reglement vir die Hantering van Kerklike Registers word in ‘n afsonderlike, uitgebreide “Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer” opgeneem.**

**5.2.3 Die “Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer” word, nadat dit goedgekeur is deur die ASM, aan alle gemeentes, sinodes en Kerkargiewe beskikbaar gestel as beleidsdokument vir die hantering van kerklike registers en die bewaring en vernietiging van argivalia.**

**5.2.4 Die Algemene Sekretaris dra die besluit hierbo aan Sinodes en Sinodale Kerkkantore oor sodat gemeentes ingelig kan word oor die gebruik van Kerklike Registers en die korrekte toepassing van Rekordbeheer.**

Agenda AS 2011 – bl 33 Bylaag 1 lui:

#### REGLEMENT VIR ALGEMENE TAAKSPAN VIR ARGIEF EN INLIGTINGSDIENS (ATAI)

##### 1. NAAM

Algemene Taakspan vir Argief- en Inligtingsdiens (ATAI).

##### 2. SAMESTELLING

**2.1** Die argivarisse of persone belas met die argiewe van sinodes met die voorsitter/verteenwoordiger van elk van die betrokke kommissies as sekundus.

**2.2** 1 x Deskundiges.

##### 3. OPDRAG

Die Taakspan

**3.1** adviseer die Algemene Sinode

**3.1.1** in verband met die argiefreglemente en handleidings vir die gebruik deur sinodes:

**3.1.2** met betrekking tot wetgewing wat bewaring van en toegang tot inligting raak.

**3.2** sien toe dat die stukke van die Algemene Sinode en sy kommissies in die aangewese kerkargiefbewaarplek versorg en ontsluit word.

**3.3** sien toe dat inligting vir In Memoriamverslae volgens die prosedure in die Argief- en Museumbeleid tussen sinodes uitgeruil word.

#### **4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

- 4.1 Die Taakspan konstitueer en vergader hoogstens een maal per jaar.  
4.2 By die konstituering word 'n dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en skriba.  
4.3 Die Taakspan benoem subkommisies volgens behoefté.

##### **1.1.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat die Reglement van ATAI verwys word na die ATR en ASM.**

## **2. BEVOEGDHEID**

### **2.1 AMPSBEVOEGDHEID**

Agenda AS 2011 – bl 36 pt 4.2 lui:

- 4.2 AANBEVELINGS: AMPSBEVOEGDHEID  
4.2.1 Die Algemene Sinode keur die volgende kategorieë van ampsbevoegdheid goed:  
4.2.1.1 Teologiese student  
4.2.1.2 Proponent  
4.2.1.3 Volle ampsbevoegdheid  
4.2.1.4 Beperkte bevoegdheid  
4.2.2 Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe Artikel 31.8 in die Kerkorde in:  
“Die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade” (vgl Riglyne: Toekenning van beperkte bevoegdheid aan lidmate).

Die aanbeveling van die ATR aan die AS (Agenda bl 289) lui:

#### **Artikel 31**

Tot die werkzaamhede van die ring behoort:

- 31.2 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;  
31.7 die aanwys van konsultente;  
31.8 die vergunning van preekbevoegdheid op versoek van kerkrade.

##### **2.1.1 Aanbeveling:**

**Die Algemene Sinode besluit dat:**

- 2.1.1.1 pt 4.2.2 goedkeur word en dat Art 31 dan met 'n 2/3e meerderheid goedgekeur word.  
2.1.1.2 aanbeveling 4.2 opgeneem word in die Reglement vir Bevoegdheid.

### **2.2 TEOLOGIESE OPLEIDING (Agenda bl 43 pt 6.6)**

#### **2.2.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat die saak oorstaan tot met die hantering van die verslag van ADGO Bylaag 2 bl 88-91, pt 2.6.**

### **2.3 NOODSAAK VAN 'N SENTRALE KANTOOR**

Agenda AS 2011 – bl 45 pt 7.3 lui:

- 7.3 AANBEVELINGS: SENTRALE KANTOOR  
7.3.1 Die Algemene Sinode skep 'n Sentrale Kantoor vir Bevoegdheid soos verwoord in pt 5.1 (pt 6.5) en pt 7 van hierdie verslag.

##### **2.3.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat die saak oorstaan tot by die hantering van verslag van ABR op bl 279 pt 2.8.5.**

### **3. BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING**

#### **3.1 Funksionering van die Taakspan ATBV**

Agenda AS 2011 – bl 50 pt 4.2 lui:

- 4.2 AANBEVELING: FUNKSIONERING VAN TAAKSPAN ATBV  
4.2.1 Personeel  
Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn in die ATBV te dien:  
4.2.1.1 Deur NG Kerkdosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel:  
OT: Prof HL Bosman (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV)  
NT: Prof HJB Combrink (US), GJ Steyn (UP), HC van Zyl (UV)  
4.2.1.2 Deur VGKSA aanbeveel:  
Prof PJJS Els (OT), GD Cloete (NT)

4.2.1.3 Deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel:

Di GS Kritzinger en HJ Geyer

4.2.1.4 Vakkundiges deur ATBV aanbeveel:

Proff JA Naudé en CHJ van der Merwe (Hebreeus/Vertaalkunde), JA du Rand (NT) en DF Tolmie (NT).

4.2.2 Begroting

Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die Taakspan ATBV

Hierdie voorstel raak die samestelling van die ATBV en is 'n wysiging op die *Kerkorde 2007 Regl 4* wat lui:

## **4. REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE TAAKSPAN VIR BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING (ATBV)**

### **1. NAAM**

Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding (ATBV).

### **2. SAMESTELLING**

2.1 Die NG Kerkdosenterade van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein benoem elk een Ou-Testamentikus en een Nuwe-Testamentikus uit hulle dosentekorps (huidige en vorige) wat deur die NGK beroep is. Hierbenewens kan ook ander vakkundiges betrek word. Die totale aantal teoloë en taalkundiges mag nie tien oorskry nie.

2.2 Twee predikante van die NG Kerk in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

### **3. OPDRAG**

Die Kommissie

3.1 adviseer die Algemene Sinode in verband met die aanwysing van Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word (KO Art. 43.1.2);

3.2 neem inisiatief en adviseer die Algemene Sinode in verband met die publikasie van Bybelvertalings na aanleiding van die behoeftes van lidmate;

3.3 dien as amptelike skakel tussen die NG Kerk en die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ten opsigte van die werksaamhede van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, onder andere Bybelvertalingsprogramme, navorsing, publikasies en Bybelverspreiding;

3.4 doen gereeld verslag aan die Algemene Sinode oor tersaaklike aangeleenthede asook oor die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

### **4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

4.1 Die Kommissie konstitueer verkiekslik direk ná die vergadering van die Algemene Sinode.

4.2 Indien dit nie moontlik is nie, versoek die aangewese sameroeper die aktuaris om die konstituering per pos of op 'n andersins aanvaarbare wyse te hanteer.

4.3 Die Kommissie vergader minstens twee keer tussen vergaderings van die Algemene Sinode.

4.4 Tussentydse vaktures word deur die Moderamen gevul op voordrag van die Kommissie.

### **5. BEFONDSING**

Die Kommissie lê 'n begroting vir sy werksaamhede aan die Sinode voor ná oorlegpleging met die Algemene Taakspan vir Fondse.

### **6. PREDIKANTE VAN DIE NG KERK IN DIENS VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA**

6.1 Die Algemene Sinode stel per ooreenkoms 'n aantal predikante beskikbaar vir diens in die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

6.2 Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika word beroep deur die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding.

6.3 Predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika se diensverhouding word per diensooreenkoms tussen die betrokkenes en die Bybelgenootskap gereël.

6.4 Die befondsing van predikante in diens van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika geskied volledig deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

#### **3.1.1 Opmerking/nota:**

**Die TRK het die wysigings nagegaan en vind dit in orde dat die Reglement (ATBV) dienooreenkomstig gewysig word deur die ATR en met die goedkeuring van die Moderamen.**

### **4. DIENSVERHOUDINGE**

#### **4.1 DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING**

Agenda AS 2011 – bl 71 pt 2.3 lui:

### 2.3 AANBEVELINGS: DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING

Die Algemene Sinode

2.3.1 besluit dat, in die lig van die voorgestelde Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad, die werksaamhede van die ATDV in die toekoms 'n werksaamheid van hierdie kantoor sal word.

2.3.2 besluit dat die ATDV as Taakspan ontbind en sy werksaamhede word oorgeplaas na die werksaamhede van die Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad.

2.3.3 gee opdrag aan die ATDV/Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad om voortdurend die Bestuurshandleiding te hersien in die lig van veranderende wetgewing en sinodale besluite.

2.3.4 begroot vir die voortdurende hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.

#### 4.1.1 Aanbeveling:

**Die AS besluit dat die saak oorstaan tot met die hantering van die verslag van die ABR (Agenda bl 279).**

### 4.2 VERLOFREGLEMENT

Agenda AS 2011 – bl 71 pt 4.3 lui:

### 4.3 AANBEVELING: VERLOFREGLEMENT

Die Algemeen Sinode neem kennis dat die ATR oor die locus standi van Reglement 22 verslag sal doen (sedert 2007 Reglement 19)

Die ATR doen soos volg verslag aan die AS (Agenda bl 279 pt 2.9):

Die ATR het die voorstel van ATPB ontvang na die ATR se laaste vergadering. Die ATPB óf ADGO doen self hieroor verslag aan die Algemene Sinode.

Aanbeveling:

2.9.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak ~~na~~ Sabbatsjaar vir predikante nie. Die AKPB óf ADGO doen hieroor verslag aan die Algemene Sinode.

2.9.2 Gee opdrag aan die ATR om die nodige wysigings in die Kerkorde en Reglement aan te bring

Die ATR beveel verder by die AS aan (Agenda bl 285 pt 2.25.1):

Die finalisering van die Reglement vir Verlof word na 'n werkinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.

#### 4.2.1 Aanbeveling:

**Die AS besluit dat die saak oorstaan tot na die hantering van die aanbevelings oor verlof by pt 2.24.1 bl 284.**

### 5. FONDSE

#### 5.1 Vergadering van die Algemene Sinode

Agenda AS 2011 – bl 74 pt 11.3 lui:

### 11.3 AANBEVELING: VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinode besluit om die aanbeveling van die Taakspan Strukturering ten opsigte van die verkleining en frekwensie van vergadering van die Algemene Sinode goed te keur.

#### 5.1.1 Aanbeveling:

**Die AS besluit dat die saak oorstaan tot by die verslag van TFK.**

### 6. GEMEENTE-ONTWIKKELING

#### 6.1 PREDIKANTEBEGELEIDING

Agenda AS 2011 – bl 82 pt 3.3 lui:

3.3 Die Algemene Sinode keur die vervanging van langverlof deur Sabbatstyd goed soos uiteengesit en aanbeveel in BYLAAG 1.1: SABBATSTYD (5. VOORGESTELDE REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG)).

3.6 Die Algemene Sinode besluit dat die ATPB dringend uitvoering sal gee aan die opdrag mdo op die koördinering van alle rolspelers wat by predikante betrokke is en so spoedig moontlik sorg dat die ATPB, ATTO, ATR en VBO-Forum saam vergader.

#### **6.1.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat die bogenoemde aanbeveling verwys word na die ATR-werkswinkel.**

### **6.2 REGLEMENT VIR SABBATSTYD VIR PREDIKANTE (WAT LANGVERLOF VERVANG)**

Agenda AS 2011 – bl 85, 86 pt 5 lui:

Die Algemene Sinode besluit om die Reglement vir Sabbatstyd goed te keur en deel te maak van die Reglement vir die verlof van predikante en sinodale amptenare (huidige Reglement 19, Kerkorde 2007):

#### **REGLEMENT VIR SABBATSTYD VIR PREDIKANTE**

Leraars is bo en behalwe jaarlikse verlof, met goedkeuring van die kerkraad/kommissie, en soos ooreengekom in die diensooreenkoms, geregtig op sabbatstyd onderhewig aan die volgende voorwaardes:

5.1 Die doel van sabbatstyd is om predikante in staat te stel om ter wille van groter bedieningsvreugde'n aaneenlopende, verlengde tydperk van rus (anders as vakansieverlof) te gebruik vir geestelike verdieping, -toerusting en -verkwikking.

5.2 Na 'n verloop van 3 jaar in dieselfde werkkring is 'n predikant geregtig op 30 dae sabbatstyd. (Die sabbatstyd word bereken op 'n basis van 10 dae per jaar diens).

5.3 Sabbatstyd kan slegs in periodes van minstens 30 dae of langer geneem word.

5.4 'n Predikant mag in enige stadium slegs 90 dae sabbatstyd tot sy/haar krediet hê.

5.5 Sabbatstyd word verkiekslik ten minste drie maande voor die tyd met die kerkraad, en indien nodig, in samewerking met die ring- en/of sinodale kommissie vir predikantebegeleiding, beplan, gekontrakteer en gestruktureer.

5.6 Sabbatstyd geskied met volle behoud van traktement, toelaes en ander voordele.

5.7 Met sabbatstyd moet die predikant nie in die gemeente beskikbaar wees vir enige take wat met gewone gemeenteverpligte geassosieer word nie.

5.8 Na die sabbatstyd gee die predikant skriftelik terugvoer aan die kerkraad en ring- en/of sinodale kommissie vir predikantebegeleiding indien dit soos aanbeveel in 1.5 in oorleg met die betrokke kommissie(s) beplan is.

5.9 Sabbatstyd tel vir VBO-akkreditering. 'n Minimum van 30 punte word toegeken vir elke 30 dae sabbatstyd.

5.10 Sabbatstyd is nie uitbetaalbaar by diensbeëindiging nie.

5.11 Sabbatstyd kan nie van die een gemeente/werkkring na die ander oorgedra word nie. Die sabbatstyd kan wel voor die wisseling na 'n ander werkkring geneem word.

5.12 Die predikant mag tydens sabbatstyd geen ander werk doen waarvoor hy/sy vergoeding ontvang nie.

#### **6.2.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat die bogenoemde aanbevelings verwys word na die ATR-werkswinkel.**

### **6.3 ALGEMENE KURATORIUM, KERKORDE ARTIKEL 5 EN REGLEMENTE (kyk Agenda bl 102-109)**

Agenda AS 2011 – bl 91 pt 2.6 lui:

#### **2.6 AANBEVELINGS: ALGEMENE KURATORIUM**

2.6.1 Die Algemene Sinode keur goed dat daar 'n Algemene Kuratorium tot stand kom en dat Artikel 5 van die Kerkorde gewysig word soos voorgestel in Bylaag 2.1 (met tweederde meerderheid).

2.6.2 Die Algemene Sinode keur Bylaag 2.2 en Bylaag 2.3 goed.

Agenda AS 2011 – bl 101 Bylaag 2.1 lui (wysiginge op die bestaande Art 5 deur die TRK onderstreep vir helderheid):

#### **Artikel 5**

**5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:**

**5.1.1 geskiktheid vir die amp;**

**5.1.2 deeglike theologiese opleiding; en**

**5.1.3 ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.**

**5.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied op aanbeveling van die Algemene Kuratorium.**

**5.2.1 Die Algemene Kuratorium word saamgestel deur die Algemene Sinode volgens die Reglement vir die Algemene Kuratorium.**

- 5.3** Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by 'n plaaslike kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.
- 5.3.1** Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur 'n plaaslike kuratorium behartig.
- 5.3.2** Die plaaslike kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die kuratorium deur ('n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.
- 5.3.3** Die NG Kerkdosenteraad is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.
- 5.3.4** Een lid van die NG Kerkdosenteraad het met adviserende stem sitting in die plaaslike kuratorium.
- 5.4** Die kuratorium benoem 'n Proponentskommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes en wat nie noodwendig lede van die kuratorium hoef te wees nie. Die Proponentskommissie het as opdragte:
- 5.4.1** Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul teologiese studies.
- 5.4.2** Die afneem van *colloquium doctum*.

Die ATR beveel **geen** veranderinge aan Art 5 by die AS aan nie. *Kerkorde 2007 Art 5* lui:

#### **Artikel 5**

- 5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:
  - 5.1.1 'n geskiktheid vir die amp;
  - 5.1.2 'n deeglike teologiese opleiding; en
  - 5.1.3 die ondertekening van die legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.
- 5.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied.
- 5.3 Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur 'n kuratorium behartig.
- 5.3.1 Wanneer meer as een sinode om historiese of ander redes by 'n kuratorium betrokke is, reël die betrokke sinodes onderling die wyse waarop die kuratorium saamgestel word. Ander sinodes het die reg om op eie koste elk een verteenwoordiger in die kuratorium te benoem.
- 5.3.2 Die kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die kuratorium deur ('n) kommissie(s) van die kuratorium behartig word.
- 5.3.3 Die raad van dosente is meer bepaald vir die akademiese opleiding van die studente verantwoordelik.
- 5.3.4 Een lid van die raad van dosente het met adviserende stem sitting in die kuratorium.
- 5.4 Ten opsigte van universiteite waar daar nie 'n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk bestaan nie, geskied die keuring, begeleiding en toesighouding oor studente wat met die eerste fase van die opleiding vir die evangeliebediening besig is, deur 'n sinodale kommissie vir begeleiding wat deur die betrokke sinode benoem word.
- 5.5 Die kuratorium benoem 'n eksamenkommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die kuratorium deur die onderskeie sinodes en wat nie noodwendig lede van die kuratorium hoef te wees nie.  
Die eksamenkommissie het as opdragte:
- 5.5.1 Die keuring en aanbeveling by die kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul teologiese studies.
- 5.5.2 Die afneem van *colloquium doctum*.

**Opmerking: Die TRK bevind die voorstel van ATTO vir die wysiging van Art 5 in orde.**

#### **6.3.1 Aanbevelings:**

**6.3.1.2 Die AS besluit dat die volgende voetnotas by Art 5 gevoeg word:**

**Art 5.1.1 vergelyk Regl 12:4.1**

**Art 5.1.2 vergelyk Regl 12:4.2.**

**6.3.1.3 Die AS besluit dat die bogenoemde aanbevelings van ATTO ivm die reglemente voorgestel in Bylaag 2.2 op bl 102 en Bylaag 2.3 op bl 104 verwys word na die ATR-werkswinkel.**

#### **6.4 ARTIKEL 55 – DIENSWERK VAN GELOWIGES**

Agenda AS 2011 – bl 112 pt 3.2 lui:

**3.2 AANBEVELING: WYSIGING VAN KERKORDE ARTIKEL 55**

Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Artikel 55 soos volg te wysig:

**ARTIKEL 55**

1. Die roeping van die kerk in sy gestuurheid na die wêreld (missio Dei) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.
2. Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daagliksle lewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêreld.
3. Met die oog hierop behoort die kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.
4. Die kerk skep geleenthede waar gelowiges betrek word by die uitbou van die kerk en die uitbreiding van God se Koninkryk.
5. Dit staan gelowiges ook vry om ter wille van hulle dienswerk in die wêreld self aksies te begin, en netwerke en vennootskappe te vorm om die Koninkryk te bevorder.
6. Die kerk gee met gesonde oordeel sy seën en samewerking aan hierdie aksies, netwerke en vennootskappe wat ook in diens staan van die missio Dei.

Die ATR beveel geen wysiginge by die AS aan nie. *Kerkorde 2007 Art 55 lui:*

#### **Artikel 55**

- 55.1 Dit is noodsaaklik dat die lidmate van die gemeente geaktiveer word om werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.
- 55.2 Hierdie dienswerk van die gelowiges kan ongeorganiseerd en spontaan geskied, maar behoort ook ter wille van die groter krag en doeltreffender funksionering daarvan kerklik georganiseer te word. Sodanige organisasie moet egter altyd geskied met toepaslike verantwoording aan die kerkraad, ring en sinode.
- 55.3 Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur die kerkraad, ring óf sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.
- 55.4 Waar daar kerklike organisasies vir bepaalde dienswerk bestaan in sinodale en algemeen-sinodale verband, behoort alle georganiseerde dienswerk op daardie terrein daarby in te skakel.
- 55.5 Organisasies wat in hierdie verband tot stand kom, lê hulle bepalinge aan die betrokke kerkvergadering vir goedkeuring voor

**6.4.1 Opmerking: Die TRK wys daarop dat indien die Algemene Sinode Art 55 wil wysig, 'n 2/3e meerderheid verkry moet word.**

#### **6.5 ARTIKEL 48 – LEIDING VAN EREDIENSTE**

Agenda AS 2011 – bl 113 pt 5.2 lui:

##### **5.2 AANBEVELING: UITBREIDING VAN KERKORDE ARTIKEL 48**

Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Artikel 48 soos volg uit te brei:

#### **ARTIKEL 48**

48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:

48.3.5 Ouderlinge met toestemming van die ring en plaaslike kerkraad.

48.3.6 Lidmate met toepaslike opleiding/toerusting soos goedgekeur deur die ring en plaaslike kerkraad.

Die ATR beveel die volgende wysiging by die AS aan (Agenda bl 290):

#### **Artikel 48**

48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.

48.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.

48.3.5 'n ouerling wat preekvergunning van die ring ontvang het (sien ook *Kerkorde Art<sup>s</sup> 3 en 10*).

Die volgende wysiging word aanbeveel by die voetnota by Art.48.3.3: "Onder 'n bevoegde bedienaar van die Woord wat eredienste kan lei, word verstaan 'n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of 'n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer 'n kerkraad aan 'n persoon wat nie sodanig bevoeg geag word nie 'n uitnodiging rig om 'n erediens te lei, word daar strydig met die *Kerkorde* gehandel (Vgl Handelinge Algemene Sinode 1998, bl 409, 1.19.2.2). Sien ook die besluite by artikel 70: 70b.3 en 70b.7 rakende kerke met wie die NG Kerk in volle betrekking staan en wat dit behels ten opsigte van die toelaat van leraars op mekaar se kansels.

Die huidige KO Art 48 lui, met die wysiginge deur die ATR by die AS aanbeveel, soos volg:

## **Artikel 48**

- 48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.
- 48.2 Die inrigting van die eredienste word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.
- 48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:
- 48.3.1 die bedienaar van die Woord van die plaaslike gemeente, of in sy/haar afwesigheid;
- 48.3.2 die konsulent;
- 48.3.3 'n ander bevoegde evangeliedienaar van gereformeerde belydenis wat deur die kerkraad daar toe uitgenooi is;<sup>1</sup>
- 48.3.4 'n student van 'n teologiese fakulteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (Artikel 5.2) wat, óf in ooreenstemming met die vereistes van die betrokke fakulteit en met toestemming van die kerkraad, deel van sy/haar praktiese opleiding in die gemeente ontvang, óf na voltooiing van sy/haar praktiese werk deur 'n kerkraad uitgenooi is;
- 48.3.5 'n ouderling wat preekvergunning van die ring ontvang het (sien ook *Kerkorde Art<sup>s</sup> 3 en 10*).
- 48.4 Prediking:
- 48.4.1 Met die oog op die verkondiging van die volle raad van God moet die prediking deurgaans volle reg aan die kerklike jaar en die belydenisskrifte laat geskied.
- 48.4.2 Die inhoud van die prediking moet steeds 'n verklaring en toepassing van die Heilige Skrif wees.
- 48.5 Die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelofte en Dordtse Leerreëls moet deuren tyd sistematies in die prediking aan die orde gestel word.

### **6.5.1 Aanbeveling:**

6.5.1.1 Die AS keur nie ADGO se voorstel vir die wysiging van Art 48 goed nie.

6.5.1.2 Die AS besluit dat die ATR se voorstel gewysig word, naamlik dat 48.3.5 soos volg lui: ''n ouderling wat preekvergunning van die kerkraad en die ring en ontvang het (sien ook *Kerkorde Art<sup>s</sup> 3 en 10*).

6.5.1.3 Die AS besluit dat die voetnota by Art 48.3.3 uitgebrei word (*Agenda bl 290*).

6.5.1.4 Die AS neem die voorstel van die ATR rakende Art 48 in sy geheel in behandeling en keur dit goed met die wysiging van punt 6.5.1.2 hierbo.

## **6.6 FUNKSIONERING VAN DIE VROUELESENNAAR**

Agenda AS 2011 – bl 116 pt 5 lui:

### **FUNKSIONERING VAN DIE NG KERK SE VROUELESENNAAR**

#### **1 VISIE**

Vroue wat voluit vir Christus leef

#### **2 MISSIE**

2.1 Inspireer en bemagtig vrouelidmate om hul roeping en gawes voluit, tot eer van God en die opbou van die liggaam van Christus, uit te leef.

2.2 Skakel ekumenies namens die vroue van die NG Kerk.

#### **3 SAMESTELLING**

'n Netwerk van kundiges met betrekking tot vrouebediening word saamgestel uit die verskillende sinodes.

#### **4 EKUMENE/SKAKELING**

4.1 Skakeling met vrouelidmate van die NG Kerkfamilie, ander denominasies, sowel as relevante vroueorganisasies op nasionale en internasionalevlak.

4.2 Aktief betrokke by die Wêreldbiddag vir Vroue wat programme opstel en beskikbaar stel.

4.3 Bevorder gereelde skakeling met relevante vrouegroepe waar openbare getuenis gedoen word.

4.4 Skakel met ander diensgroepe/taakspanne van die Algemene Sinode met die oog die integrering en koördinering van werksaamhede soos nodig.

#### **5 KOÖRDINERING EN BEPLANNING/NETWERKE**

5.1 Koördineer en fasiliteer intersinodale skakeling en netwerke met betrekking tot vrouebediening.

5.2 Besin oor gemeenskaplike uitdagings, behoeftes(s) en tendense ten einde oplossings in 'n veranderende omgewing te vind.

<sup>1</sup> Onder 'n bevoegde bedienaar van die Woord wat eredienste kan lei, word verstaan 'n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of 'n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer 'n kerkraad aan 'n persoon wat nie sodanig bevoeg gevag word nie 'n uitnodiging rig om 'n erediens te lei, word daarstrydig met die *Kerkorde* gehandel (Vgl Handelinge Algemene Sinode 1998, bl 409, 1.19.2.2). Sien ook die besluite by artikel 70: 70b.3 en 70b.7 rakende kerke met wie die NG Kerk in volle betrekking staan en wat dit behels ten opsigte van die toelaat van leraars op mekaar se kansels.

**5.3** Bemagtig vrouleiers deur die uitruil van kundigheid en deel van inligting.

**5.4** Stel praktiese dienswerkprojekte bekend wat tot kreatiewe inisiatiewe in sinodes kan lei.

## **6 VERSORGING VAN PREDIKANTE- EN EMERITIGESINNE**

Beklemtoon die versorging van predikante- en emeritigesinne (asook weduwees) in samewerking met die Taakspan vir Predikantebegeleiding.

## **7 NAVORSING**

**7.1** Identifiseer tendense.

**7.2** Bring vroue se behoeftes en belang onder die aandag van die Algemene Sinode sodat dit aangespreek kan word.

## **8 MATERIAAL**

**8.1** Ontwikkel en stel in samewerking met vennote nuwe, eietydse en relevante toerustingsmateriaal vir geestelike toerusting en bemagtiging van vrouelidmate en --leiers, bekend.

**8.2** Sien toe dat daar voldoende materiaal beskikbaar is wat die unieke geestelik-sosiale- en emosionele behoeftes van vroue aanspreek.

Agenda AS 2011 – bl 117 pt 7 lui:

7.3 Die Algemene Sinode keur die funksionering van die Vrouelessenaar soos voorgestel in pt 5, goed.

Die huidige Kerkorde Regl 21 lui soos volg:

## **21. REGLEMENT VIR DIE VROUELESSENAAR**

### **1. NAAM**

Algemene Vrouelessenaar

### **2. SAMESTELLING**

2.1 Een verteenwoordiger uit elk van die sinodes. Verteenwoordigers moet lid van die Sinodale vroueleiersgroep wees.

### **3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE**

3.1 Voer opdragte van die Algemene Sinode uit.

3.2 Doen navorsing sodat vroue se behoeftes en belang onder die aandag van die Algemene Sinode gebring en aangespreek kan word.

3.3 Adviseer die Algemene Sinode in verband met die beleid wat gevvolg moet word ten opsigte van vrouelidmate

3.4 Dra sorg vir navorsing, beplanning , koordinering, gee inligting en voorligting en hanteer skakeling op die gebied van vrouesake. Die vrouelessenaar kan in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van sinodes, projekte loods wat ten doel het om die aksies van sinodes en gemeentes te stimuleer.

3.5 Medeverantwoordelik vir geestelike begeleiding, bemagtiging en toerusting van vrouelidmate. Gesinsgeweld, vigs, armoede, aborsie, verkragting, opheffing, morele waardes.

3.6 Skakel met vrouelidmate van die Ned Geref Kerk familie en ander denominasies, sowel as relevante vroue-organisasies soos nodig.

3.7 Beheer en verantwoord fondse aan die lessenaar toevertrou

### **4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

4.1 Die vrouelessenaar taakspan verkies 'n dagbestuur (voorsitter, o/voorsitter en skriba) wat tydens die Algemene Sinode goedgekeur word.

4.2 Die dagbestuur word deur die taakspan verkies op 'n jaarvergadering wat die Algemene Sinode voorafgaan.

4.3 Die taakspan van die Vrouelessenaar vergader jaarliks.

4.4 Die voorsitter en o/voorsitter dien op die Algemene Diensgroep Gemeente Ontwikkeling.

4.5 Die voorsitter verteenwoordig die taakspan op die ASM.

Die voorstel van ADGO behels nie reglementslysing nie, maar spel die wyse van funksionering van die Vrouelessenaar uit, wat nie noodwendig reglementêr vasgevang hoeft te word nie, aangesien die funksionaliteit strategies na gelang van veranderende omstandighede gewysig mag word.

### **6.6.1 Aanbeveling:**

**Die Algemene Sinode neem in die lig van die Herstruktureringsverslag slegs kennis van die Funksionering van die NG Kerk se Vrouelessenaar.**

## **6.7 MISSIONALE EKKLESILOGIE**

Agenda AS 2011 – bl 141 pt 20.2 lui:

20.2 Die Algemene Sinode aanvaar die volgende wysigings aan Die Kerkorde:

## 20.2.1 ARTIKEL 1

20.2.1.1 Verander opskrif voor Art 1 om te lui: "Die aard, belydenis en orde van die kerk"

20.2.1.2 Verander Art 1 om te lui:

*Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geroep om deel te neem aan God se sending in die wêreld. Die kerk verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus aan alle mense.*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegronde op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelofte, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

## 20.2.2 ARTIKEL 9

Voeg by Artikel 9.4:

"Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:  
onderskeiding  
kerkplanting."

## 20.2.3 ARTIKEL 10

Skrap Artikel 10 in geheel.

## 20.2.4 ARTIKEL 16

Wysig Artikel 16.1 om te lui:

"16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, bestuur en toesig, en omvat: ..."

Die ATR beveel géén wysiginge aan *Kerkorde* Art 1 by die AS aan nie. Wat *Kerkorde* Art<sup>s</sup> 9, 10 en 16 betref, beveel die ATR soos volg by die AS aan (Agenda bl 287 en 288):

### **Artikel 9**

9.1 Die amp van die bedienaar van die Woord fokus op die bediening van die Woord in al sy gestalte.

9.2 Die bedienaar van die Woord is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.

9.3 Die bedienaar van die Woord funksioneer in'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.

9.4 In die gemeente aanvaar die bedienaar van die Woord verantwoordelikheid vir die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede. Die bedienaar van die Woord is ook saam met die ander ampte verantwoordelik vir:

- eredienste,
- die opbou van die gemeente,
- onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,
- die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- leiding en organisering van die gemeente,
- uitoefening van Christelike liefde en tug,
- pastorale versorging

Die Kerkraad onderskei en bepaal, saam met die bedienaar van die Woord, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, inlyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in'n diensooreenkoms.

9.5 Die bedienaar van die Woord neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die bedienaar van die Woord diensbaar is in die kerk en in die wêreld.

### **Artikel 10**

'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) onder lidmate van 'n ander gemeente verrig sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.

### **Besluit by art. 10**

10b1 Die behartiging van herderlike sorg by ingeskreve lidmate van 'n gemeente wat in 'n ander gemeente se grense woon, mag wel geskied in ooreenstemming met die besluit van die sinode dat lidmate ook buite 'n gemeente se geografiese grense mag woon.

### **Artikel 16**

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike versorging, leiding, bestuur en toesig, en omvat:

- 16.1.1 die toerusting van lidmate vir hulle dienswerk;
- 16.1.2 die regering van die gemeente;
- 16.1.3 die doen van huisbesoek;

- 16.1.4 die uitoefening van oopsig en tug;
- 16.1.5 waaksaamheid oor die suiwerheid van die leer;
- 16.1.6 medeverantwoordelikheid vir die kategetiese onderwys;
- 16.1.7 die roeping om ander na Christus te lei;
- 16.1.8 die lei van eredienste waar die kerkraad en die ring daartoe vergunning gegee het<sup>2</sup>;**
- 16.1.9 ander opdragte wat deur die kerkraad bepaal word in die lig van 16.1.
- 16.2 Die kerkraad bepaal met inagneming van 16.1.1 tot 16.1.8 die bedieningsverantwoordelikheid van elke ouderling

#### 6.7.1 Aanbevelings:

Die Algemene Sinode besluit:

- 6.7.1.1 om nie *Kerkorde Art 1* te wysig nie omrede dié artikel die grondslag van die NG Kerk omskryf en nie die roeping nie. Die voorgestelde wysigings is reeds in ander artikels van *die Kerkorde* vervat.
- 6.7.1.2 om nie ADGO se wysiging van Art 9 goed te keur nie.
- 6.7.1.3 om die wysiging van Art 9 soos voorgestel deur die ATR, goed te keur (Agenda bl 288).
- 6.7.1.4 om die voorgestelde gewysigde *Kerkorde Art 10* (soos aanbeveel deur die ATR – Agenda bl 287) goed te keur en dat die voorstel van ADGO nie goedgekeur word nie.
- 6.7.1.5 om die wysiging aan *Kerkorde Art 16* soos voorgestel deur die ATR (Agenda bl 288) goed te keur mét invoeging van die woord “onderskeiding,” vóór “versorging”, sodat Art 16.1 soos volg lui: *“16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding, versorging, leiding, bestuur en toesig, en omvat:...”* (2/3e meerderheid).
- 6.7.1.6 om Art 16 soos aanbeveel deur die ATR (agenda p288) en gewysig onder punt 6.7.1.5 in behandeling te neem en in geheel goed te keur.

## 7. KERKLIKE MEDIA

### 7.1 DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA

Die voorstel van ATKM oor die bedryf van Kerklike Media (Agenda bl 166 pt 16.1.2) behels 'nie reglementslysing nie, maar spel die wyse van bedryf van Kerklike Media uit, wat nie noodwendig reglementêr vasgevang hoef te word nie aangesien die funksionaliteit strategies na gelang van veranderende omstandighede gewysig mag word.

#### 7.1.1 Aanbeveling:

Die Algemene Sinode neem *kennis van die Bedryf van Kerklike Media* en neem dit in die Kerkorde op as Funksionele besluit.

## 8. MODERAMEN

### 8.1 STRUKTURERING

Die ATF het aanbeveel (Agenda AS 2011 – bl 74 pt 11.3):

#### 11.3 AANBEVELING: VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE

Die Algemene Sinode besluit om die aanbeveling van die Taakspan Strukturering ten opsigte van die verkleining en frekwensie van vergadering van die Algemene Sinode goed te keur.

Agenda AS 2011 – bl 217-218 pt 5 lui:

#### 5. AANBEVELINGS: STRUKTURERING

- 5.1 Die Algemene Sinode keur die beginsels vervat in hierdie verslag goed.
- 5.2 Die Algemene Sinode keur die theologiese vertrekpunte vir kerkverband as beleidstelling goed.
- 5.3 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 43 (werksaamhede van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemeerdeerheid goed.
- 5.4 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 38 (samestellering van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemeerdeerheid goed.
- 5.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende sitting in 2012 gehou word.
- 5.6 Die Algemene Sinode keur die wyse waarop die Moderamen en die Bestuurspan saamgestel word, goed en gee opdrag aan die Tydelike ATR om die betrokke reglemente dienooreenkomsdig aan te pas.

Kerkorde 2007 Art<sup>s</sup> 38, 42 en 43, met die wysiginge deur die ATR by die AS aanbeveel, lui soos volg (Agenda bl 289):

<sup>2</sup> Sien Kerkorde Art 48.3.5

### **Artikel 38**

38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes.

38.2 Die afvaardiging van elke sinode moet uit 'n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word soos volg saamgestel:

38.2.1 'n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens; en

38.2.2 'n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens 'n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word telkens 'n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Moderamen bereken.

38.2.3 Sinodes het die reg om minder afgevaardigdes te stuur.

38.3 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

38.4 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

### **Artikel 42**

42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.

42.2 Die Moderatuur roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

### **Artikel 43**

Tot die taak van die Algemene Sinode behoort:

43.1 Wat kerklike roeping en standpunte betref:

43.1.1 die formulering van die roeping / leidende beginsels / standpunte in sake van gemeenskaplike belang soos gereformeerde teologiese oortuigings, Bybels-etiese uitgangspunte en ekklesiologiese verantwoordelikhede en –praktyke, wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevolg moet word.

43.1.2 die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband;

43.1.3 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;

43.1.4 die vasstelling van die Belydenisskifte ooreenkomsdig Artikel 44, die *Kerkorde*, die liturgiese formuliere en gebruik, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;

43.1.5 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;

43.1.6 die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkomste met die staat en ander nie-kerklike lewenskringe;

43.2 Wat werksaamhede betref:

43.2.1 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;

43.2.2 die koördinering/netwerk van sake wat voortvloeи uit Artikel 43.1.1

43.2.3 die behartiging van die ekumeniese belang van die Kerk op sy terrein;

43.2.4 die beheer oor algemene kerklike media;

43.2.5 die hantering van appèlsake.

#### **Besluit by Art 43.1.2 en 43.1.6**

43b.1 Met betrekking tot *Kerkorde* Artikel 43.1.2 en 43.1.6 besluit die Algemene Sinode dat 'n sinode wat in 'n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer (bv Namibië), die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkomste met die staat en ander lewenskringe, namens die kerkverband (Algemene Sinode), in daardie gebied kan behartig.

Die ATR (Mei 2011) beveel die volgende wysiginge aan *Kerkorde* 2007 by die AS aan (Agenda bl 289, 290):

### **Artikel 39**

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuarus en 'n addisionele lid, lei die Sinode (artikel 25). **Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem.**

### **Artikel 40**

40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.

40.2 Lede van die Moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.

#### **Besluit by Art 40.2**

*Indien die huidige 2 jaar-siklus verander word na 'n 3 of 4 jaar-siklus, kan die moderatuur vir 2 termyne in dieselfde posisie verkies word. Indien die huidige 2 jaar-siklus behou word, kan die moderatuur vir 3 termyne in dieselfde posisie verkies word. Die persoon mag daarna wel in een van die ander posisies verkies word.*

## **REGLEMENT: MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (ASM)**

### **1. NAAM**

Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

### **2. SAMESTELLING EN VAKATURES**

- 2.1 Die Moderamen van die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:
  - 2.1.1 die moderator, assessor, aktuarius, addisionele lid en Algemene Sekretaris (die Moderatuur) van die Algemene Sinode word ook die voorsitter, ondervoorsitter, aktuarius, addisionele lid en Algemene Sekretaris van die Moderamen van die Algemene Sinode;
  - 2.1.2 een verteenwoordiger (met sekundus) van elke sinode;
  - 2.1.3 twee ouderlinge/diakens (met sekundi) wat nie oor die bevoegdheid van proponent/predikant beskik nie;
  - 2.1.4 een verteenwoordiger (met sekundus) van elk van die volgende diensgroepe: Diens en Getuienis, Gemeente-ontwikkeling, Belydenis en Orde, Administrasie, en Korporatiewe Kommunikasie;
  - 2.1.5 die voorsitter van die Vrouelessenaar Taakspan (met sekundus).
- 2.2 Aanvul van vakatures:
  - 2.2.1 'n Vakature ontstaan in die Moderamen deur die bedanking, emeritaat, verlies van bevoegdheid, opseggung van kerkverband, afsetting of dood van 'n lid. 'n Vakture ontstaan ook wanneer 'n lid bedoel in bepaling 2.1.2 uit sy/haar sinodale gebied vertrek of nie meer tot die moderatuur verkies word nie. Wanneer 'n lid van die moderatuur wat ingevolge Artikel 39 verkies is, na 'n ander sinodale gebied verskuif, bly hy/sy lid van die Moderamen.
  - 2.2.2 Indien 'n vakture ontstaan ten opsigte van 'n lid van die moderatuur wat ingevolge Artikel 39 verkies is, benoem die Moderamen uit die geledere van alle afgevaardigdes na die vorige Algemene Sinode 'n persoon om die vakture aan te vul.
  - 2.2.3 'n Vakture vanweë die afwesigheid van 'n ouderling/diaken wat ingevolge bepaling 2.1.3 verkies is, word deur die Moderamen uit die sekundi aangevul. Indien een van die ouderlinge/diakens tot 'n moderatuur van 'n sinode verkies word, ontstaan nie 'n vakture nie.

### **3. OPDRAG**

Die Moderamen se opdrag is:

- 3.1 deurlopende visionering en roepingsontwikkeling vanuit die besluite van die AS.
- 3.2 tree leidinggewend op tov die werksaamhede van die Algemene Sinode tussen vergaderings. Dit geskied in oorleg met Diensgroepe en na die eis van omstandighede.
- 3.3 koördineer en integreer die werksaamhede van die Algemene Sinode.
- 3.4 gee uitvoering aan die uitsonderlike besluite van die AS wat nie verwys is as opdragte van die ander diensgroepe/ taakspanne van die AS nie.
- 3.5 hanteer voorlopig, met verantwoording aan die AS, sake van spoedeisende aard.
- 3.6 roep, indien nodig, 'n buitengewone vergadering van die AS byeen.
- 3.7 dien as die Algemene Sinode se Taakspan vir Ekumeniese Betrekkinge.
- 3.8 hanteer die NG Kerk se openbare getuienis en skakeling met die owerheid.

### **4 VERGADERINGS:**

Die Moderamen hou vergadering aan die hand van die volgende riglyne:

- 4.1 die orde vir kerklike vergaderings.
- 4.2 die vergadering skep, wanneer nodig, ruimte vir in-diepte gesprekke tov die NG Kerk se visie en roeping.
- 4.3 die Moderamen hanteer nie sake wat op 'n ander terrein afgehandel kan word nie.
- 4.4 die Moderamen hanteer slegs die bestuursake wat nie elders hanteer en/ of afgehandel kan word nie.

### **5. DIE MODERATUUR**

- 5.1 is die dagbestuur van die Moderamen en bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, aktuarius, addisionele lid en Algemene Sekretaris;
- 5.2 hanteer sake deur die Moderamen opgedra;
- 5.3 hanteer spoedeisende sake met rapport aan die Moderamen. Wanneer moontlike omstrede sake opduik, reël die Moderatuur dat die Moderamen dit hanteer;
- 5.4 is verantwoordelik vir die funksionering van die kantoor van die Algemene Sinode.

### **6. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

- 6.1 Die Moderamen konstitueer tydens die vergadering van die Algemene Sinode en vergader normaalweg vier maal per jaar;
- 6.2 Die Dagbestuur vergader na behoefté;
- 6.3 Die Moderamen benoem taakspanne na behoefté vir behartiging van sy werksaamhede.

**Aanbeveling:**

**Die TRK beveel aan dat *Kerkorde Art<sup>s</sup> 38 – 40, 42 en 43 soos volg (onderstreep) gewysig word (2/3e meerderheid):***

#### **Artikel 38**

- 38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 120 afgevaardigdes ~~lede~~ wat saamgestel word uit afgevaardigdes 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens van die sinodes.
- 38.2 ~~Die afvaardiging van elke sinode moet uit 'n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word daarvolg saamgestel:~~
- 38.2.1 ~~'n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens; en~~
- 38.2.2 ~~'n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens 'n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word telkens 'n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Moderamen bereken.~~
- 38.2.3 ~~Sinodes het die reg om minder afgevaardigdes te stuur.~~
- 38.1.1 Die eerste sestig afgevaardigdes word uit ses persone per sinode saamgestel.
- 38.1.2 Die oorblywende sestig word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.
- 38.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.
- 38.3 Elke afvaardig moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

#### **Artikel 39**

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n addisionele lid, lei die Sinode (artikel 25). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem. Die Moderatuur word tydens die sinodesitting deur die moderators/voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.

#### **Artikel 40**

- 40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.
- 40.2 Lede van die Moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.

#### **Besluit by Art 40.2**

*Indien die huidige 2 jaar-siklus verander word na 'n 3 of 4 jaar-siklus, kan die moderatuur vir 2 termyne in dieselfde posisie verkies word. Indien die huidige 2 jaar-siklus behou word, kan die moderatuur vir 3 termyne in dieselfde posisie verkies word. Die persoon mag daarna wel in een van die ander posisies verkies word.*

#### **Artikel 42**

- 42.1 Die Algemene Sinode vergader verkiekslik jaarliks besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.
- 42.2 Die Moderatuur roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie initiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

#### **Artikel 43**

Tot die taak van die Algemene Sinode behoort take wat nie deur ander kerkvergaderinge gedoen kan word nie:

- 43.1 Die volgende sake word deur die Algemene Sinode hanteer:
- 43.1.1 Dit wat uitdrukking gee aan ons gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkorde, roeping en beleid.
- 43.1.2 Dit wat ons nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak.
- 43.1.3 Dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak.
- 43.1.4 Die viering van ons onderlinge verbondenheid.
- 43.1 Wat kerklike roeping en standpunte betref:
- 43.1.1 die formulering van die roeping / leidende beginsels / standpunte in sake van gemeenskaplike belang sees geroformoerde teologiese oortuigings, Bybels otiese uitgangspunte en okklesiologiese verantwoordelikhede en praktyke, wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevold moet word;
- 43.1.2 die behartiging van die openbare getuienis van die Neder Geref Kerk in sy breedste verband;
- 43.1.5 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;
- 43.1.6 die vasstelling van die Belydenisskifte ooreenkomsdig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;
- 43.1.7 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienars van die Woord;
- 43.1.8 die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkomsdig met die staat en ander nie kerklike lewenskringe;
- 43.2 Wat werksaamhede betref:
- 43.2.1 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;
- 43.2.2 die koördinering/netwerk van sake wat voortvloei uit Artikel 43.1

~~43.2.3 die behartiging van die ekumeniese belang van die Kerk op sy terrein;~~

43.2.4 die beheer oor algemene kerklike media;

43.2.6 die hantering van appëlsake.

**Besluit by Art 43.1.3 en 43.1.6**

43b.1 Met betrekking tot Kerkorde Artikel ~~43.1.3 en 43.1.6~~ besluit die Algemene Sinode dat 'n sinode wat in 'n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer (bv Namibië), die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkoms met die staat en ander lewenskringe, namens die kerkverband (Algemene Sinode), in daardie gebied kan behartig.

**Die TRK beveel aan dat die volgende punte (Agenda p217) verwys word vir die wysiging van die Reglement vir die Moderamen by die ATR-werkswinkel in hierdie verband:**

**4.4.3 Wie neem leiding tussen die sinodesittings?**

4.4.3.1 Die Moderamen neem verantwoordelikheid vir die leierskap tussen sinodesettings, en veral met betrekking tot die identifisering, prioritising en evaluering van werksaamhede; die samestelling van projek-, program- en taakspanne; en die monitering van die proses.

4.4.3.2 Die Moderamen word tydens 'n sinodesitting verkies en word saamgestel uit die lede van die Moderatuur plus tien lede, een uit elke sinode deur die Sinode genomineer (en vir die volle duur van die termyn gekies), en vier addisionele lede. Die Moderamen se samestelling sluit ten minste drie vroue, twee nie-gelegitimeerde persone en een gelegitimeerde vrouw in.

4.4.3.3 Daar word sekundi vir die tien sinodale en die vier addisionele lede aangewys.

4.4.3.4 Die Moderamen word verkies vir 'n termyn van twee jaar en lede kan slegs twee termyne in dieselfde hoedanigheid dien.

4.4.3.5 Die Moderamen vergader ten minste twee maal tussen sinodesettings.

4.4.3.6 Die Moderamen kies sy eie dagbestuur wat bestaan uit ten minste 5 persone waarvan ten minste een 'n nie-gelegitimeerde is. Die Algemene Sekretaris is *ex officio* lid van die Moderamen en die dagbestuur.

4.4.3.7 Die Moderamen werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom die kommunikasie en uitvoering van besluite. Sinodale vergaderings word, sover moontlik, gesinkroniseer met dié van die Algemene Sinode ter wille van wedersydse samewerking en terugvoer.

**4.4.4 Wie is verantwoordelik vir die bestuur van die werksaamhede?**

4.4.4.1 Die Moderamen wys vir elke termyn 'n bestuurspan aan om die werksaamhede van die Algemene Sinode te bestuur.

4.4.4.2 Die Moderamen stel die bestuurspan aan die hand van die Reglement vir die Bestuurspan (vgl verslag Tydelike ATR).

4.4.4.3 Die bestuurspan sluit onder andere die volgende funksies in: finansies, regte, projekte, fasilitate, kommunikasie en maatskappye.

4.4.4.4 Die senior personeel in die Kantoor van die Algemene Sinode word deur die Moderamen aangestel en vorm deel van die bestuurspan.

4.4.4.5 Die bestuurspan kies sy eie voorsitter.

4.4.4.6 Die Algemene Sekretaris is die uitvoerende amptenaar van die bestuurspan.

4.4.4.7 Die bestuurspan vergader soos nodig met die projek- en programleiers.

**4.4.5 Wat is die Kantoor van die Algemene Sinode se funksies?**

4.4.5.1 Die Kantoor is vir die organisatoriese- en spesialisfunksies verantwoordelik.

4.4.5.2 Personeel vir die organisatoriese funksies sowel as kundige personeel vir die spesialisfunksies word deur die bestuurspan aangestel.

4.4.5.3 Die indiensneming en strukturering van personeel word volgens die organisatoriese en spesialisfunksies bepaal.

4.4.5.4 Bogenoemde behoort onder andere die volgende funksies in te sluit: Organisasiebestuur; Finansies; Logistiek (Admin/Geboue); Kommunikasie; Personeel (DVK); Predikantesake (bv bevoegdheid, opleiding en VBO); Skakeling; Verteenwoordiging; Projekte.

**8.1.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat die saak oorstaan tot na die verslag van die TFK.**

**8.2 KERKHERENIGING**

Agenda AS 2011 – bl 242 pt 4.4 lui:

4.4 AANBEVELING: EENHEIDPROSESSE/ STRUKTUUR TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA

Die Algemene Sinode besluit om die eenheidsprosesse/struktuur tussen die NG Kerk, NGKA en die RCA goed te keur.

**8.2.1 Opmerking: Die TRK neem net kennis van die aanbeveling van die Moderamen.**

**8.2.2 Die TRK beveel aan dat indien die voorstel van die Moderamen rakende die hereniging met die NKGA en RCA goedgekeur word, die AS opdrag gee aan die ATR omregsadvies in te win om die AS te adviseer oor die implementering daarvan op die pad vorentoe.**

JH Ernst (voorsitter)

HM Janse van Rensburg (skryba)

## T.12.3 TYDELIKE REGTE

### 1. AGENDAKOMMISSIE

#### 1.1 KONSTITUERING

##### Artikel 39

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n addisionele lid, lei die Sinode (Artikel 25). **Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem.**

##### Artikel 40

- 40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.
- 40.2 Lede van die Moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.
- 40.3 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word 'n Moderamen saamgestel.

##### **Besluit by Art 40.2**

~~Indien die huidige 2 jaar sirklus verander word na 'n 3 of 4 jaar sirklus, kan die moderatuur vir 2 termyne in dieselfde posisie verkies word. Indien die huidige 2 jaar sirklus behou word, kan die moderatuur vir 3 termyne in dieselfde posisie verkies word. Die persoon mag danne wel in een van die ander posisies verkies word.~~

##### Artikel 41

Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. **Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.**

##### **Riglyn by art. 41**

~~In die lig van art. 39 open die leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, die Algemene Sinode. Daarna lei die Moderatuur die vergadering.~~

Aanbevelings 1.1.1.1 en 1.1.1.2 is reeds goedgekeur (T.12.1 bl 2)

##### 1.1.1 Aanbevelings:

- 1.1.1.1 Die TRK beveel die bogenoemde Kerkordewysiginge aan as ordevoorstel ter aanvang van die vergadering (met konstituering) van die AS aan (2/3e meerderheid).
- 1.1.1.2 Die AS keur die wysinge van die Kerkorde art<sup>s</sup> 39, 40.1 en 41 goed en besluit dat dit onmiddellik van krag is.
- 1.1.1.3 **Die AS besluit dat die aanbevelings vir die wysiging van die Kerkorde Art<sup>s</sup> 40.2 en 40.3 oorstaan tot by hantering van verslag van Moderamen (Bylaag 1).**

### 2. B.7 AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE (Agenda bl 298)

#### (NOORDELIKE SINODE)

Die Algemene Sinode herroep sy besluit van 1986 oor die aftree-ouderdom van predikante en vervang dit met die volgende:

- 1 Die aftree-ouderdom van persone wat na 14 Oktober 2011 tot die bediening in die NG Kerk toegelaat word, is 70 jaar.
- 2 Die aftree-ouderdom van persone wat vroeër tot die bediening toegetree het, bly steeds 65 jaar tensy 'n nuwe ooreenkoms met sy/haar kerklike werkgewer onderhandel word in welke geval die aftree-ouderdom hoogstens 70 jaar kan wees.
- 3 Kerkrade en ander kerklike werkgewers word versoek om dit vir leraars moontlik te maak om na die ouderdom van 65 steeds in die bediening voort te gaan en om hulle pensioenkontribusies in stand te hou. Kerkrade en ander kerklike werkgewers kan egter, as deel van die onderhandelinge rakende 'n hoër aftree-ouderdom, sekere vereistes vir voortgesette dienslewering stel.
- 4 Vereistes wat gestel kan word sluit in 'n bewys van genoegsame gesondheid, byvoorbeeld deur die jaarlikse indiening van 'n mediese sertifikaat, asook 'n bewys van suksesvolle deelname aan die program vir voortgesette bedieningsontwikkeling. Werkgewers kan ook spesifieke kritiese prestasie areas stel waaraan die leraar in sy/haar dienslewering moet voldoen.
- 5 Die ooreenkoms wat 'n hoër aftree-ouderdom moontlik maak kan op 'n termynbasis bepaal word wat byvoorbeeld jaarliks heroorweeg sal word.

**6 Alle gevalle van gewysigde diensooreenkomste moet deur die ring goedgekeur en gemoniteer word. Ringe moet veral seker maak dat die leraar se dienslewering steeds tot voordeel van die gemeente se bediening is.**

Die AS het besluit dat Beskrywingspunt B.7 ontvanklik is en dat dit verwys na die TRK (T.12.1, p5, pt 2.7.1)

### **2.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.7 verwys word na die ATR vir verdere studie en verslag aan die Algemene Sinode.**

## **3. B.9 WYSIGING VAN DIE BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE KERK** (Agenda I p301)

### **(WES- EN SUID-KAAP)**

Die Moderamen besluit om die Algemene Sinode te versoek om Kerkorde Artikel 44.1 en 44.2 te wysig om as volg te lees:

*"44.1 Die Algemene Sinode het die bevoegdheid om die belydenisgrondslag van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met 'n tweederdemmeerderheidstem te wysig of uit te brei (vergelyk Artikel 43.1.4).*

*44.2 Wysiging geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemmeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het. Die uitslag van die stemming van die sinodes moet in elke geval, met opgaaf van die getal stemme wat uitgebring is en die getal stemme ten gunste van die mosie, en gewaarmerk deur die handtekeninge van die voorsitter sowel as die skriba, aan die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode gekommunikeer word op 'n datum soos vasgestel deur die Algemene Sinode."*

Die AS het besluit dat Beskrywingspunt B.9 ontvanklik is en dit verwys na die TRK (T.12.1 pt 2.9.1).

### **3.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit om nie Beskrywingspunt B.9 te aanvaar nie.**

## **4. MODERAMEN**

### **4.1 STRUKTURERING**

#### **4.1.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Kerkorde Art<sup>s</sup> 38 – 40, 42 en 43 soos volg (onderstreep) gewysig word (Dit vervang die aanbeveling in T.12.2 onder pt 8.1):**

#### **Artikel 38**

38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 200 afgevaardigdes ~~ledes~~ wat saamgestel word uit ~~afgevaardigdes~~ 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens van die sinodes.

~~38.2 Die afvaardiging van elke sinode moet uit 'n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word soos volg saamgestel:~~

~~38.2.1 'n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens; en~~

~~38.2.2 'n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens 'n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word telkens 'n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Moderamen bereken.~~

~~38.2.3 Sinodes het die reg om minder afgevaardigdes te stuur.~~

38.1.1 Die eerste 100 afgevaardigdes word uit 10 persone per sinode saamgestel.

38.1.2 Die oorblywende 100 word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.

38.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

38.3 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

#### **Artikel 39**

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, en 'n aktuarius ~~en~~ 'n addisionele lid, lei die Sinode (Artikel 25). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem. Die Moderatuur word tydens die sinodesitting deur die moderators/voorsitters van die onderskeie sinodes bygestaan.

#### **Artikel 40**

40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.

40.2 Lede van die Moderatuur kan nie vir meer as twee termyne in dieselfde posisie verkies word nie.

#### **Besluit by Art 40.2**

*Indien die huidige 2 jaar-siklus verander word na 'n 3 of 4 jaar-siklus, kan die moderatuur vir 2 termyne in dieselfde posisie verkie word. Indien die huidige 2 jaar-siklus behou word, kan die moderatuur vir 3 termyne in dieselfde posisie verkie word. Die persoon mag daarna wel in een van die ander posisies verkie word.*

#### **Artikel 42**

- 42.1 Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie.  
42.3 Die Moderatuur roep 'n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes.

#### **Artikel 43**

~~Tot die taak van die Algemene Sinode behoort take wat nie deur ander kerkvergaderinge gedoen kan word nie:~~

- 43.1 ~~Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:~~  
43.1.1 ~~Dit wat uitdrukking gee aan ons gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkorde, roeping en beleid.~~  
43.1.2 ~~Dit wat ons nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak.~~  
43.1.3 ~~Dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak.~~  
43.1.4 ~~Die viering van ons onderlinge verbondenheid.~~  
43.1 ~~Wat kerklike roeping on standpunto betref:~~  
43.1.1 ~~die formulering van die roeping / leidende beginsels / standpunto in sake van gemeenskaplike belang soos gereformeerde teologiese oortuigings, Bybels otiese uitgangspunt en okklesiologiese verantwoordelikhede en praktyke, wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle doelname aan die verband gevolg moet word;~~  
43.1.2 ~~die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband;~~  
43.1.5 ~~Die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;~~  
43.1.6 ~~Die vasstelling van die Belydenisskifte ooreenkomsdig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruiks, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;~~  
43.1.7 ~~Die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;~~  
43.1.8 ~~die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkomsdig met die staat en ander nie kerklike lewenskringe;~~  
43.2 ~~Wat werkzaamhede betref:~~  
43.2.1 ~~43.1.8 Die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;~~  
43.2.2 ~~Die koördinering/netwerk van sake wat voortvloei uit Artikel 43.1~~  
43.2.3 ~~die behartiging van die okumoniese belang van die Kerk op sy terrein;~~  
43.2.4 ~~43.1.9 Die beheer oor algemene kerklike media;~~  
43.2.7 ~~43.1.10 Die hantering van appélsake wat voor hom gebring word.~~

#### **Besluit by Art 43.1.3 en 43.1.6**

43b.1 Met betrekking tot Kerkorde Artikel ~~43.1.3 en 43.1.6~~ besluit die Algemene Sinode dat 'n sinode wat in 'n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer (bv Namibië), die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkomsdig met die staat en ander lewenskringe, namens die kerkverband (Algemene Sinode), in daardie gebied kan behartig.

## **5. HERSIENING VAN DIE KERKORDE** (Agenda bl 286 ev)

### **5.1 ARTIKEL 26**

Die ATR het die volgende wysiging aanbeveel (bl 289):

#### **Artikel 26**

~~Art26.2 Die kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens.~~  
~~Riglyne by Artikel 26 (Skrap in geheel)~~

#### **5.1.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit dat Art 26.2 soos volg gewysig word:**

~~Art 26.2 Die kerkraad bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens.~~  
~~Riglyne by Artikel 26 (Skrap in geheel)~~

### **5.2 ARTIKEL 49.1**

#### **5.2.1 Aanbeveling:**

**Die AS besluit om die Artikel 49.1 soos volg te wysig:**

Die heilige doop word deur 'n bedienaar van die Woord bedien met gebruikmaking van water en 'n goedgekeurde liturgiese formulier. Dit word, behalwe by hoë uitsondering in die amptelike openbare samekoms van die gemeente, bedien.

### 5.3 BESLUIT BY ARTIKEL 70

Die inhoud van die verslag van die Moderamen, Bylaag 6 (Agenda bl 250-257) het 'n invloed op die besluit by Artikel 70 soos volg te wysig:

#### 5.3.1 Aanbeveling

Die AS verwys die hersiening van die besluit by Art 70 na die ATR.

## 6. DIE HERRANGSKIKKING VAN DIE REGLEMENTE

### 6.1 Aanbeveling:

Die AS neem kennis van die herrangskikking van die Reglemente:

#### 6.1.1 REGLEMENTE

##### 6.1.1.1 Algemene reglemente

- 1.1 Reglement: Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)
- 1.2. Reglemente vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk
- 1.3 Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes
- 1.4 Reglement van Orde
- 1.5 Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse
- 1.6 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ander Christelike Kerke en Groepe

##### 6.1.1.2 Reglemente vir taakspanne

- 2.1 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Bestuursinligtingsdienste (ATABID)
  - 2.1.1 Reglement vir die hantering van argief- en museummateriaal
  - 2.1.2 Reglement vir die hantering van registers
- 2.2 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding (ATBV)
- 2.3 Reglement vir die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD)
- 2.4 Reglement vir die Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling (ADGO)
- 2.5 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Kerklike Media (ATKM).
- 2.6 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS)
- 2.7 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Fondse (ATF)
- 2.8 Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (ATR)
- 2.9 Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk
- 2.10 Reglement vir die Vrouelessenaar

##### 6.1.1.3 Reglemente rakende Bedienaaars van die Woord

- 3.1 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Teologiese Opleiding (ATTO)
- 3.2 Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasié van Evangeliedienaaars
- 3.3 Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente.
- 3.4 Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)
- 3.5 Reglement vir Tentmakerbediening
- 3.6 Reglement vir Termyn bepaalde poste
- 3.7 Reglement vir die Verlof van Predikante en Sinodale Amptenare

JH Ernst (voorsitter)

HM Janse van Rensburg (skriba)

## T.12.4 TYDELIKE REGTE

### 1. REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE

#### 1.1 Aanbeveling:

Die AS besluit om die vorige reglement vir die Moderamen van die Algemene Sinode te vervang met die volgende:

#### 1. Naam

Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

#### 2. Samestelling

2.1 Die Moderamen word soos volg saamgestel:

2.1.1 die lede van die Moderatuur wat tydens die Sinode verkies is

2.1.2 een lid met sekundus uit elke Sinode deur die Sinode genomineer en deur die Algemene Sinode verkies

2.1.3 vier addisionele lede met sekundi deur die Algemene Sinode verkies

2.1.4 die Algemene Sekretaris dien met adviserende stem in die ASM

2.2 Die Moderamen se samestelling sluit in:

2.2.1 ten minste drie vroue waarvan ten minste een 'n gelegitimeerde is; en

2.2.2 ten minste twee nie-gelegitimeerde persone.

2.3 Die Moderamen word verkies vir 'n termyn van twee jaar en lede kan slegs twee termyne in dieselfde hoedanigheid dien

2.4 Wanneer 'n vakature tydens die dienstermynt ontstaan, vul die Moderamen dit aan uit die lys van verkose sekundi lede

#### 3. Opdrag

3.1 Die Moderamen neem verantwoordelikheid vir die leierskap tussen sinodesittings met betrekking tot:

3.1.1 die identifisering, prioritisering en evaluering van werksaamhede

3.1.2 die samestelling van projek-, program- en taakspanne

3.1.3 die monitering van die proses

3.2 Die Moderamen wys vir elke termyn 'n Bestuurspan aan om die werksaamhede van die Algemene Sinode uit te voer. Dit geskied aan die hand van die betrokke reglement

3.3 Die Moderamen stel die senior personeel in diens van die Algemene Sinode aan

3.4 Die Moderamen bestuur die personeel in diens van die Algemene Sinode in samewerking met die ATR en ABR

3.5 Die Moderamen koördineer en integreer die werksaamhede van die Algemene Sinode

3.6 Die Moderamen hanteer spoedeisende sake met verslag aan die Algemene Sinode

3.7 Die Moderamen tree op as die ledevergadering van die Algemene Sinode se media maatskappye

3.8 Die Moderamen werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom kommunikasie en uitvoering van besluite

3.9 Die Moderamen keur, in opdrag van die Algemene Sinode, reglemente en reglementwysigings vir die werksaamhede van die Algemene Sinode goed.

#### 4. Vergaderings

4.1 Die Moderamen konstitueer voor die verdaging van die Algemene Sinode

4.2 Die Moderamen vergader ten minste twee maal tussen sinodesettings

#### 5. Dagbestuur

5.1 Die Moderamen kies sy eie dagbestuur van ten minste vyf lede waarvan:

5.1.1 ten minste een lid 'n nie-gelegitimeerde is

5.1.2 die Algemene Sekretaris *ex officio* lid is

5.2 Die Dagbestuur vergader wanneer nodig

5.3 Die Dagbestuur hanteer sake wat deur die Moderamen na die Dagbestuur verwys is

5.4 Die Dagbestuur hanteer spoedeisende sake met verantwoording aan die Moderamen.

JH Ernst (voorsitter)

HM Janse van Rensburg (skriba)

## **NOTULE**

# EERSTE SITTINGS DAG: 10 OKTOBER 2011

## EERSTE MIDDAGSESSIE

### 1. OPENINGSLITURGIE

Ds Nico van Rensburg (Predikant: Sinodale bedieninge Wes Transvaal) neem die openingseremonie waar onder die tema: *Ons identiteit*. Hy heet almal welkom by die Veertiende Vergadering van die Algemene Sinode van die NG Kerk. 'n Besondere woord van welkom word gerig aan besoekers, ekumeniese verteenwoordigers en verteenwoordigers van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika nl Rev Victor Pillay van die RCA, ds Tladi Pheko van die NGKA en prof Thias Kgatla van die VGKSA. Verteenwoordigers van die Nederduitsch Hervormde Kerke en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika asook vorige moderatuurslede word ook hartlik verwelkom.

Die liturgie, vervleg met die konstituering, word hanteer in terme van die kerklike jaar (kyk bl >>> van die Handelinge vir volledige openingsliturgie).

#### 1.1 OPENING

Die leraar met langste diens en wat die oudste in jare is, prof Johan Janse van Rensburg, neem die amptelike opening waar. Hy lees Lukas 4:16-30 en vestig die aandag op die volgende: Ons moet aanhou om teologies te besin oor die betekenis van Jesus se woorde vandaag. Die gevaar is so groot dat ons dit net kan vergeestelik of net letterlik kan verstaan en so verval die mens dan in horisontalisme of vertikalisme. Wat hoor ons as Jesus praat? Hoor ons wat ons wil hoor? Prof van Rensburg gaan voor in gebed in Afrikaans en Engels. Die vergadering doen die geloofsbelofte hardop.

#### 1.2 KONSTITUERING

Dr Kobus Gerber, Algemene Sekretaris, neem die konstituering waar. Die 10 sinodes se voorsitters bring as simboliese gebaar die geloofsbriefe vir dr Gerber, steek elkeen 'n kers by die Christuskers aan en plaas dit op die vlamsimbool agter die Nagmaaltafel. Hulle sit saam met prof Johan J van Rensburg aan die Nagmaaltafel. Dr Gerber verklaar dat daar 195 leraars en 184 kerkraadslede, in totaal 379, teenwoordig is uit 'n moontlike 400. 'n Volstrekte meerderheid is 190 en 'n 2/3 meerderheid is 253. Die vergadering is dus wettig gekonstitueer.

Die volgende afgevaardigdes is teenwoordig:

(Lees die naamlys van bo na onder en die kolomme van links na regs. 'n Asterisk \* dui vroulike afgevaardigdes aan.)

#### WES- EN SUID-KAAP

##### PREDIKANTE

Ds J Barnard  
Ds LC Buchner \*  
Dr JW Burger  
Ds DH de Wet  
Ds CP du Plessis  
Dr AR Hanekom  
Dr QE Heine  
Ds C Janse van Rensburg  
Ds GP Kellermann  
Ds SW Kotzé  
Ds DS Kriel  
Dr JG le Roux  
Ds JH le Roux  
Ds MH le Roux  
Ds FE Marais  
Ds CFJ Meyer  
Ds JvS Momsen  
Dr JH Nieder-Heitmann  
Ds AL O'Kennedy  
Ds R Potgieter \*  
Ds MP Sahd  
Dr GH Smit  
Ds CJ Stander

Ds JJ Steyn

Ds RC Thorne  
Ds HAH van den Heever  
Ds H van Niekerk  
Ds HC van Wyk  
Ds LJ Venter  
Ds AJ Verwey  
Ds DP Wium

JS Louw

J Malherbe \*  
E Morkel \*  
AF Neethling  
HA Pieterse  
JAM Potgieter  
FJ Rootman  
NL Rossouw \*  
L Serfontein  
FC Smit  
JJ Swart  
DJC Theart  
M Thirion \*  
DA van der Berg  
AR van der Spuy  
H van Huyssteen

##### KERKRAADSLEDE

LJ Benn \*  
FW Bosman  
CPR Cronje  
JI Cronjé  
SJ de Jager \*  
R de Villiers  
JJ Duvenhage  
S Els  
W Fry  
JC Furniss \*  
BJ Greeff \*  
JH Groenewald  
FH Lamprecht  
ME Jansen van Rensburg \*  
Prop AS Jordaan

#### OOS-KAAP

##### PREDIKANTE

Ds DH Davel  
Ds EP De Kock  
Ds JC Longland  
Ds E Malan  
Ds DW Mouton  
Ds DF Oelofse

Dr A Oliphant  
Ds EGJdeG Schutte  
Ds AL Steyn  
Ds CJ Stümke  
Ds PB Swanevelder  
Ds JSJ Swart  
Ds DC Thomas  
Ds MR Van der Spuy  
Ds M Van Niekerk \*  
Ds RM Van Tonder  
Dr ACV Van Wyk  
Ds A Van Wyk

#### KERKRAADSLEDE

MM Bosch \*  
JZ Du Plessis  
Ds GV Ehlers  
W Erasmus  
JC Greyling  
H Koornhof  
M Oliphant \*  
A Olivier  
HC Olivier \*  
CR Peyper  
JJ Pienaar  
PJ Roodt  
LM Snyman  
A Swanevelder \*  
CPP Van der Walt  
Ds HJ Van Niekerk  
C Veldsman, \*  
Dr JWJ Viljoen

#### NOORD-KAAP

**PREDIKANTE**  
Ds FP Avenant  
Ds BP Benadé  
Ds LB de Villiers  
Ds GJ Duursema  
Ds JP Jooste  
Ds JS Kloppers  
Dr JJ Knoetze  
Ds PG Otto  
Ds NB Roux  
Ds SJ Schoeman  
Ds MF Scholly  
Ds TE Smit  
Ds VR Terblanche  
Ds JPJ van Tonder  
Ds P van Zyl

#### KERKRAADSLEDE

FJ Augustyn  
MD Botha  
S du Toit  
GV Faber  
PJJ Goussard  
FA Jacobs  
SAC Klopper \*

NB Kotze  
S Kruger  
CH Loots  
PJ Malan  
WH Peek  
NJB Rens  
JA Swiegers  
LJP van Niekerk

#### KWAZULU-NATAL

**PREDIKANTE**  
Ds PJ Botha  
Ds JG de Wet  
Dr H Eagleton  
Ds JH Hattingh  
Ds GJ Kok  
Dr DGS Oosthuysen  
Ds PJ Raath  
Dr LG Schoeman  
Ds L Schoeman  
Ds SWP Scott  
Dr H Theunissen  
Dr BJ Tolmay  
Ds FJ van der Merwe  
Ds L van der Walt  
Ds BJ van Dyk  
Ds GJ van Jaarsveld

#### KERKRAADSLEDE

A Cloete  
G de Lange  
R de Wet  
WP Hatting  
P Liebenberg  
R Naudé \*  
GF Snyman  
V Torlage  
CHJ van Dam  
D van der Schyff \*  
LJ van der Walt \*

#### VRYSTAAT

**PREDIKANTE**  
Ds RR Botha  
Ds GPM de Wet  
Dr NS Dicks  
Ds JH Els  
Ds JS Els  
Ds M Greeff  
Ds CH Jacobs  
Ds HM Janse van Rensburg  
Prof J Janse van Rensburg  
Dr BF Joubert  
Ds DV le Roux  
Ds JJ Louw  
Ds S Spamer  
Ds J Steurer  
Ds CJ Stoltz  
Prof PJ Strauss

Ds HJ Swart  
Dr PR van Heerden  
Dr PJ van Jaarsveld  
Dr CHJ van Schalkwyk \*  
Ds AP van Zyl  
Ds WH van Zyl

#### KERKRAADSLEDE

HJ Botma  
JA de Beer  
SJ de Jager  
JFT du Plessis  
W du Plooy  
AF Ferreira  
WHC Fryer  
C Hurter  
J Jansen van Rensburg  
F Jooste  
PD Marais  
SJ Nel  
HP Olivier  
GJ Roetz  
Prof SD Snyman  
WJ Strauss  
PH van Niekerk  
M van Tonder \*  
JC Vorster  
DJ Wepener  
Dr HS Wolvaardt

#### WES-TRANSVAAL

**PREDIKANTE**  
Ds BC Botha  
Ds JPA Brink  
Ds AP Burger  
Dr MJG du Plessis  
Ds JP Gerber  
Dr JHG Gous  
Ds JN Janse van Rensburg  
Ds G Jansen van Rensburg  
Ds PN Klopper  
Dr JA Kritzinger  
Ds DW Kruger  
Ds PJ Kruger  
Dr TW Marais  
Ds A Mathee \*  
Ds AJ Mocke  
Ds J Orsmond  
Ds JJ Pelser  
Ds N Rossouw \*  
Ds CD Smit  
Dr HA Smith  
Dr NJG van der Westhuizen  
Ds NWJ van Rensburg

#### KERKRAADSLEDE

AJ Bezuidenhout  
EEV Bootha \*  
JY Buitendach \*

A du Plessis *	FJ van Staden	Ds JPT Koen
Ds J v W du Plessis	P Visser	Dr LK Louw
I Engelbrecht *		Ds LJ Pienaar
RSP Feldtmann		Ds FJ Retief
PJS Grové		Ds F Schoeman
ME Jansen van Rensburg *		Dr H van Blerk
MFE Larrett *		Ds HJ van der Schyff
RC Lindeque		Ds van der Spuy
PE Muller *		Dr J van Schalkwyk
AJ Oberholzer		Ds FM van Vuren *
E Scott *		
PJ van der Merwe		<b>KERKRAADSLEDE</b>
M van der Westhuizen *		EJ Bezuidenhout *
AC Winter *		Dr GJ Cilliers
<b>NOORDELIKE SINODE</b>		JJ Jacobs
<b>PREDIKANTE</b>		M Janse van Vuuren
Dr MJ Benade		E Koen
Ds MJ Bosman		SC Marais *
Dr JA Botha		GJ Marais
Dr HL Carelsen		Prof PGJ Meiring
Dr GF Claassen		Ds PL Moolman
Dr SI Cronje		H Muller
Dr C Gericke		Dr SJJ Niemand
Ds MJ Grobler		J Smook
Ds EL Haarhoff		EH Steyn
Dr JCF Harris		Dr MS Strydom *
Ds GG Haumann		SM Sutherland *
Dr JD Kirkpatrick		Dr JM van der Merwe
Dr HP Kotze		HJN van Niekerk
Dr AK le Roux		SJ Vermaak
Ds M Nel *		SJ Viljoen
Dr WA Pretorius		
Ds L Schoeman *		<b>NAMIBIË</b>
Dr L Ungerer		<b>PREDIKANTE</b>
Dr MN van der Merwe		Ds WHJ Coetzee
Ds PFJ van Vuuren		Ds C Marais
Ds WHS Wolhuter		Ds JHG Maritz
<b>KERKRAADSLEDE</b>		Ds JJ Pienaar
HN Barnard		Ds PG Poggenpoel
JAG Boshoff		Ds JF Serfontein
C Brand		Ds EJ Strydom
TA Brough		Ds HJ Van Zyl
Dr GJ Cloete		Dr F van den Berg
R Coertzen *		Ds TM Venter
DS de Klerk		Dr JC Woest
D du Toit		
RJ Engelbrecht		<b>KERKRAADSLEDE</b>
EOM Hanisch		FH Badenhorst
O Khwinana		ET Conradie *
Prof M Nel		JN De Klerk
PCN Prozesky		Dr ME Grobler *
WP Roux		JH Le Grange
JA Scholtz		JM Lubbe *
HA Schreuder		JG Maritz
P Smit		SE Moolman *
FJ Snyman		MM Van der Merwe *
P van der Merwe		GP Van der Westhuizen
		BN Venter

### **1.3 ROEPINGSVERKLARING**

Prof Piet Strauss, uittredende voorsitter, oorhandig die Roepingsverklaring van die Algemene Sinode 2007 vir voorlesing aan drie jong predikante wat in 2011 in Wes-Transvaal met handoplegging bevestig is en deur die betrokke sinode na die Algemene Sinode afgevaardig is. Al drie Teologiese Fakulteite word deur hulle verteenwoordig: ds Anje Matthee (Stellenbosch), ds Jan Nel (Bloemfontein) en ds Irma van Rensburg (Pretoria).

### **1.4 GROETEBOODSKAPPE**

Groeteboodskappe word oorgedra deur verteenwoordigers van die NG Kerkfamilie in Suid-Afrika: prof Thias Kgatla namens die VGKSA, Rev Victor Pillay namens die RCA en ds Tladi Pheko namens die NGKA.

Die vergadering verdaag om 16:00 vir verversings.

### **TWEEDE MIDDAGSESSIE**

Prof Johan J van Rensburg tree as voorsitter op.

Die volgende afgevaardigdes verskyn ter vergadering:

Ds CA du Plessis (Hoëveld), ds BD Klut (Hoëveld), WJ Strauss (Vrystaat), A Boonzaaier (Wes- en Suid-Kaapland), dr M Strydom \* (Noordelike Sinode), dr A van Niekerk (Noordelike Sinode) en ds ST Malan (Namibië).

### **2. VERKIESING VAN DIE MODERATUUR**

Dr Johann Ernst, voorsitter van die Tydelike Taakspan Regte, hanteer die onderstaande sake voordat die lede van die vergadering gevra word om nominasies vir die nuwe moderator in te handig.

**VERKIESING VAN DIE MODERATUUR** (Agenda A.12 Regte bl 284 pt 2.23) - **goedgekeur**.

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die Kerkorde.**

**WIE NEEM LEIDING TYDENS DIE SITTING?** (Agenda A.11 Moderamen bl 217 pt 4.4.2 - **kennis geneem**)

4.4.2.1 Die Moderatuur word deur die vergadering verkies om tydens die sitting leiding te neem.

4.4.2.2 Die Moderatuur bestaan uit die volgende persone: 'n voorsitter, 'n ondervoorsitter en 'n aktuarus. Die Algemene Sekretaris is *ex officio* lid van die vergadering en die Moderatuur.

4.4.2.4 Die verkose lede van die Moderatuur word vir 'n termyn van twee jaar verkies en kan vir 'n maksimum van twee termyne in dieselfde hoedanigheid verkies word (vgl verslag van die ATR tov KO Art 39 en 40).

**KONSTITUERING** (T.12.1 Tydelike Regte bl 2 pt 1.1.1) - **goedgekeur**

1.1.1.1 Die Algemene Sinode ontvang die onderstaande Kerkordewysigings as ordevoorstel ter aanvang van die vergadering (met konstituering) (2/3e meerderheid).

1.1.1.2 Die Algemene Sinode keur die wysiginge van die Kerkorde Artikels 39, 40.1 en 41 goed en besluit dat dit onmiddellik van krag is (2/3e meerderheid).

1.1.1.3 Die Algemene Sinode besluit dat die aanbeveling vir die wysiging van die Kerkorde Artikels 40.2 en 40.3 oorstaan tot by hantering van verslag van Moderamen A.11 (Bylaag 1).

#### **Artikel 39**

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuarus en 'n addisionele lid, lei die Sinode (Artikel 25). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem.

#### **Artikel 40**

40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.

#### **Artikel 41**

Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.

### **3. AGENDAKOMMISSIE** (Agenda A.1 bl 10)

Dr Kobus Gerber hanteer die verslag.

**REËLINGS SINODE 2011** (A.1 punt 17 bl 15) - **goedgekeur**

**Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Agendakommissie/Ontwerpspan goed.**

#### **4. WERKSHEMA** (Agenda bl 16 punt 2.2)

Dr Ferdie Clasen verduidelik die werkswyse en prosesse waarmee gewerk gaan word.

Ds Nelis Janse van Rensburg praat oor waardes wat ons moet rig tydens die res van die Sinode. Hy gee geleentheid vir die lede om rondom hulle tafels hulle eie waardes vir die res van die vergadering te formuleer. Hy herinner ook aan die vier waardes van die Seisoen van Luister.

#### **5. VERKIESING VAN MODERATOR**

##### **NOMINASIELYS VIR MODERATOR:**

Bartlett, André	Matthee, Anje
Bezuidenhout, Attie	Mouton, Danie
Clasen, Ferdie	Nel, Malan
Claassen, Gustav	Niemandt, Nelus
Du Randt, Neels	Raath, Pieter
Ernst, Johann	Snyman, Fanie
Hanekom, Braam	Strauss, Piet
Janse van Rensburg, Jacie	Theunissen, Heinrich
Janse van Rensburg, Nelis	Tolmay, Barry
Janse van Rensburg, Johan	Van Rensburg, Nico
Kirkpatrick, James	Van Schalkwyk, Johan
Malan, Danie	Van Wyk, Chris

##### **DIE VOLGENDE PERSONE ONTTREK:**

Bezuidenhout, Attie	Strauss, Piet
Kirkpatrick, James	Theunissen, Heinrich
Matthee, Anje	Van Schalkwyk, Johan
Raath, Pieter	

Die vergadering stem met geslotte stembriefies.

#### **6. VERHELDERINGSGESPREKKЕ**

Dr Kobus Gerber verduidelik die gebruikmaking van die Verhelderingsgesprekke en tref enkele praktiese reëlings tot die aand se verhelderingsgesprekke:

#### **7. GROETEBOODSKAP**

Ds Dries Beukes dra groete oor namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

#### **8. VERKIESING VAN MODERATOR (vervolg)**

Die vergadering stem tussen die volgende twee persone vir moderator: dr Braam Hanekom en prof Nelus Niemandt.

#### **9. VERKIESING VAN ASSESSOR: ORDEMOSIE**

Na die aankondiging van die nuwe Moderator stel die vergadering dadelik 'n nominasielys vir Assessor saam voordat vir aandete verdaag word (JHG Gous) - goedgekeur

#### **10. VERKIESING VAN MODERATOR (vervolg)**

Prof Nelus Niemandt is verkies as die moderator van die 14de Algemene Sinode van die NG Kerk. Prof Johan J van Rensburg gee die stoel aan hom oor.

#### **11. VERKIESING VAN ASSESSOR (vervolg)**

Dr Kobus Gerber vra die vergadering om persone te nomineer vir Assessor.

Prof Nelus Niemandt gebruik die geleentheid om sy dank te betuig. Hy het diep agting vir die vergadering wat bestaan uit talentvolle en begaafde mense. Die NG Kerk is 'n diverse kerk met verskillende spiritualiteite, lewens- en wêreldbeskouings, maar dit is een kerk met 'n sterk identiteit. Die Here gebruik gebroke mense soos ons. Hy wil die vergadering lei met onderskeiding en daarom is daar twee vrae wat ons moet bly vra tydens die Sinodesitting: Wat is God besig om onder ons te doen? Wat word gedoen?

Die vergadering verdaag om 18:30 vir aandete en die Verhelderingsgesprekke soos gereël.

# TWEEDE SITTINGSDAG: 11 OKTOBER 2011

## EERSTE OGGENDSESSIE

Ds JJ Lubbe (Vrystaat) verskyn ter vergadering  
Ds ADP de Villiers (Hoëveld ) verskoning vir 08:30 - 10:30

### 1. OPENINGSLITURGIE

Ds Nico van Rensburg tree op as liturg. Die vergadering begin die dag met die sing van verskeie liedere uit die Flam- en Vonkkbundels. Ds van Rensburg lees uit Handelinge 2. Die vergadering sing Flam 353 en Flam 58 as gebede.

Prof Nelus Niemandt neem by liturg oor en sit proses van verkiesing van Moderatuur voort.

### 2. VERKIESING VAN ASSESSOR (vervolg)

#### NOMINASIELYS VIR ASSESSOR

Bartlett, André  
Bezuidenhout, Attie  
Buchner, Elsjé  
Burger, Alewyn  
Claassen, Gustav  
Clasen, Ferdi  
Du Randt, Neels  
Ernst, Johann  
Gous, Henk  
Hanekom, Braam  
Heine, Quintus  
Janse van Rensburg, Jacie

Janse van Rensburg, Nelis  
Janse van Rensburg, Johan  
Pienaar, Pine  
Roux, Nico  
Snyman, Fanie  
Tolmay, Barry  
Van der Linde, Hugo  
Van Jaarsveld, Pieter  
Van Rensburg, Nico  
Van Schalkwyk, Carin  
Van Wyk, Chris

#### DIE VOLGENDE PERSONE ONTTREK:

Attie Bezuidenhoud  
Alewyn Burger  
Pieter van Jaarsveld

Die vergadering stem met gelote stembriefies.

### 3. STRUKTURERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE

STRUKTURERING (A.11 Moderamen Bylaag 1 bl 217 pt 5) – goedgekeur.

5.1 Die Algemene Sinode keur die beginsels vervat in hierdie verslag goed.

5.2 Die Algemene Sinode keur die theologiese vertrekpunte vir kerkverband as beleidstelling goed.

5.3 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 43 (werksaamhede van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemmeerderheid goed.

WERKING VAN SINODE (A. 12 Regte bl 285 pt 2.26) – goedgekeur.

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die Kerkorde.

### 4. GELOOFSONDERSKEIDENDE GESPREK

#### Stilword

Dr Ferdie Clasen neem leiding. Die vergadering begin deur stil te word met enkele liedere (Liedboek 478 en 176) en die voorlees van Kolossense 1:15. Twee persone aan elke tafel kry geleentheid om voor te gaan in gebed en daarna word geleentheid vir stilgebed gegee wat opgevolg word met die sing van Liedboek 278.

#### Eerste rondte – Skrifgesprek

Ds Nelis Janse van Rensburg lei die gesprek in rakende drie teksgedeeltes wat tafels kan kies om saam te lees en saam te dink wat die Here daarmee vir die tafel wil sê.

#### Tweede rondte - Kontekstuele verheldering

Prof Kobus Schoeman (UOVS) gaan voor. Hy gee enkele statistieke rakende gemeentes en lidmate in die Kerk vanuit Kerkspieël en herinner daaraan dat die statistiek gaan oor **tendense** wat raakgesien word.

Die vergadering kyk na die DVD van die ADGO Gemeentes met woema.

**Vraag aan die vergadering:** Watter bewegings van die Heilige Gees neem ons waar in ons huidige konteks?

## **5. VERKIESING VAN ASSESSOR (vervolg)**

Die vergadering stem tussen die volgende persone: dr Braam Hanekom, ds Nelis Janse van Rensburg en dr Chris Van Wyk.

## **6. GROETEBOODSKAP**

Biskop Horst Müller van die Evangelies-Lutherse Kerk(N-T) dra die groete van sy kerk oor.

Bybel-Media oorhandig 'n boek van Prof Flip Theron asook 'n CD van Flam aan die Moderator.

Dr Kobus Gerber doen enkele aankondigings.

Die vergadering verdaag om 10:30 vir verversings.

## **TWEEDE OGGENDSESSIE**

Ds ADP De Villiers (Hoëveld) verskyn ter vergadering

Dr HH Van der Linde (Hoëveld verskoning 11:00 - 13:00 weens begrafnis in gemeente

## **7. GROETEBOODSKAP**

Rev Dikema Radikomo van die Dutch Reformed Church of Botswana lewer 'n groeteboodskap.

## **8. VERKIESING VAN ASSESSOR (vervolg)**

Dr Braam Hanekom is aangewys as Assessor van die Algemene Sinode. Hy maak gebruik van die geleentheid om sy dank te betuig vir die vertroue in hom gestel. Hy meld dat hy ongelooflik lief is vir die NG Kerk, maar voel dat die NG Kerk die land baie verskuldig is tov versoening asook die armoedevraagstuk in die algemeen.

## **9. VERKIESING VAN AKTUARIUS**

### **NOMINASIELYS VIR AKTUARIUS:**

André Bartlett	Deon Oelofse
Attie Bezuidenhout	Hansie Schutte
Elsje Büchner	Barry Tolmay
Theo Danzfuß	Dewyk Ungerer
Johann Ernst	Frikkie van der Merwe
Quintus Heine	Johan van der Merwe
Helgardt J van Rensburg	Chris van Wyk
Nelis J van Rensburg	Anton Verwey
Danie Kruger	

### **DIE VOLGENDE PERSONE ONTTREK:**

Nelis Janse van Rensburg	André Bartlett
Theo Danzfuß	Frikkie van der Merwe
Johan van der Merwe	Attie Bezuidenhout
Anton Verwey	Chris van Wyk
Hansie Schutte	Johan Janse van Rensburg

Die vergadering stem met geslote stembriefies.

## **10. BESKRYWINGSPUNTE**

### **B.1 RUIMTE VIR DIE BEKERINGSDOOP (T.12.1 bl 2 pt 2.1) – goedgekeur**

2.1.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.1 ontvanklik is en verwys dit na die TKLAS.

### **B.2 DIE DOOP (T.12.1 bl 2 pt 2.2) – goedgekeur**

2.2.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.2 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TKLAS.

### **B.3 BELHAR (T.12.1 bl 3 pt 2.3) – goedgekeur**

2.3.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.3 ontvanklik is en dat dit verwys word na 'n *ad hoc* kommissie bestaande uit 3 verteenwoordigers elk van die Moderamen, TKLAS, TRK en Wes-Kaap se Moderamen. Die uittredende voorstander van die Moderamen tree op as sameroeper van die *ad hoc* kommissie.

### **B.4 LEERDWALING (T.12.1 bl 4 pt 2.4) – goedgekeur**

**2.4.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.4 nie ontvanklik is nie omdat motivering en duidelikheid ontbreek (Regl 13:6.2)**

**B.5 ABORSIE (T.12.1 bl 4 pt 2.5) - goedgekeur**

**2.5.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.5 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TKLAS.**

**B.6 BEFONDSING ALGEMENE SINODE (T.12.1 bl 5 pt 2.6) – goedgekeur**

**2.6.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.6 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TKF.**

**B.7 AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE (T.12.1 bl 5 pt 2.7) – goedgekeur**

**2.7.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.7 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TRK.**

**B.8 SONDE IN DIE GELEDERE VAN DIE REGERING (T.12.1 bl 5 pt 2.8) - goedgekeur**

**2.8.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.8 nie ontvanklik is nie (Regl 13:6.1 en 6.2).**

**B.9 WYSIGING VAN DIE BELYDENISGRONDSLAG VAN DIE KERK (T.12.1 bl 6 pt 2.9) – goedgekeur**

**2.9.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.9 ontvanklik is en dat dit verwys word na die TRK.**

**B.10 BELHAR (T.12.1 bl 6 pt 2.10) – goedgekeur**

**2.10.1 Die AS besluit dat Beskrywingspunt B.3 ontvanklik is en dat dit verwys word na ‘n *ad hoc* kommissie bestaande uit 3 verteenwoordigers elk van die Moderamen, TKLAS, TRK, die Wes-Kaap se Moderamen en die Vrystaat se Moderamen. Die uittredende voorsitter van die Moderamen tree op as sameroeper van die *ad hoc* kommissie.**

## **11. GELOOFSONDERSKEIDENDE GESPREK (vervolg)**

Die vergadering gesels om die tafels oor die volgende vrae:

\*1 Hoe dink mense in ons tradisie oor ons gemeentes?

\*2 Hoe dink mense in die ekumeniese wêreld daaroor?

\*3 As gereformeerdes glo ons dat God altyd die eerste beweging maak na die mens toe. Dis eintlik die Here wat werk in die land: Hoe neem ons gemeentes deel aan die inbreek van God se koninkryk in die wêreld?

Die gesprek word afgesluit met Liedboek 438.

## **12. MISSIONALE EKKLESILOGIE**

**MISSIONALE EKKLESILOGIE (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 10 bl 141 pt 20.1) – verwys na Tydelike Gemeente-Ontwikkeling, Tydelike Diens en Getuienis, en Tydelike Regte:**

20.1 Die Algemene Sinode aanvaar hierdie beleidsdokument as die NG Kerk se standpunt oor missionale ekklesiologie.

20.2 Die Algemene Sinode aanvaar die volgende wysigings aan Die Kerkorde:

20.2.1 ARTIKEL 1

20.2.1.1 Verander opskrif voor Art 1 om te lui: “Die aard, belydenis en orde van die kerk”

20.2.1.2 Verander Art 1 om te lui:

*Die Nederduitse Gereformeerde Kerk is geroep om deel te neem aan God se sending in die wêreld. Die kerk verkondig die bediening van versoening en die heil van Christus aan alle mense.*

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618 - 1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelofte, die Heidelbergse Katechismus en die vyf Dordtse Leerreeëls.

20.2.2 ARTIKEL 9

Voeg by Artikel 9.4:

“Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:

onderskeiding

kerkplanting.”

20.2.3 ARTIKEL 10

Skrap Artikel 10 in geheel.

20.2.4 ARTIKEL 16

Wysig Artikel 16.1 om te lui:

“16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding en leiding, bestuur en toesig, en omvat: ...”

**MISSIONALE EKKLESILOGIE (T.12.2 bl 16 pt 6.7.1) – verwys na Tydelike Gemeente-Ontwikkeling, Tydelike Diens en Getuienis, en Tydelike Regte.**

**VOORSTEL: MISSIONALE EKKLESILOGIE** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 10 bl 135 pt 7.5) (DJ Malan/ J Janse van Rensburg) – goedgekeur

**Vervang 7.5 van bl 135 met:**

Die Kerk gaan nie op in formele strukture, ampte, geboue, ordes of aktiwiteite nie. Die Kerk is tegelyk ook instelling én organisme, strukture én diens. Vanuit die NT perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewenssfeer. In die erediens word gemeenskap met die lewende God beoefen en so rus die Here ons toe om Christus se voltydse gestuurdes te wees.

**EKKLESILOGIESE GESPREKSDOKUMENT** (A.12 Regte bl 269 pt 2.1.1) – staan oor

Die Algemene Sinode neem kennis dat daar geen kerkordelike wysiginge op grond van die dokument aanbeveel word nie.

### **13. EVANGELISASIE**

**VOORSTEL: EVANGELISASIE** (A.5 Diens en Getuienis Bylaag 2, bl 64-65) (J Janse van Rensburg/ W du Plooy) – goedgekeur

Die Algemene Sinode dra dit aan ADD op om ‘n meer omvattende omskrywing van Evangelisasie te formuleer en om ook die Skriftuurlike verstaan van Evangelisasie by te werk.

### **14. NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING**

**NUWE BEDIENINGSONTWIKKELING/ NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 5 bl 120 pt 6) – goedgekeur

6.1 Die Algemene Sinode aanvaar dat die saak van Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) belangrik is en daarom as ‘n prioriteit oorweeg word.

6.2 Die Sinode oorweeg die ontwikkeling van motiverings- en oriënteringsmateriaal, wat in sinodes en gemeentes gebruik kan word, as ‘n prioriteit.

6.3 Die Sinode herbevestig sy besluit van 2007 en versoek ATTO om toe te sien dat die saak van NBO/ NGO die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende theologiese fakulteite kry.

6.4 Die Sinode versoek dat die verskillende VBO-sentrum (Stellenbosch, Bloemfontein, Pretoria) prioriteit sal verleen aan die opleiding en toerusting van leraars en lidmate vir die saak van NBO/ NGO.

**VOORSTEL: NBO/ NGO** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 5 bl 120 pt 6) (DJ Malan/ DIH le Roux) – goedgekeur en ingevoeg as pt 6.5:

Die Sinode bevorder die saak van Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente Ontwikkeling (NGO) met as riglyn goeie verhoudinge met die naaste plaaslike gemeente, die Ring en /of Sinode, sodat dit die eenheid van die Kerk sal dien en die uitbreiding van die Koninkryk van God bevorder.

**INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE** (A.12 Regte bl 283 pt 2.18.1) – goedgekeur

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen voorstel van ADGO óf van die Sinodes hieroor ontvang het nie en dus géén aanbeveling aan die Algemene Sinode hieroor kan maak nie.

### **15. KLEIN GEMEENTES**

**KLEIN GEMEENTES** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 12 bl 160 pt 8) – goedgekeur

8.1 Die Algemene Sinode word versoek om ‘n navorsingsprojek oor klein gemeentes as prioriteit te aanvaar.

8.2 Indien dit as prioriteit aanvaar word, word ‘n Netwerk vir Klein Gemeentes in die lewe geroep met die opdrag om as gespreksforum vir klein gemeentes te dien, vitaliteit in klein gemeentes te bevorder, studie oor hierdie onderwerp te stimuleer en studieresultate in die kerklike lewe te integreer. Die Netwerk nooi ook die Familie van NG Kerk en ander Gereformeerde kerke uit om aan die gesprek deel te neem.

8.3 Die Algemene Sinode keur die beginsel van afstandsonderrig vir tweedeloopbaanpredikante goed. ATTO word getakaak om hierdie besluit te implementeer volgens die *Theological Education by Extension-model*.

8.4 Die Algemene Sinode word versoek om spoedeisend ‘n prosedure te skep waarmee predikante met wedersydse oorleg (tussen predikant en gemeente) verplaas kan word – verwys na Tydelike Regte en Tydelike Gemeente-Ontwikkeling

### **16. LIDMAATBEMAGTIGING**

**WYSIGING VAN KO ART 55** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 3 bl 112 pt 3.2) - verwys na Tydelike Regte en Tydelike Gemeente-Ontwikkeling:

Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Artikel 55 soos volg te wysig:

**ARTIKEL 55**

1. Die roeping van die kerk in sy gestuurdheid na die wêrelde (missio Dei) impliseer die toegewyde dienswerk van elke gelowige.

2. Elke gelowige ontvang van die Here die gawes, die geleenthede en die krag van sy Gees om in hulle daaglikslewe gestalte te gee aan God se liefde vir hierdie wêrelde.

3. Met die oog hierop behoort die kerk gelowiges toe te rus, te inspireer en te ondersteun.
4. Die kerk skep geleenthede waar gelowiges betrek word by die uitbou van die kerk en die uitbreiding van God se Koninkryk.
5. Dit staan gelowiges ook vry om ter wille van hulle dienswerk in die wêreld self aksies te begin, en netwerke en vennootskappe te vorm om die Koninkryk te bevorder.
6. Die kerk gee met gesonde oordeel sy seën en samewerking aan hierdie aksies, netwerke en vennootskappe wat ook in diens staan van die missio Dei.

#### **BEVOEGDHEID VAN LIDMATE (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 3 bl 113 pt 4.6) - verwys na Tydelike Regte en Tydelike Gemeente-Ontwikkeling**

Die Algemene Sinode keur goed dat 'n projekspan beperkte of volle bevoegdheid van lidmate (asook die nodige opleiding hiervoor) ondersoek en die Algemene Sinode met 'n aanbeveling dien.

#### **WYSIGING VAN KO ART 48 (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 3 bl 113 pt 5.2) - verwys na Tydelike Regte en Tydelike Gemeente-Ontwikkeling**

Die Algemene Sinode besluit om Kerkorde Artikel 48 soos volg uit te brei:

##### **ARTIKEL 48**

48.3 Die leiding van eredienste berus by een van die volgende persone:

48.3.5 Ouderlinge met toestemming van die ring en plaaslike kerkraad.

48.3.6 Lidmate met toepaslike opleiding/toerusting soos goedgekeur deur die ring en plaaslike kerkraad.

#### **LIDMAATBEMAGTING (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 3 bl 114 pt 7.10) – goedgekeur**

7.10.1 Die Algemene Sinode versoek dat lidmaatbemagting as 'n prioriteit oorweeg word en dat Rimpels as 'n projek voortgesit word.

7.10.2 Die Algemene Sinode versoek dat 'n projekspan saamgestel word wat 'n behoeftebepaling doen rondom watter materiaal nodig is vir die toerusting en begeleiding van volwasse lidmate.

### **17. VERKIESING VAN AKTUARIUS (vervolg)**

Die vergadering stem tussen die volgende persone: Johann Ernst, Quintus Heine en Dewyk Ungerer

### **18. VROUWE IN DIE KERK**

#### **VROUWE IN DIE KERK (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 4 bl 117 pt 7) – goedgekeur**

7.1 Die Algemene Sinode keur die beleid ten opsigte van vroue in die kerk (pt 6.1-6.4) goed.

7.2 Die Algemene Sinode word versoek om die Vrouelessenaar se werksaamhede as prioriteit te aanvaar.

7.3 Die Algemene Sinode keur die funksionering van die Vrouelessenaar soos voorgestel in pt 5, goed.

7.4 Indien die Vrouelessenaar as 'n prioriteit aanvaar word, word die volgende projekte aan die Vrouelessenaar opgedra:

7.4.1 Skakel ekumenies met die vroueleiers van ander kerke in koördinering met die ekumeniese skakeling van die NG Kerk.

7.4.2 Reël ten minste een ekumeniese geleentheid met die NG kerkfamilie sowel as die Gereformeerde (reformatoriese) kerke in Suid Afrika se vroue.

7.4.3 Koördineer die netwerk van kundiges uit die sinodes met betrekking tot vrouebediening soos uiteengesit in die funksionering van die Vrouelessenaar.

7.4.4 Dra by tot die emosionele versorging van predikantsgesinne en emeriti en hul vroue of weduwees.

Die vergadering verdaag om 13:00 vir middagete

### **EERSTE MIDDAGSESSIE**

Dr HH van der Linde (Hoëveld) verskyn ter vergadering  
Oudl SP Swanepoel (Hoëveld) is afwesig vir die res van die vergadering

### **19 . GROETEBOODSKAP**

Rev John Westendorp van die Christian Reformed Churches of Australia dra 'n groeteboodskap oor.

### **20. VERKIESING VAN AKTUARIUS (vervolg)**

Dr Johann Ernst is verkies as Aktuarius van die Algemene Sinode. Hy betuig sy dank teenoor die vergadering. Hy verduidelik dat die woord "aktuarius" beteken om seile te span sodat die skip kan kom waar hy moet wees. Hy vra dat die kerk eerder so sal dink oor die pos van Aktuarius. Hy wil die kerk help om by die bestemming uit te kom waartoe die Here ons lei en die kerk bring by die plek waar God is.

### **21. VERKIESING VAN ADDISIONELE LID**

Nominasies vir 'n addisionele lid word gevra.

## **22. EREDIENS/ LITURGIE**

**ARTIKEL 48.2 (A.12 Regte bl 270 pt 2.4) – goedgekeur**

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Art 48.2.**

## **23. MUSIEK**

**FLAM (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 6 bl 122 pt 4.5) – goedgekeur**

**4.5.1 Die Algemene Sinode ondersteun die samestelling en werkswyse van Flam.**

**4.5.2 Algemene Sinode moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologiese- en musikaal-gekeurde nuwe kontemporäre liedere.**

**FLAM-MUSIEKUITGEWERS (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 6 bl 122 pt 5.3) – goedgekeur**

**5.3.1 Die Algemene Sinode ondersteun die samestelling en werkswyse van Flam Musiekuitgewers.**

**5.3.2 Gemeentes word aangemoedig om die lede van Flam uit te nooi om die liedere in hul gemeentes te kom bekendstel.**

**PRODUKTE EN DIENSTE VAN FLAM (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 6 bl 122 pt 6.10) - Goedgekeur**

**6.10.1 Gemeentes en veral skribas word aangemoedig om so spoedig moontlik in te teken op Flam se nuusbrief om sodoende op hoogte te bly van nuwe geleenthede en produkte wat tot voordeel van die kerk kan wees.**

**6.10.2 Streek- en algemene sinodale vergaderings word aangemoedig om gebruik te maak van Flam se begeleidingsgroep tydens sinodesettings.**

**WERKSAAMHEDE VAN FLAM (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 6 bl 123 pt 8.2) – goedgekeur**

**8.2 Die Algemene Sinode oorweeg dat die werksaamhede van Flam as 'n prioriteit in die kerk voortgesit moet word en indien wel, dat die nodige fondse, soos in die verlede, daarvoor opsy gesit moet word.**

**WERKWYSE VAN VONKK (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 124 pt 2.4) – goedgekeur**

**2.4 Die Algemene Sinode ondersteun die werkswyse van VONKK en moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologies- en musikaal-gekeurde nuwe klassieke liedere.**

**CCLI (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 125 pt 4.2) – goedgekeur**

**4.2 Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vir die gebruik van VONKK- en FLAM-liedere by CCLI te registreer en ook erns te maak met die noukeurige rapportering aan CCLI van die VONKK- en FLAM-liedere wat gebruik word.**

**VONKK CD en DVD (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 125 pt 5.2) – goedgekeur**

**5.2 Die Algemene Sinode moedig gemeentes en lidmate aan om die nuwe VONKK CD en DVD aan te koop en ook lidmate aan te moedig om dit te koop**

**SAMEWERKING MET DIE NHKA (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 125 pt 6.2) – goedgekeur**

**6.2 Die Algemene Sinode ondersteun die samewerking wat tussen die NHKA en VONKK ontwikkel het en versoek VONKK om voort te bou aan hierdie samewerking.**

**VONKK EN TAIZÉ (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 125 pt 7.3) – goedgekeur**

**7.3 Die Algemene Sinode ondersteun die samewerking wat tussen VONKK en die Taizé-gemeenskap ontwikkel het, asook internasionale skakeling en leiding op die verskillende vlakke en versoek VONKK om daarop voort te bou.**

**LIEDERE VIR VONKK (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 126 pt 8.2) – goedgekeur**

**8.2 Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes, musici en liedskrywers om liedere wat aan die nodige kriteria voldoen aan VONNK te stuur sodat dit vir gebruik aan die breë kerk beskikbaar gestel kan word.**

**LIEDSKRYFKOMPETISIE (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 126 pt 9.2) - goedgekeur**

**9.2 Die Algemene Sinode ondersteun die liedskryfkompetsie wat deur die Oostelike Sinode en VONKK gereël word en moedig liedskrywers aan om daaraan deel te neem.**

**WERKSAAMHEDE VAN VONKK (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 7 bl 126 pt 10.2) – goedgekeur**

**10.2 Die Algemene Sinode keur dit goed dat die werksaamhede van VONKK as 'n prioriteit in die kerk voortgesit moet word.**

## **24. JEUG/ KATEGEBEDIENING**

**JEUGBEDIENING (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 8 bl 127 pt 4) – goedgekeur**

**4.1 Die Algemene Sinode word versoek om die bediening van die jeug as 'n prioriteit van die Algemene Sinode te aanvaar.**

**4.2 Indien Jeugbediening as 'n prioriteit aanvaar word, gee die Algemene Sinode opdrag dat 'n projekspan aangewys word wat aktuele jeugkwessies identifiseer en relevante tendense in jeugbediening navors om die kerk sodoende te adviseer om te verseker dat effektiewe jeugbediening plaasvind.**

**VOORSTEL: JEUGBEDIENING (WA Pretorius/ L Ungerer) – goedgekeur**

**Die Algemene Sinode word versoek om die bediening van die jeug (wat insluit studentebediening) as 'n prioriteit van die Algemene Sinode te aanvaar.**

**KATEGESE (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 9 bl 129 pt 4) – goedgekeur**

**4.1 Die Algemene Sinode oorweeg Kategese as 'n prioriteit van die Algemene Sinode.**

**4.2 Indien Kategese as prioriteit aanvaar word, word 'n projekspan aangewys om navorsing te doen, voorligting te gee en eietydse, relevante materiaal en ander hulpmiddels binne die raam van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG kerk te ontwikkel**

**25. GELOOFSONDERSKEIDENDE GESPREK OOR DIE AMPTE**

Ds Nico van Rensburg neem leiding. Die vergadering sing 'n paar liedere en daarna lees ds Nico van Rensburg uit Kol 1:15-20. Hy gee geleentheid vir gebede rondom die tafels. Die vergadering sing "Ons Vader neem ons hande".

Dr Ferdie Clasen hanteer die gesprek verder en gee geleentheid vir tafelgesprekke rondom die ampte. Dr Theo Swart bespreek die A-Z beleid. Prof Kobus Schoeman hanteer statistieke/ tendense tov gemeentelede se belewenisse rondom hulle leraars.

**26. VERKIESING VAN ADDISIONELE LID (vervolg)**

**NOMINASIELYS VIR ADDISIONELE LID**

André Bartlett  
Elize Bezuidenhout  
Jan Botha  
Lettie Büchner  
Gustav Claassen  
Gert Duursema  
Irma J van Rensburg  
Johan Janse van Rensburg  
Nico van Rensburg  
PJ Kruger  
Malan Nel  
Mossie Mostert  
Pine Pienaar  
Lizl-Louise Schoeman  
Marina Strydom  
Barry Tolmay  
Dirkie van der Spuy  
André van Niekerk  
Carin van Schalkwyk

Attie Bezuidenhout  
Frik Bosman  
Elsjé Büchner  
Ferdie Clasen  
Gerrit Cloete  
Johan Gouws  
Jacie Janse van Rensburg  
Marie J van Rensburg  
Nelis Janse van Rensburg  
Louis Louw  
Elize Morkel  
Danie Mouton  
Monty Sahd  
Egbert Steyn  
Melanie Thirion  
Dewyk Ungerer  
Ben van Dyk  
Rethie van Niekerk  
Chris van Wyk

**DIE VOLGENDE PERSONE ONTTREK:**

Attie Bezuidenhout  
Frik Bosman  
Gustav Claassen  
Elize Morkel  
Monty Sahd  
Marina Strydom  
Ben van Dyk

Elize Bezuidenhout  
Lettie Büchner  
Ferdie Clasen  
Mossie Mostert  
Lizl-Louise Schoeman  
Egbert Steyn  
André van Niekerk

Die vergadering stem met gesloten stembriefies.

Die vergadering verdaag om 15:30 vir verversings.

**TWEEDE MIDDAGSESSIE**

Dr Braam Hanekom neem die voorsitterstoel in.

## **27. GROETEBOODSKAP**

Rev Wilbert Runyowa van die Reformed Church of Zimbabwe dra 'n groeteboodskap oor. Dr Braam Hanekom gee geleentheid vir stilgebed vir Zimbabwe.

## **28. GELOOFSONDERSKEIDENDE GESPREK (vervolg)**

Dr Ferdie Clasen lig die vergadering verder toe oor die geloofsonderskeidende gesprekke rondom die ampte. Die vergadering gesels om die tafels oor die vraag: "Wat hoor ons sê die mense oor die ampte?"

Oudl Elize Bezuidenhout bid vir die leraars.

## **29. VERKIESING VAN ADDISIONELE LID (vervolg)**

Die vergadering stem tussen die volgende persone:

André Bartlett

Elsjé Büchner

Nelis van Rensburg

Dewyk Ungerer

Chris van Wyk

## **30. TEOLOGIESE OPLEIDING**

**UITGANGSPUNTE VIR DIE TEOLOGIESE OPLEIDING (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 2 bl 88 pt 1.2) - goedgekeur**

Die Algemene Sinode keur die volgende stellings goed as uitgangspunte van hoe daar gedink word oor teologiese opleiding en gee dit aan die voorgestelde Algemene Kuratorium en die Kuratoria deur as'n basis vir hulle werk:

1.2.1 Die NG Kerk staan in 'n tradisie wat deur die eeuwe deeglike teologiese opleiding as 'n uiters belangrike saak vir die kerk beskou het en baie tyd en bronne daarin geïnvesteer het. Die NG Kerk wil graag hierdie tradisie handhaaf en beskou die verantwoordelikheid vir teologiese opleiding as een van die sentrale take van die Algemene Sinode.

1.2.2 Die teologiese opleiding van die kerk is primêr gefokus op die opleiding en vorming van predikante vir die bediening van die kerk.

1.2.3 Die NG Kerk erken dat benewens hierdie hoofogmerk die teologiese opleiding van die kerk ons ook moet rekening hou met

+ Die opleiding van potensiële teoloë wat die kerk en evangelie dien deur voltyds te doseer en navorsing te doen oor die teologie en bv werk soos Bybelvertaling te kan doen.

+ Die opleiding van ander dienste/ampte soos wat die kerk dit mag nodig ag (bv jeugwerkers, pastorale werkers, evangeliste, ens)

+ Die opleiding en toerusting van lidmate wat geestelike werk in die gemeente of buite die gemeente wil doen inlyn met hulle gawes.

1.2.4 Die teologiese opleidingsinstansies moet ook help skep aan 'n wyer teologiese klimaat en gesprek in die kerk – onder predikante en lidmate. As die NG Kerk sy geloof reg wil leef, sal ons ook daaroor moet reflekteer en praat. Die kerk self het ook 'n verantwoordelikheid om hierdie gesprek te stimuleer en in stand te hou. Sonder hierdie teologiese klimaat en gesprek in die kerk sal teologiese skole ook moeilik hulle werk behoorlik kan doen.

1.2.5 Die NG Kerk is oortuig dat die teologiese opleidingsinstansies saam met sinodale sisteme en die gemeentes verantwoordelikheid dra vir die leeramp van die kerk – 'n wesenlike element van ons gereformeerde tradisie. Die kerk het 'n mede-verantwoordelikheid om die ruimte te help skep vir opleidingsinstansies om hierdie rol te kan speel.

1.2.6 Die NG Kerk aanvaar dat daar in die opleiding van predikante aandag gegee sal word aan die geïntegreerde vorming van kennis (logos), karakter (etos) en vaardighede en houdings (patos). Nie een van hierdie elemente "gebeur" vanself nie – dit vra intensionele aandag en tyd. Dit vra dat daar aan ten minste die volgende fasette gereelde aandag gegee moet word: aan die studente

+se geestelike lewens en dissiplines;

+se roepingsbewustheid;

+se psigiese gesondheid en persoonsgroei;

+se Bybelse en teologiese kennis en insig;

+se kontekstuele insig en oordeel;

+se verstaan van die kerk en van die roeping en werking van gemeentes;

+se vorming van spesifieke vaardighede wat vir die bediening nodig is.

1.2.7 Die NG Kerk aanvaar dat die kerk in nuwe tye en situasies gekonfronteer word met nuwe uitdagings. Dit mag van ons vra om nuwe antwoorde vir nuwe probleme te soek, om nuwe weë te eksplorere en selfs nuwe bedienings en praktyke te ontwikkel. Daarom wil die NG Kerk die persone betrokke by opleiding aanmoedig om hierdie uitdagings op te neem – met die nodige openheid, kreatiwiteit en verantwoordelikhedsin.

1.2.8 Teologiese opleiding kan nooit konteksloos gedoen word nie. Dat ons nou in Suider-Afrika leef en

werk, is deel van die werklikheid van die NG Kerk. Ons glo dat een van die groot uitdagings vir die kerk is om saam met ander gelowiges in ons land te vra wat ons gesamentlike roeping nou in Afrika is.

1.2.9 Hoewel die teologiese opleiding van die kerk veel meer vra as net akademiese opleiding, wil die NG Kerk bly streef na akademiese uitnemendheid in ons opleiding. Daarom sou die NG Kerk graag, solank dit moontlik is, die opleiding aan die universiteite in ons land, wat daarvoor voorsiening maak, wil koppel. Op die manier behou die kerke ook hulle presensie by die universiteite en het hulle 'n besondere geleentheid vir publieke getuienis en gesprek.

1.2.10 Die NG Kerk is bewus van die feit dat teologiese fakulteite ter wille van dienslewering aan meer denominasies in die land meer ekumenies geraak het in hul aanbod van kursusse. Ons het volle begrip daarvoor en oordeel dat dit ook belangrike voordele vir die kerke inhoud. Kontak met studente van ander denominasies kan ons studente voorberei vir 'n bediening waarin daar meer rekening gehou word as in die verlede met die eenheid van die kerk.

1.2.11 Terwyl ekumene en die eenheid van die kerk vir die NG Kerk baie belangrik is, glo die NG Kerk dat'n kreatiewe getrouheid aan ons eie gereformeerde identiteit en tradisie uiterbelangrik is en deel is van wat ons in die huis van die ekumene inbring. Ons besef dat die gereformeerde tradisie nie iets staties is nie, maar in nuwe situasies herbedink moet word. Die NG Kerk besef ook dat ons hierdie herformulering nie sal kan doen as ons ons eie tradisie nie teologies en histories baie goed ken nie. Wanneer die teologiese fakulteite in hul formele kursusse nie meer genoegsaam hieraan aandag kan gee nie, moet die kerk self verantwoordelikheid hiervoor aanvaar.

1.2.12 Hoewel maksimale residensie vir ons 'n voorkeur sal bly, wil ons dit moontlik maak vir meer tweedeloopbaanstudente om hulle roeping tot die bediening op te neem. Kuratoria word versoek om alternatiewe weë te ondersoek waardeur dit vir tweedeloopbaanstudente moontlik word om 'n groter deel van hul studie deeltjds te doen – sonder dat die nodige vormingswerk en praktiese voorbereiding vir die bediening afgeskeep word.

1.2.13 Die NG Kerk glo dat teologiese en bedieningsopleiding 'n lewenslange taak en verantwoordelikheid is. Daarom wil die NG Kerk graag 'n tradisie van lewenslange leer by ons predikante vestig. Ons is dankbaar vir die Algemene Sinode se verbintenis aan, en besluite oor, VBO en vra dat sinodes alles in hul vermoë doen om die vestiging van die praktyk goed te vestig.

#### **ALGEMENE KURATORIUM (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 2 bl 91 pt 2.6) – goedgekeur**

2.6.1 Die Algemene Sinode keur goed dat daar 'n Algemene Kuratorium tot stand kom en dat Artikel 5 van die Kerkorde gewysig word soos voorgestel in Bylaag 2.1 (soos geamendeer: L Ungerer/DJ Malan).

2.6.2 Die Algemene Sinode keur Bylaag 2.2 (soos geamendeer: L Ungerer/ DJ Malan) en Bylaag 2.3 goed.

2.6.3 Die Algemene Kuratorium word versoek om 'n fyn balans te handhaaf tussen sentralisering van wesenlike sake waaroer daar eenstemmigheid moet wees en genoeg selfstandigheid aan plaaslike kuratoria om hulle werk te doen.

#### **ALGEMENE KURATORIUM (T12.2 bl 10 pt 6.3.1) - goedgekeur**

6.3.1.2 Die Algemene Sinode besluit dat die volgende voetnotas by Art 5, soos gewysig, gevoeg word:

Art 5.1.1 vergelyk Regl 12:4.1

Art 5.1.2 vergelyk Regl 12:4.2.

6.3.1.3 Die Algemene Sinode besluit dat die bogenoemde aanbevelings van ATTO ivm die reglemente voorgestel in Bylaag 2.2 op bl 102 en Bylaag 2.3 op bl 104 verwys word na die ATR-werkswinkel.

#### **PREDIKANTEBEGELEIDING (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 1 bl 82 pt 3) – goedgekeur**

3.1 Die Algemene Sinode besluit dat predikantebegeleiding, in lyn met die strukturering van die Algemene Sinode se werk, 'n saak is wat as prioriteit hanteer word.

3.2 Indien Hoofstuk 6 van die A tot Z-Beleid goedgekeur word (sien VERSLAG OOR DIE UITROL VAN DIE A TOT Z-BELEID EN VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING), word die ATPB versoek om 'n opgedateerde inligtingstuk en CD voor te berei vir alle leraars en gemeentes.

3.3 Die Algemene Sinode keur die vervanging van langverlof deur Sabbatstyd goed soos uiteengesit en aanbeveel in BYLAAG 1.1: SABBATSTYD (5. VOORGESTELDE REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG) – verwys na Tydelike Regte en Tydelike Gemeente-Ontwikkeling.

3.4 Die Algemene Sinode bevestig die geïntegreerde "Bedieningsvreugde-Model" as uitgangspunt vir 'n holistiese benadering vir predikantebegeleiding in die NG Kerk.

3.5 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATPB om, indien dit met die strukturering van die Algemene Sinode se werk as prioriteit bepaal word, moontlikhede te ondersoek vir meganismes om gereelde gesprekke met leraars op verskillende lewensfases te voer oor die behoud van roeping en toewyding aan die bediening, asook emeritaat.

3.6 Die Algemene Sinode besluit dat die ATPB dringend uitvoering sal gee aan die opdrag mdo op die koördinering van alle rolspelers wat by predikante betrokke is en so spoedig moontlik sorg dat die ATPB, ATTO, ATR en VBO-Forum saam vergader.

3.7 Die Algemene Sinode versoek dat dringend navorsing gedoen word oor die mobiliteit, toekomstige voorsiening en emeritaat van predikante in die NG Kerk en die effek daarvan op die bediening in gemeentes van die kerk.

**TEOLOGIESE OPLEIDING** (A.3 Bevoegdheid bl 43 pt 6.6) – **goedgekeur** (hiermee is T.12.2 pt 2.2.1 ook afgehandel).

**6.6.1 Die Algemene Sinode aanvaar steeds dat die normale opleiding vir teologiese studente ses jaar van suksesvolle studie moet wees.**

**6.6.2 Die Algemene Sinode verleen tot by die volgende Algemene Sinode aan'n algemene kuratorium die volmag om met groot diskresie alle aansoeke van tweedeloopbaanstudente of persone op meer gevorderde ouderdom te oorweeg en die nodige aanbevelings te maak oor aanvullende studie met die oog op legitimasie.**

**VOORSTEL: GEWYSIGDE ART 5 VAN DIE KERKORDE** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 2.1 bl 101) (L Ungerer/ DJ Malan) – **goedgekeur**

**By BI 101 by punt 5.1.3 – Skrap alles na “legitimasierverklaring”.**

**By BI 102 by punt 1.1.2 – Skrap die woorde “op eie koste” (sien ook bl 91 punt 2.6.2).**

### **31. PREDIKANTEBEGELEIDING/ SABBATSTYD**

**PREDIKANTEBEGELEIDING: SABBATSTYD** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 1 bl 82 pt 3.3 en T.12.2 bl 8 pt 6.2.1)

**3.3 Die Algemene Sinode keur die vervanging van langverlof deur Sabbatstyd goed soos uiteengesit en aanbeveel in BYLAAG 1.1: SABBATSTYD (5. VOORGESTELDE REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG) – Die Algemene Sinode besluit dat die bogenoemde aanbeveling verwys word na die ATR-werkswinkel.**

### **32. BEVOEGDHEID/ BEVOEGDHEIDSRAAD/ PREDIKANTE A-Z**

**SENTRALE KANTOOR** (A.3 Bevoegdheid bl 45 pt 7.3) – **goedgekeur** (hiermee is T.12.2 bl 3 pt 2.3.1 ook afgehandel)

**7.3.1 Die Algemene Sinode skep 'n Sentrale Kantoor vir Bevoegdheid soos verwoord in pt 5.1 (pt 6.5) en pt 7 van hierdie verslag.**

**ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD** (A.12 Regte bl. 279 pt 2.8.5) – **goedgekeur**

**Die Algemene Sinode**

**2.8.5.1 besluit om 'n Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) daar stel om alle sake rakende bedieningsbevoegdheid namens die Algemene Sinode te hanteer;**

**2.8.5.2 versoek die Bestuurspan van die ASM om so gou moontlik kantoorfasiliteite tot beskikking van die ABR te stel;**

**2.8.5.3 keur die Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) goed (Punt 2.8.4 hierbo);**

**2.8.5.4 gee opdrag aan die ATR om te kontroleer watter wysigings aan die reglemente deur die instelling van die ABR nodig sal wees en die voorgestelde wysigings aan die Moderamen vir goedkeuring voor te lê;**

**2.8.5.5 Die Algemene Sinode besluit verder**

**2.8.5.5.1 dat alle proponente, bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband, ander persone met die bevoegdheid van bedienaar van die Woord en emeriti by die ABR regstreer en dat 'n jaarlikse registrasiefooi betaalbaar word.**

**2.8.5.5.2 om werkgewers te versoek om minstens 50% van die registrasiefooi vir 'n bedienaar van die Woord/proponent/emeritus in diens van 'n gemeente/kerkverband te betaal;**

**2.8.5.5.3 dat die jaarlikse registrasiefooi deur die Bestuurspan van die Moderamen op aanbeveling van die ABR en die ATF vasgestel word;**

**2.8.5.5.4 om op aanbeveling van die Tydelike ATR die eerste lede van die ABR aan stel.**

**2.8.5.6 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om, nadat advies van die ABR en die ATF ontvang is, die koördineerder/uitvoerende amptenaar aan te stel.**

**ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD – (A.12 Regte bl 279 pt 2.8.5.7) – nie goedgekeur nie**

**2.8.5.7 Die Algemene Sinode besluit om die aanvanklike registrasiefooi soos volg vas te stel: Bedienaars van die Woord en proponente in voltydse betrekkinge: R500 per jaar; Bedienaars van die Woord en proponente in deeltydse betrekkinge: R100 per jaar; Proponente sonder 'n betrekking, emeriti en teologiese studente: R50 per jaar.**

**VERLOFREËLINGS** (A.12 Regte bl 285 pt 2.25) – **goedgekeur**

**2.25.1 Die finalisering van die Reglement vir Verlof word na 'n werkinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.**

**HERSIENING VAN HOOFTUK 6 VAN DIE A TOT Z-HANDLEIDING AANGAANDE PREDIKANTE (BELEIDSAGTERGROND)** (A.3 Bevoegdheid bl 36 pt 5.1.1) – **goedgekeur**

**5.1.1 Die Algemene Sinode vervang Hoofstuk 6 van die A tot Z-Handleiding aangaande predikante (beleidsagtergrond) (vgl Agenda Algemene Sinode 2007, bl 253 tot 257) met die goedkeuring van die onderstaande Hoofstuk 6: (kyk Agenda 2011 bl 36-40)**

**HERSIENING VAN A TOT Z-BELEID AANGAANDE PREDIKANTE** (A.3 Bevoegdheid bl 40 pt 5.2) – goedgekeur  
**5.2.1 Die Algemene Sinode vervang pt 6 van die A-Z Beleid aangaande predikante (vgl Agenda Algemene Sinode 2007, bl 279) met die goedkeuring van die onderstaande pt 6: (kyk Agenda 2011 bl 40-41)**

**VBO - (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 2 bl 99 pt 9.6) - goedgekeur**

**Die Algemene Sinode**

**9.6.1 neem met dank kennis van die goeie vordering wat gemaak is met die implementering van die sinodebesluite van 2007 oor Voortgesette Bedieningsontwikkeling as deel van die beleid vir die bedieningsvreugde van predikante. Beskikbare informasie dui daarop dat tussen 70-80% van die leraars reeds ingeskakel het by die program en dat die kursusse oor die algemeen baie positief beoordeel word.**

**9.6.2 bedank sinodes, gemeentes en die VBO-instansies (Communitas, Excelsus en Shepherd) vir hulle gesindheid en vir die werk wat hulle gedoen het om van die program 'n sukses te maak.**

**9.6.3 bevestig sy verbintenis om die besluite oor Voortgesette Bedieningsontwikkeling verder deur te voer as 'n uitvloeisel van die NG Kerk se beleid vir predikante, die belangrikheid van teologiese opleiding en vorming en twv die professionaliteit van ons beroep.**

**9.6.4 doen 'n ernstige beroep op leraars om in die lig van die verpligte aard van Voortgesette Bedieningsontwikkeling self verantwoordelikheid vir hulle bedieningsvreugde en voortgesette bedieningsontwikkeling te aanvaar.**

**9.6.5 versoek sinodes, verantwoordelike kommissies of taakspanne en die huidige drie instansies vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling om ernstig aandag te gee aan die gehalte en toepaslikheid van die kursusse, deeglik kennis te neem van leraars en gemeentes se behoeftes en soepel te wees in hul toepassing en implementering van die program.**

**9.6.6 herbevestig dat hierdie program afhanklik is van die verhoudings binne, onderlinge sorg en toesig van ringe. Die Algemene Sinode versoek sinodes om in oorleg met die ringe soepel te wees in hul toepassing en implementering van die program terwyl daar met erns gewerk word aan die noodsaak van hierdie bedieningsontwikkeling vir die behoud van bedieningsbevoegdheid.**

**9.6.7 doen 'n beroep op die sinodes, ringe en gemeentes om indien enigsins moontlik medeverantwoordelikheid vir die voortgesette bedieningsontwikkeling van predikante wat aan die program deelneem, te aanvaar.**

**VOORSTEL: EMERITUS AS HUWELIKSBEVESTIGER** (A.3 Bevoegdheid bl 35 pt 4.1.5.3) (LB de Villiers/ GC Roets) – goedgekeur en verwys na Tydelike Regte en Tydelike Gemeente-Ontwikkeling  
Voeg by punt 4.1.5.3 op bl 35 in: "Tree as huweliksbevestiger op".

### **33. VERKIESING VAN ADDISIONELE LID (vervolg)**

Die vergadering stem tussen Elsjé Buchner en Nelis J van Rensburg.

### **34. KERKLIKE TRIBUNALE/ TUG/ DISSIPLINE**

**TUG EN DISSIPLINE** (A.12 Regte bl 274 pt 2.7.3 ) – goedgekeur

**Die Algemene Sinode**

**2.7.3.1 keur die voorgestelde wysigings aan Artikel 58 tot Artikel 66 (Hoofstuk 5 van die Kerkorde) met 'n tweederdemeerdeerdheid goed.**

**2.7.3.2 keur die bykomende voorstel by Artikel 63 met 'n tweederdemeerdeerdheid goed.**

**2.7.3.3 keur die bykomende voorstel by Artikel 66 met 'n tweederdemeerdeerdheid goed.**

### **35. TERMYNPOSTE/ JEUGWERKERS**

**VASTE TERMYNPOS** (A.12 Regte bl 281 pt 2.12.3) – goedgekeur

**2.12.3 Die finalisering van die Reglement vir Vaste Termyn kontrakposte word na'n werkinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.**

**JEUGWERKERS** (A.12 Regte bl 282 pt 2.15) – goedgekeur

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor die opleiding en amptelike status van jeugwerkers nie.

### **36. DIENSVERHOUDINGE**

**DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING** (A.6 Diensverhoudinge bl 71 pt 2.3; T.12.2 bl 6 pt 4.1.1) -  
Die Algemene Sinode besluit dat die saak oorstaan tot met die hantering van die verslag van die ABR (A.12 bl 279 pt 2.8.5).

## Die Algemene Sinode

2.3.1 besluit dat, in die lig van die voorgestelde Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad, die werksaamhede van die ATDV in die toekoms 'n werksaamheid van hierdie kantoor sal word.

2.3.2 besluit dat die ATDV as Taakspan ontbind en sy werksaamhede word oorgeplaas na die werksaamhede van die Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad.

2.3.3 gee opdrag aan die ATDV/Kantoor van die Algemene Bevoegdheidsraad om voortdurend die Bestuurshandleiding te hersien in die lig van veranderende wetgewing en sinodale besluite.

2.3.4 begroot vir die voortdurende hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.

## **VERLOFREGLEMENT (T12.2 bl 6 pt 4.2) - goedgekeur**

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van die Kerkorde.**

## **37. VERKIESING VAN ADDISIONELE LID (vervolg)**

Ds Nelis J van Rensburg is verkies as addisionele lid op die Moderatuur. Hy sê ons is in 'n wonderlike kerk in 'n wonderlike land en hy is opgewonde oor die kerk. Ons is 'n kerk wat 'n verskil wil maak.

Prof Nelus Niemandt neem weer die voorsitterstoel in.

## **38. VIERING VAN DIE VROU AS PREDIKANT**

Die vergadering ruim tyd in om die toelating van vroue tot die amp van predikant 21 jaar gelede (1990) te herdenk.

\*1 Prof Niemandt bedank die vroue vir die wonderlike werk wat hulle in die kerk doen.

\*2 Ds Nico van Rensburg lei die herdenkingsliturgie. Die vergadering sing Liedboek 528.

\*3 Ds Norma Rossouw betuig haar dank teenoor die Here vir die 21 jaar van genade vir vroue in die amp van predikant.

\*4 Oudl Elize Bezuidenhout steek simbolies 'n kers aan ter viering van die 21 jaar van genade terwyl die vergadering Liedboek 577 sing.

\*5 Ds van Rensburg vra dat alle dames staan terwyl die vergadering hulle die Aäronitiese seën toe (Vonkk 74) toesing..

Dr Kobus Gerber tref enkele praktiese reëlings tov die aand se Verhelderingsgesprekke.

Die vergadering verdaag om 18:20 vir aandete nadat ds Lizi-Louise Schoeman die tafelgebed gedoen het.
---

# DERDE SITTINGSDAG: 12 OKTOBER 2011

## EERSTE OGGENDSESSIE

ME Jansen van Rensburg (Wes-Transvaal) – verskoning vir die hele dag  
SP Swanepoel (Hoëveld) – verskoning tot Donderdag 10:30

### 1. OPENINGSLITURGIE

Die vergadering sing Liedboek 409 terwyl ds Norma Rossouw die Christuskers aansteek. Verdere samesang vind plaas uit Vonkk 5, Vonkk 421, Liedboek 265 en Vonkk 70. Ds Norma Rossouw lees uit Kol 1:15-20 waarna geleentheid vir gebed gegee word.

### 2. GELOOFSONDERSKEIDENDE GESPREK

Ds Nelis van Rensburg verwelkom almal. Die onderwerp van die dag is *Die identiteit van die NG Kerk*. Die vergadering kyk om die tafels na die Skriftuurlike begronding van ons Gereformeerde Identiteit.

Dr James Kirkpatrick gee perspektief oor die onderwerpe van die dag waarna tafelgesprekke volg oor *Wat sê die tradisie en mense oor die kerk en wat doen God in Afrika met 'n kerk met hierdie identiteit?*

Ds Nelis van Rensburg doen 'n gebed waarna die Moderator die voorsitterstoel inneem.

### 3. UITTREDENDE LEDE VAN DIE MODERATUUR

Afskeid word geneem van die 2 uittredende lede van die Moderatuur nl prof Piet Strauss en me Rinel Hugo.

### 4. APOSTOLICUM

**APOSTOLICUM: 'N EIETYDSE INTERPRETASIE** (A.10 Leer en Aktuele Sake bl 167 pt 3; A.10 (Aanvullende verslag) bl 1; T.10.1 bl 1 pt 2.4) – goedgekeur

2.4.1. Die Algemene Sinode neem kennis van die konsep-formulering van die eerste deel van die Apostolicum soos aan die vergadering voorgelê en aanvaar die styl en formaat daarvan.

2.4.2 Die Algemene Sinode versoek die werkgroep om die projek te voltooi en die teks soos dit vorder vir kommentaar op die internet aan te bied.

2.4.3. Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die lede van hierdie taakgroep, veral diegene uit die geledere van ons NG Kerkfamilie, vir die harde en deeglike werk wat hulle gedoen het en waardeer hulle voortgesette betrokkenheid hierby.

2.4.4 Die Algemene Sinode versoek ook die Apostolicum-werkgroep om 'n korter en meer populêre weergawe (nog meer eenvoudige weergawe) vir tieners en lidmate te formuleer.

2.4.5 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die verdere hantering van die projek, soos wat ATLAS dit in die volgende maande aan die vergadering sal voorliê, te hanteer met die oog op die voltooiing en afhandeling daarvan.

### 5. SKRIFBESKOETING

**SKRIFBESKOETING** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 3 bl 192 punt 5 bl 192; T.10.1 pt 2.5) – goedgekeur

5.1 Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring *Skrifgebruik en Skrifgesag*, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.

5.2 Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word.

5.3 Die Algemene Sinode besluit om al die dokumente oor Skrifverstaan in een bundel aan al die sinodes te stuur met die versoek om dit aan leraars en gemeentes in hulle sinodale gebiede deur te stuur en gesprek daaroor te faciliteer.

**VOORSTEL: SKRIFBESKOETING** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 3 bl 192 pt 5.1) (T Danzfuss / JFT du Plessis) – nie goedgekeur nie

Wysig 5.1 soos volg:

5.1 Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring "Skrifgebruik en Skrifgesag" soos aanvaar by die Sinode van 2004, tesame met NGB Artikels 3-7, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.

## **6. KERK EN WETENSKAP**

**KERK EN WETENSKAP (T.10.1 bl 1pt 2.6) – goedgekeur**

**2.6.1 Die Algemene Sinode keur die hantering van die saak deur die ASM goed en neem kennis van die formulering as 'n standpunt-stuk van die ASM.**

**2.6.2 Die Algemene Sinode bedank graag alle wetenskaplikes, wat as Christene hulleself in die openbaar blystel ter wille van hulle geloofsoortuigings, terwyl hulle as Christene met oorgawe as wetenskaplikes hulle professie uitoefen.**

**KERK EN WETENSKAP (A.11 Moderamen bl 212 pt 7.6.2) – afgehandel met T.10.1 pt 2.6**

7.6.2 Die Algemene Sinode besluit om die standpunt *Kerk en Wetenskap* goed te keur.

## **7. GROETEBOOSKAP**

Dr Donald Katts, Moderator van die Volkskerk van Afrika, bring 'n groeteboodskap.

Die vergadering verdaag om 10:30 vir verversings.

## **TWEEDE OGGENDSESSIE**

## **8. GROETEBOODSKAP**

Dr Jan Cloete van die Calvyn Protestantse Kerk bring sy kerk se groeteboodskap aan die vergadering.

## **9. DOOP**

**DOOP (T.10.1 bl 1 pt 2.2; Beskrywingspunte B.1 en B.2 bl 291) – word soos volg goedgekeur:**

**2.2.1 Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.**

2.2.2 Die Algemene Sinode vra daarom gemeentes om hierdie Doopbeskouing met entoesiasme te verkondig en met oortuiging toe te pas – **nie goedgekeur nie**.

**2.2.3 Die Algemene Sinode gee terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde Doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus.**

2.2.4 Die Algemene Sinode erken dat daar in die NG Kerk bepaalde lidmate is wie se beskouing oor die doop nie in ooreenstemming is met ons verstaan van die Christelike geloof nie, maar dat hulle tog wil leef uit God se genade en graag deel wil wees van die NG Kerk – **nie goedgekeur nie**.

2.2.5 Die sinode wil daarom hierdie lidmate omarm en insluit by die gemeenskap van gelowiges en voortgaan om aan hulle die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop te kommunikeer – **nie goedgekeur nie**.

2.2.6 (punt 9.1.1 van die aanbevelings van ADGO Bylaag 11, p 146 volg verder) – **pt 9 bl 146 word afsonderlik hanteer**

## **ORDEREËLING TOV VOORSTELLE/ AMENDEMENTE – DOOP**

Die voorsitter reël dat die voorstellers van bykomende voorstelle en amendemente tov pte 2.2.4 en 2.2.5 van T.10.1 Tydelike Leer en Aktuele Sake mekaar ontmoet en dat al die sake saam dien.

**DOOPVIERING/ DOOPHERINNERING (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 11 bl 146 pt 9) – word soos volg goedgekeur:**

### **9.1 VERTREKPUNTE**

**9.1.1 Die Sinode is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en 'n rykdom van teologie ontsluit.**

**9.1.2 Die Sinode bevestig weer dat die verbondsteologie sentraal staan in die beredenering van doopherdenking of -herinnering.**

9.1.3 Die Sinode is bewus daarvan dat die Taakspan Kategese oor belydenisaflegging besin wat vertrou word 'n gesprek sal insluit oor die nagmaal wat bedien word aan kinders – **nie goedgekeur nie**.

**9.1.3 Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle geleei word tot 'n toe-eining van die heil (belydenisaflegging) wat nie aan 'n bepaalde ouerdom gekoppel kan word nie (soos tans in die kerkorde vasgestel word), en versoek daarom die Taakspan Kategese om die plek, aard en ouerdom vir belydenisaflegging te ondersoek (Amendement JJ Lubbe / GJ Duursema).**

**9.1.4 Die Sinode besluit om niks by te voeg tot die gesprek oor die doop, kindernagmaal en kategese nie maar wel net te fokus op die opdrag oor doopviering.**

### **9.2 TERMINOLOGIE**

**9.2.1 Die Sinode beveel aan dat die kerk eerder die woorde doopherdenking of doopherinnering sal gebruik.**

### **9.3 RIGLYNE VIR DIE HERDENKING/HERINNERING**

**9.3.1 Die Sinode bevestig dat die heil altyd en in alle omstandighede gevier moet word.**

9.3.2 Die Sinode beveel aan dat lidmate wat 'n spesiale(intense) geloofservaring beleef het, begelei moet word tot die besef dat nie die doop nie maar die nagmaal die primêre plek van viering is – **nie goedgekeur nie**.

**9.3.2 Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat die gereelde viering van die nagmaal die primêre plek van viering is.** (Amendement JJ Pelser / JA Botha)

9.3.3 Die Sinode besluit dat enige praktyk wat die suggestie skep dat die handeling wat uitgevoer word eintlik 'n herdoop of weerdoop is, afgewys moet word – **nie goedgekeur nie**.

**9.3.3 Die Algemene Sinode bevestig dat die doopherinnering/viering nie as 'n her/weerdoop interpreteer mag word nie maar direk met die verbonds/christelike doop saamhang** (Amendement JJ Pelser / JA Botha).

9.3.4 Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om geleenthede te skep waar doopherinnering of herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.

9.3.5 Die Sinode beveel aan dat sakramentsviering 'n groter rol binne liturgie, kategese en die erediens sal speel.

**VOORSTEL: DOOPHERINNERING/ DOOPHERDENKING** (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 11 bl 146-147 pt

9.3) (AL Bartlett / GF Claassen) – **goedgekeur**

**Die Algemene Sinode gee aan 'n projekspan opdrag om ondersoek te doen na wyses waarop daar aan doopherinnering / doopherdenking gestalte gegee kan word.**

**VOORSTEL: OPTREDE VAN LERAARS** (T.10.1 bl 1pt 2.2; A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 11 bl 146 pt 9; B.1 en B.2) (T Danzfuß / JFT du Plessis) – **nie goedgekeur nie**

Die Sinode wys al die bedienaars van die Woord wat deur hul woorde of hul optrede 'n tweede doop naas die verbondsdoop propageer, dat hulle hulself skuldig maak aan 'n tugwaardige optrede.

**AMENDEMEN TO VOORSTEL: OPTREDE VAN LERAARS** (MR van der Spuy / MP Botha) – **nie goedgekeur nie**

Voeg woorde "en kerkraadslede" in na "bedienaars van die Woord".

## **10. GROETEBOODSKAP**

Dr Jerry Pillay, President van die World Community of Reformed Churches en Algemene Sekretaris van die Uniting Presbyterian Church in Southern Africa bring 'n groeteboodskap.

Die vergadering verdaag om 13:16 vir middagete

## **EERSTE MIDDAGSESSIE**

Dr Johan Gouws (Hoëveld) verskoning vanaf 14:00 tot aan einde van die dag

## **11. GROETEBOODSKAP**

Biskop Bannerman van die Anglican Church of South Africa dra die groete van ACSA aan die Algemene Sinode oor.

## **12. DOOP (vervolg)**

**AMENDEMEN TO DOOP** (T.10.1 bl 1 pte 2.2.2, 2.2.4, 2.2.5 en 2.2.6) (AL Bartlett / J Pelser) – **goedgekeur**

**2.2.2 Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.**

**2.2.4 Die Algemene Sinode gee dankbaar erkenning aan lidmate wat ten spyte van hulle ander verstaan van die doop steeds lojaal bly aan die kerkverband en wil hulle verseker dat hulle 'n geestelike tuiste in die NG Kerk het.**

**2.2.5 Die Algemene Sinode vra oreg verskoning vir lidmate wat op een of ander wyse rondom die doop seergekry het, en nooi hulle uit tot onderlinge gesprek waar daar op pastorale wyse saam oor die saak gesels en gebid kan word.**

**2.2.6 Die Algemene Sinode verseker lidmate wat die NG Kerk vanweë hulle doopverstaan verlaat het, dat die NG Kerk 'n geestelik tuiste wil wees vir alle kinders van die Here en nooi hulle hartlik uit om hulle regmatige plek in hulle plaaslike NG gemeente in te neem en saam te werk aan die koms van God se koninkryk.**

**VOORSTEL: DOOP** (Beskrywingspunte B.1 en B.2 bl 291) (JJ Pelser / JA Botha) – **nie goedgekeur nie: verval in die lig van bestaande voorstel:**

1. Die Algemene Sinode bevestig dat hy 'n belydeniskerk is met 'n bepaalde belydenis rondom die verbondsdoop. Hierdie oortuiging is herhaaldelik bevestig en voorsien nie dat dit in die toekoms gaan verander nie.

2. Die Algemene Sinode het begrip, respek en empatie met lidmate wat 'n ander oortuiging oor die doop het. Ons neem kennis van die groot verskeidenheid nuanseringe wat daarvan gepaard gaan.
3. Ons gee dankbaar erkenning aan lidmate wat hul verstaan van die doop ten spyte, steeds lojaal bly teenoor die kerkverband en wil hulle verseker dat hulle 'n geestelike tuiste in die NG Kerk het.
4. Ons bied verder grondiglik verskoning aan lidmate wat op een of ander wyse rondom die doop seergeskry het en is jammer daaroor. Ons nooi u opnuut uit tot onderlinge gesprek waar ons op broederlike wyse oor die saak kan saamgesels en bid.
5. Ons verseker lidmate wat die Kerk oor baie jare vanweë hulle doopverstaan verlaat het, dat die NG Kerk 'n geestelike tuiste kan wees vir die kinders van die Here en nooi u hartlik uit om u regmatige plek in die plaaslike NG Gemeente in te neem en saam te werk aan die koms van God se Koninkryk.

#### **AMENDEMEN: DOOP (T.10.1 bl 1 pt 2.2.4 en 2.2.5) (AL Bartlett/EP Büchner) – nie goedgekeur nie**

Dat 2.2.4 en 2.2.5 in die Tydelike Verslag vervang word met die volgende:

Die Algemene Sinode doen 'n beroep op Kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging en deernis te kommunikeer, ook aan lidmate wat ander beskouinge aan die doop huldig.

#### **VOORSTEL: DOOP/ NAGMAAL (T.10.1, Beskrywingspunte B.1 en B.2 bl 291) (GF Claassen / HL Carelsen) – goedgekeur**

**AKLAS word versoek om die Sinode te bedien met 'n dokument wat die noodsaak van die verhouding tussen die doop as eenmalige toesegging in die heil en nagmaal as herhalende viering van die heil binne die verbondsteologie belig.**

#### **AMENDEMEN: DOOP (T.10.2 bl 1, A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 11 bl 146-147 pt 9.3, Beskrywingspunte B.1 en B.2 bl 291) (LK Louw / DE van der Spuy) – word soos volg goedgekeur:**

1. Die Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit – nie goedgekeur nie.
2. Daarom word gemeentes gevra om hierdie Doopsbeskouing met entoesiasme te verkondig en met oortuiging toe te pas – nie goedgekeur nie.
3. Terselfdertyd gee ons erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde Doopsbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus – nie goedgekeur nie.
4. So is daar ook in die NG Kerk bepaalde lidmate wie se Doopsbeskouing nie suiwer gereformeer is nie, maar tog wil leef uit God se genade en graag deel wil wees van die NG Kerk – nie goedgekeur nie.
5. Derhalwe wil die Sinode ook hierdie lidmate omarm en volledig insluit by die gemeenskap van die gelowiges – nie goedgekeur nie.
6. Dit staan Kerkrade ook vry om toepaslike rituele te vestig wat die behoefté van sulke lidmate opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus. Hierdie rituele is nie Sakamente nie en vervang nie die Verbondsdoop nie – goedgekeur.

### **13. BYBELVERTALING, -VERKLARING EN -VERSPREIDING**

#### **BYBELVERTALING (A.4 Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding bl 47 pt 1.4) – goedgekeur**

##### **1.4.1 Voltooide vertalings**

Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* en die betrokke vertaalspan vir die voltooiing van *Die Bybel vir Dowes* (en *Die Bybel vir almal*) en doen 'n beroep om lidmate om die gebruik hiervan wyd aan te moedig.

##### **1.4.2 Vordering met die nuwe vertaalprojek (ABV)**

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die mate van vordering in die projek vir die bronteksgeoriënteerde vertaling van die Bybel in Afrikaans.

##### **1.4.3 Rol van NG Kerk-lidmate**

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot aantal lidmate wat as teoloë, brontaal- en doeltaalkenners as medewerkers betrokke is by die ABV.

##### **1.4.4 Webblad**

Die Algemene Sinode moedig ons lidmate en gemeentes aan om op die BSA se webblad kennis te neem van die projek en sy vordering, asook van enige proefvertalings wat daar bekendgestel word.

##### **1.4.5 Finansiële steun vir ABV**

Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae vir die ABV van onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansieel te ondersteun.

##### **1.4.6 Opdrag**

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATBV om steeds sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.

#### **BYBELVERKLARING (A.4 Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding bl 48 pt 2.4) – goedgekeur**

##### **2.4.1 SGB-reeks**

Die Algemene Sinode versoek die ATBV om voort te gaan met die SGB-reeks en dit tot voltooiing te bring.

#### 2.4.2 Dank teenoor Lux Verbi.BM

Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor Lux Verbi.BM vir die diens wat deur die jare gelewer is ten opsigte van die elektroniese en ander vorme van publikasie van die SBG-reeks.

#### 2.4.3 Samewerking met die VGKSA

Die Algemene Sinode ondersteun die nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en -verklaring.

### BYBELVERSPREIDING (A.4 Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding bl 50 pt 3.7) – goedgekeur

#### 3.7.1 Dank vir ondersteuning

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en oopregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk vir hul besondere en volgehoudende ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling, in die verspreiding van die Bybel asook diens op die verskillende beheerliggame van die Bybelgenootskap.

#### 3.7.2 Aktiewe betrokkenheid, gebed en finansiële ondersteuning

Die Algemene Sinode versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoudende gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te bly wees. Elke R35 help die Bybelgenootskap om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel en kan as doelwit per lidmaat per jaar gestel word.

#### 3.7.3 Streekkomitees van die BSA

Die Algemene Sinode versoek streeksinodes om gereeld, by verstryking van termyne, predikante en lidmate, vir wie die saak van Bybelverspreiding na aan die hart lê, as verteenwoordigers op die Streekkomitees van die Bybelgenootskap te benoem.

### BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING: FUNKSIONERING VAN TAAKSPAN ATBV (A.4

Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding bl 50 pt 4.2) – goedgekeur

#### 4.2.1 Personeel

Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn in die ATBV te dien:

##### 4.2.1.1 Deur NG Kerk Dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel:

OT: Proff HL Bosman (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV)

NT: Proff HJB Combrink (US), GJ Steyn (UP), HC van Zyl (UV)

##### 4.2.1.2 Deur VGKSA aanbeveel:

Proff PJJS Els (OT), GD Cloete (NT)

##### 4.2.1.3 Deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel:

Di GS Kritzinger en DC Taljaard

##### 4.2.1.4 Vakkundiges deur ATBV aanbeveel:

Proff JA Naudé en CHJ van der Merwe (Hebreus/Vertaalkunde), JA du Rand (NT) en DF Tolmie (NT).

#### 4.2.2 Begroting

Die Algemene Sinode begroot vir die werkzaamhede van die Taakspan ATBV

### BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING: FUNKSIONERING VAN DIE TAAKSPAN ATBV

(T.12.2 pt 3.1.1) – goedgekeur

Die TRK het die wysigings nagegaan en vind dit in orde dat die Reglement (ATBV) dienooreenkomsdig gewysig word deur die ATR en met die goedkeuring van die Moderamen.

### 14. GELOOFSONDERSKEIDENDE GESPREK (vervolg)

Ds Nico van Rensburg neem leiding. Die vergadering sing enkele liedere waarna Kol 1:15-20 gelees word.

Geleentheid word vir tafelgesprekke en gebed gegee.

### 15. GROETEBOODSKAP

Biskop Peter Witbooi van die Metodiste Kerk bring namens hulle denominasie 'n groeteboodskap.

Die vergadering verdaag om 16:15 vir verversings

### TWEEDE MIDDAGSESSIE

Ds Jannie Pelser (Wes-Transvaal) verskoning vanaf 16:00 tot aan einde van die dag

Dr LL Bosman (Oostelike Sinode) verskoning vanaf 1600 tot Donderdag om 10:30

### 16. GROETEBOODSKAP

Ds Vasco Kachipapa van die Church of Central Africa Presbyterian (Nkhoma Synod), Malawi, bring 'n groeteboodskap.

## **17. HUWELIK EN SAAMWOON**

**HUWELIK EN SAAMWOON** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 4 bl 204 pt 6) – **goedgekeur soos deur Tydelike Leer en Aktuele Sake gemaendeer** (vgl amendement direk hierna):

**6.1 Die Algemene Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruiken soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.**

**6.2 Die Algemene Sinode erken dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit) vandag 'n werklikheid in die samelewning is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon. Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as 'n belangrike aspek van 'n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.**

**6.3 Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betrekking betref, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekter in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respekte en eksklusiwiteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.**

**6.4 Die Algemene Sinode is nogtans daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat 'n Christelike huwelik is: 'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseen of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as 'n wettige huwelik.**

**6.5 Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele ooreenkoms nie aan Christelike riglyne voldoen nie.**

**6.6 Die Algemene Sinode beskou die reëlings van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontneem wanneer hulle na die dood van 'n eggenoot/eggenote weer in die huwelik wil tree, as eties problematies.**

**6.7 Die Algemene Sinode wil mense wat in 'n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.**

**6.8 Bostaande besluite word nie afsonderlik nie, maar deurgaans as 'n eenheid beskou oor die kerk se standpunt ten opsigte van die saamwoon van ongetroudes.**

**AMENDEMENNT: HUWELIK EN SAAMWOON** (T.10.1 bl 2 pt 2.8) (Tydelike Leer en Aktuele Sake) – **goedgekeur**

**1. Die Kommissie volstaan met aanbevelings 6.1 tot 6.8 slegs met verandering van 6.3 waar die woord "erken" vervang word met "is bewus daarvan" en 6.4 waar "verkieslik" vervang word met "sovér as moontlik"**

**2. 'n Verdere punt 6.9 word bygevoeg: Die Algemene Sinode aanvaar dat al die implikasie rondom die bevestiging van 'n enkel kerklike huweliksverbintenis nog nie uitgeklaar is nie en daarom op hierdie stadium nie ten gunste van so 'n reëeling nie.**

**AMENDEMENNT: HUWELIK EN SAAMWOON** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 4 bl 204 pt 6) (J Janse van Rensburg / JSJ Swart) – **soos volg goedgekeur:**

**6.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en spreek sy waardering uit vir die kommissie se eerlike poging om verantwoordelik met hierdie kontekstuele saak om te gaan – goedgekeur (vorm 'n nuwe 6.1 vir besluit).**

**6.2 Punt 6.4 word 6.2**

**6.3 Die Algemene Sinode moedig daarom mense wat saamwoon aan om hulle tot 'n vaster verhouding in die huwelik te verbind, as 'n uitdrukking van hulle toewyding aan mekaar en God. (Die verslag se eie bewoording in 5.5)**

**6.4 Die Algemene Sinode beskou die reëlings van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontneem wanneer hulle na die dood van 'n eggenoot/eggenote weer in die huwelik tree, as eties problematies en onderneem om nogeens met die betrokke owerhede hieroor in gesprek te tree – goedgekeur (6.6 van voorstel word behou maar uitgebrei).**

**6.5 Bostaande impliseer dat 6.1, 6.2, 6.3 en 6.8 verval.**

**VOORSTEL: HUWELIK EN SAAMWOON – PASTORALE VERSORGING** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 4 bl 205 pt 6.7) (JHG Gous / M Thirion) – **goedgekeur**

**Die Sinode versoek leraars om in pastorale hantering van pare-in-verhouding, hulle met deernis te begelei van onvolledige verbintenisse na die omvattende, Bybelse verbintenis van die Christelike huwelik, en hierdie ideaal nooit af te water nie.**

**VOORSTEL: HUWELIK EN SAAMWOON** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 4 bl 204 pt 5.4) (FH Lamprecht / PJ Dorey) – goedgekeur

Die Algemene Sinode verwys vir ondersoek na ‘n kommissie die vraagstuk van die veranderende seksuele raamwerk en seksuele waardes van ons gemeenskappe.

**VOORSTEL: HUWELIJKSKURSUS** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 4 bl 205 pt 6) (C Hurter / M Grobler) – goedgekeur

Die Sinode word versoek om ‘n huwelikskursus te ontwikkel wat aan die jeug en ander vrywillig bedien word in die jaar na belydenis aflegging. Die oorsprong van huweliksprobleme word dan aangespreek en word die simptome (soos saamwoon) voorkom. Tans is die leiding vir die huwelik nie voldoende nie en word voorbeelde van ouers en die media slaafs nagevolg.

**VOORSTEL: HUWELIK** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 4 bl 205 pt 6.8) (T Erasmus / PJ Dorey) – soos volg goedgekeur:

Byvoeging na punt 6.8:

1. Die Algemene Sinode bevestig die plek en waarde van die Christelike huwelik in die kerk en die gemeenskap en motiveer leraars en lidmate om die duursaamheid daarvan te bevorder.
2. Die Algemene Sinode versoek leraars en lidmate om gesonde huwelike aktief te bevorder en moeite te doen met huweliksvorbereiding en huweliksverryking, omdat die idee en praktyk van huwelike verskraal het.
3. Die Algemene Sinode motiveer gemeentes om jaarliks op die tweede Sondag van Februarie wêrldhuweliksdag te vier.

**VOORSTEL: GESPREK MET STAAT** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 4 bl 204 pt 6.1 en 6.2) (L Ungerer / GJ Kok) – goedgekeur

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om weë te soek waarin daar met die staat en ander rolspelers in gesprek getree word om wyses te vind waar daar nie teen persone gediskrimineer word op grond van die voortgaande voordele verbonde aan mediese fondse en pensioenskemas nie.

## 18. BEDIENING VAN BEVRYDING

**BEDIENING VAN BEVRYDING** (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 2 bl 187 pt 14) – goedgekeur

14.1 Die Algemene Sinode bely met blydschap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duivel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.

14.2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onself, ook huis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.

14.3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in ‘n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.

14.4 Die Algemene Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos ‘n brullende leeu en versoek soos ‘n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.

14.5 Daarom meen die Algemene Sinode dat enige sogenaamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelie is nie en ook geen vryheid bring nie.

14.6 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.

14.7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar ‘n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duivel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreteer.

14.8 Die Algemene Sinodeoordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat ‘n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.

14.9 In die lig daarvan is dit die oordeel van die Algemene Sinode dat ‘n bediening van bevryding as ‘n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so ‘n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:

14.9.1 die bediening van bevryding as ‘n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van ‘n roetine-pastoraat nie;

- 14.9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;
- 14.9.3 die persoon ook vir mediese evaluering verwys moet word. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op persone wat so 'n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatrisee versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;
- 14.9.4 daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang konfronterende gesprekke met bose magte asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding (soos geamendeer deur Tydelike Leer en Aktuele Sake);
- 14.9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyle wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.
- 14.10 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar 'n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Algemene Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.

#### **BEDIENING VAN BEVRYDING (T.10.1 bl 1pt 2.3) – goedgekeur**

Die kommissie volstaan met verslag en aanbevelings, behalwe 14.9.4 waar die woorde "en afgestorwenes" geskrap word.

#### **AMENDEMEN: BEDIENING VAN BEVRYDING (A.10 Leer en Aktuele Sake Bylaag 2 bl 187 pt 14) (AL O'Kennedy / RC Thorne ) – nie goedgekeur nie**

1. Wysig 14.7 om soos volg te lees en maak dit 14.1:

Die Algemene Sinode neem kennis dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. VERWERP

2. Wysig 14.9 om soos volg te lees:

14.9 In die lig daarvan oordeel die Algemene Sinode dat 'n bediening van bevryding met groot verantwoordelikheid binne die volgende riglyne moet plaasvind:

3. Skrap 14.9.1

4. Wysig 14.9.2 om soos volg te lees:

14.9.2 dit onder toesig van die kerkraad gedoen word:

5. Wysig 14.9.3 verander die eerste sin om soos volg te lees en die res bly dieselfde:

Dit gedoen word in samewerking met ander dissiplines soos die sielkunde, psigiatrie ens..

6. Verdeel 14.9.4 in twee aparte punte soos volg:

daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe;

7. Wysig die tweede sin om soos volg te lees:

daar gewaak word teen lang konfronterende gesprekke met bose magte, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;

### **19. GROETEBOODSKAP**

Rev Moss Ntla, Algemene Sekretaris van TEASA, lever 'n groeteboodskap.

Die vergadering verdaag om 18:48 vir aandete.

### **EERSTE AANDSESSIE**

### **20. NOTULE: EERSTE SITTINGS DAG 10 OKTOBER 2011**

Dr Kobus Gerber lê die notule van die eerste sittingsdag aan die vergadering voor en dit word so goedgekeur.

### **21. STRUKTURERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE (vervolg)**

**AMENDEMEN: SAMESTELLING VAN ALGEMENE SINODE - WYSIGING VAN KO ART 38 (A.11 Moderamen Bylaag 1 bl 216 pt 4.4.1.1-4.4.1.4, bl 218 pt 5.4) (Amendement vanaf Verhelderingsgesprekke) – goedgekeur met tweederde meerderheid**

4.4.1.1 Die Algemene Sinode word uit 200 afgevaardigdes wat bestaan uit 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens saamgestel.

4.4.1.2 Die eerste honderd afgevaardigdes word uit 10 persone per Sinode saamgestel.

4.4.1.3 Die oorblywende honderd word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die Sinodes saamgestel.

#### **4.4.1.4 Die Algemene Sinode vergader weer in 2013.**

**STRUKTURERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE** (A.11 Moderamen Bylaag 1 bl 218 pt 5) – goedgekeur met tweederde meerderheid

**5.4 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 38 (samestelling van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemeerderheid goed.**

**5.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende sitting in 2013 gehou word** (soos geadmendeer).

**5.6 Die Algemene Sinode keur die wyse waarop die Moderamen en die Bestuurspan saamgestel word, goed en gee opdrag aan die Tydelike ATR om die betrokke reglemente dienooreenkomsdig aan te pas.**

## **22. FONDSE**

**VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE: KOSTE** (A.7 Fondse bl 74 pt 11.3) – afgehandel met goedkeuring van voorstel oor die samestelling van die Algemene Sinode

Die Algemene Sinode besluit om die aanbeveling van die Taakspan Strukturering ten opsigte van die verkleining en frekwensie van vergadering van die Algemene Sinode goed te keur.

**KOSTE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE** (T 7.1 bl 2 pt 2.2) - afgehandel met goedkeuring van voorstel oor die samestelling van die Algemene Sinode

Die tydelike kommissie vir fondse beveel aan dat die frekwensie van die voorgenome verkleinde sinode tweejaarliks sal wees. Dit sal 'n positiewe effek op die groterwordende begrotings-uitdagings van die totale kerkverband hê.

## **23. VERHELDERINGSGESPREKKЕ**

Dr Kobus Gerber tref die reëlings tov die aand se Verhelderingsgesprekke.

Die vergadering verdaag om 20:45
----------------------------------

# VIERDE SITTINGSDAG: 13 OKTOBER 2011

## EERSTE OGGENDSESSIE

Ds GC Olivier (Hoëveld) verskoning vanaf 08:30 tot 15:30  
GJ Cilliers (Hoëveld) verskoning vir die hele dag  
JJN Visser (Hoëveld) verskoning vir die hele dag  
JAG Boshoff (Noordelike Sinode) verskoning vir res van die vergadering

### 1. OPENING

Die vergadering sing 'n aantal liedere waaronder Vonkk 92 en Liedboek LB 464. Ds Danie Kruger (Wes-Transvaal) lees voor uit Kol 1:15-20.

### 2. GELOOFSONDERSKEIDENDE GESPREK

Soos die vorige dae gaan die vergadering in 'n geloofsonderskeidende gesprek. Dr Chris van Wyk gee kontekstuele toelighting tov die sake wat aan die orde gaan kom en ruim tyd vir gebed, omgang met die Woord en tafelgesprekke word gegee.

### 3. KERKHERENIGING

**KERKHERENIGING** (A.11 Moderamen Bylaag 5 bl 246 punt 8.2)

Die voorsitter stel die verslag en aanbevelings aan die orde. Gesprek oor die saak neem 'n aanvang.

### 4. GROETEBOODSKAP

Dr Peter Borgdorff van die Christian Reformed Church in North America dra die groete van sy denominasie oor.

Die vergadering verdaag om 10:45 vir verversings

## TWEEDE OGGENDSESSIE

### 5. KERKHERENIGING (vervolg)

**KERKHERENIGING** (A.11 Moderamen Bylaag 5 bl 246 pt 8.2)

Die Algemene Sinode besluit soos volg tov kerkhereniging:

#### KERKHERENIGING

##### 1 INLEIDING - goedgekeur

\* Ons is diep oortuig dat die Gees van God sy kerk lei om die eenheid van die kerk van Jesus Christus na te jaag. Daarom is ons hartseer en jammer omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie een nuwe kerkverband gevorm het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses baie moeilik maak, is ons oortuig dat ons die verantwoordelikheid het om die proses hoopvol voort te sit.

\* Ons bevestig die belangrikheid van sigbare kerkeenheid en wil onsself wy aan die vorming van een kerkverband as uitdrukking van die eenheid. Ons glo dat die versoening wat Jesus Christus bring ons help om ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk dit moeiliker maak om ons roeping uit te voer en dat ons ook nie ons verantwoordelikheid teenoor die Suider-Afrikaanse samelewing op so 'n manier nakom nie.

\* Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerkfamilie vir 'n inklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons familie saam te neem op die pad vorentoe.

\* Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit deel wil maak van die nuwe verband. Ons is verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.

\* Ons erken dat daar in die NG Kerk baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar onderskryf. Ons erken ook dat daar baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid maar om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.

\* Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het. Ons is oortuig dit is moontlik om een te word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal – insluitende ons verskille.

\* Ons is baie jammer oor die moontlikheid dat 'n belydenisskrif wat die eenheid van die kerk bely, die kerke uit mekaar kan hou.

\* Ons pleit by die familie van NG Kerke sowel as ons lidmate vir sigbare hereniging in 'n ruim en breë eenheid waarin ons die verskille wat oor die loop van tyd ontstaan het aanvaar, maar steeds oortuig is dat 'n hegte en sigbare eenheid deur Gees moontlik is. Die verskeidenheid wat volg uit verskillende gawes, ons geskiedenis en ook taal en kultuurverskille verruim en verryk ons sodat ons mekaar en die wêreld beter kan dien.

\* Ons sien die kerk en ook kerkhereniging as 'n organiese groeiproses wat beteken dat ons baie geduld en liefde met mekaar nodig het, maar altyd daaraan vashou dat die Gees kragtig is om meer te doen as wat ons dink of droom.

\* Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar kan ontmoet en 'n saam kan groei.

\* Ons hoop dat ons uitdrukking aan sigbare eenheid kan gee en een nuwe herenigde kerkverband kan vorm. Ons is oortuig dat dit tot eer van die Hoof van die kerk en tot die voordeel van al die kerke en lidmate van die Familie van NG Kerke sal wees.

## 2 VERBINTENIS TOT KERKHERENIGING - goedgekeur

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegrond in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika – sodat die wêrelde kan glo.

## 3 'N KEUSE OM GOU WEER OP GANG TE KOM MET DIE PROSES EN SAAM TE GROEI NA GROTER EENHEID - goedgekeur

3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses so stadig vorder. Ons vertroue in die Here van die kerk gee ons egter hoop dat die proses kan voortgaan:

(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en is diep onder die indruk van die feit dat al die kerke in die familie oortuig is dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die Drie Formuliere van Eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis.

(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesentlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar.

(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinode reeds baie goeie samewerkingsverbanne en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.

(5) Lidmate in die familie van NG Kerke gee uitdrukking aan die feit dat geloof die enigste voorwaarde vir lidmaatskap is deur oor en weer deel van kerke in die familie te word.

(6) Die moratorium van die VGKSA skep probleme vir die proses. Ons vertrou dat hulle dit op grond van die gees van die Belydenis van Belhar by hulle eersvolgende Algemene Sinode sal ophef.

3.2 Ons is diep oortuig dat die vordering wat wel gemaak is, ons gedeelde geloof en tradisie en veral die onbeperkte moontlikhede wat die Gees skep, die moontlikheid bied om met nuwe energie en toewyding te werk aan sigbare eenheid. Ons is oortuig dat ons baie moeite moet doen om die hindernisse uit die weg te ruim en sodat sigbare eenheid as kosbare gawe nagejaag kan word.

3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertroue te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus en die werking van die Gees wat ons steeds nader aan mekaar bring en ons laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

## 4 'N PAD WAT BAIE GEDULD, BEGRIP EN TEGEMOETKOMENDHEID VAN ALMAL VRA - goedgekeur

Die geskiedenis en ervaring van ander gereformeerde kerke leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes gehoorsaamheid, geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken onder meer dat ons moet onderskei om mekaar te vind en bereid moet wees om ter wille van 'n geloofsaak op te offer. Liefde beteken ons sal rekening hou met vroeë en onsekerheid wat mense het en dit onderskeidend met groot geduld en sensitiwiteit hanteer.

## 5 DIE BELYDENIS VAN BELHAR (EN LAUDIUMDEKLARASIE) – nie goedgekeur nie.

5.1 Ons is na ons konsultasieprosesse deeglik bewus daarvan dat

(a) 'n groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Ons is oortuig dat die verskille oor Belhar meer te doen het met historiese, emosionele en simboliese faktore as met die wesentlike inhoud self. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004).

## AMENDEMEN: DIE BELYDENIS VAN BELHAR (EN LAUDIUMDEKLARASIE) (JJ Lubbe/GJ Duursema) – goedgekeur

Wysig 5.1 (a) om te lees:

'n Groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk weens 'n verskeidenheid faktore nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004).

## AMENDEMEN: DIE BELYDENIS VAN BELHAR (EN LAUDIUMDEKLARASIE) (JJ Lubbe/GJ Duursema) – nie goedgekeur nie

Skrap by 5.4 die tweede sin ("Dit impliseer..." ens.)

## **5 DIE BELYDENIS VAN BELHAR (EN LAUDIUMDEKLARASIE) (vervolg) - goedgekeur**

(b) hierdie verskille kan oorbrug word deur 'n deeglike studie te maak van Belhar self.

5.2 Soos oorengekom met die Taakspan van die WBGK (nou die WGGK) is ons verbind om dmv 'n gesamentlike taakspan met die VGKSA weer deeglik te besin oor hoe ons saam *in beide kerke* met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.

5.3 Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).

5.4 Omdat die Belhabelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.

5.5 Die volgende formulering van die belydenisgrondslag (met inagneming van pt 5.4) vir 'n herenigde kerk word aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG Kerke:

*1. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in*

*1.1 die Apostoliese Geloofsbelijdenis, die Geloofsbelijdenis van Nicea en die Geloofsbelijdenis van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en*

*1.2 die Heidelbergse Katechismus, die Nederlandse Geloofsbelijdenis en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.*

*2. In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.*

*3. Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklarasie vir ons missionêre karakter.*

*4. Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.*

## **6 MODEL: 'N VERENIGDE KERKVERBAND VAN SELFSTANDIGE PLAASLIKE GEMEENTES - goedgekeur**

6.1 Ons besluit dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode.

6.2 In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar en samevoeging van gemeentes.

## **7 GEMEENTES SE REG OM HUL OOR HUL EIE WERK TE BESLUIT, WORD ERKEN - goedgekeur**

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade funksioneer binne die gereformeerde aard in terme van hulle besluitnemingsbevoegdheid oor gemeentes.

## **8 ANDER KWESSIES WORD GEDURENDE DIE PROSES ONDERHANDEL - goedgekeur**

Daar is 'n aantal sake waaroor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, theologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van spoedige kerkhereniging behoort te staan nie.

## **9 WESENLIKE ROL VAN GESAMENTLIKE GESPREK EN BESINNING OP ALLE VLAKKE ASOOK FASILITERINGSHULP VAN BUISTE - goedgekeur**

9.1 Ons glo dat die proses van kerkhereniging inbringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onsself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.

9.2 Ons is intens bewus van die huidige onvermoë van die gespreksvennote om self die gesprekke weer op dreef en die onderhandelinge aan die gang te kry. Ons is dankbaar vir die hulp van die WGGK en in besonder die fasilitateerde dr Jerry Pillay. Ons bevestig ons volledige verbintenis en samewerking tot die fasiliteringsproses.

## **10 KERKSKEURING MOET TEN ALLE KOSTE PROBEER VERMY WORD - goedgekeur**

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring moet vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het

tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

#### 11 VERSOENING - goedgekeur

11.1 Ons erken dat onversoende kerke en kerkleiers deel van die stadige vordering is.

11.2 Die hofsake tussen die NGKA en die VGKSA is 'n bron van groot kommer. Ons sal graag 'n konstruktiewe rol wil speel om die spanninge op te los.

11.3 In die fasiliteringsgesprekke is daar ook gesprekke aan die gang oor herstellende geregtigheid. Ons is ook verbind om deel van die gesprekke te wees en 'n oplossing te vind.

11.4 Ons is oortuig dat 'n kerklike waarheids-en versoeningsproses in die familie van NG Kerke ons gaan help om die kerkherenigingsprosesse te laat vorder. Ons wil graag met die Familie hieroor gesprek voer.

#### 12 DIE BYEENBRING VAN ALLE GEREFORMEerde KERKE - goedgekeur

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

#### 13 RAADPLEGING VAN GEMEENTES - goedgekeur

13.1 Gemeentes is na die 2007 Algemene Sinode geraadpleeg oor die Achterbergh-voorstelle. Ons wil dit duidelik stel dat dit nie 'n stemming of kwantitatiewe meningspeiling was nie. Ons het die water in 'n raadplegende proses getoets.

13.2 Die Algemene Sinode is verbind om ons gemeentes te raadpleeg en mettertyd te toets. Die kerkverband moet hierdie pad saam kan loop. Dit vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar mekaar ook in liefde en respek hanteer.

#### 14 PROSES VERDER - goedgekeur

14.1 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerkfamilie het die *status van beleidsbesluite* vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.

14.2 Hierdie besluite word deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die verdere gesprekke met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad /moderamen en word in oorleg met die Moderamen van die Algemene Sinode (plus ander kundiges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging. Die gesprekke gaan oor die volgende:

14.2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2011;

14.2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalings van Die Kerkorde (onder andere Artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n tweederdemeerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002).

14.3 Daar word onderskeidend te werk gegaan na afhandeling van hierdie gesprekke. Die NG Kerkfamilie is, sover moontlik, deel van die onderskeidingsproses.

14.4 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 word in beide bilaterale gesprekke asook gesamentlike gesprekke met die kerke van die NG Kerkfamilie bespreek.

14.5 Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van gesprekke met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die Moderamen van die Algemene Sinode plaasgevind het.

14.6 Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op rings- en gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet ringe/ gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander ringe/ gemeentes van die NG Kerkfamilie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk asook eenheidstrukture te vestig. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die Moderamen in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

#### 15 APPROBASIE BY KERKEENHEID - goedgekeur

15.1 *Kyk die aanbeveling van die ATR (Verslag van die ATR pt 2.5.2) tov pt 6 van Reglement 6.*

15.2 Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie geapprobeerde besluit verkry.

15.3 Elke sinode moet dan met 'n tweederdemeerderheid tot kerkeenheid besluit.

15.4 Nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met 'n tweederdemeerderheid aanvaar (Art 43 en 44).

#### 16 SINODEVORMING - goedgekeur

Aangesien strukturele eenheid op Algemene Sinodale vlak noodwendig 'n langsame proses is, kan sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook om die herenigingsproses op Algemene Sinodale vlak te bevorder.

**INSTEMMING EN APPROBASIE BY BELYDENIS/VERBANDWYSIGING (A.12 Regte bl 27 pt 2.5.2) - goedgekeur met 'n tweederde meerderheid**

**2.5.2.1 Die Algemene Sinode besluit soos volg oor die wyses waarop die instemming van en approbasie deur die gemeente verkry kan word by die voorgestelde wysiging van die belydenisgrondslag van die NG Kerk en/of die voorgestelde wysiging van die kerkverband by moontlike eenwording van die Familie van NG Kerke.**

**2.5.2.1.1. Voeg die volgende voetnota by Kerkorde Art 44.1 “Vir die wyse waarop die besluit van Kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die instemming en approbasie van gemeentes met die besluit te verkry, sien *Kerkorde Regl 6: 6*”**

**2.5.2.1.2. Verander die opskrif van KO Reglement 6 om te lees: “Reglement vir die Vermeerdering, Kombinasie, Eenwording en Samesmelting van gemeentes, en vir die Vorming van ‘n nuwe Kerkverband.”**

**2.5.2.1.3. Voeg ‘n nuwe 6 by Kerkorde Regl 6, met die opskrif “Die Vorming van ‘n Nuwe Kerkverband”.**

**2.5.2.1.4. Die nuwe Regl 6: 6 lees soos volg:**

“6.1 Die kerkraad lê sy voorstel oor die wysiging/handhawing van die belydenis/kerkverband éers aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die Kerkraad sy besluit met ‘n tweederdemeerdeerdheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sondae aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.

6.2 Die Kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 6.1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:

6.2.1 Die instemming van belydende lidmate word per gesloten stembrief verkry tydens ‘n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sondae vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring/sy gevoldagte kommissie aangewys, teenwoordig. Die voorsitter en skriba van die kerkraad tree op as ampsdraers van hierdie vergadering.

6.2.1.1 Lidmate wat ‘n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per gesloten stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.

6.2.2 Die instemming van belydende lidmate word per gesloten stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens 14 (veertien) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.

6.2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring/sy gevoldagte kommissie aangewys.

6.3 Die tweederdemeerdeerdheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.

6.4 Die kerkraad kan met lidmate en die kerkverband kan met gemeentes wat in die minderheid gestem het en wat nie bereid is om deel te word van die nuwe kerkverband nie, onderhandel oor billike kompensering.

6.5 Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerkskeuring te voorkom.”

## **6. VERKIESING VAN DIE MODERAMEN**

Dr Kobus Gerber verduidelik die samestelling van die Moderamen, die vorming van ‘n grosly en die stemprosedure. Die vergadering kry geleentheid om ‘n grosly saam te stel.

## **7. GROETEBOODSKAP**

Biskop Graham Rose dra ‘n groeteboodskap namens die South African Catholic Bishops Conference oor.

Die vergadering verdaag om 13:15 vir middagte

## **EERSTE MIDDAGSESSIE**

Ds Rika van Vuren (Oostelike Sinode) verskoning vir die res van die vergadering

Piet Klut (Hoëveld) verskoning vir die res van die dag

Ds Ben Klut (Hoëveld) verskoning vir die res van die dag

## **8. VERKIESING VAN DIE MODERAMEN (vervolg)**

Die vergadering stem met gesloten stembriefies volgens die ooreengekome prosedure uit die volgende:

### **Gelegitimeerde**

Büchner, Elsjé \*

Nel, Jampie \*

Potgieter, René \*

Rossouw, Norma \*

Schoeman, Lisl-Louise \*

Strydom, Marina \*

Van Niekerk, Rethie \*

Van Shalkwyk, Carin \*

Van Vuuren, Rika \*

#### Nie-gelegitimeerde des

Arnott, Esme *	Marais, Carol *
Bezuidenhout, Elize *	Prozesky, Pieter
Bosch, Lena *	Schoeman, Elna *
Bosman, Frik	Schröder, Amos
Botha, Daan	Snijman, Lou
Coertzen, Ronel *	Swanevelder, Annemarie *
Doubell, Walter	Van der Merwe, Piet
Ferreira, Adriaan	Van der Schyf, Danie *
Froneman, Flip	Van der Walt, Lea *
Grobler, Marieta *	Van Tonder, Michelle *
Jansen van Rensburg, Marié *	Veldsman, Christine *
Lubbe, Jeanette *	Wolvaart, Manie

## **9. BELYDENIS VAN BELHAR**

**AMENDEMMENT: BELYDENIS VAN BELHAR** (Beskrywingspunt B.3 bl 292; T.11.1 pt 2.2) ( RR Botha/SW Scott) – nie goedgekeur nie

1. Die Algemene Sinode glo dat die NG Kerk in die huidige tyd en Suid-Afrikaanse konteks die dringende behoefte het om 'n duidelike standpunt en getuienis te hê oor die Bybelse sake van eenheid, versoening en geregtigheid.
2. Die Sinode glo dat die inhoud van die Belydenis van Belhar die Kerk hierin help.
3. Die Sinode versoek ATLAS om 'n indringende studie te doen oor:
  - die teologiese inhoud en
  - die relevansie en toepaslikheid van die Belydenis van Belhar as addisionele belydenisskrif vir die toekomstige kerkverband.
  - So 'n studie sou ook suggesties oor moontlike toekomstige veranderinge of totstandkoming van 'n nuwe eietydse belydenisskrif kon insluit.
  - ATLAS behoort voor- en teenstanders van die Belydenis van Belhar op hierdie studiegroep te benoem.

#### **ORDEVOORSTEL: - goedgekeur**

**Die voorstellers en ander wat insette wil lewer oor bg amendement praat gedurende verversingstyd daaroor.**

**VOORSTEL: BELYDENIS VAN BELHAR** (Beskrywingspunt B3 bl 292; T.11.1 pt 2) (FH Lamprecht/GP Kellermann) – teruggetrek

In die lig van die gesprek oor die Belydenis van Belhar, laat 'n afvaardiging van beide die VGK en die NGK wat gemoeid is met Belhar gemeentes landwyd inlig oor die inhoud en wese van die Belhar Belydenis.

**VOORSTEL: BELYDENIS VAN BELHAR** (Beskrywingspunt B.3 bl 292; T.11.1 pt 2.2) (R de Villiers/A Mathee) – teruggetrek

Ons versoek hierdie vergadering van die Algemene Sinode, wat 'n geloofsonderskeidende proses is, om as kerkvergadering die Belydenis van Belhar te aanvaar en daarmee 'n duidelike sein aan Suid-Afrika te stuur dat die NG Kerk ernstig is oor versoening en geregtigheid.

**VOORSTEL: KONSEP-KERKORDE** (T.11.1 pt 1) (D. Oelofse/H Schutte) – is nie ontvanklik nie

Voeg by as 4.4.5:

Die Algemene Sinode dra dit aan die ASM op om in samewerking met die deelnemende lede van die NG Kerk-familie aandag te gee aan die saamstel van 'n konsep-Kerkorde vir 'n verenigde kerkverband.

**BESKRYWINGSPUNT B.3: BELYDENIS VAN BELHAR** (T.11.1 pt 2.2) – goedgekeur met 'n oorweldigende meerderheid:

**2.2 Die Algemene Sinode besluit om Beskrywingspunt B.3, soos gewysig, te aanvaar:**

**Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hieroor in werking te stel.**

Die voorsitter doen ernstige beroep op die Moderatuur van die VGKSA om die moratorium op te hef.

Die vergadering verdaag om 16:15 vir verversings

## **TWEEDE MIDDAGSESSIE**

## **10. GROETEBOODSKAP**

Rev Moses Mwale van die Reformed Church in Zambia dra 'n groeteboodskap aan die vergadering oor.

## **11. KERKHERENIGING (vervolg)**

**EENHEIDPROSESSE TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA** (T.11.1 pt 1; A.11 Moderamen Bylaag 5 bl 240 pt 4.4) – **nie goedgekeur nie**

4.4.1 Die Algemene Sinode besluit om die eenheidsprosesse/ struktureer tussen die NG Kerk, NGKA en die RCA goed te keur.

4.4.2 Die Algemene Sinode bevestig dat die NG Kerk se eie siening van eenheid organiese eenheid is en dat hierdie besluit (pt 4.4.1) as 'n eerste stap oppad na hierdie eenheid gesien moet word.

4.4.3 Die Algemene Sinode spreek die hoop en begeerte uit dat die VGKSA so gou as moontlik deel van hierdie proses en verdere gesprekke sal wees (vgl pte 1.3 en 6 van die voorstel).

4.4.4 Die Algemene Sinode neem kennis van die brief van die VGKSA en wil dadelik met die VGKSA in gesprek tree oor die interpretasie van hierdie besluit van die Algemene Sinode.

**AMENDEMEN: EENHEIDPROSESSE TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA** (T.11.1 pt 1 (4.4)) (ACJ van Niekerk/AL Bartlett) – **goedgekeur**

Die Algemene Sinode neem instemmend en met groot dankbaarheid kennis van die versoek van RCA/NGKA, maar ook van die VGK se versoek om hierdie herenigingstree met groot wysheid en versigtigheid te gee. Ten einde nie met 'n kortpad die VGK te vervreem nie maar ook nie die RCA/NGKA-versoek te negeer nie, verwys die Algemene Sinode die voorstel na die bemiddelingsproses olv die WGGK.

## **12. VERKIESING VIR DIE MODERAMEN (vervolg)**

Die vergadering stem weer volgens die oorengekome prosedure tussen die volgende:

Gelegitimeerde

Buchner, Elsie  
Rossouw, Norma  
Schoeman, Lisl-Louise

Nie gelegitimeerde

Bezuidenhout, Elize  
Bosman, Frik  
Coertzen, Ronel  
Grobler, Marieta  
Marais, Carol  
Prozesky, Pieter  
Schoeman, Elna  
Van der Walt, Lea  
Veldsman, Christine

## **13. BELYDENIS VAN BELHAR (vervolg)**

**VOORSTEL: STUDIE VAN BELHAR** (Johan Smook/SWP Scott) – **goedgekeur**

Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om, as deel van die proses, 'n deeglike studie te doen van die historiese, theologiese en kontekstuele relevansie van die Belhar Belydenis, ten einde die volgende algemene Sinodesitting en alle kerkvergaderings te adviseer.

**BESKRYWINGSPUNT B.10 (KROONSTAD-MÖREWAG)** (B.10 Aanvullende verslae bl 11; T.11.3 pt 1) – **goedgekeur**

1.1.1 Die Algemene Sinode aanvaar nie Beskrywingspunt B.10 Belhar nie.

1.1.2 Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 1998: "Die AS aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie" en ook "aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar."

1.1.3 Die AS wys daarop dat die NGK in gesprek is met die VGKSA. Die gesprek word gefasiliteer deur die WGGK. In die gesprek word ook aandag gegee aan die theologiese inhoud van die Belydenis van Belhar.

## **14. KERKHERENIGING (vervolg)**

**VOORSTEL: KERKHERENIGING EN HOSAKE** (A.12 Regte bl 270 pt 2.5) (DH Davel/WH van Zyl) – **goedgekeur**

1. Die Algemene Sinode neem met hartseer kennis van die destruktiewe impak wat jare se hofsake op die wese van die kerk gelaat het.

2. Die Algemene Sinode bevestig dat ons in ons wese 'n kerk is wat teokraties/ Christokraties funksioneer – wat altyd wil vra na Christus se Hoofskap oor ons.

3. Die Algemene Sinode dra dit aan die ATR op om alle moontlike weë te ondersoek om dit weer vir die kerk moontlik te maak om reg te laat geskied aan die regering van Christus, deur kerkordewysigings en ander aksies, selfs regsprosesse, wat die impak, in 2.5.1 beskryf, omkeer.

Die vergadering verdaag om 18:00 vir aandete

## **AANDSITTING**

Dr Braam Hanekom neem waar as voorsitter

## **15. GROETEBOODSKAP**

Dr Arnau van Wyngaard van die Swaziland Reformed Church dra groete aan die vergadering oor.

## **16. VERSOENING**

**VOORSTEL: VERSOENING – BEHOEFTE AAN** (Verhelderingsgesprek oor die Kerk en ons Konteks) – goedgekeur

**Die Algemene Sinode**

1. spreek sy diepe kommer uit oor die groot mate van onversoendheid wat daar nog in die Suid-Afrikaanse samelewing heers
2. roep al die verbande van die kerk op om die “bediening van versoening” onvermoeid en met groot erns te beoefen.

Die Tydelike Kommissie vir Diens en Getuienis ondersteun hierdie voorstel en beveel aan dat dit onderskeidelik as punt 15.3 en punt 15.4 by die aanbevelings van die verslag van die ADD gevoeg word.

## **17. DIVERSITEIT**

**DIVERSITEIT** (A.11 Moderamen Bylaag 4 bl 237 punt 12) – **nie goedgekeur nie: word vervang deur voorstel oor Menswaardigheid**

12.1 Die Algemene Sinodeoordeel dat diversiteit ‘n kernwaarde vir die kerkverband is.

12.2 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om ‘n Taakspan vir Diversiteitsbestuur te benoem om die kerkverband op ‘n kontinue wyse te adviseer oor die hantering/bestuur van hierdie waarde. Die Taakspan moet ook adviseer tov navorsing oor ‘n verantwoordbare antropologie vir die kerkverband.

12.3 Die Algemene Sinode versoek die kerkverband om die Diversiteitsforum nog meer doeltreffend te benut om gesprekke te stimuleer, sensitering vir ander se standpunte te kweek, oop gesprekvoering aan te moedig en te luister na die “ander stemme”.

12.4 Die Algemene Sinode gee die *Riglyne vir gemeentelike nadanke oor ‘n ekklesiologie en teologie van diversiteit* (soos uiteengesit in punt 10) aan die kerkverband deur as hulp om mense en groepe te sensiteer en te begelei in diversiteitsbestuur.

12.5 Die Algemene Sinode verklaar dat Jesus die Heer en Hoof van die huis, kerk en samelewing is. Onder Hom staan vrou, man en kind op gelyke vlak. Elkeen is profeet, priester en koning. Ons word geroep om uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig te wees en mekaar te dien in liefde. Ons verset ons teen elke vorm van magsmisbruik en geweld, in die huis, kerk of samelewing, hetsy ekonomies, fisies, emosioneel of seksueel. Ons verset ons ook teen enige ideologie wat dit regverdig en onderhou.

12.6 In die lig van die ernstige kommer oor die geweldige hoë voorkoms van geweld en seksuele geweld teenveral vroue en kinders in die Suid-Afrikaanse samelewing, en dat pornografie en seksuele stereotipering van vroue ‘n groot bydrae tot die probleem lewer, spreek die Algemene Sinode sigself ten sterkste uit teen alle vorme van pornografie en materiaal in die media wat mense, veral vroue en kinders, degradeer of seksueel uitbuit.

**VOORSTEL: MENSWAARDIGHEID** (vgl A.11 Moderamen Bylaag 4 bl 237 pte 12.1-12.6) (JA Botha/Elize Morkel) – goedgekeur

1. Die Algemene Sinodeoordeel dat menswaardigheid ‘n kernwaarde van die Evangelie is.

2. Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om ‘n Taakspan vir Menswaardigheid te benoem om die ASM op kontinue wyse te adviseer oor die hantering/bestuur van hierdie kernwaarde. Die taakspan moet ook adviseer t.o.v. navorsing oor ‘n verantwoordelike antropologie vir die kerkverband.

**VOORSTEL: DIVERSITEIT** (vgl voorstel JA Botha/Elize Morkel en A.11 Moderamen Bylaag 4 bl 237 pt 12) (Johan Janse van Rensburg/RJ de Beer) – goedgekeur en word derde punt by bogenoemde voorstel

**Die Algemene Sinode aanvaar dat diversiteit nie die belydenisgrondslag van ons Kerk in gedrang mag bring nie (kyk pt 6.2.5 van A.11 Bylaag 4 Diversiteitsbestuur).**

## **18. SEISOEN VAN LUISTER**

**SEISOEN VAN LUISTER** (A.11 Moderamen Bylaag 7 bl 265 pt 7) – goedgekeur

**Die Algemene Sinode besluit dat die Seisoen van Luister-bestuur sy werkzaamhede voortsit as projek van die Algemene Sinode.**

## **19. GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING**

**GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING** (A.11 Moderamen Bylaag 3 bl 226 pt 4) – goedgekeur

**4.2.1** Die Algemene Sinode aanvaar dit as uitgangspunt dat Grondhervorming, in 'n Suid-Afrikaanse konteks (en veral teen die agtergrond van ons unieke geskiedenis), vanuit Christelike oortuiging geregverdig en noodsaaklik is.

**4.2.2** Die Algemene Sinode aanvaar dit ook as uitgangspunt dat blywende vrede en voorspoed vir alle inwoners van ons lande in Suidelike Afrika vanuit ons Christelike geloof gemotiveer kan word – en wil die verantwoordbare proses (waarin reg en geregtigheid geskied teenoor almal) tot die verkryging van hierdie ideaal voorstaan en help bevorder.

**4.2.3** Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor sy lidmate in die boerderygemeenskap vir die wyse waarop hulle, in 'n gees van konstruktiewe betrokkenheid, die afgelope jare sedert die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika (1994) tot stand gekom het, bereid was om verskillende psigiese en politieke grense oor te steek om tot die staat se Grondhervormingsbeleid by te dra. Hulle word aangemoedig om in geloof en vertroue daarmee voort te gaan aangesien dit ooglopend en vanselfsprekend is dat die regering alleen, sonder privaatsektor-betrokkenheid, nie grondhervorming sal kan laat slaag nie.

**4.2.4** Die Algemene Sinode besef ook met hartseer dat daar deur die boerderygemeenskap al tot dusver groot offers betaal is, wat juis ook blyk uit die ontstellende hoë gewelddadige sterftes (moorde) onder hierdie sektor van ons samelewing.

**4.2.5** Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om alles in die stryd tewerp om met 'n nuwe beleidsdokument oor Grondhervorming vorendag te kom – wat in terme van die waardes van die Grondwet (met spesifieke verwysing na Artikels 9 en 25) uitgewerk word tot bevrediging van al die partye betrokke.

**4.2.6** Die Algemene Sinode verseker ook die regering dat die kerk (ook in ekumeniese verband) sy volle samewerking sal gee in die formulering en uitvoering van 'n billike grondbeleid op grond van hierdie Grondwetlike waardes.

**4.2.7** Die Algemene Sinode wil ook 'n duidelike getuienis teenoor die staat lewer oor *versoenende geregtigheid*. Dit beteken dat reg en geregtigheid ten opsigte van die regte en menswaardigheid van alle mense (wat dus vanselfsprekend die hele boerderygemeenskap insluit) tot uitvoering moet kom – en dat die kerk vanuit sy Godgegewe roeping ook die staat hiervoor verantwoordelik sal hou (Artikel 36 van die NGB).

**4.2.8** Die Algemene Sinode doen ook 'n beroep op die regering (en sal dit skriftelik aan hom stel) dat die voedselsekuriteit van ons land, as 'n voorvereiste vir vrede, stabiliteit en voorspoed, nie verder gekompromitteer mag word nie – veral en juis gesien in die lig van die groot aantal voorheen produktiewe plase wat op 'n rampsspoedige en onomkeerbare wyse uit die voedselketting verdwyn het.

**4.2.9** Die Algemene Sinode is oortuig daarvan dat die onteiening van kommersiële landbougrond (op watter wyse ookal gedoen) op sigself NIE die huidige ellende van 50% van Suid-Afrika se bevolking (wat blootgestel is aan die destruktiewe armoedekultuur waarin hulle noodgedwonge leef) gaan verbeter nie. Die teendeel kan eerder waar wees, aangesien kommersiële boerdery tans nog 'n groot verskaffer van werkgeleenthede is.

**4.2.10** Die Algemene Sinode doen 'n beroep op al die strukture van die NG Kerk om 'n gebedsaksie rondom grondhervorming te loods waarin voorbidding vir alle betrokkenes gedoen word (nuwe begunstigdes, die kommersiële landbousektor en die regering).

**4.2.11** Die Algemene Sinode versoek sy taakspan om die sake vervat in hierdie aanbevelings, tot die grootste mate moontlik, tot uitvoering te bestuur.

Dr Ben du Toit gebruik die geleentheid om die afgevaardigdes wat boere is, of belang by die boerdery het, na vore te roep. Hy lees pte 4.2.3 en 4.2.4 voor en doen daarna 'n gebed vir die boerderygemeenskap in Suid-Afrika. Die vergadering sing hulle toe "Laat Heer u seën op hul daal..."

## **VOORSTEL: STAATSTOELAE (A.11 Moderamen Bylaag 3 bl 227 pt 4.2.12) (E Schoeman/B Bothma) – nie goedgekeur nie, maar verwys na KMDR**

Die Algemene Sinode doen 'n beroep op al die Gereformeerde Kerke om op alle vlakke die regering te oortuig dat staatstoelae ook 'n negatiewe rippeleffek het op ons gemeenskappe, nl swak werksetiek wat lei tot emigrasie en groter werkloosheid; dat kindertoelae lei tot meer prostitutie, tienerswangerskappe, aborsies, VIGS en gebroke gesinne.

## **20. EKUMENE**

### **WRF (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 250 pt 1.4.3) – goedgekeur**

Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk lid word van die WRF.

### **LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 252 pt 2.3; T.11.2 pt 1) – goedgekeur**

**1.3.1** Die Algemene Sinode besluit om kennis te neem dat die Federale Raad ontbind het (die besluit is reeds in 2004 deur die NG Kerk geneem).

**1.3.2** Die Algemene Sinode onderskryf die besluite 1-6 tov die band tussen die kerke van die NG Kerkfamilie.

**GCF (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 251 pt 1.5.5) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk lid word van die GCF.

**LIDMAATSKAP VAN DIE AACC (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 252 pt 2.2.5) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit om dit aan die **Moderamen op te dra om 'n weg te vind tov die NG Kerk se aansoek om lidmaatskap van die AACC.**

**EKUMENIESE BANDE MET DIE ACK (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 254 pt 4.6.4) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit om itv **Kerkorde Art 70 volle ekumeniese bande met die ACK van Nieu-Seeland aan te gaan.**

**EKUMENIESE BANDE GEKA (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 254 pt 4.7.3) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit om itv **Kerkorde Art 70 volle ekumeniese bande met die GEKA aan te gaan.**

**EKUMENIESE BANDE UCA (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 254 pt 4.9.4) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit om in terme van **Kerkorde Art 70 met die UCA te onderhandel oor 'n bilaterale ekumeniese verhouding en moontlike volle ekumeniese bande.**

**EKUMENIESE BANDE RCEA (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 255 pt 5.5.5) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit om in terme van **Kerkorde Art 70 met die RCEA te onderhandel oor volle ekumeniese betrekkinge.**

**EKUMENIESE BANDE MET KERKE BUISTE SA WAT UIT DIE NG KERK SPRUIT (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 255 pt 5.2.3) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit om in terme van **Art 70 met die kerke buite SA wat uit die NG Kerk spruit volle ekumeniese betrekkinge aan te gaan.**

**EKUMENIESE BANDE FJKM (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 255 pt 5.3.4) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit om in terme van **Kerkorde Art 70 met die FJKM te onderhandel oor 'n bilaterale ekumeniese verhouding.**

**EKUMENIESE BANDE CEC (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 255 pt 5.4.6) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode besluit dat die **NG Kerk vir die huidige itv Art 70b.3.2 in 'n gedeeltelike verhouding met die CEC tree.**

**EKUMENIESE BANDE MET DIE VOLKSKERK VAN AFRIKA EN DIE CALVYN PROTESTANTSE KERK (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 256 pt 6.7.4) – goedgekeur**  
Die Algemene Sinode dra dit aan die **Moderamen op om ekumeniese verhoudinge met die Volkskerk van Afrika en die Calvyn Protestantse Kerk te ondersoek.**

**VOORSTEL: MODELLE VIR DIVERSITEIT VAN EKUMENIESE VERHOUDINGE** (vgl A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 257 pt 8) (GF Claassen/JJ Knoetze) – goedgekeur

1. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van ekumeniese verhoudinge.
2. Suid-Afrikaners in Groot Brittannie, Europa, Afrika en Dubai wat kerklik wil inskakel bevind hulleself in buitengewone en unieke situasies. Denominasies en gemeentes het spesifieke behoeftes rondom kerklike en ekumeniese bande met die NG Kerk.
3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die moderamen om modelle daar te stel wat ruimte maak vir betekenisvolle kerklike en ekumeniese verhoudinge.
4. Die Algemene Sinode word versoek om die saak as hoë prioriteit te hanteer.

**VOORSTEL: WAARDERING VIR EKUMENIESE BETREKKINGE** (vgl T.11.2: BJ du Toit/JD Kirkpatrick) – goedgekeur

1. Die Algemene Sinode het met groot waardering geluister na die talle groeteboodskappe van oor die hele wêreld, VSA, Europa, Afrika en Australasië, wat aan die NG Kerk Sinode gerig is.
2. Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor dr Kobus Gerber vir sy onvermoeide passie om die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge te vestig en uit te brei – en sodende ook die kerk instaat stel om 'n deurslaggewende rol te speel in die kerk se getuienis in die wêreld.

## **21. BUITELANDSE BEDIENING (A.11 Moderamen Bylaag 6 bl 257 pt 8)**

### **GROETEBOODSKAPPE**

Die volgende groeteboodskappe word ontvang van kerke waarby die Kommissie vir Buitelandse Bediening betrokke is:

Ds Gawie Cloete van Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA)

Dr Jaco Reyneke van die Afrikaanse Christenkerk van Nieu-Seeland (ACK). 'n Memorandum van Verstandhouding word ter vergadering deur dr Reyneke en prof Niemandt onderteken.

Ds Chris Crause van die Uniting Church of Australia (UCA)

## 22. VERKIESING VAN DIE MODERAMEN (vervolg)

Die vergadering stem weer soos volg:

### Gelegitimeerde

Die vergadering stem weer tussen Elsje Büchner, Norma Rossouw en Lisl-Louise Schoeman aangesien die stemme gelyk is.

### Nie-gelegitimeerde

Die vergadering stem vir drie persone uit die volgende:

Bezuidenhout, Elize

Bosman, Frik

Prosezky, Pieter

Schoeman, Elna

Veldsman, Christine

## 23. FONDSE (vervolg)

### INKOOP VAN DIENSTE (A.7 Fondse bl 72 pt 2) – goedgekeur

Die Algemene Sinode besluit om die inkoop van dienste tot uitgawes van funksionarisse te beperk. Leraars wat vir bepaalde dienswerk verkies word, moet dit binne die riglyn van 10% van hulle tyd aan die kerkverband uitvoer. Taakspanne van die Algemene Sinode moet so funksioneer dat hulle hulle personeel binne hierdie riglyn aanwend.

### BEFONDSING ALGEMENE SINODE (Beskrywingspunt B.6 bl 298; T.7.1 pt 1.2) – goedgekeur

Die Algemene Sinode onderskryf die meriete van die beskrywingspunt van Oostelike sinode (B.6) Dit is egter op die oomblik nie haalbaar nie.

### KOSTE VAN 'N VERGADERING VAN DIE ALGEMENE SINODE (T.7.1 pt 2) – afgehandel by pt 22 op Derde Sittingsdag.

### VOORSTEL: BEFONDSING VAN DIE ALGEMENE SINODE (T.7.1 pt 1) (JWJ Viljoen/FJ Retief) – goedgekeur

Die Algemene Sinode onderskryf die besluite van die ATF soos in hierdie verslag (pt 1.1) vervat.

## 24. DIENS EN GETUIENIS

### DIENS EN GETUIENIS (A.5 Diens en Getuienis bl 57 pt 15) – goedgekeur

15.1 Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig van die voorgestelde strukturering van die Algemene Sinodale werksaamhede, die ooreenkoms met die ander kerke rakende 'n Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis in stand gehou word en dat verteenwoordigers van die NG Kerk om in die VDDG te dien, aangewys word.

15.2 Die Algemene Sinode identifiseer die volgende sake as prioriteite en verwys dit na die Moderamen om in terme van die voorgestelde strukturering verder daarmee te handel:

15.2.1 die voortgaande besinning oor diens en getuienis as 'n geïntegreerde bediening en hoe dit vêrder in die kerklike praxis neerslag kan vind;

15.2.2 die ontwikkeling van 'n omvattende beleidsdokument oor die kerk se getuienis en betrokkenheid in die samelewing wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n theologiese besinning wees nie, maar ook riglyne ten opsigte van die praxis bevat;

15.2.3 versoening in die NG Kerkfamilie en in die breë Suider-Afrikaanse gemeenskap;

15.2.4 'n seisoen vir evangelisasie;

15.2.5 die bestryding van armoede en ekonomiese ongeregtheid;

15.2.6 globalisering en die effek daarvan op die mens en die ekologie;

15.2.7 die kerk se rol in die bekamping van misdaad en geweld.

### VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS (A.12 Regte bl 284 pt 2.22) – goedgekeur

Die Algemene Sinode neem kennis van die adviese van die ATR aan die ASM, asook dat die saak afgehandel is by die hersiening van die *Kerkorde*.

## 25. ONDERWYS

### ONDERWYS (A.11 Moderamen Bylaag 2 bl 222 pt 3) – goedgekeur

3.1 Die Algemene Sinode verklaar dat die NG Kerk verbind is tot uitnemende onderwys op alle vlakke. Sinodes, ringe en gemeentes word opgeroep om daadwerklik en positief betrokke te raak by onderwys deur skole en ander onderwysinstansies op welke moontlikevlak te ondersteun.

3.2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan 'n taakspan om die kerkverband oor die onderwys te adviseer. Hulle moet onder andere die volgende sake oorweeg:

- 3.2.1 'n program wat deur gemeentes gebruik kan word om betrokke te raak by skole;
  - 3.2.2 'n afrondingsjaar as alternatief vir bestaande moontlikhede;
  - 3.2.3 moontlikhede rondom die aanwending van jeugwerkers in skole;
  - 3.2.4 in watter mate die Hugenote Kollege en soortgelyke sentra ten beste aangewend kan word vir die onderwys.
- 3.3 Die Algemene Sinode is verder verbind daartoe om as deel van die NG Kerk se publieke getuienis 'n aktiewe rolspeler in die openbare gesprek oor die onderwys te wees.

**VOORSTEL: ONDERWYS** (Verhelderingsgesprek oor die Kerk en ons Konteks: Onderwys) – goedgekeur  
Die Algemene Sinode word versoek om 'n hoë prioriteit aan aanbevelings 3.1 – 3.3 van die verslag *Die rol van die NG Kerk in die Onderwys* (Moderamen Bylae 2 bladsy 220) toe te ken die Moderamen te versoek om toe te sien dat die sake genoem in aanbeveling 3.2 dadelik aandag kry.

## **26. ARMOEDE, WERKLOOSHEID EN SOSIALE ONGEREQTIGHEID**

**VOORSTEL: ARMOEDE, WERKLOOSHEID EN SOSIALE ONGEREQTIGHEID** (Verhelderingsgesprek oor die Kerk en ons Konteks: armoede, werkloosheid en sosiale ongerechtigheid) – goedgekeur

**Die Algemene Sinode**

- 1. spreek sy diepe kommer uit oor die hoë vlakke van werkloosheid, armoede en sosiale ongerechtigheid asook die groter wordende kloof tussen ryk en arm en die invloed wat die faktore op morele verval, misdaad en geweld in Suidelike Afrika het.
- 2. neem met dank kennis van die talle projekte op die terrein van armoede-bekamping en maatskaplike ontwikkeling waarby die verskillende verbande van die kerk reeds betrokke is.
- 3. besluit dat die stryd teen armoede en vir sosiale ongerechtigheid 'n hoë prioriteit op die kerk se agenda moet wees en versoek die Moderamen om as 'n saak van dringendheid riglyne aan gemeentes, ringe sinodes te gee hoe die kerk verder by hierdie stryd betrokke kan wees .
- 4. versoek die Moderamen dat in die beplanning van die volgende algemene sinode daaraan aandag gegee sal dat die sinodesitting ook 'n leefstyl van soberheid sal weerspieël.

## **27. AFSLUITING**

Jackie Malherbe\* sluit af met gebed

Die vergadering verdaag om 21:30

# VYFDE SITTINGSDAG: 14 OKTOBER 2011

## EERSTE OGGENDSESSIE

### VERSKONINGS VIR HELE DIE DAG:

Ds M Nel\* (Noordelike Sinode)  
Fourie van den Berg (Namibië)  
EJ Bezuidenhout\* (Oostelike Sinode)  
Ds JJC Rossouw (Hoëveld)  
Chris Stoltz (Vrystaat)  
SJ Nel (Vrystaat)  
PJ Botha (KwaZulu-Natal)  
Dr Johan van Schalkwyk (Oostelike Sinode)  
Dr PJ van Jaarsveld (Vrystaat)

## 1. OPENING

Die vergadering sing 'n aantal liedere waaronder Vonkk 84 en Vonkk 5. Ds Johan Brink neem die Skriflesing waar. Hy lees Kol 3: 12-17 en 23-24. Die vergadering sing Vonkk 70.

## 2. VERKIESING VIR DIE MODERAMEN (vervolg)

### NIE-GELEGITIMEERDES

Die volgende nie-gelegitimeerde is op die Moderamen verkies: Elize Bezuidenhout, Frik Bosman en Elna Schoeman.

### GELEGITIMEERDES:

Die vergadering stem tussen Norma Rossouw en Lizi-Louise Schoeman ten einde 'n tweetal met Elsje Büchner te vorm.

## 3. GROETEBOODSKAP

Rev Balázs Ódor van die Reformed Church in Hungary gadering dra groete aan die vergadering oor.

## 4. VERKIESING VAN DIE MODERAMEN (vervolg)

### GELEGITIMEERDES

Die vergadering stem tussen Norma Rossouw en Elsje Büchner.

## 5. VOORSTEL: OFFERGAWE (S du Toit/ J van S Momsen) – goedgekeur

Ons bly en eet baie lekker en is dankbaar vir die seën van die Here. Die Algemene Sinode kan 'n verskil maak in die lewe van minderbevoorregtes in die omgewing waar ons die sitting hou deur 'n offergawe te gee. Dit kan geskenk word aan 'n verdienstelike organisasie soos aangewys deur die Sinode van Wes-Transvaal.

## 6. KOMMUNIKASIE/ KERKLIKE MEDIA

Me Adri-Louise van Renen, redakteur van Kerkbode, rig enkele woorde tot die vergadering. Die voorsitter wens haar hartlik geluk met haar aanstelling as redakteur.

### DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA (A.9 Kerklike Media bl 166 pt 16.1.2) – goedgekeur

Die Algemene Sinode voeg die volgende besluit oor die bedryf van die Kerklike Media in die Kerkorde in as deel van die Funksionele Besluite:

### DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA

#### 1 INLEIDING

Die Bybel-Media Groep van Maatskappye ("die Groep") hanteer die bedryf van kerklike media.

#### 2 ORGANISASIE

2.1 Die Groep bestaan uit die volgende Artikel 21-maatskappye: Bybel-Media, Bybel-Media Handel en die Tydskriftemaatskappye van die NG Kerk.

2.2 Die ledevergaderings van die Groep het dieselfde personeel as die personeel van die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk en wys op aanbeveling van die uittredende direksies die lede van die onderskeie direksies aan. Die ledevergaderings konstitueer afsonderlik ooreenkomsdig die statute van die onderskeie maatskappye.

2.3 Die ledevergaderings van die Groep sal so gou as moontlik ná elke gewone sitting van die Algemene Sinode die lede van die direksies van die Groep aanwys. Die direksies word saamgestel soos wat die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye bepaal. Lede sal kollektief oor bewese kundigheid

**beskik ten opsigte van mediabehoeftes en mediabeleid asook van die bestuur en finansies van die mediabedryf.**

**2.4 Ander persone wat by die kerklike media-aktiwiteite of kommunikasie-aktiwiteite betrokke is, kan op uitnodiging direksievergaderings bywoon.**

### **3 OPDRAG**

#### **Die Direksies**

- 3.1 voer hulle opdrag uit ooreenkomsdig die bepalings van die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye van die Groep;**
- 3.2 streef daarna dat die evangelie in sy volle omvang en toegepas op alle lewensbehoeftes aan almal gebring word deur gebruikmaking van geskikte media;**
- 3.3 verseker dat hierdie bediening op 'n doeltreffende, ekonomiese en ekumeniese wyse plaasvind;**
- 3.4 sal strategieë daarstel om met die kerkverband in gesprek te wees oor mediabehoeftes;**
- 3.5 toesien dat doeltreffende kanale vir die kommunikasie van kerklike inligting beskikbaar is;**
- 3.6 doen aan die ledevergadering verslag oor die stand van die kerklike mediabediening;**
- 3.7 stel die uitvoerende hoof van die Groep en die redakteur van die amptelike lyfblad van die NG Kerk aan, ná advies van die Moderamen tov die kortlys van benoemdes vir die onderskeie poste.**
- 3.8 Die redakteur van die amptelike lyfblad is 'n funksionaris binne die Groep wat aan die uitvoerende hoof van die Groep rapporteer, en moet oor uitstekende joernalistiese vaardigheid beskik. As funksionaris woon die redakteur in 'n verslaggewerskapasiteit ook vergaderings van die Moderamen van die Algemene Sinode by.**

#### **ONDERSTEUNING VAN BYBEL-MEDIA (A.9 bl 166 pt 16.2) - goedgekeur**

**Die Algemene Sinode dra sy dank en waardering oor aan al die donateurs uit gemeentes en kerkrade wat met bydraes en donasies die kerklike mediabediening van Bybel-Media gereeld ondersteun en moontlik maak. Kerkrade word opgeroep om jaarliks 'n spesiale kollekte vir dié doel te oorweeg.**

Die voorstitter bedank die Luisterspan vir hulle diens:

Dr Ferdie Clasen  
Dr Gustav Claassen  
Dr Frederick Marais

## **7. BEVOEGDHEID/ ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (vervolg)**

**AMENDEMENDE: BEVOEGDHEID (T.3.1; A.3 Bevoegdheid bl 35,36 pt 4.1.5) (Verhelderingsgesprekke/ Taakspan)**

– goedgekeur

#### **4.1.5.3 Volle ampsbevoegdheid (emeritus)**

Dit is 'n predikant wat die aftree-ouerdom bereik het en geëmeriteer het. 'n Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik:

\*Kan alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9 op uitnodiging en toesig van 'n kerkraad;

\*Is slegs beroepbaar in terme van die besluite by Kerkorde Artikel 11;

\*Kan steeds voortgaan as Huweliksbevestiger na emeritaat.

#### **4.1.6.4 Persone wat oor beperkte bevoegdheid beskik, kan die volgende doen:**

- \* Net die Woord bedien (indien kwalifikasie dit toelaat) onder opsig en toesig van die kerkraad en ring
- \* Diens van die gebede
- \* Onderrig en toerusting
- \* Opbou van die gemeente
- \* Dienwerk in die gemeente
- \* Leiding en organisering van die gemeente
- \* Pastorale versorging

#### **KANTOOR VIR ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR) (T3.2 pt 2; A.12 Regte bl 279 pt 2.8.5) – goedgekeur**

**Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om:**

**2.1 in die lig van A.12 pt 2.8.5.2 'n datum te bepaal wanneer die kantoorfasiliteite aan die ABR beskikbaar gestel word**

**2.2 die lede van die ABR in samewerking met die ATR aan te wys**

**2.3 die volgende te bepaal:**

**2.3.1 datum van implementering van die jaarlikse registrasiefooi**

**2.3.2 die finansiering van die Kantoor van die ABR te faciliteer in samewerking met die ATF**

**2.3.3 die eerste jaarlikse registrasie registrasiefooi**

**2.4 om nadat die eerste proses van finansiering gefinaliseer is 'n koördineerder/ uitvoerende amptenaar te benoem**

## **8. DIENSVERHOUDINGE (vervolg)**

**DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING** (T.6.1: Wysiging van A.6 Diensverhoudinge bl 71 pt 2.3; T.12.2 bl 6 pt 4.1.1) – **goedgekeur**

Die Algemene Sinode

2.3.1 besluit dat, die ATDV as selfstandige Taakspan van die Algemene Sinode, ontbind

2.3.2 besluit dat die ATDV se werksaamhede/opdragte verdeel word soos volg:

2.3.2.1 die hantering van die Bestuurshandleiding deur die ATR

2.3.2.2 sake wat predikante raak deur die ABR

2.3.2.3 bestuur van die Algemene Sinode se personeel deur die Sinodale Kantoor in samewerking met die ATR

2.3.3 Versoek die ATR om te begroot vir die voortdurende hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge

**VOORSTEL: DIENSVERHOUDINGE** ( A.6 Diensverhoudinge bl 71) (L Ungerer/ M Nel) – **goedgekeur**

Die Algemene Sinode:

1. Versoek Sinodes om moeite te doen met die opleiding van Gemeentelike Diensverhoudingkommissies.

2. Versoek Sinodes om in hulle opleiding aandag te gee aan:

\* Formele aspekte

\* Versorgingsaspekte

3. Gebruik te maak van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.

4. Versoek Sinodes om riglyne daar te stel vir die samestelling, toerusting en funksionering van Diensverhoudingkommissies.

## **9. MISSIONALE EKKLESILOGIE (vervolg)**

**MISSIONALE EKKLESILOGIE** (Besluit by pt 12 Tweede Sittingsdag; T.5.1 pt 2) – **goedgekeur**

Die Algemene Sinode besluit dat aanbeveling 20.1 van die Verslag oor 'n Missionale Ekklesiologie (A. 8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 10 bl 141) soos volg gewysig word: Die Algemene Sinode aanvaar hierdie dokument as deel van die NG Kerk se gesprek oor 'n missionale ekklesiologie.

**MISSIONALE EKKLESILOGIE: OMVATTENDE BELEIDSDOKUMENT OOR DIE KERK SE GETUIENIS** (A.5 Diens en Getuenis bl 58 pt 15.2.2; Notule Vierde Sittingsdag pt 24; T.5.1 pt 3) – **goedgekeur** (vervang pt 15.2.2 soos goedgekeur by pt 24 op Vierde Sittingsdag)

Die Algemene Sinode besluit dat aanbeveling 15.2.2 van die ADD verslag (A.5 bl 58) soos volg gewysig word:

15.2.2 die samevoeging van die verskillende studiestukke rakende 'n missionale ekklesiologie, insluitend studiestukke oor die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit in een dokument wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat.

## **10. GROETEBOODSKAP**

Ds Pieter Kurpershoek van GKSA bring 'n groeteboodskap namens sy denominasie.

Die voorzitter bedank al die kerkleiers wat groeteboodskappe gebring het.

## **11. BEVOEGDHEID (vervolg)**

**AMPSBEVOEGDHEID** (A.3 Bevoegdheid bl 36 pt 4.2) – **goedgekeur**:

4.2.1 Die Algemene Sinode keur die volgende kategorieë van ampsbevoegdheid goed:

4.2.1.1 Teologiese student

4.2.1.2 Proponent

4.2.1.3 Volle ampsbevoegdheid

4.2.1.4 Beperkte bevoegdheid

4.2.2 Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe Artikel 31.8 in die Kerkorde in:

"Die toekenning van beperkte bevoegdheid op versoek van kerkrade" (vgl Riglyne: Toekenning van beperkte bevoegdheid aan lidmate).

**AMPSBEVOEGDHEID** (A.3 Bevoegdheid bl 36 pt 4.2; T.12.2 bl 3 pt 2.1.1) – **goedgekeur met tweederde meerderheid**

Die Algemene Sinode besluit dat:

1. pt 4.2.2 goedgekeur word en dat Art 31 dan met 'n 2/3e meerderheid goedgekeur word.

2. aanbeveling 4.2 opgeneem word in die Reglement vir Bevoegdheid.

**VOORSTEL: BEVOEGDHEID VIR BEDIENING VAN SAKRAMENTE** (T.12.2 bl 12 pt 6.5.1) (FJ Clasen/ GF Claassen) - **goedgekeur**

Die Algemene Sinode versoek dat 'n projekspan saamgestel word om 'n studie te doen oor wie die sakramente mag bedien.

**VOORSTEL: BEVOEGDHEID VIR BEDIENING VAN SAKRAMENTE** (A.3 Bevoegdheid bl 35 pt 4.1.4 en bl 36 pt 4.2.2) (FH Lamprecht/ JH Els) – word verwys om aandag te kry as deel van die bostaande voorstel (FJ Clasen/ GF Claassen):

Dat daar spesifieke ruimte geskep word dat ouderlinge en jeugwerkers:

- onder sekere omstandighede
- onder toesig van die Kerkraad en/of Ring
- op verantwoordbare wyse

ook sakramente mag bedien.

## 12. LEER EN AKTUELLE SAKE (vervolg)

**HK VRAAG/ANTWOORD 80** (A.10 Bylaag 1 bl 173 pt 10) - nie goedgekeur nie

10.1 Die Algemene Sinode vind die verslag oortuigend en erken dat verwysings na die mis in Antwoord 80 van die HK nie die verstaan van die mis deur die Rooms-Katolieke Kerk, soos verwoord tydens die Konsilie van Trente, reg weergee nie. Dit is ook in stryd met die huidige verstaan van die RKK.

10.2 Die Algemene Sinode herinner alle lezers van die HK en ander belydenisskrifte daaraan dat hierdie dokumente in 'n historiese situasie geskryf is.

10.3 Die Algemene Sinode besluit om langs gepaste weë in gesprek te tree met plaaslike lidkerke van die voormalige REC (tans WGGK) oor hierdie saak.

10.4 Die Algemene Sinode bevestig dat daar steeds ingrypende verskille in die verstaan van die Nagmaal en die Misoffer bestaan en dat die oorsaak en gevolge van hierdie verskille in welwillende gesprek aan die orde gestel moet word.

10.5 Die Algemene Sinode besluit om die voorbeeld van die Christian Reformed Church in North America te volg deur nie die teks van die Kategismus eensydig te verander nie maar deur middel van 'n voetnota lezers te herinner dat die Kategismus in 'n bepaalde historiese konteks geskryf en so gelees moet word.

10.6 Die Algemene Sinode dra dit op aan ATLAS om die moontlikheid van 'n vereenvoudigde vertaling van die Heidelbergse Kategismus te ondersoek.

10.7 Die Algemene Sinode gee opdrag aan ATLAS om die onderlinge samehang van die doop en die nagmaal in diepte te ondersoek.

**HK VRAAG/ANTWOORD 80** (A.10 Bylaag 1 bl 173 pt 10; T.10.1 pt 2.7) – goedgekeur (vervang aanbevelings A.10 bl 173 pt 10)

2.7.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die feit dat die Rooms Katolieke Kerk die Roomse Mis anders verstaan as die verduideliking wat die Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 80 gegee is en besluit om die gesprek hieroor met die Rooms Katolieke Kerk voort te sit.

2.7.2 Die Algemene Sinode bevestig dat daar ingrypende verskille tussen die gereformeerde verstaan van die Nagmaal en die Roomse verstaan van die Mis is.

2.7.3 Die Algemene Sinode besluit om langs gepaste weë oor hierdie saak met plaaslike lidkerke van die WGGK in gesprek te tree.

2.7.4 Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om die moontlikheid van 'n vereenvoudigde vertaling van die Heidelbergse Kategismus te ondersoek.

2.7.5 Die Algemene Sinode gee opdrag aan ATLAS om die onderlinge samehang van die doop en die Nagmaal in diepte te ondersoek.

**ABORSIE** (Beskrywingspunt B.5 bl 297; T.10.1 pt 2.1) – goedgekeur

In die lig van die toenemende aantal tienerswangerskappe en groot getal aborsies wat jaarliks in SA plaasvind, gee die Algemene Sinode opdrag aan ATLAS om 'n ondersoek te doen oor die hele aangeleentheid.

## 13. REGTE (vervolg)

**EKKLESILOGIESE GESPREKSDOKUMENT**(A.12 Regte bl 269 pt 2.1.1) – goedgekeur

2.1.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat daar geen kerkordelike wysiginge op grond van die dokument aanbeveel word nie.

**NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING** (A.12 Regte bl 269 pt 2.2.1) – goedgekeur

2.2.1 Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Reglement 6.

**BESKRYWINGSPUNT B.1.2 (2007)** (A.12 Regte bl 269 pt 2.3.1) – goedgekeur

2.3.1 Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Art<sup>s</sup> 20, 43.

**ARTIKEL 48.2** (A.12 Regte bl 270 pt 2.4.1) – goedgekeur

2.4.1 Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Art 48.2.

**REGSADVIES TOV KERKVERENIGING** (A.12 Regte bl 271 pt 2.6.1) – goedgekeur  
2.6.1 Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* Art 44 en Regl 6: 6.

**BEDIENINGSBEVOEGDHEID** (A.12 Regte bl 279 pt 2.10.1) – goedgekeur  
2.10.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* asook met die aanbevelings soos vervat in A.12 punt 2.8 hierbo.

**BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE TOV SAKRAMENTE** (A.12. Regte bl 280 pt 2.11.1) – goedgekeur  
2.11.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van die *Kerkorde*.

**ALTERNATIEWE BANE VAN OPLEIDING** (A.12 Regte bl 282 pt 2.13.1) – goedgekeur  
2.13.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor alternatiewe bane van opleiding nie.

**JONK: REGLEMENT** (A.12 Regte bl 282 pt 2.14.1) – goedgekeur  
2.14.1 Die vergadering neem kennis.

**JEUGWERKERS** (A.12 Regte bl 282 pt 2.15.1) – goedgekeur  
2.15.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor die opleiding en amptelike status van jeugwerkers nie.

**LIDMAATBEMAGTIGING** (A.12 Regte bl 282 pt 2.16.1) – goedgekeur  
2.16.1 Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van *Kerkorde* Art 55.

**KERKLIKE TUG** (A.12 Regte bl 283 pt 2.17.1) – goedgekeur  
2.17.1 Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy aanbevelings soos vervat in A.12 punt 2.7 hierbo.

**INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE** (A.12 Regte bl 283 pt 2.18.1) – goedgekeur  
2.18.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen voorstel van ADGO óf van die Sinodes hieroor ontvang nie en dus géén aanbeveling aan die Algemene Sinode hieroor kan maak nie.

**BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS** (A.12 Regte bl 283 pt 2.19.1) – goedgekeur  
2.19.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het asook met die aanbevelings soos vervat in A.12 punt 2.8 en 2.15 hierbo.

**VRYWARING VAN AANSPREEKLIKHEID** (A.12 Regte bl 283 pt 2.20.1) – goedgekeur  
2.20.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die *Kerkorde*.

**ARGIEF- EN INLIFTINGSWETGEWING** (A.12 Regte bl 283 pt 2.21.1) – goedgekeur  
2.22.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die ATR se besluit dat die saak oorstaan in awagting van die nuwe Argiefreglement.

**HERSIENING VAN REGLEMENTE** (A.12 Regte bl 284 pt 2.24.1) – goedgekeur  
2.24.1.1 Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak hanteer het met die hersiening van die *Kerkorde*.  
2.24.1.2 Afgehandel

**BEVOEGDHEIDAANGELEENTHEDE** (A.12 Regte bl 285 pt 3.2) – goedgekeur  
Die Algemene Sinode neem kennis dat alle bevoegdheidaangeleenthede behoorlik in die bevoegdheidsregister aangeteken en ter insae op aanvraag beskikbaar is.

**HERSIENING VAN DIE KERKORDE** (A.12 Regte bl 286 pt 5) – goedgekeur  
5.1.1 Die Algemene Sinode keur die reëling van die ATR goed dat persone wat wysiginge aan die *Kerkorde* wil bespreek die Tydelike Regskommissie voor die behandeling van die ATR-verslag ontmoet.  
5.1.3 Die Algemene Sinode keur die versoek van die ATR goed dat die voorstelle van die Oostelike Sinode oor die Art 7-besluite verwys word na die Algemene Taakspan Diensverhoudinge vir opname in die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge van die Algemene Sinode.  
5.1.4 Die Algemene Sinode besluit dat beleidsaanbeveling 10 van die A tot Z vir *Kerkorde* Art 7 nie in die *Kerkorde* opgeneem word nie, maar dat dit as beleid agter in die *Kerkordeboek* opgeneem word.

**5.1.5 Die Algemene Sinode neem kennis dat na ontvangs van die verslag van die ASM die Tydelike-ATR 'n aanvullende verslag sal voorberei en sal aanbeveel dat dit as ordevoorstel aan die begin van die vergadering van die Algemene Sinode dien.**

**5.1.6 Die Algemene Sinode neem kennis dat addendum-verslae van die ATR voorberei en ingedien sal word ivm Kerkordewysiginge rakende Teologiese opleiding, taak- en termynigerige poste en die Algemene Bevoegdheidsraad.**

**5.1.7 Die Algemene Sinode besluit dat die Handves van Godsdiensregte asook die A tot-Z-Beleid in die Kerkorde opgeneem word as funksionele besluite.**

**5.1.8 Die Algemene Sinode keur die volgende advies van die ATR oor telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings goed:**

**5.1.8.1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die taakspanne (sluit diensrade/diensgroepe in) van die Sinode(s) is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:**

**5.1.8.1.1 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering van die taakspan onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.**

**5.1.8.1.2 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.**

**5.1.8.2 Elektroniese stemwyse vir taakspanne van die Sinodes is toelaatbaar onder die volgende voorwaardes:**

**5.1.8.2.1 Die Dagbestuur van die taakspan stel 'n verslag op in verband met die saak waарoor die taakspan besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waарoor en die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.**

**5.1.8.2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die taakspan versend.**

**5.1.8.2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.**

**5.1.8.2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.**

**5.1.9 Die Algemene Sinode keur die volgende Kerkordewysiginge goed met 2/3de meerderheid:**

### **Artikel 3**

3.1 Christus verrig al die dienswerk in sy kerk en koninkryk deur sy Woord en Gees. Hy doen dit onder meer deur gebruik te maak van:

**3.1.1 die dienswerk<sup>1</sup> van die drie besondere ampte in die kerk, te wete:**

\* dié van bedienaar van die Woord<sup>2</sup>

\* dié van ouderling,

\* dié van diaken,

om die gelowiges toe te rus vir hulle dienswerk in die kerk en die wêreld; én

**3.1.2 die dienswerk van al die gelowiges<sup>3</sup>.**

3.2 Die drie besondere ampte is gelykwaardig, maar word in opdrag en werk onderskei. By die uitoefening van hulle roeping mag geen ampsdraer oor ander ampsdraers heerskappy voer nie, aangesien Christus die enigste Hoof, Koning en Meester van sy kerk is.

### **Artikel 6**

Die verlening van bevoegdheid om as bedienaar van die Woord beroep te word, óf die beëindiging daarvan, geskied deur die Algemene Bevoegdheidsraad namens die Algemene Sinode.

### **Artikel 7**

7.2 Bedienaars van die Woord in diens van die kerkverband (Ring, Sinode of Algemene Sinode [vir bevoegdheid sien Regl. 3: 2.3.1 en 2.3.2]) word deur die betrokke kerkvergadering of sy gevoldmagtigde kommissie beroep.

Voordat die Beroepsbrief afgestuur word, moet

7.5 Binne die raamwerk van die *Kerkorde* en die sinodale besluite van toepassing is die bepalings van die beroepsbrief onderhandelbaar by oorweging van die beroep.

*7b2.1.2 Die kerkraad kan ook gesikte name van die ringskommissie, die Algemene Taakgroep vir Predikantebediening en/of die Algemene Bevoegdheidsraad aanvra om die groslys aan te vul EN*

### **Artikel 8**

8.1 Die bevestiging van 'n gemeenteleraar geskied nadat:

8.1.1 die Ring of sy gevoldmagtigde kommissie skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;

8.1.2 die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.

8.1.3 In die geval van 'n bedienaar van die Woord in 'n kerklike betrekking word die volgende aan die Ring of sy gevoldmagtigde kommissie voorgelê en by die beroepende kerkraad ingedien:

<sup>1</sup> Geen ampswerk word onder die lidmate van 'n ander gemeente gedoen tensy met die instemming en medewete van daardie gemeente nie.

<sup>2</sup> In die *Kerkorde* verwys "leraar", "evangeliedienaar" en "predikant" na "bedienaar van die Woord" en het die begrippe ooreenstemmende betekenis. Waar in hierdie kerkordeboek na die manlike verwys word, sluit dit ook die vroulike in en omgekeerd, tensy spesifiek anders vermeld.

<sup>3</sup> Sien *Kerkorde* Art 55.

- 8.1.3.1 'n akte van demissie uit die vorige werkkring.
- 8.1.4 In die geval van bedienaar van die Woord in 'n nie-kerklike betrekking word die volgende aan die Ring of sy gevoldmagtige kommissie voorgelê en by die beroepende kerkraad ingedien:
- 8.1.4.1 'n getuigskrif van eervolle ontslag; en
- 8.1.4.2 'n attestaat uit die vorige gemeente.
- 8.1.5 In die geval van proponente:
- 8.1.5.1 moet die akte van legitimasie getoon word;
- 8.1.5.2 moet 'n attestaat by die beroepende kerkraad ingelewer word; en
- 8.1.5.3 geskied die bevestiging met oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.
- 8.2 Die bevestiging in diens van die kerkverband vind plaas nadat:
- 8.2.1 die betrokke Sinodale Regs-/Kerkordekommissie of sy gevoldmagtige skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is;
- 8.2.2 al die verlangde stukke getoon en/of ingedien is (sien 8.1); en
- 8.2.3 die diensooreenkoms deur beide partye onderteken is.
- 8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke kerkvergadering in wie se diens die leraar/proponent is om onverwyld kennis aan die Algemene Bevoegdheidsraad te gee van enige verandering wat mag intree ten opsigte van standplaas en/of bevoegdheid.

## **Artikel 9**

- 9.1 Die amp van die bedienaar van die Woord fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes.
- 9.2 Die bedienaar van die Woord is geroep om 'n volgeling van Christus te wees en sy lewe te wy in diens van die Here en sy kerk.
- 9.3 Die bedienaar van die Woord funksioneer in 'n gemeente, in die kerkverband en in die diens van die kerk in die wêreld.
- 9.4 In die gemeente aanvaar die bedienaar van die Woord verantwoordelikheid vir die bestudering en verkondiging van die Woord van God, die bediening van die sakramente, die diens van die gebede en die voortdurende ontwikkeling van bedieningsvaardighede. Die bedienaar van die Woord is ook saam met die ander amptes verantwoordelik vir:
- \* eredienste,
  - \* die opbou van die gemeente,
  - \* onderrig en toerusting van gelowiges vir hulle dienswerk,
  - \* die gemeente se dienswerk in die wêreld,
  - \* leiding en organisering van die gemeente,
  - \* uitoefening van Christelike liefde en tug,
  - \* pastorale versorging

Die Kerkraad onderskei en bepaal, saam met die bedienaar van die Woord, die wyse waarop dié verantwoordelikhede, inlyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.

9.5 Die bedienaar van die Woord neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die bedienaar van die Woord diensbaar is in die kerk en in die wêreld.

## **Artikel 10**

'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) onder lidmate van 'n ander gemeente verrig sonder die toestemming van daardie kerkraad nie.

## **Artikel 11**

11.1 Bedienaars van die Woord kan die kerklike bediening slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die Algemene Bevoegdheidsraad verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.

11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die Algemene Bevoegdheidsraad, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame *bona fide*<sup>4</sup> redes is om 'n ander betrekking<sup>5</sup> te aanvaar.

Besluit by Artikel 11 (*Word opgeneem in 'n nuwe reglement*)

## **Artikel 12**

12.1 Die bedienaars van die Woord word vir die uitvoering van hulle amp of bediening deur 'n kerkvergadering (kerkraad, ring, sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.

<sup>4</sup> *Bona fide* redes isanneer 'n leraar bedank uit sy werkkring sonder dat daar enigsins sprake is van dissiplinêre en/of tug optredes teen die predikant. Redes kan inhoud dat die leraar vir die huidige nie sy weg oopsien om voort te gaan met die bediening nie.

<sup>5</sup> Met die toekenning van proponent bevoegdheid, kan die volgende ook oorweeg word, naamlik "dra die ander betrekking 'n geestelike karakter wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word".

- 12.2 Die bedienaar van die Woord is, as geroepene van die Here deur Sy kerk, aan die Here én aan die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig.
- 12.3 Die kerkvergaderinge gee aan die bedienaars van die Woord die respek en ondersteuning wat hulle as geroepenes van die Here en sy kerk in staat kan stel om hulle amp en bediening effekief uit te voer.
- 12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke kerkvergadering in wie se diens die bedienaar van die Woord staan.
- 12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vgl. KO art. 6) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as bedienaar van die Woord dien (vgl. voetnoot 2 by KO art. 3 en ook Reglement 3).
- 12.6 Die bedienaar van die Woord se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die Reglement vir die reëling van die bevoegdheid van predikante en proponente.
- 12.7 Die betrokke kerkvergadering kan die dienste van 'n bedienaar van die Woord in die volgende gevalle beëindig:
- 12.7.1 op grond van wangedrag (vgl. *Kerkorde*, hoofstuk 5);
  - 12.7.2 op grond van gebrekkige bedieningsvaardigheid of dienslewering (vgl. 12b 2.2 en 12b 2.4.2);
  - 12.7.3 op grond van die gemeente of kerkverband se bedienings- en bedryfsvereistes (insluitend finansiële onvermoë) (vgl. 12b 2.3 en 12b 2.4.4).

Besluite by Artikel 12 (*Word in 'n reglement verwerk*)

### **Artikel 13**

Die gemeente of kerkverband in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, sien om na sy geestelike, emosionele en fisiese behoeftes, is medeverantwoordelik vir sy bedieningsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy lewensoronderhoud soos ooreengekom.<sup>6</sup>

### **Artikel 14**

- 14.1 'n Bedienaar van die Woord emeriteer op die ouderdom soos deur die Algemene Sinode bepaal.<sup>7</sup>
- 14.2 'n Bedienaar van die Woord wat weens verswakte gesondheid, ouderdom of andersins uit die diens tree en daarvoor kwalifiseer, ontvang die voordele volgens die bepalinge van die betrokke pensioenfonds. Daar behoort ook voldoende voorsiening gemaak te word vir die weduwee en wese van die bedienaar van die Woord.
- 14.3 'n Emeritus kan, met goedkeuring van die ring, vir 'n bepaalde termyn en vir'n bepaalde taak beroep word.
- 14.4 'n Emeritus wat weens verswakte gesondheid emeriteer het, moet eers weer beroepbaar gestel word deur die Algemene Bevoegdheidsraad.

### **Artikel 15**

- 15.1 Ouderlinge en diakens onderskryf met hulle bevestiging hulle instemming met die belydenis van die kerk.
- 15.2 Daar behoort 'n gereelde aftrede van ouderlinge en diakens te wees. Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkrAAD gereël.

### **Artikel 16**

- 16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike versorging, leiding, bestuur en toesig, en omvat:

  - 16.1.8 die lei van eredienste waar die ring daartoe vergunning gegee het<sup>8</sup>;

### **Artikel 20**

- 20.1 Die vergaderinge het, elkeen na sy eie aard en funksie, 'n kerklike gesag<sup>9</sup> deur Christus aan hulle toevertrou.
- 20.2 Die gesag van die ring, na aanleiding van sy aard en funksie, oor die kerkrAAD is dieselfde as dié van die sinode en Algemene Sinode, na aanleiding van elkeen se eie aard en funksie, oor die kerkverband.

### **Artikel 26**

- 26.2 Die kerkrAAD bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens<sup>10</sup>. (Soos gewysig T.12.3 pt 5.1)

*Riglyne by Artikel 26 (Skrap in geheel)*

### **ARTIKEL 26 (T.12.3 pt 5.1) – goedgekeur**

Die Algemene Sinode besluit dat Art 26.2 soos volg gewysig word:

Art 26.2 Die kerkrAAD bestaan uit al die bedienaars van die Woord, asook die ouderlinge en diakens.

*Riglyne by Artikel 26 (Skrap in geheel)*

### **Artikel 27**

<sup>6</sup> Sien die A-Z-beleid soos vervat in die Kerkordeboek.

<sup>7</sup> Die tans geldende besluit van die Algemene Sinode (1986) vir emeritaat is op ouderdom 65 jaar.

<sup>8</sup> Sien Kerkorde Art 48.3.5

<sup>9</sup> Sien Kerkorde Art 3 en 21

<sup>10</sup> Sien NGB Art 30.

27.1 'n Kerkraad mag desentraliseer en aan gesentraliseerde kerkrade<sup>11</sup> duidelik omskrewe bevoegdhede gee, wat aan die ring vir goedkeuring voorgelê word.

### **Artikel 28**

28.1 Die kerkraad vergader minstens vier keer per jaar. In buitengewone omstandighede en met goedkeuring van die ring kan die kerkraad minder vergader.

28.4 Indien die plaaslike bedienaar(s) van die Woord nie by 'n gewone of buitengewone kerkraadsvergadering teenwoordig kan wees nie óf indien die gemeente vakant is, woon die konsulent of 'n ander bedienaar van die Woord (dienend óf geëmeriteerd), deur die ring of sy gevollmagtige daartoe aangewys, die vergadering adviserend namens die ring by met verslag aan die ring. Die persoon kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

### **Artikel 30**

30.1 Die ring word saamgestel uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word.

30.2 As 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daar toe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.

### **Artikel 31**

Tot die werksaamhede van die ring behoort:

31.2 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf op appèl voor die ringsvergadering gebring word;

31.7 die aanwys van konsulente;

31.8 die vergunning van preekbevoegdheid op versoek van kerkrade.

### **Artikel 33**

33.1 Sinodes word op een van die volgende maniere – waарoor elke sinode self besluit – saamgestel:

33.1.1 uit een bedienaar van die Woord en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die sinodale gebied. Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken in die plek van die bedienaar van die Woord afgevaardig word; óf

33.1.2 as 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om meer bedienaars van die Woord en nog een ouderling/diaken vir elke bykomende bedienaar van die Woord af te vaardig, indien die sinode daar toe besluit. Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig; óf

33.1.3 'n gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke ring in die sinodale gebied. Die sinode besluit op die wyse van afvaardiging en die aantal afgevaardigdes per ring.

33.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van die Teologiese Fakulteit Stellenbosch en/of die Teologiese Fakulteit Pretoria en/of die Teologiese Fakulteit Bloemfontein.

### **Artikel 38**

38.3 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

### **Artikel 39**

Kyk Eerste Sittingsdag

### **Artikel 40**

Kyk Eerste Sittingsdag

### **Artikel 41**

Kyk Eerste Sittingsdag

### **Artikel 44**

Besluit by Art 44.1

44b1 Vir die wyse waarop die besluit van Kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die approbasie (instemming) van ten minste tweederde van belydende lidmate van gemeentes met die besluit te verkry, sien Kerkorde 2011 Regl 6 par 6.

<sup>11</sup> Gedesentraliseerde kerkrade word saamgestel uit die bedienaar/s van die Woord, ouderlinge en diakens, aangewys deur die Kerkraad. Met die term "Gedesentraliseerde kerkraad" word enige groepering in die gemeente verstaan.

## **Artikel 48**

48.1 Die erediens is, onder die genadige werking van die Heilige Gees, die amptelike openbare samekoms van die gemeente tot ontmoeting met God en onderlinge gemeenskap van die heiliges onder leiding van die besondere ampte en deur die bediening van die Woord, die bediening van die heilige sakramente, die gebed, kerklied en dankoffers.

48.2 Die inrigting van die erediens word deur die kerkraad vasgestel met gebruikmaking van die liturgiese grondlyne soos deur die Algemene Sinode vasgelê.

48.3.5 'n ouderling wat preekvergunning van die ring ontvang het (sien ook *Kerkorde Art<sup>s</sup> 3 en 10*).

Die volgende wysiging word aanbeveel by die voetnota by Art.48.3.3: "Onder 'n bevoegde bedienaar van die Woord wat erediens kan lei, word verstaan 'n persoon met ampsbevoegdheid in die NG Kerk of 'n ander kerk van gereformeerde belydenis. Wanneer 'n kerkraad aan 'n persoon wat nie sodanig bevoeg geag word nie 'n uitnodiging rig om 'n erediens te lei, word daar strydig met die *Kerkorde gehandel* (Vgl Handelinge Algemene Sinode 1998, bl 409, 1.19.2.2). Sien ook die besluite by artikel 70: 70b.3 en 70b.7 rakende kerke met wie die NG Kerk in volle betrekking staan en wat dit behels ten opsigte van die toelaat van leraars op mekaar se kansels.

## **Artikel 49**

### **49.1 Die Doop**

Die heilige doop word deur 'n bedienaar van die Woord<sup>12</sup> bedien met gebruikmaking van 'n goedgekeurde liturgiese formulier. Dit word, behalwe by hoë uitsondering\*, in die erediens met water bedien.

\*Voetnota: *Die meriete van so 'n versoek moet deur die Kerkraad beoordeel word.*

## **VOORSTEL (A.12 (Doop) bl 290 Art 49.1) (L Ungerer/ EP Büchner) – goedgekeur**

Voeg 'n voetnota by na die woorde "hoë uitsondering":

"Die meriete van so 'n versoek moet deur die Kerkraad beoordeel word"

## **Artikel 51**

51.1 Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet pastorale sorg verleen (soos gewysig JG le Roux/ JW Burger) aan alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêrelsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.

51.2 Die Christelike huwelik as 'n instelling van God moet heilig gehou word en kerkrade moet hieroor die nodige herderlike toesig hou.

## **VOORSTEL: WYSIGING ART 51.1 (A.12 bl 290 Art 51) (JG le Roux/ JW Burger) – goedgekeur**

Wysig Art 51.1 na:

"moet pastorale sorg verleen"

Skrap dus "die behartiging van getroue huisbesoek"

51.3 Kerkrade sien toe dat afgestorwe lede van die gemeente op'n Christelike wyse begrawe/veras word.

## **Artikel 57<sup>13</sup>**

Elke kerkvergadering maak die nodige voorsiening vir die sorgvuldige beheer van die stoflike aangeleenthede van die Kerk en doen jaarliks verslag van sy rentmeesterskap aan die gemeente, ring, sinode of Algemene Sinode, soos die geval mag wees.

## **14. ARGIEF**

**REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE** (A.2 Argief bl 31 pt 4.3; T.12.2 pt 1.1) – goedgekeur

**Die Algemene Sinode verwys die Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Inligtingsdienste na die Moderamen en die Algemene Taakspan Regte vir finalisering.**

**REGLEMENTE VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL ÉN KERKLIKE REGISTERS**  
(A.2 Argief bl 31 pt 5.2; T.12.2 pt 1.1) – goedgekeur

**5.2.1 Die Reglemente vir die hantering van Argief- en Museummateriaal, soos in Die Kerkorde (Algemene Sinode, 2007) opgeneem is, word weer in Die Kerkorde opgeneem met die weglatting van 6. Inlewering van Argivale Bronne in Bylaag 1.**

**5.2.2 6. Inlewering van Argivale Bronne en die Reglement vir die Hantering van Kerklike Registers word in 'n afsonderlike, uitgebreide "Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer" opgeneem.**

<sup>12</sup> Sien art 48.3.1 tot 48.3.3 met voetnota.

<sup>13</sup> Kerkorde Art 57 moet samgelees word met Kerkorde Regl 9 – Reglement vir die reeling van eiendomme, goedere en fondse.

5.2.3 Die "Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer" word, nadat dit goedgekeur is deur die ASM, aan alle gemeentes, sinodes en Kerkargiewe beskikbaar gestel as beleidsdokument vir die hantering van kerklike registers en die bewaring en vernietiging van argivalia.

5.2.4 Die Algemene Sekretaris dra die besluit hierbo aan Sinodes en Sinodale Kerkkantore oor sodat gemeentes ingelig kan word oor die gebruik van Kerklike Registers en die korrekte toepassing van Rekordbeheer.

## 15. EREDIENS/ LITURGIE (vervolg)

LEIDING VAN EREDIENSTE: ARTIKEL 48 (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 3 bl 113 pt 5; T.12.2 pt 6.5) – goedgekeur

6.5.1.1 Die AS keur nie ADGO se voorstel vir die wysiging van Art 48 goed nie.

6.5.1.2 Die AS besluit dat die ATR se voorstel gewysig word, naamlik dat 48.3.5 soos volg lui: 'n ouderling wat preekvergunning van die kerkraad en die ring en ontvang het (sien ook Kerkorde Art<sup>s</sup> 3 en 10).

6.5.1.3 Die AS besluit dat die voetnota by Art 48.3.3 uitgebrei word (Agenda bl 290).

6.5.1.4 Die AS neem die voorstel van die ATR rakende Art 48 in sy geheel in behandeling en keur dit goed met die wysiging van punt 6.5.1.2 hierbo.

## 16. MISSIONALE EKKLESILOGIE (vervolg)

MISSIONALE EKKLESILOGIE (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 10 bl 141 pt 20; T.12.2 pt 6.7) – goedgekeur met tweederde meerderheid

Die Algemene Sinode besluit:

6.7.1.1 om nie Kerkorde Artikel 1 te wysig nie omrede dié artikel die grondslag van die NG Kerk omskryf nie en nie die roeping nie. Die voorgestelde wysigings is reeds in ander artikels van die Kerkorde vervat.

6.7.1.2 om nie die ADGO se wysiging van Artikel 9 goed te keur nie.

6.7.1.3 om die wysiging van Artikel 9 soos voorgestel deur die ATR, goed te keur (Agenda bl 287)

6.7.1.4 om die voorgestelde gewysigde Kerkorde Artikel 10 (soos aanbeveel deur die ATR - Agenda bl 287 goed te keur en dat die voorstel van ADGO nie goedgekeur word nie.

6.7.1.5 om die wysiging aan Kerkorde Artikel 16 soos voorgestel deur die ATR (Agenda bl 288) goed te keur met invloeding van die woord "onderskeiding," voor "versorging", sodat Artikel 16 soos volg lui: "16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding, versorging, leiding, bestuur en toesig en omvat: ..."

## 17. KERKHERENIGING (vervolg)

KERKHERENIGING (T.12.2 bl 24 pt 8.2) – goedgekeur

8.2.2 Die TRK beveel aan dat indien die voorstel van die Moderamen rakende die hereniging met die NGKA en RCA goedgekeur word, die Algemene Sinode opdrag gee aan die ATR omregsadvies in te win om die Algemene Sinode te adviseer oor die implementering daarvan op die pad vorentoe.

## 18. REGTE (vervolg)

KONSTITUERING (T.12.3 bl 1pt 1.1.1.3) – afgehandel

1.1.1.3 Die Algemene Sinode besluit dat die aanbevelings vir die wysiging van die Kerkorde Artikels 40.2 en 40.3 oorstaan tot by hantering van verslag van Moderamen (bylaag 1).

AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE (Beskrywingspunt B.7 bl 298; T.12.3 bl 2.pt 2.1) – goedgekeur

2.1 Die Algemene Sinode besluit dat Beskrywingspunt B.7 verwys word na die ATR vir verdere studie en verslag aan die Algemene Sinode.

ALGEMENE SINODE (T.12.3 bl 2 pt 4) – goedgekeur met tweederde meerderheid

Die Algemene Sinode besluit dat Kerkorde Art<sup>s</sup> 38 – 40, 42 en 43 soos volg (onderstreep) gewysig word (Dit vervang die aanbeveling op T.12.2, pp20-23, onder pt 8.1):

### Artikel 38

38.1 Die Algemene Sinode bestaan uit 'n maksimum van 200 afgevaardigdes wat saamgestel word uit afgevaardigdes 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens van die sinodes.

38.2 ~~Die afvaardiging van elke sinode moet uit 'n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word soos volg saamgestel:~~

38.2.1 ~~'n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens, en~~

38.2.2 ~~'n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens 'n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word tolkens 'n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Moderamen bereken.~~

38.2.3 ~~Sinodes het die reg om minder afgevaardigdes te stuur.~~

38.1.1 Die eerste 100 afgevaardigdes word uit 10 persone per sinode saamgestel.

38.1.2 ~~Die oorblywende 100 word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die sinodes saamgestel.~~

38.2 Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 'n NG dosent van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein.

38.3 Elke afvaardiging moet van 'n geloofsbrief voorsien wees.

### **Artikel 39**

Afgehandel: kyk Eerste Sittingsdag

### **Artikel 40**

Afgehandel: kyk Eerste Sittingsdag

### **Artikel 43**

~~Tot die taak van die Algemene Sinode behoort take wat nie deur ander kerkvergaderinge gedaan kan word nie:~~

43.1 ~~Tot die taak van die Algemene Sinode hoort:~~

43.1.1 ~~Dit wat uitdrukking gee aan ons gemeenskaplike identiteit in terme van Woord, belydenis, kerkorde, roeping en beleid.~~

43.1.2 ~~Dit wat ons nasionale en internasionale ekumeniese verhoudinge raak.~~

43.1.3 ~~Dit wat die kerk se publieke getuienis op nasionale en internasionale gebied raak.~~

43.1.4 ~~Die viering van ons onderlinge verbondenheid.~~

43.1 ~~Wat kerklike roeping en standpunte betref:~~

43.1.1 ~~die formulering van die roeping / leidende beginsels / standpunte in sake van gemeenskaplike belang soos gereformeerde teologiese oortuigings, Bybels etiese uitgangspunte en ekklesiologiese verantwoordelikhede en praktyke, wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevold moet word.~~

43.1.2 ~~die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy broedte verband;~~

43.1.5 ~~Die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;~~

43.1.6 ~~Die vasstelling van die Belydenisskrifte ooreenkomsdig Artikel 44, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruik, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne vir eredienste;~~

43.1.7 ~~Die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;~~

43.1.8 ~~die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkoms met die staat en ander nie-kerklike lewenskringe;~~

43.2 ~~Wat werkzaamhede betref:~~

43.2.1 ~~43.1.8 Die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;~~

43.2.2 ~~Die koördinering/netwerk van sake wat voortvloei uit Artikel 43.1~~

43.2.3 ~~die behartiging van die okumoniese belang van die Kerk op sy terrein;~~

43.2.4 ~~43.1.9 Die beheer oor algemene kerklike media;~~

43.2.5 ~~43.1.10 Die hantering van appëlsake wat voor hom gebring word.~~

### **Besluit by Art 43.1.3 en 43.1.6**

43b.1 ~~Met betrekking tot Kerkorde Artikel 43.1.3 en 43.1.6 besluit die Algemene Sinode dat 'n sinode wat in 'n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer (bv Namibië), die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkoms met die staat en ander lewenskringe, namens die kerkverband (Algemene Sinode), in daardie gebied kan behartig.~~

## **HERSIENING VAN DIE KERKORDE: BESLUIT BY ART 70 (T.12.3 bl 4 pt 5.3) – goedgekeur**

5.3.1 Die Algemene Sinode verwys die hersiening van die besluit by Artikel 70 na die ATR.

## **DIE HERRANGSKIKKING VAN DIE REGLEMENTE (T.12.3 bl 5 pt 6.1) – goedgekeur**

6.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die herrangskikking van die Reglemente:

### **6.1.1 REGLEMENTE**

#### **6.1.1.1 Algemene reglemente**

1.1 Reglement: Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

1.2. Reglemente vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk

1.3 Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes

1.4 Reglement van Orde

1.5 Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse

1.6 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ander Christelike Kerke en Groepe

#### **6.1.1.2 Reglemente vir taakspanne**

2.1 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Bestuursinligtingsdienste (ATABID)

2.1.1 Reglement vir die hantering van argief- en museummateriaal

2.1.2 Reglement vir die hantering van registers

2.2 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding (ATBV)

2.3 Reglement vir die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD)

2.4 Reglement vir die Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling (ADGO)

2.5 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Kerklike Media (ATKM).

2.6 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS)

2.7 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Fondse (ATF)

- 2.8 Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (ATR)**
- 2.9 Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk**
- 2.10 Reglement vir die Vrouelessenaar**

#### **6.1.1.3 Reglemente rakende Bedienaars van die Woord**

- 3.1 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Teologiese Opleiding (ATTO)**
- 3.2 Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasié van Evangeliedieners**
- 3.3 Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente.**
- 3.4 Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)**
- 3.5 Reglement vir Tentmakerbediening**
- 3.6 Reglement vir Termyn bepaalde poste**
- 3.7 Reglement vir die Verlof van Predikante en Sinodale Amptenare**

### **REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (T.12.4 pt 1.1) – goedgekeur**

**1.1 Die Algemene Sinode besluit om die vorige reglement vir die Moderamen van die Algemene Sinode te vervang met die volgende:**

#### **1. Naam**

Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

#### **2. Samestelling**

2.1 Die Moderamen word soos volg saamgestel:

2.1.1 die lede van die Moderatuur wat tydens die Sinode verkies is  
2.1.2 een lid met sekundus uit elke Sinode deur die Sinode genomineer en deur die Algemene Sinode verkies

2.1.3 vier addisionele lede met sekundi deur die Algemene Sinode verkies

2.1.4 die Algemene Sekretaris dien met adviserende stem in die ASM

2.2 Die Moderamen se samestelling sluit in:

2.2.1 ten minste drie vroue waarvan ten minste een 'n gelegitimeerde is; en

2.2.2 ten minste twee nie-gelegitimeerde persone.

2.3 Die Moderamen word verkies vir 'n termyn van twee jaar en lede kan slegs twee termyne in dieselfde hoedanigheid dien

2.4 Wanneer 'n vakature tydens die dienstermyntyds ontstaan, vul die Moderamen dit aan uit die lys van verkose sekundi lede

#### **3. Opdrag**

3.1 Die Moderamen neem verantwoordelikheid vir die leierskap tussen sinodesittings met betrekking tot:

3.1.1 die identifisering, prioritisering en evaluering van werksaamhede

3.1.2 die samestelling van projek-, program- en taakspanne

3.1.3 die monitering van die proses

3.2 Die Moderamen wys vir elke termyn 'n Bestuurspan aan om die werksaamhede van die Algemene Sinode uit te voer. Dit geskied aan die hand van die betrokke reglement

3.3 Die Moderamen stel die senior personeel in diens van die Algemene Sinode aan

3.4 Die Moderamen bestuur die personeel in diens van die Algemene Sinode in samewerking met die ATR en ABR

3.5 Die Moderamen koördineer en integreer die werksaamhede van die Algemene Sinode

3.6 Die Moderamen hanteer spoedeisende sake met verslag aan die Algemene Sinode

3.7 Die Moderamen tree op as die ledevergadering van die Algemene Sinode se media maatskappye

3.8 Die Moderamen werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom kommunikasie en uitvoering van besluite.

#### **4. Vergaderings**

4.1 Die Moderamen konstitueer voor die verdaging van die Algemene Sinode

4.2 Die Moderamen vergader ten minste twee maal tussen sinodesittings

#### **5. Dagbestuur**

5.1 Die Moderamen kies sy eie dagbestuur van ten minste vyf lede waarvan:

5.1.1 ten minste een lid 'n nie-gelegitimeerde is

5.1.2 die Algemene Sekretaris *ex officio* lid is

5.2 Die Dagbestuur vergader wanneer nodig

5.3 Die Dagbestuur hanteer sake wat deur die Moderamen na die Dagbestuur verwys is

5.4 Die Dagbestuur hanteer spoedeisende sake met verantwoording aan die Moderamen.

#### **1.2 Punt 3.9 word bygevoeg:**

**3.9 Die Moderamen keur, in opdrag van die Algemene Sinode, reglemente en reglementwysigings vir die werksaamhede van die Algemene Sinode goed.**

## **19. NOTULE**

Die Notule van die Derde Sittingsdag word goedgekeur.

## **20. EKUMENE (vervolg)**

**VOORSTEL: SPREEKBEURTE EKUMENIESE VERTEENWOORDIGERS** (A.11 Moderamen bl 212 pt 9) (JH Nieder-Heitmann/GJ van Jaarsveld) – goedgekeur

Die sinode dra dit aan die Moderamen op om op voetspoor van die Sinode van Dordrecht (1618-19), te oorweeg om spreekbeurte tydens debatte toe te laat aan die verteenwoordigers van ons ekumeniese genote ter vergadering.

## **21. NAVORSING**

**NAVORSING** (A.11 Moderamen Bylaag 8 bl 268 pt 6) – goedgekeur

### **6.1 Die Algemene Sinode**

6.1.1 bevestig dat navorsing onontbeerlik vir die werksaamhede van die kerk is

6.1.2 versoek die Moderamen om 'n Taakspan: Navorsing aan te wys wat navorsing in die Algemene Sinodale sisteem, insluitend navorsing wat na ander instellings soos ISWEN uitgekontrakteer word, moet koördineer

6.1.3 versoek die Moderamen om 'n begroting vir die funksionering van die Taakspan beskikbaar te stel

6.1.4 versoek die Moderamen om jaarliks vir navorsingsprojekte wat in lyn is met die gestelde prioriteite te begroot.

## **22. PUBLIEKE GETUIENIS**

**VOORSTEL: ZIMBABWE** (A.11 Moderamen bl 207 pt 5.1) (GF Wessels/RC Thorne) – goedgekeur

The General Synod of the Dutch Reformed Church feels constrained:

1. To bring to the attention of the government of South Africa the plight of the remaining commercial farmers in Zimbabwe and the farm workers and their households who are dependent on them, who continue to live under the threat of displacement;

2. To point out to the South African government that the reason for the farm invasions is not the need for land reform, but racism and greed, since the majority of the less than 200 remaining farmers are white Zimbabweans, and around 4500 commercial farmers have already been forced off their farms;

3. To request the South African government to:

a) Appeal to the Zimbabwean government to see that any remaining illegal farm invasions be stopped immediately, and

b) To the Southern African Development and Economic Commission (SADEC) to do everything in their power to see that the implications of the SADEC Tribunal ruling of 2010 is taken forward, to ensure that legal issues regarding land ownership be addressed, and that the rebuilding of the farming sector and food security can be ensured for the well-being of all the people of Zimbabwe.

## **23. ARGIEF (vervolg)**

**DIGITERING VAN ARGIVALIA** (A.2 Argief bl 31 pt 3.5) – goedgekeur

3.5.1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die digitering van gemeentelike argivalia en van die ouer gemeentes deur beide die GSU en deur ABID met ondersteuning van die HJMNF.

3.5.2 Die Algemene Sinode keur die beplande digiteringsprojek goed waarvolgens die GSU ooreenkoms met die NG Kerk, alle lidmaat- en huweliksregisters wat nog by gemeentes in al die sinodale gebiede is, stelselmatig volgens 'n program te digiteer.

3.5.3 Die digitering van alle registers tans nog by gemeentes word deur digiteringspanne van die GSU by gemeentes gedoen, behalwe in groter dorpe en stede waar registers na 'n sentrale punt geneem sal word vir digitering.

**ARGIEF- EN INLIFTINGSWETGEWING** (A.2 Argief bl 32 pt 6.5) – goedgekeur

6.5.1 Sinodes word versoek om al hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en die Sinodale Kerkkantoor te vra om as 'n saak van dringendheid uitvoering te gee aan die vereistes van Wet 2 van 2000.

6.5.2 Sinodes word versoek om al hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en die Sinodale Kerkkantoor te vra om kennis te neem van die implikasies van Wet 25 van 2002 en die vereiste dat dokumente wat elektroniese geskep word (op 'n rekenaar/ skandeerde) elektronies gestuur en ontvang word (e-pos/faks), ook aan alle wetlike vereistes ten opsigte van bewaring moet voldoen.

6.5.3 ATABID volg die gang van die wetgewing ten opsigte van die beskerming van persoonlike inligting.

6.5.4 Die Moderamen wys 'n opvolger in die plek van dr CJJ Froneman aan as "Inligtingsbeampte van die NG Kerk" vir die doeleindes van Wet 2 van 2000 en stel die Kantoor van die Kommissie vir Menseregte daarvan in kennis.

## **24. EREDIENS/ LITURGIE (vervolg)**

**VOORSTEL: KONTEMPORÈRE AANBIDDINGSTYL** (BD Klut/ MH Loubser) – **goedgekeur**

Ons wil die begeleiding span gelukwens met die uiters hoë kwaliteit van die klassieke aanbiedings. Ons wil egter pleit dat daar by die volgende sinode ook plek gemaak sal word vir 'n kontemporêre aanbiddingsstyl. Mag ons aanbiddingsoomblikke ook die diversiteit vertoon van ons hele sinode, deur gebruik te maak van verskillende begeleidingsspanne.

## **25. VERKIESING VAN DIE MODERAMEN (vervolg)**

Ds Norma Rossouw is verkies tot die Moderamen van die Algemene Sinode.

## **26. BEDANKINGSWOORDE**

- \* Die personeel van Birchwood word bedank vir al hulle diens.
- \* Nelis Janse van Rensburg en Ferdie Clasen wat as leiers tov die proses opgetree het.
- \* Die notulespan, tolke en ondersteuningspan.
- \* 'n Spesiale woord van dank aan die gasheersinode vir hulle gasvryheid en die keurige wyse waarop die saal ingerig is. Van die ontvangs tot die einde was 'n positiewe ervaring.
- \* Die taakspanne vir al die verslae.
- \* 'n Spesiale woord van dank aan die Algemene Sekretaris, dr Kobus Gerber vir sy leiding tydens die vergadering asook vir werk vooraf gedoen.
- \* Die personeel van die kantoor van die Algemene Sinode
- \* Dr Braam Hanekom bedank die voorsitter, prof Nelus Niemandt, vir die uitnemende wyse waarop hy die vergadering gelei het. Die vergadering word versoek om vir die Moderator te bid.

## **27. PRIORITEITE**

Dr Ferdie Clasen fasiliteer die proses rondom die prioritisering van die werksaamhede van die Algemene Sinode. 'n Lys van moontlike prioriteite word uitgedeel aan die vergadering en hulle word gevra om 5 prioriteite te merk en die vorm in te handig. Die Moderamen sal die prioritiseringsproses afhandel.

## **28. AFSLUITING**

Ds Nico van Rensburg lei die afsluitingsliturgie:

- \*1 'n Duet sing die *Onse Vader*.
- \*2 Een van die teologiestudente lees Kol 1:15-20.
- \*3 Geleentheid word gegee vir stil gebed.
- \*4 Die vergadering sing *Abba Vader*.
- \*5 Jana de Lange, 'n teogiestudent, lees die Belydenis wat die Luisterspan opgestel het aan die vergadering voor.
- \*6 Ds Nelis van Rensburg fasiliteer die terugvoerproses en daar word geleentheid gegee vir lede van die vergadering om te getuig oor hulle ervarings gedurende hierdie week.
- \*7 Die voorsitter, prof Nelus Niemandt, gaan voor in Skriflesing en gebed.
- \*8 Izak Davel sing *Lord of the Dance*

Die vergadering verdaag om 12:15

**SOLI DEO GLORIA**

## **GROETEBOODSKAPPE**

# 1. FAMILIE VAN NG KERKE (BINNELANDS)

## 1.1 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN AFRIKA

Ds TS Pheko (Aktuarius) namens ds SC Kgobokoe (Moderator)

Brother Moderator and Synod

It is my greatest pleasure to send these greetings from my church.

We know that this is the meeting of the church where you ask guidance from the Head of the Church, Jesus Christ. We know that you have come to deliberate over very important issues concerning the church. We know that it is in such gatherings where you get misunderstandings on issues, conflicts of ideas, clashes over opinions and concurrence in philosophical standings – all these caused by the desire to find what is best for the Church of Jesus Christ. We know that it is in such gatherings where people come together with the sole aim of building a strong Church of Jesus Christ.

This is a very difficult path facing this honorable Synod. We, the DRCA, have come to say we are praying for you. We pray for you that Christ will hold you together and bind you to be one.

Some of the issues you are going to discuss involve our family of churches, churches born by the DRC. One burning issue is the church unification. This issue has been in the agenda of the DRC for decades. We are all aiming at that one goal. We all take time at our different synods to discuss it.

Our own decision concerning this issue of church unification must be seen in totality: by joining the General Synod of the DRC we begin a **process** (open to URCSA and other churches) where (a) the members of the DRC family can learn to care for one another and the world **at all levels**, (b) can **discover together** what structures/model will best serve this purpose, and (c) can **learn** how to deal with sensitive issues like differences in language, spirituality, finances, etc. If we really believe that the unity is a gift based on the Cross which is made visible through the Word and Spirit, should we not give it a chance and judge the process according to its results?

We thank the DRC and RCA who promised to help us and URCSA to solve a major stumbling block between us, the dispute on properties, so that we can put the bitterness of the past behind us.

I want to take this opportunity to wish your Moderamen well and God's blessings for their duration in leadership of His church. May you all have fruitful, successful and blessed discussions.

I thank you.

### BESLUIT VAN NGKA OOR EENHEIDSPROSSES

Die voorstel, wat deur die NGKA se Algemene Sinode aanvaar is, moet in sy geheel beskou word. Dit is dat (a) met 'n **proses** begin word (b) waarvan die doel is om die lidmate in die NG familie **werklik nader aan mekaar te bring in aanbidding en diens aan die Here en in omgee en getuienis teenoor mekaar en die wêreld**, wat dit (c) **op alle vlakke** (streeksinode, ring en gemeente) wil bereik (d) en wat oop bly vir die VGKSA. Daar is dus nie (sonder die VGKSA) op 'n model besluit nie. Al begin dit met die inskakeling van die NGKA se streeksinodes by die NGK se Algemene Sinode wil dit ons lidmate op alle vlakke die geleentheid gee om **sonder dwang nader na mekaar te groei en saam te ontdek watter gesamentlike en verenigde strukture uit die proses moet groei**. 'n Oordeel oor die proses sal eers uitgespreek kan word as dit getoets word daaraan of dit die doel in (b) hierbo bereik. Die besluit self vermeld dat daar baie **struikelblokke** op die pad is soos die **eiendomskwessie tussen die NGKA en VGKSA asook verskille in taal, spiritualiteit, finansiële omstandighede en theologiese opleiding**. **Ons glo egter dat huis hierdie eenheidsproses wat ons begin, aan ons die geleentheid en tyd sal bied om saam te leer hoe ons Here wil hê ons dit moet hanteer**. Die NGK en RCA het ook onderneem om die NGKA en VGKSA te help om die eiendomskwessie so spoedig moontlik by te lê. Sal dit nie 'n geweldige wonder en genade wees as die Here op hierdie manier teenoor die magte wat ons familie net al verder uitmekaar wil skeur, 'n nuwe beweging laat onstaan wat ons nader aan mekaar kan bring in ware liefde en diens nie? As ons werklik glo dat die eenheid op grond van die versoening deur Christus 'n gawe is wat die Here deur sy Woord en Gees in en deur ons wil sigbaar maak, moet ons dit nie dan 'n kans gee nie? Terselfdertyd het hierdie proses en ander prosesse tussen al vier kerke inderdaad ons almal se opregte gebede nodig - dat inisiatiewe gerig op eenheid nie weer verdeeldheid bring nie.

## **1.2 REFORMED CHURCH IN AFRICA**

**Rev Victor Pillay (Assessor)**

Dear Brothers and Sisters

We greet you in the name of our Lord Jesus Christ.

We thank you for the invitation to attend your Synod Meeting from 10 – 14 October 2011. The Moderator of the RCA, Rev Bennett Shunmugam, sends his apologies for not attending due to time constraints and commitments. He sends his best wishes and prays the Lord's blessings upon the Synod Meeting.

We would like to congratulate those who would be elected onto the Moderamen and in all other leadership positions for your Synod. Our prayer is that the Lord will grant these men and women divine knowledge, wisdom, guidance, direction and the anointing of the Holy Spirit to lead you during their term of office.

The Church in South Africa faces many challenges in the secular, ecumenical and ecclesiastical spheres of everyday life and living. The economic constraints, the breakdown of family life, crime and violence, the HIV/AIDS pandemic, poverty, unemployment, health care, education, political uncertainties and the list goes on, are but some of the major challenges for the Church and our ministry.

It is now more than ever before that the Church of Jesus Christ needs to take its stand on firm Biblical, spiritual and sound theological grounds. This will enable us to allow the witness of our faith to equip us against the onslaught we face from all kinds of secular, humanistic and worldly notions and ideologies that are sweeping the world, our country and even the Church. Just maybe we need to get back to the basics of knowing, understanding, experiencing and living the Gospel message of salvation in Jesus Christ through the work of the Holy Spirit.

The Synod's first day's focus on "Identity" is indeed crucial. Our prayers are that the Lord will lead you as a church to find that identity in Him.

On perusing your agenda we notice that there are some pertinent issues on your table. The focus on the congregations, membership and ministers occupies much of the agenda of the Synod. It therefore indicates the seriousness of your thinking and planning around the aspects and issues that are vital and relevant for you as a church. We do trust that the membership will stand by and support the leadership of the church. Here again this support is vital, especially for the items on the agenda that can be challenging and perhaps sometimes divisive.

The discussions on "Church Unification or Re-unification" will need much prayer and the Lord's guidance as we go forward as a family. We do realise that there may be no easy answers or consensus on this and related issues. Let us remember that we are called by the Lord to follow His example of being servant leaders. Let us also be reminded that this is the Lord's church and His will and rule must prevail.

As the Synod further deals with the possible restructure of the leadership, the question of the context of the DRC and many discussions of this nature, may you be guided by His Word and the Holy Spirit.

May the Lord help us in the Dutch Reformed Family of Churches to be true to this calling. It has become an imperative for the church to take its rightful place in society and our communities. For all throughout history whenever there were serious challenges, the church came to the fore to be that witness in order to make the much needed Biblical and prophetic utterances to the relevant situations and issues at hand.

Therefore we need each other in the family so as to take each others hands and walk this road together. Our prayer is that the Lord will bind our hearts, ministries and witnessing together as a family of churches.

The RCA has a tremendous task to be a missionary church whilst it is still a mission church. Our need to reach the un-churched and un-evangelised 85% of the 2 million people in the Asian communities is the huge task that lies before us.

At this point we would want to place on record our gratitude and appreciation for your partnership in our labours for the Lord. There are many RCA congregations that have partnered with DRC congregations, presbyteries and regional synods for our ongoing work and ministry. We do trust that you would pray with us as we live, experience and endeavour to meet this great need in our communities.

May our Lord bless all your deliberations, discussions and decisions for the duration of this Synod meeting.

With Christian greetings

### **1.3 VERENIGENDE GEREFORMEERDE KERK IN SUIDELIKE AFRIKA**

**Prof Thias Kgatla (Moderator)**

Mr Moderator,  
Members of the Moderamen,  
Fellow delegates,  
Distinguished guests

It is with a sense of being privileged that I appear here on this occasion of the General Synod of the Dutch Reformed Church to bring you the fraternal greetings of the Uniting Reformed Church in Southern Africa. It is a singular honour and rare privilege to be invited by another church within the family to bring fraternal greetings. I therefore grab this opportunity with both hands in humility and deep sense of gratitude. I salute you for the invite.

I greatly appreciate the warm welcoming words by you, Mr Chairperson. My anxieties have been relieved indeed.

In some respects I stand here before you much the same way in which Paul wrote of himself as to his first visit to Corinth: "I came to you in weakness and fear, and with much trembling" (1 Cor.2:3). Like the apostle I have resolved to deal with my anxieties by trusting in the Lord.

To me personally the DRC did a lot for God's mission, not only in Africa but in the world. I must also admit, like many western churches, the DRC did a lot of mistakes – some of which are still haunting us to this day. We need to face up to these problems and reposition ourselves for authentic God's mission in our country.

It is a well-known practice that when a fraternal delegate presents greetings from a sister church, he/she should provide some information as to how things are going in the church he/she is representing. In the context of our relationship within the DRC family, I might be expected to speak of developments within URCSA – particularly on matters of church unity. URCSA is committed to church unity within the DRC family as its name suggests. We, however, heard of the proposed church unity process by your church, DRCA and RCA. URCSA would like to give its response to the envisaged unity process.

We are encouraged by the biblical foundations on the nature of church unity, reconciliation and justice as taught in the Holy Scriptures, Creeds, the Three Reformed Standards of Faith and the Belhar Confession.

URCSA thus understands the implications for embodiment of true church unity as follows:

1. Biblical teaching and the guidance of our confessions call for the embodiment of organic unity.
2. Thus URCSA has established one united national synod, as well as integrated regional synods & presbyteries, where we together and continuously address our painful segregated history as well as the current challenges we jointly face.
3. URCSA concurred that local congregations can move at the pace they find possible towards local organic unity and the possible development of multicultural congregations. We are currently assessing this situation since we realize we ought to develop symbols of hope, a witness to society and the world at large, being the good news of Christ's reign – against racism, classism, lack of reconciliation, injustice, disunity, apartheid ideology and practices. In this we believe we have to exemplify the one body, created through Christ's death and resurrection, in which all parts are united, inter-connected, inter-dependent and co-responsible, functioning together to the honour and obedience of our only Lord, Jesus Christ.
4. With the mediation of the World Alliance of Reformed Churches (WARC – since 2010 the World Communion of Reformed Churches – WCRC) we embarked in 2009 with the DRC on a process of interaction within the DRC family which focus on the acceptance of the Confession of Belhar; on the unity of the church; and on reconciliation and restorative justice. This process is continuing.

#### Some questions regarding the implications of your proposed unity process

We do not see the need for the borders of presbyteries and regional synods to overlap in an organic structure. We foresee one United Reformed Church with one General Synod, with one regional synods and presbyteries reconciled and sent out to witness for God's redemptive salvation, love, peace and justice in Southern Africa.

We thus deem it necessary to state that the challenges which you define as particular to the RCA and the DRCA (e.g. your points 2.5 and 2.6 of your memorandum) need to be taken as challenges facing us all and that we should address those from our given unity in Christ, our common confessional foundation, and the ministry

practice we have to agree upon. Similarly, we should grapple together with the issues that you identify as important and sensitive (your point 8), as matters of common responsibility. It was on this basis that URCSA declared a moratorium in 2008 to call the DRC to journey together with us in search for organic, presbyterial church unity. Please do not set on the journey into the wildness alone.

For us it is very clear that the historical divisions that divided the DRC family should not be reinforced or entrenched in the new process for church unity, for that will compromise the church witness in the country. We should rather take time in establishing solid foundations for the united Church.

#### Invitation

Therefore we seriously plead with you, dear sisters and brothers, to come and stand with us. Let us struggle together in the truth and practice of the Gospel and our confessions, as outlined above. We plead with you not to further develop the process you propose to embark upon.

We honestly fear that your proposed line of action will entrench practices that cannot stand the test of good theology and will not be a credible witness in our context, where entrenched divisions of the past are still obvious. The church does not exist for itself but for the sake of the world as David Bosch puts it: "the church is the only society in the world which exists for the sake of those who are not members of it." We trust that you will seriously and prayerfully consider our proposal to you.

Finally, it is URCSA's prayer that in this Synod the resolutions you will take will be both God-honouring and a blessings to all within the DRC family. We pray that His grace, wisdom, patience and love will work among you, that your gathering may also be an up-building experience.

Your sisters and brothers in Jesus Christ.

## **2. FAMILIE VAN NG KERKE (BUITELANDS)**

### **2.1 CHURCH OF CENTRAL AFRICA PRESBYTERIAN (NKHOMA SYNOD)**

**Rev Vasco Kachipapa (Moderator)**

I thank God for the privilege given to me to greet the assembly on behalf of the Church of Central Africa Presbyterian in Malawi, Nkhoma Synod. We are wishing you God's blessing during this assembly. The Chairperson, you are aware that CCAP Nkhoma Synod is indeed the work of the Triune God, but through the Dutch Reformed Church. As such, we are pleased to have been invited to this assembly.

I would like to thank the Moderamen of the General Synod of the Dutch Reformed Church for the initiative taken to invite our church to participate in the Federal Council meeting that took place on Sunday the 10<sup>th</sup> October 2011. We thank God that we are part of this Family and we will support any initiative proposed by the council.

I would like to report to this assembly that we have been enjoying a cordial relationship with the Dutch Reformed Church all these years since 1889. Let me thank you, Chair, for the support we have been receiving from the DRC in many forms. In a special way, let me thank you for the scholarships you are giving to our pastors for further education

CCAP Nkhoma Synod is one of the fastest growing churches in Malawi, especially in towns. We have 148 congregations in 16 presbyteries. The membership of the church is now over 1.5million.

Chairperson, I sincerely thank you for inviting our church to be represented here and the opportunity granted to me to greet the assembly. We are also having our synod biannually: our Synod assembly beginning from the 20<sup>th</sup> October 2011. We are happy that you are sending a representative from your church.

Thank you very much. God bless you, God bless this assembly. Thank you.

### **2.2 DUTCH REFORMED CHURCH IN BOTSWANA**

**Rev Dikeme Radikgomo**

#### **1. Introduction**

Brother Chairperson, Brothers and sisters, let me first and foremost greet you in the most powerful name we have at our disposal – the name of Jesus Christ the Head of the Church. According to Acts 4:12, there is no other name under heaven given among men by which we must be saved.

Brother Chair, I feel greatly honoured to be able to stand here today to say a few words in the form of greetings on behalf of the Dutch Reformed Church in Botswana. It was a source of great pleasure and unspeakable joy when we received the invitation from your office to be part of the deliberations at this assembly and to convey fraternal greetings from our church. We believe that interactions such as these will go a long way in ensuring that some day we truly experience the reality of the oneness of the body of Christ.

Brother Chairman, five minutes will require that I run through these words as fast as I can and hopefully that you listen as fast as I speak.

## **2. Our historical ties**

Brother Chair, it is now a hundred and thirty four (134) years since the DRC started its mission work in Botswana in 1877. At the time, dedicated men and women of God selflessly worked to bring the Word of God to the people of Mochudi and later to other parts of the country.

The church did not only spread the message of the Gospel but also took a leading role in the health, educational and social development of the society in which it worked. This was evidenced by the establishment of the Deborah Retief Memorial Hospital with its renowned eye clinic, the Homecrafts Centre, and the Mochudi Resource for the visually impaired among others.

## **3. Partnership through the DRC Northern Cape Synod**

After the DRCB attained its autonomy in 1979, the two churches – through your Northern Cape Synod - continued to work together under a ‘Deed of Agreement’ firstly put in place in 1980 and revised in 1998. The two churches have agreed to work together through a Liaison Committee and I am happy to state that despite the many challenges that we face, we meet from time to time to address issues affecting both churches.

We recognize with gratitude the great work that the DRC-NC is involved in through the Kgalagano College in Gaborone. Currently negotiations are at an advanced stage to move the college to the premises of the former Mochudi Homecrafts Centre.

A word of appreciation is also in order for the support that DRC-NC is giving to DRCB for outreach in arrears which are very difficult to traverse such as Kgalagadi, Ghanzi and Maun. Last year we welcomed Rev TC du Toit from Hartswater congregation to work in the Kgalagadi area where for many years he has been assisting, especially in Tshabong.

A few years ago the DRC-NC and DRCB embarked on a Town house project sponsored by the former. After long delays, and despite the fact that a hefty sum of money is still due to the contractor, the house has now been handed over to us and a tenant started using it in January this year.

## **4. Partnership with the DRC General Synod**

Brother Chair, as you will realize we really enjoy our partnership with your church through the Northern Cape Synod as it allows us to deal with issues at an operational level. It is an ideal relationship that we will maintain at all costs. However, we would like to propose that the DRCB and the DRC open links at a General Synod level to enable us to discuss issues that might require engagement at that level.

## **5. The Current Atmosphere in the DRCB**

Brother Chairman, in Setswana greetings affords two or more people the opportunity to describe to each other the state of their health from toe to head. It is for this reason that I should perhaps briefly update you on the condition of the Church in Botswana.

Dear brothers and sisters, I regret to inform today that the DRCB has not been well for some time. For the past seven years now the church’s life has been brought to a virtual standstill because of internal wrangling within itself. Please pray for us. Pray for peace in our church. Although we are currently experiencing relative calm there is still a lot that needs to be done as from time to time we have to sit down for hearings to reconcile brother with brother.

Our brothers in the DRC Northern Cape have been very proactive in assisting us address this situation. To this end, I am glad to report that DRC Northern Cape kindly sponsored and facilitated for us a Leadership Workshop on the 22nd and 23rd October 2010 to deal with, among other things, the issue of conflict management.

## **6. Human resource and training constraints**

Despite all the very good things that the DRC has done for the church in Botswana, the church's greatest undoing has been its failure in the area of human resource development. This has unfortunately manifested itself in the collapse of the various projects that the church has invested in due to lack of the requisite management skills.

The issue of human resource constraints continues to haunt the DRCB. Currently nearly all Ministers serve on a part-time (tent-making) basis which means the work of the church of God suffers greatly. It is for this reason, Brother Chair, that I humbly plea to you to seriously and prayerfully consider how you can assist the church in this regard.

## **7. Conclusion**

Finally, Brother Chairperson, I stand here with the promise to convey greetings from the DRCB, and lest I forget let me conclude by doing exactly that. We are aware that in meetings such as this, you will usually have a mountain of work to do and many crucial and important decisions to be made. We therefore pray that God will endow you with the necessary health and wisdom throughout the duration of this General Synod.

We also pray that whatever decisions are made at this assembly, they should reflect the missional character of the church and to continue to touch and transform many lives including those beyond the borders of South Africa.

May the God of heaven guide you and richly bless you.

## **2.3 REFORMED CHURCH IN ZAMBIA**

**Rev Moses Mwale**

I bring to you fraternal greetings from your brothers and sisters of the Reformed Church in Zambia. We are glad that you extended your invitation to us to come and be part of this important meeting of the General Synod of your church.

As Reformed Church in Zambia, we still feel very much attached to you so much because of our long historic partnership we have shared from the time you started the mission work in Zambia. We cherish this partnership and look forward to find other areas and creative ways of doing ministry together.

The RCZ is no longer the baby you left in 1966 when you handed over to the Zambia leadership. We have grown spiritually and numerically. New congregations continue to be established both in urban and rural areas of Zambia therefore making the demand for Theological training even higher. As of this month we are having about 164 congregations spread across the Country with a membership estimated to be in the range of plus/minus 600 000.

We are classified to be one of the biggest mainline churches in Zambia.

Moderator, allow me time to quickly highlight some of the important issues that are informing and occupying our agenda into the future as Reformed Church in Zambia:

\* The Reformed Church in Zambia, like many other mainline churches, is faced with the growing challenge of Pentecostalism and accompanying prosperity gospel tenets. These trends have threatened the unity of the church and has sometimes led to the exodus of some of our members to some charismatic churches. We in RCZ think and do propose that concerted efforts be made in arguing the case for Reformed faith and work on popularising it. We do think Reformed faith has a lot to say and contribute to shaping today's world.

\* As Reformed Church in Zambia, we are also grappling with issues of justice, good and accountable governance as well as environmental justice. Using the strength of our Reformed heritage, we think we can play a leading role in fostering these important virtues. Today, the RCZ is one of the notable voices in the country on these issues and therefore wishes to make a passionate appeal to our Reformed family in the sub-region to prioritise such a task.

\* The third area of our focus is that of being agents of peace and reconciliation. We are coming from an election in Zambia which could have changed the whole landscape of our country. The Church played a leading role in praying for peace both before and after the elections. We are now still faced with this daunting task of helping to heal and reconcile the nation. But sometimes this role is compromised by our divisions in the Church. As we work on making our own internal environment right for us to undertake this ministry of reconciliation, we want to make an earnest appeal to you also, our brothers and sisters here, to expedite your own reconciliation process within the family here.

These issues are key on our journey to the future. We share them with you so that we solicit your accompaniment in prayers for us, offering available expertise at your disposal as well as available literature.

Moderator, may I end by wishing this General Synod quality and fruitful deliberations.

I thank you all.

## **2.4 REFORMED CHURCH IN ZIMBABWE**

**Rev Wilbert Runyowa**

Calvary greetings from the Reformed Church in Zimbabwe (RCZ).

On behalf of the RCZ, I would like to thank the Dutch Reformed Church (DRC) General Synod for extending an invitation to us to convey fraternal greetings. We are indeed aware that both the DRC and the RCZ share a common identity. The churches are of the Reformed faith and are in Africa. We should not be apologetic or ashamed for being a church in Africa but stand with other churches in Africa and other continents in participating in the Mission of our Lord.

The Mission belongs to our God. We are to participate together in His Mission through the power and leadership of the Holy Spirit. This calls for us to be relevant and appropriate in our contexts if we are to impact our communities today. Our ministry must effectively address the realities our people are encountering such poverty, HIV/AIDS. This is to be done through a communal approach which is African. We are to work as community of believers. As Africans we must cherish our communal understanding of life.

In the past the DRC and the RCZ have been working together and we hope to continue with our equal partnership in ministering to the people of God. The congregations in South Africa supported us during the crisis in our country Zimbabwe which is not yet over. We have been working together through the Commission for Witness (CFW) and other individual congregations. Indeed, it is vital for local congregations to work much closer than what has been happening. We hope the working together shall not just be at synod level but that this will lead to congregations directly working together in the Lord's Mission. The call is for an intercultural understanding in our partnership.

The RCZ is also aware of the challenges you are encountering as Reformed churches in South Africa, especially on the issue of unity. I trust that the debates and discussions of unity in South Africa shall be sensitive to the Holy Spirit.

God bless you in all your deliberations at this Synod that His Name alone may be glorified.

## **2.5 SWAZILAND REFORMED CHURCH**

**Dr Arno van Wyngaard (Algemene Sekretaris)**

*Ngiyanibingelela egameni leNkosi Jesu Krestu!*

Dwarsdeur Swaziland, waar twee of drie vergader in die Naam van die Lewende Here, weerlink hierdie woorde honderde kere per dag. *Ek groet u in die Naam van die Here Jesus Christus!* En dit is met hierdie woorde wat ek ook vir u, namens die Swaziland Reformed Church, wil groet.

Swaziland is 'n unieke land. Dit is een van die kleinste lande op die kontinent. Dit is die laaste uitsluitlike monargie in Afrika onder die heerskappy van Koning Mswati III. Dit is 'n vreedsame land – een van die min wat nog nooit in 'n oorlog betrokke was nie. Maar dit is ook 'n land wat tans 'n enorme finansiële krisis in die gesig staar sodat hulle onlangs by Suid-Afrika aansoek moes doen vir hulp om salarisse van regeringsamptenare te kan betaal. Twee-derdes van die land se bevolking leef onder die broodlyn en die ellende is oral rondom ons sigbaar. Die afgelope week was ek geskok deur 'n nuusberig van 'n vrou wat beesmis eet om aan die lewe te bly. En dan het Swaziland ook die twyfelagtige reputasie om bekend te wees as die land in die wêreld met die hoogste persentasie mense met MIV en VIGS. 42% van swanger vroue is MIV+. Die gemiddelde lewensverwagting van 'n Swazi is slegs 33 jaar en meer as 10% van die bevolking is weeskinders.

Die Swaziland Reformed Church is ook in baie opsigte 'n unieke kerk. Ons is die jongste en ook die kleinste lid van die Familie van NG Kerke. Die kerk bestaan uit vier gemeentes, maar daar word elke Sondag op meer as twintig plekke eredienste gehou en in sommige gevalle word daar elke dag van die week geleenthede gebied vir lidmate om gesamentlik die Here te dien deur middel van gebedsbyeenkomste, jeugbyeenkomste, vroue-

byeenkomste, Sondagskool en kooroefeninge. By een van ons preekpunte, Matsanjeni, het ons onlangs 56 nuwe lidmate voorgestel, ongeveer 'n 30% groei in lidmaattal op daardie spesifieke plek. En waar daar bekommernis heers binne die geledere van die Ned Geref Kerk oor gemeentes wat doodloop, hoor ons gereeld in Swaziland van nuwe preekpunte wat gestig word – voorwaar iets om oor opgewonde te raak.

Waar ons almal bekommert is oor die gevolge van MIV en VIGS, het die Swaziland Reformed Church besluit om iets daadwerkliks te doen hieraan en derhalwe het die Shiselweni-gemeente in 2006 begin met 'n huisversorgingsprogram wat internasionaal opslae maak deurdat 850 vrywilligers op 'n daaglikse basis by meer as 2700 mense uitkom om hulle te help om die stigma van MIV en VIGS te oorkom, om mense te motiveer om getoets te word, om gereeld hulle medikasie te neem en om, wanneer mense in die finale fase van hierdie verskriklike pandemie inbeweeg, meeste dienste te lewer wat normaalweg in 'n hospitaal aangebied sal word. Die kerk het 'n organisasie met die naam *Shiselweni Reformed Home-Based Care* gestig en in 2008 het ons die gesogte *Courageous Leadership Award* van die *Willow Creek Association* en *World Vision* ontvang. Kort daarna is hierdie organisasie deur die "sekulêre" Universiteit van New York geïdentifiseer as "a best practices case study" oor hoe 'n kerk effektief mense met MIV en VIGS kan bedien. Gemeentes van so ver as die VSA, Nederland, Malawi, Ghana en natuurlik ook Suid-Afrika besoek Swaziland gereeld om eerstehands te sien wat daar aan die gebeur is, om hulp te verleen en, deur die genade van die Here, het baie van hulle ook begin om amptelike vennootskappe met ons te stig. Verder het daar reeds etlike artikels verskyn in vooraanstaande internasionale akademiese vaktydskrifte oor die bediening van hierdie besondere groep mense en word die werk wat hierdie organisasie doen beskou as 'n voorbeeld wat wêreldwyd nagevolg kan word waar VIGS 'n realiteit is.

Onlangs het ons vanuit Swaziland 'n groep van ongeveer dertig leraars net buite Kaapstad opgelei sodat hulle ook hulle eie gemeentes kan begelei om hulle lidmate wat MIV+ is meer doeltreffend te ondersteun – ons gawe terug aan Suid-Afrika en vir ons 'n wonderlike voorreg.

Wat vir ons belangrik is, is dat die jonger kerke – wat in die verlede dikwels gesien is as liggame wat afhanklik is vir hulle voortbestaan van die aalmoese wat aan hulle uitgedeel word – kerk in eie reg is, wat nie alleen afhanklik is van die groter lede van ons familie nie, maar wat ook kennis en ondervinding het om aan ons groter en ouer broers en susters te bied, waardeur hulle eweneens bevoordeel kan word.

Ons wil graag die seën van die Here toebid op u kerk en veral op die nuwe leierskap van die kerk. Dit is ons gebed dat die verhouding tussen die Swaziland Reformed Church en die Ned Geref Kerk nie net iets is wat in swart en wit op papier beskryf word nie, maar dat dit ook in die praktyk só uitgeleef sal word dat die wêreld sal kan sien en glo dat ons familie is van mekaar.

### 3. KERKE BINNELANDS

#### 3.1 ANGLICAN CHURCH OF SOUTH AFRICA

Bishop David Bannerman

Moderator and Members of Synod

It is real joy and privilege to bring you greetings from the Archbishop of Cape Town and the Anglican Church of Southern Africa, which comprises of South Africa, Lesotho, Swaziland, Namibia, Mozambique, Angola and finally St Helena and the Ascension Island.

As I reflected on what I should say to you today, faces came into my mind, faces of dominees that I have known and worked with in different contexts and the enriching time that it was for me.

Dominee Gerrie Doyer in Shabani Zimbabwe who introduced me to rooibosch tea.

Dominee Kriel in Harrismith.

And ... I thank God for those relationships that have touched and enriched my life and ministry. I thank God for the minstry and writings of prof David Bosch that had formative influence in my studies in Practical Theology.

More recently....

At the recent Synod of Bishops we were advised of the relationship that has been created between ourselves and other churches in Stellenbosch through your group called Ecclesia in the creation of the Word and Worship programme to assist clergy in sermon and worship preparation.

And as I was preparing this greeting, the priest in Brakpan phoned me to say that he was part of a minsters' fraternal with ministers from the DRC who are working on different projects together.

I believe that it is these relationships at different levels of the life of the greater church in Southern Africa, that we need to foster, to be intentional about, particularly at the one to one level as we seek ecumenically to be collaborators with God and one another in his mission to the world and we seek to proclaim, to live out the Gospel in our South African context.

And so ....May God bless you and guide you in your deliberations as you listen to God, to one another and your ...our ...contexts of ministry.

May God bless you as you, as we journey together in community, in synod, for the good of your church and the proclamation, in word and deed, of God's reign of compassion in Southern Africa.

### **3.2 CALVYN PROTESTANTSE KERK VAN SUID-AFRIKA**

**Ds Lionel Fredericks**

- \* Dankie vir die uitnodiging om 'n groeteboodskap namens die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika aan u te kan oordra.
- \* Hierdie is vir ons 'n geskiedkundige oomblik aangesien dit die eerste keer in die een-en-sestig jaar van die bestaan van ons kerk is dat ons uitgenooi is om 'n groeteboodskap aan u sinode te kan oordra.
- \* Ons is dankbaar vir die groeteboodskappe wat in die verlede aan ons oorgedra was namens die NG Kerk op streeksinodevlak.
- \* Namens die CPK wil ons graag die nuwe moderatuurslede asook die lede van verskillende komissies wat tydens hierdie sinode gekies was, gelukwens met u verkiesing.
- \* Ons gebed vir u is dat die Here u die nodige genade, moed, insig, wysheid en deursettigsvermoë vir die nuwe termyn sal gee sodat u Sy kerk maar ook Sy koninkryk tot Sy eer kan dien.
- \* Die Calvyn Protestantse Kerk van Suid-Afrika is gebore uit die Nederduitse Gereformeerde Kerkfamilie en tradisies nadat ons weggebreek het van die destydse NG Sendingkerk wat nou die Verenigende Gereformeerde Kerk geword het.
- \* Die CP Kerk is op 15 Oktober 1950 gestig weens haar teenkanting teen die apartheidsbeleid en die onwilligheid van die NG Sendingkerk om hierdie beleid as onskriftuurlik te verklaar.
- \* Tot en met die NG Sendingkerk Sinode van 1986 is die CPK as 'n sekte beskou en nie as 'n volwaardige kerk aanvaar nie.
- \* Deur die Konvent van Reformatoriese Kerke is die kontak tussen ons en die NG Kerk weer opgetel en word ons opnuut uitgedaag tot samewerking.
- \* Ons word gekonfronteer met dieselfde uitdagings waarmee u worstel en daarom moet ons met die NG Kerk in die breë beter samewerking bevorder op alle vlakke van kerkwees: op gemeente-, ring- en streeksinodevlak.
- \* Ons het 'n wonderlike voorbeeld van samewerking tussen die CPK in Macassar en die NG Kerk in Helderberg met betrekking tot die opheffing van die gemeenskappe in daardie gebiede.
- \* Die leuse van ons kerk "Almal een in Christus" en besluite oor die jare ten opsigte van beter samewerking met ander kerkgenootskappe met die oog op moontlike eenwording, dwing ons om met kerke van dieselfde belydenis saam te werk.
- \* Daarom versoek ons die NG Kerk om in u gesprekke oor eenwording ingesluit te word.
- \* Die uitdagings waarmee ons huidiglik gekonfronteer word, is dié van hopeloosheid en hulpeloosheid in ons gemeenskappe.
- \* Dit is onlangs baie duidelik uitgelig toe duisende mense opgedaag en mekaar vertrap het op soek na moontlike werkgeleenthede.
- \* Deel van die kerk se sendingtaak is om die evangelie op 'n meer praktiese wyse oor te dra sodat die geestelike behoeftes sowel as die basiese menslike behoeftes aangespreek kan word.
- \* Die boodskap van die evangelie gaan verlore wanneer hongersnood, siektes, werkloosheid, vrees, haweloosheid, ensovoorts, die aandag sowel as die gedagtes van die mens oorweldig.
- \* Terwyl ons met hierdie uitdaging te doen het, kan ons nie toelaat dat dit groter word as onse God nie.
- \* In **2 Kronieke 20 vers 12** het Koning Josafat erken dat hulle nie die oplossing het nie maar dat hulle die Here daarvoor.
- \* **Want in ons is geen krag teenoor hierdie groot menigte wat teen ons gekom het nie; en ons weet nie wat ons moet doen nie, maar ons oë is op U.**
- \* In daardie oomblik van diep afhanklikheid van God het die versekering van die Here gekom.

- \* **2 Kronieke 20 vers 15 Luister, almal wat uit Juda is en inwoners van Jerusalem en u, koning Jósafat! So sê die HERE aan julle: Wees nie bevrees of verskrik vanweë hierdie groot menigte nie, want die stryd is nie julle saak nie, maar die saak van God.**
- \* Ons wil u alle sterkte toewens met die res van die sinode terwyl u met brandende kwessies worstel.
- \* Dankie weereens vir die geleentheid.

### **3.3 EVANGELIES-LUTHERSE KERK IN SUIDER AFRIKA (N-T)**

**Biskop Horst Müller**

Geagte susters en broers in Christus

Ek is baie bly en dankbaar dat ek julle sinode kan bywoon. Op 'n persoonlike noot: Die NG Kerk het in my lewe nogal 'n groot rol gespeel. Op hoëskool (Wonderboom) het ek deur my vriendekring aktief by 'n plaaslike NG Kerk (Magalieskruin) betrokke geraak. Ek was selfs 'n tydlank penningmeester van die KJA! Sondagogende was ek in my Lutherse gemeente, in die aande in die NG Kerk. Daar het ek geleer om die Bybel lief te hê en te studeer, geleer van gebedsgroepe, en vrymoedig van Christus te getuig.

Daarom is ek bly dat ons oor die afgelope paar jare ook al hoe meer kontak met mekaar kon opbou. Vandag bring ek dan groete van my kerk, die Evangelies Lutherse Kerk in Suider Afrika (N-T). Hierdie kerk het oor die afgelope 30 jaar verander van feitlik uitsluitlik 'n Duitse kerk na 'n veeltalige, multikulturele kerk. Graag is ons betrokke in ekumeniese gesprekke en samewerking.

Volgende week vergader ons sinode onder die tema: "Firm - and eager to learn" - of in Afrikaans: "Stewig gewortel - en gretig om te leer." Ek wil graag die hoofgedagtes met u deel.

'n Rotsklimmer het 'n goue veiligheidsreël: hy moet altyd drie vaste grepe hê – twee voete, een hand, of twee hande, een voet. As hy so geanker is, kan hy die ander hand of voet gebruik om na die volgende vastrapplek of vashouplek te soek. Met hierdie drie ankerpunte kan hy groot uitdagings uitklim.

Vir ons Christene is daar ook sulke drie ankerpunte:

1. Christus self – ons Verlosser. Dit is uiters belangrik dat elke generasie opnuut Christus as Verlosser leer ken hulself aan Hom toevertrou.
2. Die Skrif. Dit is uiters belangrik dat ons die Bybel as bron van al ons leerstellings goed bestudeer, lees, daarmee kan werk. Bybelkennis moet by oud en jong aangemoedig word! Lidmate moet nie net óór die Bybel lees nie, maar ín die Bybel!
3. Tradisie, geskiedenis: ons moet weet waar ons vandaan kom. Dit is belangrik dat ons verstaan hoekom ons doen wat ons doen. Eers as ons ons geskiedenis verstaan, kan ons betekenisvolle veranderings aanbring.

En nou kom die belangrike: as ek só vas gegrond is, kan ek vorentoe beweeg. Dan hoef ek nie bang te wees vir die toekoms nie, vir nuwe uitdagings en temas. 'n Rotsklimmer wat nie goed geanker is nie, begin klou, vasklou. As hy nie val nie, vries hy vas waar hy is. Christene wat nie goed geanker is nie, verstar - of dwaal af. Die klimmer egter, wat goed geanker is, is beweeglik. Dit klink soos 'n teëstelling - maar dit is nie! Die Christen wat weet wat sy glo, hoekom sy glo, skrik nie vir wetenskap, navorsing, nuwe ontdekings nie, maar kan, geanker in Christus, hierdie wêreld "inklim" en 'n verskil maak.

Ek sien uit die temas van die sinode dat u ook goed besig is om te klim. Mag die Here julle seën op julle pad vorentoe. Filippense 1 vers 6 sê: *Ek is daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.*

### **3.4 GEREFORMEerde KERKE IN SUID-AFRIKA**

**Ds Pieter Kurpershoek (voorsitter: Deputate Ekumeniese Sake: Binnelands)**

Liewe susters en broers

Baie dankie vir die voorreg om namens die GKSA hier tydens u Algemene Sinode teenwoordig te kan wees en spesifiek ook namens ons kerke u in die Naam van ons Here Jesus Christus te groet!

Dis vandag presies 49 jaar gelede dat die opening van u eerste Algemene Sinode plaasgevind het. Op 14 Oktober 1962 het prof EP Groenewald met die opening vanuit Sagaria 6 beklemtoon dat dit die Hére is wat sy kerk gebou en daaruit vir Hom heerlikheid berei het. Nege-en-veertig-jaar later is dit steeds u vertrekpunt as kerkgemeenskap: Die Here roep en vorm sy kerk ... om aan Hom te behoort ... en om as gestuurdes in Sy

diens op te tree. Vir my persoonlik was dit besonders om hierdie week te kon beleef hoe u tydens die Sinode voortdurend die fokus probeer terugbring het na één realiteit: die NG kerk is die Hére se kerk ... Jesus Christus is die Hoof!

As Sinode en kerkgemeenskap is u besig om te midde van 'n komplekse situasie in ons samelewing ernstig en eerlik te worstel om die stem van die Herder van die kerk, Jesus Christus, te hoor en te gehoorsaam. Die omvangryke inhoud van u agenda en die fokuspunte wat u na vore gebring het, die kontensieuse sake wat u moes hanteer, die verskeidenheid in standpunte wat u moes verreken, het aan u 'n besondere uitdaging gebied in die paar dae wat u as Sinode saamgekom het. Gistermiddag se gesprek rondom die Belydenis van Belhar het u besonder uitgedaag, maar vir my en verskeie van die ekumeniese verteenwoordigers was dit 'n voorreg om die intensiteit en diepte daarvan te kon ervaar.

Dr Kobus Gerber het tereg in sy inleidingswoord tot die agenda gestel dat u in die kerklike en publieke oog is. Die vinnige en oorweldigende reaksie in die elektroniese media getuig hiervan. Maar ... u verdwyn nie vandag uit die openbare oog nie. Nog minder verdwyn u uitdaging om elke dag so te leef dat al meer mense uit ons samelewing sal uitroep: *Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle*. Mag ons Here julle in staat stel om met oorgawe te stap op die pad wat vir julle voorlê met die wete dat Hy in staat is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink!

Sedert u vorige Sinode het die GKSA besondere gebeure beleef:

- \* Ons kon in 2009 vir die eerste keer in 'n werklike Algemene Sinode saamkom met verteenwoordigers uit swart, bruin en wit kerke wat afgevaardig is deur multikulturele streeksinodes. Ons het in Afrikaans en Engels vergader, in verskillende tale aanbid en strompelend begin stap op 'n pad van saamleef met mekaar, ongeag ons afkoms.
- \* Ook kon ons in 2009 die 150-jarige bestaan van die GKSA gedenk, dankbaar vir die Here se sorg in ons lewe as kerkgemeenskap.
- \* Maar ons kon ook terugkyk na ons vorming in 1859. Met die hartseer gebeure van die uitmekaar beweeg het ons voorvaders tog gebid: *Mag God gee dat ons nog op 'n keer weer almal één sal wees, sowel in diens as in lewe.*

Vanuit hierdie gebed benader ons die gesprek tussen die sogenaamde drie Afrikaanse Kerke in die Tussenkerklike Raad. Hier kan ons vanuit die besondere sorg van die Vader, die krag van sy Seun en die leiding van die Gees saam stap op die pad na weer almal één wees. Die afgelope jare het u en ons as kerkgemeenskappe 'n belangrike tree op die pad saam gegee toe ons na indringende en eerlike gesprekke met mekaar 'n Memorandum van Ooreenkoms daargestel het. Hierin gee ons prakties uitdrukking aan die gemeenskaplike roeping van die NG Kerk en die GKSA en aan die realisering van die eenheid en samewerking tussen ons as kerkgemeenskappe. Aan God die eer!

Maar ons bid dat hierdie tree nie die laaste tree sal wees nie. U self het aangedui dat daar by u die vergesig is dat alle kerke van gereformeerde belydenis byeengebring sal word. Dit bly ook ons vertrekpunt dat ons binne die gereformeerde tradisie na eenheid soek. Hiervoor moet ons ons beywer sodat ons as almal binne die gereformeerde tradisie 'n duidelike getuienis in ons samelewing kan gee wat daartoe mag lei dat al meer mense Jesus as die Gestuurde, as die Messias, sal erken en in Hom sal glo! Mag ons Vader die gebed van sy Seun hiervoor in Johannes 17 verhoor!

Ons bede as GKSA is dat u wat aan God die Vader en die Here Jesus Christus behoort, sy genade en vrede mag ervaar. Mag u as Sinode en kerkgemeenskap beleef dat die Here u seeën met wysheid en met krag!

### **3.5 METHODIST CHURCH OF SOUTHERN AFRICA**

**Biskop Peter Witbooi**

Die Moderator, Assessor, Skriba, Aktuarius en lede van die Dagbestuur van die Algemene Sinode, Afgevaardigdes, Broers en Susters.

Ek groet u in die Naam van Jesus ons Saligmaker en Verlosser.

Dit is vir my 'n besondere voorreg om namens ons Voorsittende Biskop, Eerwaarde Ivan Abrahams, en die hele Metodiste Kerk aan u groete oor te dra. Die Metodiste Kerk van Suidelike Afrika sluit in Botswana, Lesotho, Namibia, Swaziland, Mosambiek en Suid-Afrika. Hierdie jaar, vir die eerste keer sedert 1883, was ons konferensie gehou buite die grense van die RSA in Lesotho.

Onse gebed is dat u gesprekke sal bydra tot die verdere uitbreiding van Gods Koninkryk en dat ons sal volhard in die Evangelie totdat die koningkryk van hierdie wêreld die eiendom word van onse Here en van Sy Christus en Hy as Koning sal heers tot in alle ewigheid.

Soos Paulus bid ons: “Verder broers en susters, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter ding en watter lof daar ook mag wees, bedink dit” (Fil 4: 8).

Ons bid die leiding van die Heilige Gees op al u besprekinge.

### **3.6 NEDERDUTSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA**

**Ds Dries Beukes (visevoorsitter van die Kommissie van die AKV)**

Ons groet u in die Naam van Jesus Christus, die Heer en Hoof van die Kerk. Dit is 'n besonderse voorreg om by die geleentheid enkele gedagtes met u te kan deel, veral omdat ons twee kerke soveel in gemeen het en op soveel terreine saamwerk om ons roeping te vervul. Wanneer 'n mens deur u agenda blaai, is dit opvallend dat daar soveel sake in die brandpunt is wat op u vergadering gaan dien, en wat ook op ons Algemene Kerkvergadering gedien het en nog steeds verdere studie vereis en in die theologiese debatvoering aan die orde kom.

Hier dink 'n mens aan sake soos Skrifbeskouing, diversiteit, saamwoon, kerklike huwelike, ekklesiologie en missionaat, en nog vele meer. Van die sake het selfs die potensiaal om kontroversieel te raak omdat dit u verhouding met kerke raak wat op dieselfde belydenisgrondslag as u is. Hier dink 'n mens veral aan die saak van die grootdoop of bekeringsdoop. Wat u ookal in dié verband besluit, het ook 'n invloed op ander kerke en hulle doopbeskouing. Ons sien met groot afwagting uit na die uitkoms van u vergadering. Kan ek ook maar Skrifbeskouing en diversiteit uitlig. Vir teoloë is dit miskien nog maklik om mekaar oor Skrifbeskouing te vind, maar hoe verduidelik jy dit aan lidmate op 'n verstaanbare wyse? Diversiteit is 'n gegewene, maar dit lei dikwels tot baie spanning en onverdraagsaamheid. Die uitdaging is om die eenheid te midde van die verskeidenheid te bewaar.

Die uitdaging vir die kerk is enorm, gewoon omdat die wêreld teen so 'n geweldige tempo verander. Lidmate laat hulle nie noodwendig voorskryf nie en staan baie krities teenoor die kerk. Die kerk, aan die ander kant, verander gewoonlik stadig, hoofsaaklik omdat die boodskap nie verander nie, maar ook omdat wanneer daar pogings is om die vorm daarvan te verander, 'n mens stuit teen die verskillende spiritualiteitstipes wat in die kerk verteenwoordig is. Party soek sekerheid in die geykte vorme waaraan hulle gewoond is, ander soek voortdurende vernuwing en aktualisering. Dit aan die een kant. Aan die ander kant staar die kerk die werklikheid van inkrimping in die gesig. Ek onthou 'n stukkie statistiek wat ek met die millenniumwisseling in die Beeld gelees het oor die stand van die hoofstroomgodsdienste van die wêreld in terme van die begin van die 20ste en 21ste eeu. Waar die Christendom min of meer konstant gebly het rondom 33% van die wêreldevolking, het die Islam van 12% tot 19% gegroeи. Neem 'n mens nou nog hiermee saam kennis van baie hoofstroomkerke oor die wêreld heen wie se getalle krimp, maak dit 'n mens tog bekommerd. Daar is selfs stemme wat opgaan dat die tyd van die kerk verby is.

Die grootste fout wat die kerk kan maak, is natuurlik dat statistieke sy dryfveer word. Getalle sê seker iets, maar nie noodwendig oor die inhoud en kwaliteit van die geloofslewe nie. Vir my is dit daarom inspirerend om in u agenda te sien dat u die fokus op die regte plek laat val, naamlik dinamiese kerkwees, die viering van die evangelie. Dit is die uitdaging om voortdurend te vra na die wil van God vir die kerk. Wat moet ons doen om getrou te wees aan God?

Ek dink ook dat dit vir die kerke 'n blye dag sal wees as ons onderskeie studiekommisies ook kan saamwerk en gemeenskaplike verslae voorgelê kan word, veral oor kontroversiële sake. Dit kan dalk help om teenstrydighede te beperk. Dink maar net as ons byvoorbeeld oor saamwoon en homoseksualiteit gesamentlik verslae kon voorlê en hoeveel groter gesag dit sou gedra het by ons onderskeie sinodes. Die samewerking tussen die twee kerke het die afgelope aantal jare baie uitgebrei tot groot vrug van beide kerke. Hier dink ek aan die veelkerklike theologiese fakulteit aan die Universiteit van Pretoria waar die samewerking buitengewoon goed is en daar ook kruisbestuiwing plaasvind. Ons het ook daarin geslaag om 'n bilaterale ooreenkoms te sluit wat samewerking soveel makliker maak. Een van die uitvloeisels hiervan is dat veral op die platteland waar getalle van beide kerke sodanig afgeneem het dat selfstandige bediening finansieel net nie meer haalbaar is nie, daar nou baie plekke gesamentlike bediening plaasvind. Oor die jare het ons ook by die TKR gevorder van strydgesprekke tot terreine van gemeenskaplikheid, soms selfs gesamentlike mediaverklarings.

Namens die Hervormde Kerk bid ek u 'n vrugbare en geseënde vergadering toe. In die woorde van Filippense 1:9 en 10 bid ons u ook toe: Mag julle liefde al hoe meer toeneem in begrip en fyn aan-voeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. En mag God julle styf vashou met sy liefde en genade.

Met agting

### **3.7 SOUTH AFRICAN CATHOLIC BISHOPS CONFERENCE**

**Biskop Graham Rose**

In Januarie 2010 het die SACBC die voorreg gehad om 'n delegasie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te ontvang. As 'n onlangs-aangestelde Biskop was ek beïndruk met die kwaliteit en warmte van daardie vergadering in Pretoria. Namens die SACBC wil ek u opreg bedank vir die uitnodiging om vandag hierdie boodskap aan u te mag oordra.

Ons gesprek het in die vroeë 1990's begin. Toe ons onlangs ooreengekom het om die verhaal van ons teologiese gesprekke vas te lê, was daar ook voorgestel dat ons hierdie verhaal rondom die persoonlikhede betrokke in die gesprekvoering ook moet vaslê. Bo wat ons denke en harte gedeel het, het ons ervaar dat ons by iets veel groter betrokke is: die Heilige Gees het, en is besig om ons te lei in antwoord op ons Here se gebed: "Vader, mag hulle een wees in ons ..." (Jn 17:21)

Ons gesprek het ons deur 'n aantal areas en probleme geneem wat histories ons twee tradisies verdeel het. Ons het baie van mekaar geleer en verwag om so aan te hou. Wat ook al ons vorige interaksie sal wys, dit bevestig dat 'n ware vriendskap in die Here – 'n diepe Christlike respek – tussen ons ontwikkel het. Ons het as pelgrimsmense geskakel - ons het saam gestap, en gegroei in waardering vir mekaar en die Here, in Wie en na Wie ons op pad is. Hierdie proses self dui op 'n model vir die ontwikkeling van Christeneenheid.

Een van die nabetraginge wat in ons gegroei het, en ons nooi vir verdere ondersoek, is gesetel in ons gesamentlike geskiedenis. Dit is: "presies hoe die kritiek van Johannes Calvyn gesien moet word in die konteks van sekere Katolieke oordadigheid, en hoe dit bygedra het tot 'n sekere Hervormde minimalisme", wat lei tot die volgende vrae: Waar is beide van ons nou? Wat het ons beide geleer, en wat moet ons nog leer van wat ons tradisioneel verdeel het?" Eenvoudig gestel: ons mag dalk begin deur te vra "is ons vir die Bybel, of vir die sakramente?" Is ons vir 'n strak individuele geloof of dalk een wat oorvloei word deur die heiliges? Is ons vir die Kerk as 'n mistieke realiteit of een wat ook menslik gestructureer is?" Ons kan so vasgevang raak in die "een of die ander" dat ons versuum om die "beide" te sien.

Hier word ek herinner aan die insig van 'n groot Katolieke denker uit die vorige eeu, GK Chesterton: hy prys die genialiteit van Christendom jeens die wyse hoe dit "vurige teenoorgesteldes" hanteer – dit is suksesvol gedoen het hy dit gestel, deur hulle huis teenoorgesteld en vurig te hou. Ons is dankbaar vir u vurige verdediging van sekere Christenwaarhede. In ons samesprekinge is dit waar om te sê dat die Here vir ons 'n Brug was, waارlangs ons geloop het, met 'n pragtige uitsig van wat aan beide kante van die rivier van Christenwaarheid floreer.

In ons gesprekvoering het ons onsself verbind tot 'n volgehoue strategie wat die volgende behels:

- \* gebed tot die Here vir die eenheid soos dit Sy wil is
- \* 'n voortgesette gesprekvoering en deling van ons twee Christelike tradisies
- \* die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike openbare liturgie waarin ons saam God aanbid
- \* voortgesette soeke na maniere om hierdie 'n realiteit op plaaslike vlak te maak

Ons is gemaan om nie naïef te wees nie! Ons sal op hoogte moet bly van gebeure en gesprekke in die internasionale arena van dialoog en interaksie tussen ons tradisies. Sodoende vir ons vergadering in Augustus 2012 beplan ons om iemand wat goed geplaas is, uit te nooi om ons van ontwikkelinge in hierdie verband in te lig. Ons is maar té bewus dat ons in 'n jong land woon wat geken was en nog steeds geken word aan verdeeldheid. Ons weet maar te goed dat ons teologiese verskille te dikwels was soos plante wat wortel geskied het in die krake van ons menslike vervreemding. Tragies en teen die gebed van die Heer, het ons soms toegelaat dat ons teologie die verdeeldheid tussen ons vererger. Ons sal die geskiedenis van hierdie verdeeldheid – beide menslik en teologies – vierkantig in die gesig moet kyk. Hierdie sal nie 'n maklike taak wees nie. Ja, inderdaad mag ons nie naïef wees nie.

Tog is daar 'n ander – en 'n vorige – naïewiteit, een wat elke Christen absoluut moet vermy. Om die prooi hiervan te word, is om die kern van ons Christelike geloof te weerspreek. Ons moet nooit die genade van Christus onderskat met die reis van Sy mense van Babel na Pinkster nie. Daar is so baie wat julle ervaar het wat ons nodig het om te hoor en vreugde in te vind, soveel wat ons sal verryk. Bo alles moet ons nie skuldig wees aan daardie fatale naïewiteit wat die krag van die Gebed van die Here, en die Liefde van die Hart wat daartoe gebid het, onderskat nie. Laat ons nie so naïef wees as om te sê dat die gebed vir eenheid nooit gehoor was of gehoor sal word nie.

Ek het begin deur beide die plek van die verstand en die hart in ons dialoog te bevestig. Mag ek afsluit deur die woorde te herroep van 'n ou en verweerde Priester wat ek die voorreg gehad het om so dertig jaar gelede te

ken. Hy het iets gesê wat ek nooit verwag het om van 'n stoere en diepgelowige Christen te hoor nie. Hy het gesê (sekerlik profeties!) "op die reis na eenheid sal ons deur ons harte gelei moet word, dan sal ons verstand later met ons moet opvang." Ek wil graag hulde bring aan die lede van u gemeenskap – Broeder en Suster Christene met oop en lewendige gemoedens en harte – met wie ons die voorreg en seëning kon hê om in gesprek te tree.

Ek dank u en mag die Here ons seën met 'n heilige ongeduld in ons geloofstaak.

### **3.8 UNITING PRESBYTERIAN CHURCH OF SOUTH AFRICA/ WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES**

**Dr Jerry Pillay**

Moderator, General Secretary, Sisters, Brothers,

It is a real joy and privilege for me to be amongst you today and to bring you greetings from the two organizations I am representing here at your Synod.

**Firstly**, I bring you the greetings and best wishes for your meeting from the World Communion of Reformed Churches, from the General Secretary the Rev Dr Setri Nyomi, the Office Staff in Geneva and the wider family of the WCRC. The WCRC is a family of 230 Member Churches from 108 countries in the world with a membership of over 80 million Reformed Christians. This new body was established in June 2010 with the coming together of the Reformed Ecumenical Council (REC) and the World Alliance of Reformed Churches (WARC). You were members of both these organizations before the union. In the past year since our inception, the WCRC has been busy discerning God's will and direction for the organization. In May this year the Executive passed a new Vision and Mission Statement and directed its Programme Priorities. We have come up with 5 Key Strategic Directions for the work of the WCRC in the ensuing years before the next General Council. They are as follows: *Mission, Communion, Justice, Theology and Ecumenical Engagement*.

We are very excited about the prospects, direction and renewed enthusiasm we are seeing amongst the WCRC Member Churches as we visit places across the world. We are currently facing some serious financial challenges because of the fluctuating currencies, but we will not allow this to deter our joy of working together and of being a Communion. In particular, I would like to express our sincere appreciation to your Church for your commitment to the WCRC and your continued involvement in various areas of our life, work and witness. Dr Kobus Gerber serves on the Executive Committee of the WCRC and he chairs the Partnership and Development Fund. We are grateful to you for what you bring to the WCRC in people-resources, gifts, talents and financial contributions. May God bless you!

The WCRC is also pleased to be able to journey alongside you and the URCSA in facilitating your mediation process. Both Churches requested the WARC to mediate when the unity process went off the rails. We were pleased to send an international delegation to mediate and then to request the Rev Dr Jerry Pillay to continue with the process. Since then mediation meetings have taken place, 3 Task Groups have been established: *Church Unity, Belhar Confession and Reconciliatory Justice* to continue the dialogue. Unfortunately, one or two of these groups have struggled to meet mainly because of financial reasons but if we are to seriously gain any strides in this process, it is imperative that we make it possible for these groups to meet. This part of the process needs to be completed before we can move on to anything else. I would like to urge you as a Church to continue your active participation in this process and in spite of all the challenges you may face that we seek to work towards the unity of the Church. The WCRC is committed to walk alongside you and the URCSA in establishing unity, peace and reconciliation. You have been discerning God's will in this meeting. This is God's will that we may be one as we proclaim the saving love and grace of God to a suffering world.

**Secondly**, I would like to convey the greeting and blessing of the UPCSA to your Synod. We are grateful that the DRC is playing a significant role in the life and work of the Church in South-Africa. We acknowledge the contribution you are making also to the ecumenical and interfaith movements in our land. We are also mindful of your struggles in the unity of the DRC family and the issues that have led roadblocks on the way to possible union. We sincerely pray and look forward to the day when all four churches can find reconciliation and union and perhaps this may pave the way for a wider union on Reformed Churches in Southern Africa, which as the UPCSA, we will greatly welcome and support. We have recently passed resolutions accepting the contents of the Belhar Confession and embracing all its sentiments and values, and have commended it to our Church for study, discussion and as a resource for preaching and teaching. We did not include it as a Confession in the UPCSA because we have already made a declaration addressing apartheid and a few years ago we drew up a new Confession of Faith which covers all these issues as well. We would be glad as the UPCSA to journey with

you in your struggles should you wish our assistance at any time on any matters. As you continue to discern God's will, let us be reminded that it is Biblically tenable that God desires us to proclaim the good news of salvation in Jesus Christ in the midst of much of bad news in the world, God desires that we seek justice, show mercy and walk humbly with our God, God requires that we exercise our ministry of reconciliation and work towards the unity of the Church. As you continue your deliberations, may you be led by the Word of God as a lamp unto your path and by the Holy Spirit who will guide and lead you into the mind and will of God. May God bless and keep you in His grace love wisdom and peace!

### **3.9 VOLSKERK VAN AFRIKA**

**Dr Donald J Katts (Moderator)**

Geagte moderator, sinodegangers, broers en susters

Dit is met ongekende vreugde dat ek namens die Volkskerk van Afrika, wat reeds in 1922 sy ontstaan in Suid Afrika het, op hierdie geskiedkundige dag die grens kan oorskry en Christelike en broederlike seëngroete aan u met u sinode van 2011 kan kom oordra.

Op talyke vlakke neem ons tog kennis van mekaar, is daar samewerking veral binne die ekumene, het persoonlike vriendskappe reeds ontwikkel en ja, is u amptelike nuusblad, die Kerkbode, bekende leesstof vir my.

Ons groete kom dus daarom uit oopregte en warme harte wat lank uitgesien het om so in persoon by hierdie geleentheid aan ons gesamentlike en ekumeniese geloofseenheid uitdrukking te kan gee.

Ons kerklike en sinodale tema, *Leef herstellend*, daag ons binne die Volkskerk uit om verhoudinge te herstel, menswaardig met mekaar en almal om te gaan. Maar ek wil ook u as sinode uitdaag om, wyl u worstel met teologies-etiese kwessies soos die bekeringsdoop, die huwelik en saamwoon, gay en lesbiese verhoudinge, of dit die sosio ekonomiese kwessies van armoede en vele ander ongelykhede binne ons samelewning is, en of dit eenvoudig die Belhar Belydenis en kerkeenheid is, u ook met die ingesteldheid, gesindheid, emosie en geloofsoortuiging van bou en van herstel daarmee sal omgaan.

U uitnodiging is onder ons geledere en selfs met die kennis gee daarvan aan ons pas afgelope sinode te Oudtshoorn, met groot opgewondenheid ontvang.

Ek kan u verseker ons bid vir u leierskap en die sinode in sitting. Ons sien uit na en ek verbind my tot groter samewerking wat tot 'n sterker en meer geloofwaardiger getuienis van die kerk in Suid-Afrika sal kan lei, een wat staan in teken van herstel van ons geloofslewe, ons intermenslike verhoudinge, die bou van ons land en haar aardbronne. Van rugby sal ek liewer nie praat nie...

Die Here seën u sinodesitting van 2011.

Nogmaals baie dankie vir u uitnodiging en dat u na my geluister het.

## **4. KERKE BUITELANDS**

### **4.1 DIE AFRIKAANSE CHRISTEN KERK VAN NIEU-SEELAND**

**Ds Jaco Reyneke (namens die Dagbestuur van die Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland)**

Ons gebed vir julle is dat die sluise van God se genade, vrede en liefde voluit oor julle lewens en hierdie vergadering oopgetrek sal word.

Die Kerk van Jesus Christus se uitdaging is om relevant, sinvol en waardetoevoegend te bly soos wat haar boodskap immer relevant, sinvol en waardetoevoegend is. Hierdie boodskap van versoening is aan ons toevertrou (2 Kor 5:19). Ons het gevoleklik die roeping en verantwoordelikheid om die boodskap van God se liefde en genade met integriteit en so effektfief, prakties en aktueel moontlik te verkondig en uit te leef. Ons kry dit ten spye van ons menslikheid reg omdat God ons seën met sy allesoortreffende krag (2 Kor 4:7).

Mag ons Here hierdie 14<sup>de</sup> Algemene Sinode en elke afgevaardigde omvorm deur denkpatrone te vernuwe sodat julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is (Rom 12:2).

Mag die leiding wat van hierdie vergadering uitgaan die Nederduitse Gereformeerde Kerk en haar gemeentes help om:

- \* effekief vir mense 'n ruimte te skep waarbinne God met hulle 'n verhouding kan inisieer en hulle dan te begelei tot 'n volwasse verhouding met God,
- \* asook om 'n herskeppende rol in die samelewing te speel.

As immigrant in 'n nuwe land ervaar 'n mens wat dit beteken om **in** 'n samelewing te wees, maar nie **van** daardie samelewing te wees nie.

Die vreemdheid om in 'n Engelse gemeente met ander gewoontes en gebruikte aanbid, is ongelukkig vir baie gesinne net te moeilik onder hierdie omstandighede, en hulle raak mettertyd kerklos. Hier het die ACK 'n belangrike rol te speel.

Die proses van aanpassing in 'n nuwe land, en ook in Nieu-Seeland, is moeilik, uitdagend en uitmergelend. 'n Afrikaanse gemeente maak dit vir die meeste mense heelwat makliker.

Op die ACK webblad ([www.afrchristenkerk.co.nz](http://www.afrchristenkerk.co.nz)) word van die ontstaan vertel:

Die Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland het sy ontstaan te danke aan 'n groep Afrikaanse immigrante wat in die loop van 1998, en vroeër, in Nieu-Seeland aangekom het. Nadat van hierdie gesinne verskillende Engelse kerke besoek en ervaar het dat hulle nêrens tuis voel nie, is die behoefte na 'n eie Afrikaanse kerk uitgespreek. Hierdie gedagte is met vriende gedeel en het by 'n groep van die immigrante aanklank gevind. Die strewe na 'n eie Afrikaanse kerk op die North Shore van Auckland het posgevat.

'n Kerk moet natuurlik 'n dominee hê. Ds Dawie Kriel, vroeër van die Hervormde Kerk in Suid Afrika, wat op hierdie stadium 'n leraar van die Presbiteriaanse gemeente in Te Kauwhata (Nieu-Seeland) was, is genader om 'n Afrikaanse erediens een keer per maand op die North Shore te hou. Hy het ingestem en die eredienste het begin. Geen kerkstigting het op daardie stadium plaasgevind nie en daar was bloot eredienste gehou om die vatbaarheid van 'n eie Afrikaanse bediening te toets. Die een diens per maand het gou oorgegaan in 'n erediens elke Sondag.

Op 1 November 1998 is daar oorgegaan tot die amptelike stigting van 'n eie Afrikaanse kerk en as naam is daar besluit op "Die Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland" (ACK van NS). 'n Naam-konnotasie met enige van die Afrikaanse susterkerke in SA is doelbewus vermy sodat alle Afrikaanssprekendes wat vanuit 'n kerk met reformatoriese belydenis kom, tuis sou voel.

Kort na stigting van die ACK van NS het ds Dawie Kriel van ds Cloete verneem wat op daardie stadium in Hamilton woonagtig was met sy gesin. Bybelstudies en een erediens per maand is deur ds Cloete in Hamilton geleei. Ds Cloete is genader om een erediens per maand in Auckland by die ACK van NS waar te neem. Ds Cloete preek op 8 November 1998 vir die eerste keer in Auckland en daarna een keer per maand.

In Junie 1999 nader die kerkraad van die ACK van NS vir ds Cloete om hulle voltydse leraar te word. Hy aanvaar die beroep en begin op 12 Julie 1999 as die eerste voltydse leraar van die ACK in NS.

Die ACK van NS het sedertdien gegroei tot twaalf gemeentes met 2176 lidmate (waarvan 697 kinders is) regoor Nieu-Seeland waarvan North Shore, Hamilton en Howick die grootste is. Daar is 10 gemeentes in die Noord-eiland en 2 in die Suid-eiland.

Dit is 'n voorreg om te sien hoe ons Here mense van verskillende kerklike tradisies saambind in 'n gemeente en kragtig in hulle en deur hulle werk.

Ons wil gemeentes versoek om lidmate wat dit oorweeg, of besig is om na Nieu-Seeland te immigrer, aan te moedig om met die ACK kontak te maak.

Kontakbesonderhede (Onthou Nieu-Seeland is 11 ure voor SA in somer en 10 ure in die winter):

Gemeente	Leraar	Kontakbesonderhede
Auckland	Ds Tinus Riekert	+64 9 476 9965 <a href="http://www.ackauckland.co.nz">www.ackauckland.co.nz</a>
Christchurch	Dr Tenie Bekker	+64 3 323 8561 <a href="http://www.ackchristchurch.co.nz">www.ackchristchurch.co.nz</a>
Greymouth	Ds André Strauss	+64 3 762 6014
Hamilton	Ds Johan Hendricks	+64 7 855 3329 <a href="http://www.ackhamilton.co.nz">www.ackhamilton.co.nz</a>

Hawkes Bay	Ds Derik Kotzé	+64 6 845 1025 <a href="http://www.ackhawkesbay.co.nz">www.ackhawkesbay.co.nz</a>
Howick (Auckland)	Ds Freek Terblanche	+64 9 550 6450 <a href="http://www.ackhowick.co.nz">www.ackhowick.co.nz</a>
North Shore (Auckland)	Ds Danie Marais	+64 9 473 5320 <a href="http://www.acknorthshore.co.nz">www.acknorthshore.co.nz</a>
Rotorua	Ds Riaan Rossouw	+64 7 345 7958 <a href="http://www.ackrotorua.co.nz">www.ackrotorua.co.nz</a>
Tauranga	Dr Jaco Reyneke	+64 7 574 3371 <a href="http://www.acktauranga.co.nz">www.acktauranga.co.nz</a>
Wellington	Ds Jaco Rheeder	+64 4 977 5257 <a href="http://www.ackwellington.co.nz">www.ackwellington.co.nz</a>
Whanganui	Ds Arline Meyer	+64 6 334 1106
Whangarei	Dr Gert Volschenk	+64 9 438 4455

Die ACK is baie opgewonde en dankbaar vir die pas-geformaliseerde bilaterale ekumeniese ooreenkoms tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die ACK en bid dat hierdie verhouding tot wedersydse seën sal wees.

Wees verseker van ons gereelde voorbidding vir die NG Kerk, haar lidmate en haar groot rol in die Suid-Afrikaanse samelewing.

Met seënwense

## 4.2 CHRISTIAN REFORMED CHURCH OF AUSTRALIA

Rev John Westendorp

Mr. Moderator, delegates, brothers and sisters in Christ,

It is with delight that I bring you greetings from the Christian Reformed Churches of Australia.

I offer apologies for Rev Geoff van Schie who attended your Synod on three previous occasions. Geoff has undergone some serious surgery and is still convalescing. Since I was visiting the RSA for family reasons anyway I offered to represent the CRCA in his place.

I thank you for your warm welcome and for the hospitality that I have enjoyed in your midst. I find myself very much at home in your country and in this Christian community. The reasons for that become obvious when I point out that more than one third of the membership of my own congregation are immigrants from SA. Some of our churches have an even higher percentage of South African migrants. Indeed, one of the most exciting things that is presently happening in our small denomination is a new church plant in the Queensland city of Mackay where a group of South African immigrants form the core group of the new church that plans to become instituted in 2012.

The ongoing arrival of new migrants is both a blessing and a challenge to the CRCA.

It is a blessing in that some wonderful people have joined our churches who are making an important contribution to the life of our congregations. Exactly half of both my elders and deacons are from South Africa and our vice-chairman is an Afrikaner.

Some years ago there was a large exodus of New Zealanders to Australia. The then Prime Minister of New Zealand, Robert Muldoon, was asked if the exodus of Kiwis to Oz bothered him. He remarked: "On the contrary, their departure improves the intellectual level of both countries." That could never be said of the recent migration of South Africans to Australia. Unfortunately for you some of the cream of your country is improving the intellectual level of Australia, but I fear it is at the expense of the intellectual level of your country. Your loss is our gain.

However, the migration has not been all blessing for us. South African migrants also face us with one of our greatest challenges pastorally. Many arrive and are quickly welcomed into the CRCA. However there are numerous stories of people who drift away quickly. I believe there are especially three reasons for that.

The first is cultural. It seems to me that in your country it is still very much the done thing for people to be seen to be part of a church community – even if they do not personally own the faith in which they were brought up.

In Australia it is culturally quite acceptable to not belong to a church. Many migrants have quickly assimilated to this different situation. I have been saddened by my contacts with those who came as church members but with whom it is almost impossible to talk about their personal relationship with the Lord Jesus Christ.

A second reason would seem to be that here in your country life is a little more tenuous and dangerous. Many migrants who come to Australia have come with a measure of fearfulness. Indeed, some have arrived after having been traumatized by some incident here. In Australia they find a place of relative safety and therefore are likely to feel less need for the Lord God in their life.

Hand in hand with this is a third reason: that many South African migrants are doing very well for themselves. In many instances that has led to deep gratitude to God but in other instances it has led to people succumbing to the good life of materialism in which the things of God become a low priority.

I mention this to highlight the importance of cultivating in your people a vibrant and living faith that goes beyond mere church membership.

With regard to us understanding your churches and the agenda of your Synod, Geoff van Schie did us a great service by providing, through our Committee for Ecumenical Relations, a very extensive report to our 2009 Synod. He concluded his report with the words: "The NGK is a Church struggling with enormous issues involving social and political challenges that can only be described as overwhelming."

In that context it has been a delight to witness your desire to remain faithful to the gospel of our Lord Jesus Christ and to be obedient to His Word.

On behalf of the Christian Reformed Churches I wish you God's blessing in your ongoing deliberations and as you serve the Lord our God in the challenging circumstances in which you find yourself. To Him be the glory.

### **4.3 GEREFORMEERDE EVANGELIESE KERK VAN AUSTRALIË (GEKA)**

**Ouderling Jan van den Berg (namens Dagbestuur: GEKA)**

Van die Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië se gemeentes aan die afgevaardigdes van gemeentes van die kerk van die Here reg oor Suid-Afrika, Namibië en selfs ander wêrelddele...Genade vir julle en vrede van God ons Vader en Jesus Christus ons Here.

Saam met Paulus wil ons sê: Ons dank die Here altyd vir julle (Rom 1:8), die moeder, waar so veel van ons die grondlegging van ons geloof gehad het. Ons is God dankbaar dat ons kan deel in hierdie paar dae saam met julle. Dit is ons gebed dat wat hier bespreek word daarvan sal getuig dat ons altyd daarvan bewus is dat ons voor die aangesig van God leef. Ons bid julle die gebed van Paulus aan die gemeente in Filippi toe, naamlik dat ons liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom...(Fil 1:9,10).

Graag vertel ons kortliks in die toelaatbare tyd vir julle iets oor die GEKA in Australië. Na die stigting van die eerste gemeente in Februarie 2004 in Perth het ons gegroei tot 3 gemeentes – met 'n vierde (Geraldton) in wording. Daar is twee gemeentes in Perth (Clarkson en Palmyra), met di James Walters en Gerhard Bredenkamp as leraars en een in Bunbury met ds Gawie Cloete as leraar. Al drie gemeentes bedien ook 'n tweede punt wat beteken dat daar ses eredienspunte is. 'n Tweede leraar vir Palmyra is reeds beroep en sal DV vroeg in die nuwe jaar by ons aansluit. Ook Clarkson is in die proses om 'n tweede leraar te beroep.

Outreach Western Australia, met ds Gawie van der Merwe as leraar, bedien 'n verdere 8 dorpe in Wes-Australië. Ongeveer 610 gesinne/besoekpunte word deur GEKA bereik. Veritas College wat verantwoordelik is vir teologiese opleiding, met dr Bennie Wolvaardt as direkteur, vorm ook deel van die Meerdere Vergadering van die GEKA.

Behalwe die normale praktyke soos prediking, Bybelonderrig in kleiner groepe en die inskakeling van lidmate by bedieninge, maak pastorale begeleiding van immigrante 'n groot deel van ons bediening uit. Die trauma wat sommige immigrante deurgaan as hulle moet aanpas in 'n nuwe land word nie altyd voorsien nie. As GEKA sien ons hierdie as een van die groot funksies waarvoor die Here ons hier geplaas het.

Ons bediening is tans hoofsaaklik in Afrikaans omdat dit die behoefté van die immigrante is. Nuwe aankomelinge deel met ons dat hulle sukkel om in Engels te bid, maar veral ook om hul diepste hartsake in Engels te verwoord wanneer dit by pastorale gesprekke kom. Ons besef egter dat ons in die toekoms meer Engelse dienste sal moet aanbied om te verseker dat ons meer as 'n een-generasie-kerk gaan wees. Ons dink

die Engelse bediening moet nie noodwendig die Afrikaanse vervang nie, maar eerder bygevoeg word aangesien daar altyd nuwe immigrante sal wees wat die behoefté het soos hierbo uitgespreek.

Die GEKA se Meerdere Vergadering het op sy vergadering van Augustus 2011 weer eens bevestig dat ons ook 'n missionêre kerk wil wees wat daarna soek om nuwe gelowiges tot die kerk toe te voeg. Laasgenoemde noop ons ook om wyer as net Afrikaanssprekendes te kyk.

Dit is vir ons as jong kerkverband ook baie belangrik om nie as eiland te bestaan nie maar om as lid van die liggaam van Christus se kerk met ywer en entoesiasme saam met ander kerke in die koninkryk van die Here te werk. Dit was daarom 'n hoogtepunt en wonderlike geleentheid dat ons by die Meerdere Vergadering in Maart 2011 met dr Johan Ernst 'n ooreenkoms van ekumeniese bande met die NG Kerk kon onderteken ('n Soortgelyke aansoek het ook al reeds by die Gereformeerde Kerk en Nederduitsch Hervormde kerk gedien).

Ons het ook reeds bande met die Afrikaanse Christenkerk (ACK) in Nieu-Seeland gesluit en woon mekaar se meerdere vergaderings as waarnemers by. Ons glo dat hierdie verbintenis belangrik is omdat ons baie by mekaar kan leer.

Verder is ons aktief besig met gesprekke met ander Australiese kerke en bestaan daar reeds goeie werksverhoudings tussen van ons gemeentes en gemeentes van ander Australiese denominasies.

Ons wil by hernuwing vra dat afgevaardigdes wat bewus is van lidmate uit hul gemeentes wat na Wes-Australië verhuis, ons kerk as 'n moontlike geestelike tuiste aan diesulkes sal deurgee. Inligting oor die GEKA is verkrygbaar op ons webblad: [www.reca.org.au](http://www.reca.org.au). As lidmate van die NG Kerk bewus is van besondere probleme wat hul kinders of kennisse in Australië beleef, sal ons ook graag daarvan wil verneem en pastoraal daarna omsien waar moontlik.

Mag die Here van die kerk gee dat ons in die krag van Sy Gees sal voortgaan om 'n kerk getrou aan Sy Woord te wees. Ons vra dat u as kerk ook asseblief vir ons voorbidding sal doen.

Groete in Christus

#### **4.4 CHRISTIAN REFORMED CHURCH OF NORTH AMERICA**

**Dr Peter Borgdorff**

Mr. Moderator, General Secretary, Delegates and Advisors:

I greet you in the Name of our Saviour and Lord, Jesus Christ. Whenever I have had the opportunity to address an ecumenical partner's assembly, I am reminded of our common confession that "we are not our own, but belong, in life and in death, to our faithful Saviour. It is in the spirit of our common dependence on God's grace that I speak to you this morning.

First, we wish for you the Lord's richest blessing as you deal with important matters on your agenda. While this is your assembly, be assured that the issues that engage you are also on the agenda of, not only the CRC, but on the agendas of many of your Reformed brothers and sisters around the globe. How to be more faithful in the ministries of the church, how to live together in deeper unity, how to nurture a new generation of disciples, and how to witness together to, and in, a world that is stressed with tension and divisions, is our mutual calling. As ecumenical friends and partners we must not only exchange courtesies and greetings – as hospitable as such practices may be – but we must also challenge one another to love more deeply, serve more effectively, and prophecy more clearly, in our life together.

To love more deeply is to look beyond ourselves and to reflect the same grace and mercy we have experienced as a gift from God. Not only did God love us unconditionally, completely, and in a saving way, but he did it mercifully by not remembering our failures and shortcomings. In the fellowship of churches we must strive to develop that same mind of Christ, having the same love, and being one in spirit and purpose. The Church of Jesus Christ, in all of its multicultural expression, diverse historical contexts and national histories (both past and present), is nonetheless the one body for whom Christ died and rose again. That perspective and conviction is the basis for our relationship and is best expressed by loving each other more deeply – more deeply than our divisions – our differences – and our uniqueness. The DRC is deeply engaged in giving expression to that love around the world – and it is our prayer that you will also persist in demonstrating that commitment here at home in South Africa.

Serving more effectively can at times be seen primarily as a single church issue – be it a congregation, a regional synod, or a national assembly – as if it were primarily a domestic ministry calling. But, as you know, we live in an age of global realities, a global economy and in a global village. The “old world” we once knew has passed us by. This is a new millennium, a different reality, a more complex and inter-dependent global community. The issues of our age are shared by many, if not all, the nations of the world and the people who dwell therein. As Psalm 8 tells us, “The earth is the Lord’s and all the fullness thereof, the earth and all who dwell therein. Our neighbours are now spread everywhere – and our service must follow them, our concern embrace them, our pursuit of justice to accompany them. We cannot do that through the traditions and practices of the past. We need each other to be more effective – to find new ways to be the ambassadors of Christ, to share the burden of responsibility to be faithful and true to our calling. We must talk, serve, share and encourage each other. This is ecumenicity at its best.

And as we are, and go and do, it is imperative that our prophetic voice ring with conviction and truth about the kind of relationships God wants us to live in. Prophecy is not primarily a celebration of the past – though our past will always be with us – and it is not primarily a political expression of our desires - not even our desires for others – nor is it about our opinions - or worse, our self interest – but it is about what is true – and honorable – and righteous. It is to seek for others what we so much desire for ourselves – to have the Good News proclaimed to us – to have our broken hearts bound up – to be free of our captives and released from our prisons – to experience the Lord’s favour and to be comforted when we mourn. Prophecy is about what the Lord will do – much of it through us his disciples – to bestow a upon his people (indeed, all of his creation) a crown of beauty instead of ashes, the oil of gladness instead of mourning, and a garment of praise instead of a spirit of despair. Brothers and sisters, together we must desire to be oaks of righteousness – a planting of the Lord for the display of his splendor.

Please allow me one additional comment – brief but important. Later in this session you will vote – just as the CRC will next in June 2012 – how to respond to the Belhar Confession. What to say, and how to respond, is being vigorously debated in CRC – as I am sure it has been among you. Every point of objection to adopting the Confession of Belhar as a standard of faith has been raised. Every position in favour of such adoption has been stated. The argument that the Belhar Confession speaks primarily, if not exclusively - to the South African context rather than to the human condition - has been made by some and – in our judgment has been refuted. The fact is that broken relationships can be found in every place and culture – and the need for unity, reconciliation and justice – is everywhere, the church needs to speak with unmistakable clarity and conviction. The Confession of Belhar is that prophetic voice and, therefore, it is being recommended for adoption by the CRC. It would be a wonderful development if the DRC and the CRC would take a stand – shoulder to shoulder – hand in hand - with convicted hearts entwined – to prophecy that our world belongs to God and that the inhabitants of every nation, tribe, people and language belong to him. It is not for an ecumenical visitor to tell you what to decide – but it is appropriate to encourage you to follow the leading of the Holy Spirit that in Christ we are One.

Blessed be His marvelous Name!

#### **4.5 REFORMED CHURCH IN HUNGARY**

**Rev Balázs Ódor**

Dear Sisters and Brothers in Christ,

It is a special privilege and source of joy to be with you at your synod session. Let me extend greetings from Bishop Gusztáv Bölcseki, ministerial president of the General Synod of the Reformed Church in Hungary. He prays for this General Synod of the DRC and wishes that the fellowship be deepened and the discernment and deliberation process be effective so that the community of the DRC and the Reformed Family in South Africa might be strengthened in the faithful service of God – in words and deeds, in the church like in the society. This is the everlasting challenge of those claiming to be “Ambassadors for Christ”.

It is not by chance that I refer to 2 Cor 5 where Paul derives the task of the Christian community from the fact of the reconciliation: “God was in Christ reconciling the world to Himself”. How to live out this deepest reality “predestining” the world to be God’s reign, how to be a foretaste of the coming Kingdom where reconciliation will endure, how to act in the light of this faith-fact: this is our main challenge together. In everything we are and in all of our acts we are compelled by this surprising, border-crossing mercy of the Triune God encompassing all our thoughts.

With all this in mind, let me shortly present the Reformed Church in Hungary. We understand ourselves as a „border crossing” community in every sense of the word: we have been crossing political borders for expressing

church unity and communion among Hungarian speaking reformed churches living in separate states; just like getting outside of the walls of the church in mission and social, public ministry in order to transform the church to a welcoming community reaching out for youth and taking over responsibility in social life standing on the side of the needy and vulnerable. „Going beyond borders” effects the own community, challenges old and traditional forms of being a congregation and living out the church. ‘Going beyond’ also means for us ‘going far beyond the own capacities’.

We are in a learning process, we are a community which is seeking its identity after forced separation following the Peace Treaty after the First World War and after decades of communistic rules. We are on the quest even if 20 years passed since political, democratic changes took place in 1989. In its quest my church chose a motto as a theme for the year 2011 (and beyond) referring to Paul: “Ambassadors for Christ”. That’s what we want to be in our community and that’s what we want to see reflected in our public service. The will of directing our paths according to the Gospel makes Reformation necessary. We always have to rethink our identity, we always have to redirect our ways in the light of the Gospel. “Semper reformanda” is a painful process – but also a source of freedom. As Reformed people we don’t have to pretend to possess the truth – we “only” have to be open for being possessed by the Truth, who is Christ, our living Lord. And cleanse the channels for the Spirit: because that’s what church ought to be: a place where the Spirit moves and works freely.

I come from a church which shares the same roots with the DRC in the Calvinistic reformation, referring partly to the same Confessions (the Heidelberg Catechism) as expressions of our faith. But beyond this we also share the experience of how history challenges us. We share painful experiences from the near past. Without getting lost in details, for the sake of your precious time let me put my – as I hope – reformed approach very simply: it seems to me that the reformed family in South Africa and the Hungarian Reformed Community, both living in separate Church bodies, respectively in Southern Africa and in the so called Carpathian Basin, in countries around Hungary; both communities with a strong tradition with its light and dark sides; we both have to experience the liberating insight that there is only one “story” in which God’s deepest, Triune reality is reflected: the “reference story” of the revelation coming to its fulfilment in Jesus Christ. We both insist that the only reliable access, the only true testimony of this history is given in the Holy Scripture. And we have been engaged in the last some twenty years, each of us in its respective context, to face our own past, to re-evaluate our own stories and to re-think our ministry in the light of this reference story of Jesus Christ. We both are on the way. And I’m glad that on both sides a resolution was passed stating that we want to engage ourselves in a common journey in “full ecumenical relationship”. I firmly hope that this common ecumenical journey will be proved as a special gift of God our Lord who surprisingly passed over the borders between him and his unfaithful creatures and reconciled us to Himself in Christ thus made us “Ambassadors for Christ”.

Last but not at least let me extend greetings on behalf of the Steering Committee of the WCRC European Area, especially on behalf of a Dutch man, our president Jan-Gerd Heetderks. Being vice-president of the reformed Family in Europe I can tell you, that all the substantial issues you are dealing with; the discernment of the confessional basis of the communion, the quest for a solid theological ground, the engagement in unification and others, enrich and strengthen not only the DRC, not only the Dutch reformed family, but the worldwide communion of the reformed churches.

You have all the components of a true Synod: you are a singing, praying, listening Synod attentive to God’s Word and to each other. Even to me. Thank you for this experience. And thank you for considering to welcome us in your family. God may richly bless you – and through you the worldwide family of Reformed Churches. Let’s follow Christ together.

## 4.6 UNITING CHURCH IN AUSTRALIA

Ds Chris Crause

Ds Crause het dmv ‘n PPP die volgende onder die aandag van die sinodegangers gebring:

### KERN SIMBOLE

\* Kerkwesen en betekenis

\* Die Bybel & The Basis of Union

\* The Uniting Church's beliefs are drawn for the Bible and from the Apostles' and Nicene Creeds. The church also takes heed of the Reformation Witness in the Scots Confession of Faith (1560), the Heidelberg Catechism (1563), the Westminster Confession of Faith (1647), the Savoy Declaration (1658), and of the preaching of John Wesley in his Forty-four Sermons (1793).

### WIE IS DIE UNITING CHURCH

\* Derde grootste kerk in Australië (naas die Katolieke en die Anglikane). Hierdie kerk het in 1977 tot stand gekom met die vereniging van die Presbiteriane, Metodiste en Kongregasionaliste.

- \* 2,800 gemeentes, 51 ringe en sewe sinodes. 1.7 miljoen Australiërs wat met die kerk assosieer of lidmaat is.
- \* 5-7% van lidmate aanbid in ander tale as Engels, in 25 verskillende taalgroeperings en verskeie Aboriginal dialektes.
- \* 'n Diverse kerk met 'n verskeidenheid sienings en gebruikte in terme van teologiese en geestelike klem, aanbiddingstyl, samelewingsbetrokkenheid en uitreikfokus.
- \* Besit 48 skole. Verskaffer van werk vir meer as 20,000 mense in gemeenskapsdiens, veral seniorsorg, Lifeline, hospitale, verpleging, gesinsorg, jeug en haweloses.

#### BUITENGEWONE SUKSESSE

- \* UnitingCare - 24,000 vrywilligers en 35,000 personeel (begroting \$2 miljoen)
- \* Good Samaritan Industries (grootste werkgever vir gestremdes & "mental illness")
- \* Royal Flying Doctor Service (Frontier Services, Flying Padres)
- \* Kerkeenheid, versoening
- \* Ekumene en "partnership" betrokkenheid in lande Noord en Oos van Australië.
- \* Lidmaatskap: Members, members in association, adherents
- \* Kosensusbesluitneming

#### DIE HART VAN DIE "BASIS OF UNION"

The Uniting Church acknowledges that the faith and unity of the Church is built upon the one Lord Jesus Christ. The Church preaches Christ the risen crucified One and confesses Him as Lord to the glory of God the Father. In Jesus Christ "God was reconciling the world to himself" (2 Corinthians 5:19).

#### THE PEOPLE OF GOD ON THE WAY

- \* The Uniting Church affirms that it belongs to the people of God on the way to the promised end. The Uniting Church prays that, through the gift of the Spirit, God will constantly correct that which is erroneous in its life, will bring it into deeper unity with other Churches, and will use its worship, witness and service to God's eternal glory through Jesus Christ the Lord. Amen.

#### EMIGRASIE

- \* Breë patronne (familievas, werk/beroep, kinders in hoëskool, status, nie-integrasie)
- \* Moeilike aanpassings: Geen familie, veroordeling deur vriende/familie, kultuurverskille, 20 jaar in een jaar)
- \* Pastorale ondersteuning: Pastoraat (krisis/misdaad/geweld, PTSS, egskeiding, Afrikaans/verstaan, kultureel)

#### AFRIKAANSE BEDIENING

- \* Kerk is gemarginaliseer (12% gaan kerk toe)
- \* *Bumper sticker* "why be born again if you can grow up?"
- \* Meestal nie antagonisme jeens kerk, eerder gevoel dat hulle dit "ontgroei" het.
- \* Sondae is vir sport, die see en gesinstyd (7000 strande & 8000 eilande).
- \* Die "probleem" van welvaart:
- \* "I don't need to pray ..."
- \* Een Afrikaanse diens per maand
- \* Gebore uit pastoraat weens SA trauma
- \* "Om te bid is soos..."
- \* 80% oorvleueling met Liedboek
- \* Tweetaligheid maak dit anders
- \* Keuse om nie "etniese gemeente" te wees
- \* 'n Gereformeerde tuiste te midde van integrasie
- \* Afrikaanses tot op Kerkraadsvoorsittervlak (\$20 miljoen begroting)
- \* 30% van Engelse multikulturele bywoning
- \* Voorbeeld van laaste Sondag (bv Marli)
- \* Uitreik
- \* Oujaarsdans/diens/ete
- \* Pieknieks, Kersmarkte
- \* Samewerking met Afrikaanse Kerk (Vrydagaande)
- \* Rooibostee, regte koffie, Port met nagmaal!

## 5. EKUMENIESE LIGGAME

### 5.1 THE EVANGELICAN ALLIANCE OF SOUTH AFRICA (TEASA )

Rev Moss Ntla

Brothers and sisters, I am delighted to be afforded the opportunity to bring greetings on behalf of the Evangelical Alliance of South Africa to this General Synod of the NGK. Over the last couple of days I have had a wonderful opportunity not only to brush up on my Afrikaans, but also to marvel at the Spirit with which you have wrestled with critical pastoral, doctrinal as well as issues facing our society. Our prayer is that the Lord will guide you in these deliberations.

To those who may not know a lot about TEASA, it is important to say that TEASA is:

**Firstly a prayer.** It was our Lord who, on the eve of his execution, offered the prayer that even today continues to nurture the ecumenical quest for Christian unity. We are a diverse tribe. Some among us prefer simply to self identify as evangelicals, while others prefer terms of Pentecostals, and Charismatics. While diverse, all will stand as one in their belief in the saving essentials of historic protestant Christianity. It is for this reason that there is a natural affinity with the Reformed family. We admire the high view that you have of Scripture, and we pray that you will not lose your nerve in the face of contemporary challenges to this essential evangelical conviction.

TEASA is connected in the African continent to the Association of Evangelicals in Africa, and worldwide with the World Evangelical Alliance, representing 350 million Christians. As a prayer, we harbour the aspiration that our unity will not only be with those who are of the Protestant tradition, but that through the ecumenical movement, we will develop a wider lens with which to see and participate in what the Lord is doing through His Church in the world. It is for this reason that we work with SACC in different areas of our common mission. Last month we sent a TEASA –SACC Church delegation to South Sudan to explore how Churches in South Africa can accompany the people and Churches of Sudan in their journey of nation building and Christian Mission. As a country we have benefitted hugely from the solidarity of others around the world, and this makes it even more important to awake to our international mission commitments and responsibilities.

**Secondly, TEASA is a promise.** We believe that the prayer of the Lord leads us to make a promise toward Christian unity. We share the quest of many Christian traditions and ecumenical initiatives that our unity is our strength. Our unity makes us more believable as we witness to the coming of the Kingdom. Separately, we are woefully inadequate in bearing the testimony of our Lord Jesus. Together, we make a stronger case for our Lord Jesus, and offer the best hope that a fractured and conflict ridden world may yet believe.

We share also in the sentiments of successive Popes, notably Pope John Paul II, and Pope Benedict the XVI of the Catholic Church, who affirm that Catholic Church's commitment to Christian unity is "irrevocable and irreversible". We believe that this captures the intention to stay true to the will of God that "they may be one."

**Lastly, TEASA is a commitment to practical witness and service.** Our country, and indeed our world, including our environment require that we hold hands in a determined "saamtrek." Next year, the people of South Africa will pause and reflect on a hundred years of struggle against 'Principalities and powers' that caused tremendous pain to millions of people in our country. When they do, they will in all probability bring to their reflections a blind spot about what God, through His Church, has been up to in that hundred years. The Archbishop Tutu observed in his recent dramatic exchange with the ruling elites, that they have a tendency to take a secular view of history, a view that dismisses any role for the transcendent, a view that dismisses the witness of the Churches, no matter how chequered and imperfect it has been over the last century.

May we together stand up and bear witness to what He has done, with and often without us in the last 100 years. More importantly, may we determine to be an important part of what He is doing in the next 100 years, if the Lord tarries. Together, let us deny the people of South Africa the possibility to reflect on their lives, their struggles for life and meaning, their identity, their destiny in the world without reference to the witness of the Churches. Thanks.

## 5.2 WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES

Dr Jerry Pillay

KYK BY 3.8 HIERBO

## 6. VERSKONINGS

### 6.1 CHRISTIAN REFORMED CHURCH IN SRI LANKA: Rev Charles Jansz per brief

### 6.2 REFORMED CHURCH IN JAPAN

## **ANDER DOKUMENTE**

# 'N KERK VIR ELKE SEISOEN

## OPENINGSLITURGIE ALGEMENE SINODE 2011 - Liturg : Ds Nico van Rensburg

### ORKES SPEEL AGTERGRONDMUSIEK

#### 1. VERWELKOMING

- 1.1 Afgevaardigdes
- 1.2 Besoekers en waarnemers
- 1.3 Susterskerke
- 1.4 Vorige moderatuurslede
- 1.5 Vriende, borge en die pers

#### 2. ERKENNING VAN BORG

Christen Gemeenskap Pensioenfonds: Jan de Kock en Theo Smith

#### 3. NADER TOT GOD

- 3.1 Liedboek 163
- 3.2 Liedboek 176
- 3.3 Vonkk 70
- 3.4 Nico praat terwyl orkes oorgaan van Vonkk 70 na Flam 318 (Edwards 1925)
- 3.5 *Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde...*
- 3.6 Flam 318 (2x)

#### 4. ADVENT

*Ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore seun, ons Here; wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria...*

- 4.1 Liedboek 345:1-3 - herhaal refrein 3x

CHRISTUSKERS (Solus Christus): Oom Japie du Plessis steek aan – hy is 'n eerbiedwaardige emeritus en bekleer van alle poste op die moderatuur van Wes-Transvaal. Sondag vier hy 50 jaar in die bediening.

GEORGE MEIRING sing *O Holy Night.*

#### 5. VOTUM

#### 6. SEËNGROET: LUKAS 2

#### 7. EPIFANIE

Die Here is werkzaam onder ons:

- 7.1 Lofsang: Psalm 33 (Totius) vers 1
- 7.2 Lofsang: Liedboek 219:1 en Liedboek 220:3 (Trompet speel deskant)

OUDSTE AFGEVAARDIGDE LERAAR MET LANGSTE DIENS EN OUDSTE IN JARE NEEM AMPTELIKE  
OPENING WAAR – Prof Johan J van Rensburg

(**Kondig aantal teenwoordige afgevaardigdes aan**)

Skriflesing – Lukas 4:16-30 (Sola Scriptura)

Nadenke: Liedboek 327:1, 2 (Dames), 4 (Mans) en 6 (Fluit speel deskant)

Oordenking

Gebed

Geloofsbelofte (Sola Fide)

#### 8. KONSTITUERING

Dr Kobus Gerber neem die konstituering waar – 10 moderators bring simboliese geloofsbriefe vir dr Kobus Gerber, steek 'n kers by die Christuskers aan en plaas dit op die vlamsimbool agter die Nagmaaltafel, en sit saam met prof Johan Janse van Rensburg aan die Nagmaaltafel.

HOU 10 SINODES SE EMBLEME OP

- 8.1 Liedboek 159:1 + 3 terwyl moderators opkom

- 8.2 Liedboek 175  
8.3 Vonkk 84 (Psalm 150) 1 – 3

## 9. LYDENSTYD

*Wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het...*

NAGMAAL: Ds Jacie J van Rensburg stel die Nagmaal in

9.1 Liedboek 247 – orkes begin harder en gaan al sagter – wissel instrumente tot net viool en kontrabas.

9.2 Kommunie

DOEDELSAK: *Amazing Grace* (SOLA GRATIA)

9.3 Vergadering eggo doedelsak

9.4 Amazing Grace (no 2 agter in Liedboek): al 5 verse

KERSE OP DIE KRUIS WORD AANGESTEEK – elke tafel plaas een brandende kersie op die kruis.

IZAK DAVEL – Sing *Lord of the dance* (klokke begin saggies lui by laaste vers, dan al harder en hou aan lui saam met volgende twee opstandingsliedere)

## 10. OPSTANDING

*Wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode; wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader, van waar hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het...*

10.1 Vonkk 5: 1 + 2 (staande)

10.2 Liedboek 414: 1 + 2 (Classina sing deskant)

## 11. PINKSTER

*Ek glo in die Heilige Gees. Ek glo aan 'n heilige, algemene, Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die vlees en 'n ewige lewe...*

### PROF PIET STRAUSS OORHANDIG DIE ROEPINGSVERKLARING VAN 2007

Die drie predikante wat vanjaar in Wes-Transvaal met handoplegging bevestig is en wat deur die sinode hierheen afgevaardig is, word uitgenooi om dit voor te lees. Al 3 Teologiese Fakulteite word verteenwoordig:

Ds Anje Matthee - Stellenbosch

Ds Jan Nel - Bloemfontein

Ds Irma van Rensburg - Pretoria

11.1 Hal 315: 1 + 2

GROETEBOODSKAP VGKSA - Prof Kgatla

11.2 Seënlied: Vonkk 74 vers 1 twee maal

GROETEBOODSKAP RCA - Rev Pillay

11.3 Belydenislied: *O God, our help in ages past*: Vers 1, 2 en 6 (no 12 agter in Liedboek)

GROETEBOODSKAP NGKA - Ds Pheko

## 12. KONINKRYKSTYD

JANNIE MOOLMAN – sing *Plea for Africa*

12.1 Vergadering kniel vir stilgebede

12.2 Onse Vader – Liedboek 266

## 13. SEËN EN AMEN

13.1 Orkes Liedboek 280

## LORD OF THE DANCE

I danced in the morning  
When the world was begun,  
And I danced in the moon  
And the stars and the sun,  
And I came down from heaven  
And I danced on the earth,  
At Bethlehem  
I had my birth.

*Dance, then, wherever you may be,  
I am the Lord of the Dance, said he,  
And I'll lead you all, wherever you may be,  
And I'll lead you all in the Dance, said he*

I danced for the scribe  
And the pharisee,  
But they would not dance  
And they wouldn't follow me.  
I danced for the fishermen,  
For James and John -  
They came with me  
And the dance went on.

Chorus

I danced on the Sabbath  
And I cured the lame;  
The holy people  
Said it was a shame.  
They whipped and they stripped  
And they hung me on high,  
And they left me there  
On a Cross to die.

Chorus

I danced on a Friday  
When the sky turned black -  
It's hard to dance  
With the devil on your back.  
They buried my body  
And they thought I'd gone,  
But I am the dance,  
And I still go on.

Chorus

They cut me down  
And I leapt up high;  
I am the life  
That'll never, never die;  
I'll live in you  
If you'll live in me -  
I am the Lord  
Of the Dance, said he.

Chorus

# BELYDENIS VAN DIE ALGEMENE SINODE 2011

*Die Luisterspan wat tydens die vergadering van die Algemene Sinode hulle ore fyn ingestel gehad het, het die volgende BELYDENIS in oorleg met die Moderatuur opgestel. Dit verwoord iets van die hart van hierdie besondere vergadering, en is ook tydens die afsluitingsliturgie as belydenis gebruik.*

## BELYDENIS

Die NG Kerk dank God dat ons in so 'n uitdagende tyd, binne 'n Suider-Afrikaanse konteks saam met ander kerke, God se kerk mag wees. Sy liefde en genade is sonder twyfel groot.

Die NG Kerk besef, en het uit die geskiedenis geleer, dat ons net werklik kerk van God kan wees as ons onsself prysgee en Hom volg. Die Drie-enige God stuur ons sy wêreld vol as getuies van sy liefde vir sy hele skepping. Daarom:

**roep** ons gemeentes op tot 'n lewende verhouding met God waarin ons onsself oopstel om gevorm te word deur die Woord van God sodat ons in afhanklikheid van die Gees biddend gevorm word tot mense met 'n outentieke leefstyl en 'n geloofwaardige getuienis.

**reik** ons uit na ander geloofsgemeenskappe. Ons bid en werk onverpoos voort aan die organiese en strukturele eenheid binne ons eie familie van kerke. Ons gaan verbintenisse aan met ander kerke van Gereformeerde belydenis en werk graag saam met ander Christelike kerke, en wanneer die omstandighede daarom roep, ook met ander geloofsgemeenskappe. As kerk wil ons 'n ruim huis wees, sonder die prysgawe van ons Gereformeerde identiteit.

**Iy** ons onder aanslae en ervaar daagliks hoe ons land getreiter word deur misdaad, geweld en korruksie. Ons gemeenskappe is arm, werkloosheid is groot en moedeloosheid kenmerk baie van ons jong mense. Ons roep die staat op tot die uitvoering van sy verantwoordelikheid, ook tot die bewaring van ons brose demokrasie. Terselfdertyd verbind ons ons steeds tot die bekamping van sedeloosheid. Ons beloof om in die lig van ons roeping mee te werk aan die vestiging van waardes wat 'n vreedsame samelewing 'n werklikheid kan maak en om daadwerklik mee te werk aan die verligting van ellende. Ons erns tov eenheid, versoening en geregtigheid word versterk deur die Belydenis van Belhar as deel van ons belydenisskat by gemeentes aan te beveel. Ons wil alle gemeenteledere wat op talle plekke die gemeenskap onbaatsugtig dien omdat hulle hulle roeping as gestuurdes ernstig opneem, vir hulle getrouheid bedank.

**bely** ons ons bestaan nie ter wille van onsself nie, en weet ons dat ons die sout en lig vir die wêreld is. Ons is die suurdeeg wat die plig het om die tekstuur van ons samelewing te verander. Hierdie hoë roeping is nie vir ons 'n las nie, maar 'n vreugde. Ons is die jeugdige bruid van Christus wat by wyse van ons erediensste, aksies en optredes die toekoms tegemoet dans deur die aantrek van die fyn linne van dade van geregtigheid.

**erken** ons ons sondigheid en onvermoë om lief te hê soos wat God wil hê ons moet liefhê. Ons sukkel elke dag daarmee in ons omgang met mekaar. Ouers kry seer, kinders kry seer, gemeenskappe ly en ons integriteit is telkens op die spel. Ons vra hulle wat seerkry onder ons liefdeloosheid om vergifnis. Ons staan nakend voor God.

Mag God sy wil hoe langer hoe meer aan ons openbaar, en ons daagliks nuut maak om soos Hy te lyk, te praat en te dien.

Net die Bybel. Alleen deur genade. Slegs deur geloof. Uitsluitlik Christus. Aan God die eer.

## **BESLUITERREGISTER**

# BESLUITERREGISTER

**AANSPREEKLIKHEID: VRYWARING VAN** (vgl Agenda A.12 bl 283 pt 2.20.1; Notule Dag 5 bl 116)  
Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die *Kerkorde*.

**AANBIDDINGSTYL: KONTEMPORÈRE** (Vgl Notule Dag 5 bl 126)

Ons wil die begeleiding span gelukwens met die uiters hoë kwaliteit van die klassieke aanbiedings. Ons wil egter pleit dat daar by die volgende Sinode ook plek gemaak sal word vir 'n kontemporêre aanbiddingsstyl. Mag ons aanbiddingsoomblikke ook die diversiteit vertoon van ons hele Sinode deur gebruik te maak van verskillende begeleidingsspanne.

**ABORSIE** (vgl Agenda B.5 bl 297; T.10.1 pt 2.1; Notule Dag 5 bl 115)

In die lig van die toenemende aantal tienerswangerskappe en groot getal aborsies wat jaarliks in SA plaasvind, gee die Algemene Sinode opdrag aan ATLAS om 'n ondersoek te doen oor die hele aangeleentheid.

**AFTREE-OUDERDOM VAN PREDIKANTE** (vgl Agenda B.7 bl 298; T.12.3 pt 2.1; Notule Dag 5 bl 122)

Die Algemene Sinode besluit dat Beskrywingspunt B.7 verwys word na die ATR vir verdere studie en verslag aan die Algemene Sinode.

**APOSTOLICUM: 'N EIETYDSE INTERPRETASIE** (vgl A.10 bl 167 pt 3; A.10 (Aanvullende verslag) bl 1; T.10.1 pt 2.4; Notule Dag 3 bl 91)

1 Die Algemene Sinode neem kennis van die konsep-formulering van die eerste deel van die Apostolicum soos aan die vergadering voorgelê en aanvaar die styl en formaat daarvan.

2 Die Algemene Sinode versoek die werkgroep om die projek te voltooi en die teks soos dit vorder vir kommentaar op die internet aan te bied.

3 Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die lede van hierdie taakgroep, veral diegene uit die geledere van ons NG Kerkfamilie, vir die harde en deeglike werk wat hulle gedoen het en waardeer hulle voortgesette betrokkenheid hierby.

4 Die Algemene Sinode versoek ook die Apostolicum-werkgroep om 'n korter en meer populêre weergawe (nog meer eenvoudige weergawe) vir tieners en lidmate te formuleer.

5 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om die verdere hantering van die projek, soos wat ATLAS dit in die volgende maande aan die vergadering sal voorlê, te hanteer met die oog op die voltooiing en afhandeling daarvan.

**ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING** (vgl Agenda A.2 bl 32 pt 6.5; Notule Dag 5 bl 125)

1 Sinodes word versoek om al hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en die Sinodale Kerkkantoor te vra om as 'n saak van dringendheid uitvoering te gee aan die vereistes van Wet 2 van 2000.

2 Sinodes word versoek om al hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies en die Sinodale Kerkkantoor te vra om kennis te neem van die implikasies van Wet 25 van 2002 en die vereiste dat dokumente wat elektroniese geskep word (op 'n rekenaar/ skandeerder); elektronies gestuur en ontvang word (e-pos/faks), ook aan alle wetlike vereistes ten opsigte van bewaring moet voldoen.

3 ATABID volg die gang van die wetgewing ten opsigte van die beskerming van persoonlike inligting.

4 Die Moderamen wys 'n opvolger in die plek van dr CJJ Froneman aan as "Inligtingsbeampte van die NG Kerk" vir die doeleindes van Wet 2 van 2000 en stel die Kantoor van die Kommissie vir Menseregte daarvan in kennis.

**ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING** (vgl Agenda A.12 bl 283 pt 2.21.1; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode neem kennis van die ATR se besluit dat die saak oorstaan in afwagting van die nuwe Argiefreglement.

**ARGIVALIA: DIGITERING VAN** (vgl Agenda A.2 bl 30 pt 3.5; Notule Dag 5 bl 125)

1 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die digitering van gemeentelike argivalia en van die ouer gemeentes deur beide die GSU en deur ABID met ondersteuning van die HJMNF.

2 Die Algemene Sinode keur die beplande digiteringsprojek goed waarvolgens die GSU ooreenkoms met die NG Kerk, alle lidmaat- en huweliksregisters wat nog by gemeentes in al die sinodale gebiede is, stelselmatig volgens 'n program te digiteer.

3 Die digitering van alle registers tans nog by gemeentes word deur digiteringsspanne van die GSU by gemeentes gedoen, behalwe in groter dorpe en stede waar registers na 'n sentrale punt geneem sal word vir digitering.

**ARMOEDE, WERKLOOSHEID EN SOSIALE ONGEREKTIGHEID** (vgl Verhelderingsgesprek oor die kerk en ons konteks: armoede, werkloosheid en sosiale ongerektigheid; Notule Dag 4 bl 111)

**Die Algemene Sinode**

1. spreek sy diepe kommer uit oor die hoë vlakke van werkloosheid, armoede en sosiale ongerektigheid asook die groter wordende kloof tussen ryk en arm en die invloed wat die faktore op morele verval, misdaad en geweld in Suidelike Afrika het.
2. neem met dank kennis van die talle projekte op die terrein van armoede-bekamping en maatskaplike ontwikkeling waarby die verskillende verbande van die kerk reeds betrokke is.
3. besluit dat die stryd teen armoede en vir sosiale ongerektigheid 'n hoë prioriteit op die kerk se agenda moet wees en versoek die Moderamen om as 'n saak van dringendheid riglyne aan gemeentes, ringe sinodes te gee hoe die kerk verder by hierdie stryd betrokke kan wees .
4. versoek die Moderamen dat in die beplanning van die volgende algemene sinode daarvan aandag gegee sal dat die sinodesitting ook 'n leefstyl van soberheid sal weerspieël.

**ARTIKEL 20: BESKRYWINGSPUNT B.1.2 (2007)** (vgl Agenda A.12 bl 269 pt 2.3.1; Notule Dag 5 bl 115)

Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Art<sup>s</sup> 20, 43.

**ARTIKEL 48**

Kyk by *Eredienste*

**ARTIKEL 48.2** (vgl Agenda A.12 bl 270 pt 2.4; Notule Dag 5 bl 115)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Art 48.2.

**A TOT Z** (vgl Agenda A.12 bl 286 pt 5.1.4; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode besluit dat beleidsaanbeveling 10 van die A tot Z vir Kerkorde Art 7 nie in die Kerkorde opgeneem word nie, maar dat dit as beleid agter in die Kerkordeboek opgeneem word.

**A TOT Z** (vgl Agenda A.12 bl 286 pt 5.1.7; Notule Dag 5 bl 117)

Die Algemene Sinode besluit dat die Handves van Godsdiensregte asook die A tot-Z-Beleid in die Kerkorde opgeneem word as funksionele besluite.

**A TOT Z: HERSIENING VAN HOOFSTUK 6 VAN DIE A TOT Z-HANDLEIDING AANGAANDE PREDIKANTE (BELEIDSAGTERGROND)** (vgl Agenda A.3 bl 36 pt 5.1.1; Notule Dag 2 bl 89)

Die Algemene Sinode vervang Hoofstuk 6 van die A tot Z-Handleiding aangaande predikante (beleidsagtergrond) (vgl Agenda Algemene Sinode 2007, bl 253 tot 257) met die goedkeuring van die onderstaande Hoofstuk 6: (kyk Agenda 2011 bl 36-40)

**A TOT Z: HERSIENING VAN A TOT Z-BELEID AANGAANDE PREDIKANTE** (vgl Agenda A.3 bl 40 pt 5.2; Notule Dag 2 bl 89)

Die Algemene Sinode vervang pt 6 van die A-Z Beleid aangaande predikante (vgl Agenda Algemene Sinode 2007, bl 279) met die goedkeuring van die onderstaande pt 6: (kyk Agenda 2011 bl 40-41)

**BEDIENING VAN BEVRYDING** (vgl Agenda A.10 Bylaag 2 bl 187 pt 14; T.10.1 pt 2.3; Notule Dag 3 bl 97)

1 Die Algemene Sinode bely met blydskap die oorwinning van Jesus Christus oor al die manifestasies van die duivel, bose magte, boosheid en kwaad in hierdie wêreld.

2 Die Algemene Sinode aanvaar dat hierdie oorwinning in baie gevalle nog nie ten volle sigbaar is nie, dat ons dikwels oorweldig is deur hierdie boosheid wat groter is as onsself, ook juis weens die swakheid van die mens, die verleiding van die sonde en die gebroke werklikheid.

3 Die Algemene Sinode aanvaar daarom dat ons as kinders van God nog steeds in 'n geestelike stryd gewikkel is teen die boosheid in al sy manifestasies in die wêreld, maar veral teen die kwaad wat in elke mens skuil.

4 Die Algemene Sinode bevestig weer eens dat dit van uiterste belang is dat die kerk sal leef vanuit die geloofsperspektief dat, hoewel die Bose gelowiges steeds bedreig soos 'n brullende leeu en versoek soos 'n engel van die lig, die bose deur die lewe, sterwe en opstanding van Jesus en die uitstorting van God se Gees oorwin en aan bande gelê is.

5 Daarom meer die Algemene Sinode dat enige sogenamde bediening van bevryding wat die geloofswaarheid oor die lewe en werk van Jesus en die Gees van God misken, geen bediening van die evangelië is nie en ook geen vryheid bring nie.

6 Die Algemene Sinode moedig daarom alle gelowiges aan om deur die krag van die Heilige Gees (in die gees van die oorwinning van Jesus) die boosheid die stryd aan te sê deur spesifiek te fokus op die genadige verlossingswerk van Christus, sodat die kerk die ware kenmerke van Evangeliese gehoorsaamheid (liefde, genade, vergifnis en versoening) sal vertoon.

7 Die Algemene Sinode aanvaar die werklikheid dat daar 'n wye diversiteit van interpretasies en toepassing van die Bybelse boodskap oor die bose en demone binne die NG Kerk is. Daar is ruimte vir lidmate wat aan die werklike en persoonlike aard van die duiwel en demone glo, en daar is ruimte vir lidmate wat die Bybelse spreke oor die bose en duiwels anders interpreter.

8 Die Algemene Sinode oordeel dat die getuienis van leraars en lidmate van die NG Kerk dat hulle in hulle bediening wel mense teëgekom het van wie hulle oortuig was dat hulle deur bose magte of demone gedemoniseer was – en ook hulle getuienis dat 'n bediening van bevryding baie van hierdie mense van kwellings, vreesagtigheid, haat teenoor God en sy gebod bevry het – nie sonder meer afgewys moet word nie. Die Sinode aanvaar dat daar verskillende interpretasies is oor die werklikheid al dan nie van gedemoniseerdheid. Dit geld ook vir die interpretasie oor wie en wat agter bepaalde bevrydinge lê.

9 In die lig daarvan is dit die oordeel van die Algemene Sinode dat 'n bediening van bevryding as 'n buitengewone bedieningshandeling onder bepaalde voorwaardes toegelaat sou kon word eerder as om dit geheel en al te verbied. Die voorwaardes waaronder so 'n bediening toegelaat sou kon word, hou in dat:

9.1 die bediening van bevryding as 'n buitengewone bediening beoefen sal word en nie as deel van 'n roetine-pastoraat nie;

9.2 dit onder toesig van en met rapport aan die kerkraad en die ring gedoen word;

9.3 die persoon ook vir mediese evaluering verwys moet word. Daar rus 'n swaar verantwoordelikheid op persone wat so 'n bediening beoefen om mense nie skade te berokken deur siekte (onder meer psigiatrisee versteurings) as besetenheid of gedemoniseerdheid te behandel nie;

9.4 daar met sorg gewaak word teen 'n animistiese verstaan van die skepping en teen die neiging om te dink daar skuil magiese kragte in sekere voorwerpe; teen lang konfronterende gesprekke met bose magte, asook teen die gepaardgaande triomfalisme wat straal uit sensasionele byeenkomste van bevryding;

9.5 daar verreken moet word dat die Gees van Christus in mense wat aan Christus behoort en sy Naam bely, leef. Bedieningspraktyke wat die algenoegsaamheid van die werk van Christus minag en daarmee die gereformeerde belydenis van die volkome verlossingswerk van die genadige God in Jesus op die spel plaas, word afgewys.

10 Die Algemene Sinode besef dat die verskillende kulture in ons land ons duidelik bewus gemaak het van die veel-fasettige aard van die siening oor die Bose; dat daar kontekste is waarin daar 'n werklike vrees vir eksterne bose magte is wat baie mense se lewens oorheers en dat hierdie lewenservaring ernstig opgeneem behoort te word. Die Algemene Sinode moedig daarom sy eie ampsdraers en lidmate aan, wat in sulke kontekste werk, om op verantwoorde wyse besondere aandag hieraan te gee met die doel om die radikale verlossingswerk van Christus met oorgawe te verkondig.

#### BELYDENIS VAN BELHAR (vgl Beskrywingspunt B.3 bl 292; T.11.1 pt 2.2; Notule Dag 4 bl 105)

Die Algemene Sinode besluit om Beskrywingspunt B.3, soos gewysig te aanvaar:

*Die Algemene Sinode besluit om die Belydenis van Belhar op kerkordelike wyse deel van die NG Kerk se belydenisgrondslag te maak en dra dit aan die Moderamen op om die nodige kerkordelike prosesse hieroor in werking te stel.*

#### BELYDENIS VAN BELHAR (vgl Beskrywingspunt B.10 Aanvullende Verslae bl 11; T.11.3 pt 1.1.1-1.1.3; Notule Dag 4 bl 106)

1 Die Algemene Sinode aanvaar nie beskrywingspunt B.10 Belhar nie.

2 Die Algemene Sinode volstaan met die besluit van 1998: "Die AS aanvaar dat die Belydenis van Belhar op sigself genome nie met die drie formuliere van eenheid in stryd is nie" en ook "aanvaar ter wille van die eenheidsproses en sy getuienis die wesentlike inhoud van die Belydenis van Belhar."

3 Die Algemene Sinode wys daarop dat die NG Kerk in gesprek is met die VKSA. Die gesprek word gefasilitateer deur die WGGK. In die gesprek word ook aandag gegee aan die theologiese inhoud van die Belydenis van Belhar.

#### BELYDENIS VAN BELHAR: STUDIE (vgl Notule Dag 4 bl 106)

Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om, as deel van die proses, 'n deeglike studie te doen van die historiese, theologiese en kontekstuele relevansie van die Belhar Belydenis ten einde die volgende Algemene Sinode en alle kerkvergaderings te adviseer.

#### BEVOEGDHEID: AMPSBEVOEGDHEID (vgl Agenda A.3 bl 36 pt 4.2; Notule Dag 5 bl 114)

1 Die Algemene Sinode keur die volgende kategorieë van ampsbevoegdheid goed:

1.1 Teologiese student

1.2 Proponent

1.3 Volle ampsbevoegdheid

1.4 Beperkte bevoegdheid

2 Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe Artikel 31.8 in die Kerkorde in:

"Die vergunning van preekbevoegdheid op versoek van kerkrade" (vgl Riglyne: Toekenning van beperkte bevoegdheid aan lidmate).

**BEVOEGDHEID: AMPSBEVOEGDHEID** (vgl A.3 bl 36 pt 4.2; T.12.2 bl 3 pt 2.1.1; Notule Dag 5 bl 114)

Die Algemene Sinode besluit dat:

1. pt 4.2.2 goedgekeur word en dat Art 31 dan met 'n 2/3e meerderheid goedgekeur word.

2. aanbeveling 4.2 opgeneem word in die Reglement vir Bevoegdheid.

**BEVOEGDHEID: BEDIENINGSBEVOEGDHEID** (vgl Agenda A.12 bl 279 pt 2.10.1; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde asook met die aanbevelings soos vervat in A12 punt 2.8 hierbo.

**BEVOEGDHEID: EMERITUS AS HUWELIKSBEVESTIGER** (Notule Dag 2 bl 89)

Goedgekeur en verwys na Tydelike ATR en Tydelike ADGO:

Voeg by punt 4.1.5.3 op bl 35 in: "Tree as huweliksbevestiger op".

**BEVOEGDHEID: VOLLE AMPSBEVOEGDHEID (EMERITUS)** (vgl Agenda A.3 bl 35 pt 4.1.5.3; T.3.1; Notule Dag 5 bl 113)

Dit is 'n predikant wat die aftree-ouderdom bereik het en geëmeriteer het. 'n Persoon wat oor volle ampsbevoegdheid (emeritaat) beskik:

\*Kan alle ampspligte uitvoer soos beskryf in Artikel 9 op uitnodiging en toesig van 'n kerkraad

\*Is slegs beroepbaar in terme van die besluite by Kerkorde Artikel 11

\*Kan steeds voortgaan as Huweliksbevestiger na emeritaat.

**BEVOEGDHEID: BEPERKTE BEVOEGDHEID** (vgl Agenda A.3 bl 36 pt 4.1.6.4; T.3.1; Notule Dag 5 bl 113)

Persone wat oor beperkte bevoegdheid beskik, kan die volgende doen:

\* Net die Woord bedien (indien kwalifikasie dit toelaat) onder oopsig en toesig van die kerkraad en ring

\* Diens van die gebede

\* Onderrig en toerusting

\* Opbou van die gemeente

\* Dienswerk in die gemeente

\* Leiding en organisering van die gemeente

\*pastorale versorging

**BEVOEGDHEID: ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD** (vgl Agenda A.12 bl 279 pt 2.8.5; Notule Dag 2 bl 88)

Die Algemene Sinode

1 besluit om 'n Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) daar stel om alle sake rakende bedieningsbevoegdheid namens die Algemene Sinode te hanteer;

2 versoek die Bestuurspan van die ASM om so gou moontlik kantoorfasiliteite tot beskikking van die ABR te stel;

3 keur die Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR) goed (Punt 2.8.4 hierbo);

4 gee opdrag aan die ATR om te kontroleer watter wysigings aan die reglemente deur die instelling van die ABR nodig sal wees en die voorgestelde wysigings aan die Moderamen vir goedkeuring voor te lê;

5 Die Algemene Sinode besluit verder

5.1 dat alle proponente, bedienaars van die Woord in diens van gemeentes en die kerkverband, ander persone met die bevoegdheid van bedienaar van die Woord en emeriti by die ABR regstreer en dat 'n jaarlikse registrasiefooi betaalbaar word.

5.2 om werkgewers te versoek om minstens 50% van die registrasiefooi vir 'n bedienaar van die Woord/proponent/emeritus in diens van 'n gemeente/kerkverband te betaal;

5.3 dat die jaarlikse registrasiefooi deur die Bestuurspan van die Moderamen op aanbeveling van die ABR en die ATF vasgestel word;

5.4 om op aanbeveling van die Tydelike ATR die eerste lede van die ABR aan stel.

6 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om, nadat advies van die ABR en die ATF ontvang is, die koördineerder/uitvoerende amptenaar aan te stel.

**BEVOEGDHEID: SENTRALE KANTOOR** (vgl Agenda A.3 bl 45 pt 7.3 ; T.12.2 pt 2.3.1; Notule Dag 2 bl 88)

Die Algemene Sinode skep 'n Sentrale Kantoor vir Bevoegdheid soos verwoord in pt 5.1 (pt 6.5) en pt 7 van hierdie verslag.

**BEVOEGDHEID: KANTOOR VIR ALGEMENE BEVOEGDHEIDSRAAD (ABR)** (vgl Agenda A.3 bl 45 pt 7.2 en 7.3; A.12 bl 279 pt 2.8.5; T.3.2 bl 1 pt 2; Notule Dag 5 bl 113)

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om:

1 in die lig van A.12 pt 2.8.5.2 'n datum te bepaal wanneer die kantoorfasiliteite aan die ABR beskikbaar gestel word

2 die lede van die ABR in samewerking met die ATR aan te wys

3 die volgende te bepaal:

- 3.1 datum van implementering van die jaarlikse registrasiefooi
- 3.2 die finansiering van die Kantoor van die ABR te faciliteer in samewerking met die ATF
- 3.3 die eerste jaarlikse registrasie registrasiefooi
- 4 om nadat die eerste proses van finansiering gefinaliseer is 'n koördineerder/ uitvoerende amptenaar te benoem.

**BEVOEGDHEID VIR BEDIENING VAN SAKRAMENTE** (vgl Notule Dag 5 bl 114)

Die Algemene Sinode versoek dat 'n projekspan saamgestel word om 'n studie te doen oor wie die sakramente mag bedien.

**BEVOEGDHEID VIR BEDIENING VAN SAKRAMENTE** (vgl Notule Dag 5 bl 115)

**Word verwys om aandag te kry as deel van die bostaande voorstel:**

Dat daar spesifieke ruimte geskep word dat ouderlinge en jeugwerkers:

- onder sekere omstandighede
- onder toesig van die Kerkraad en/of Ring
- op verantwoordbare wyse

ook sakramente mag bedien.

**BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE TOV SAKRAMENTE** (vgl Agenda A.12. bl 280 pt 2.11.1; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van die *Kerkorde*.

**BEVOEGDHEID VAN GEESTELIKE WERKERS** (vgl Agenda A.12 bl 283 pt 2.19.1; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het asook met die aanbevelings soos vervat in A.12 punt 2.8 en 2.15 hierbo.

**BEVOEGDHEIDSAANGELEENTHEDE** (vgl Agenda A.12 bl 285 pt 3.2; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode neem kennis dat alle bevoegdheidsaangeleenthede behoorlik in die bevoegdheidsregister aangeteken en ter insae op aanvraag beskikbaar is.

**BYBELVERTALING** (vgl Agenda A.4 bl 47 pt 1.4; Notule Dag 3 bl 94)

**1 Voltooide vertalings**

Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor die *Bybelgenootskap van Suid-Afrika* en die betrokke vertaalspan vir die voltooiing van *Die Bybel vir Dowes* (en *Die Bybel vir almal*) en doen 'n beroep om lidmate om die gebruik hiervan wyd aan te moedig.

**2 Vordering met die nuwe vertaalprojek (ABV)**

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die mate van vordering in die projek vir die bronteksgeoriënteerde vertaling van die Bybel in Afrikaans.

**3 Rol van NG Kerk-lidmate**

Die Algemene Sinode neem met dank kennis van die groot aantal lidmate wat as teoloë, brontaal- en doeltaalkenners as medewerkers betrokke is by die ABV.

**4 Webblad**

Die Algemene Sinode moedig ons lidmate en gemeentes aan om op die BSA se webblad kennis te neem van die projek en sy vordering, asook van enige proefvertalings wat daar bekendgestel word.

**5 Finansiële steun vir ABV**

Die Algemene Sinode neem met dank daarvan kennis dat die BSA geen direkte bydrae vir die ABV van onderskeie kerke vra nie, maar moedig ons eie lidmate en gemeentes aan om die projek finansieel te ondersteun.

**6 Opdrag**

Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATBV om steeds sy volle medewerking aan die BSA te verleen vir hierdie groot projek.

**BYBELVERKLARING** (vgl Agenda A.4 bl 48 pt 2.4; Notule Dag 3 bl 94)

**1 SGB-reeks**

Die Algemene Sinode versoek die ATBV om voort te gaan met die SGB-reeks en dit tot voltooiing te bring.

**2 Dank teenoor Lux Verbi.BM**

Die Algemene Sinode betuig sy dank teenoor Lux Verbi.BM vir die diens wat deur die jare gelewer is ten opsigte van die elektroniese en ander vorme van publikasie van die SBG-reeks.

**3 Samewerking met die VGKSA**

Die Algemene Sinode ondersteun die nouer samewerking met die VGKSA op die terrein van Bybelvertaling en -verklaring.

**BYBELVERSPREIDING** (vgl Agenda A.4 bl 50 pt 3.7; Notule dag 3 bl 95)

## **1 Dank vir ondersteuning**

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika spreek sy groot en oregte dank uit teenoor die leraars, gemeentes, lidmate en akademici van die NG Kerk vir hul besondere en volgehoue ondersteuning van die Bybelgenootskap in gebede, in bydraes, in Bybelvertaling, in die verspreiding van die Bybel asook diens op die verskillende beheerliggame van die Bybelgenootskap.

## **2 Aktiewe betrokkenheid, gebed en finansiële ondersteuning**

Die Algemene Sinode versoek alle gemeentes en lidmate om deur volgehoue gebeds- en finansiële ondersteuning aktief by die verskillende programme van die Bybelgenootskap betrokke te bly wees. Elke R35 help die Bybelgenootskap om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel en kan as doelwit per lidmaat per jaar gestel word.

## **3 Streekkomitees van die BSA**

Die Algemene Sinode versoek streeksinodes om gereeld, by verstryking van termyne, predikante en lidmate, vir wie die saak van Bybelverspreiding na aan die hart lê, as verteenwoordigers op die Streekkomitees van die Bybelgenootskap te benoem.

## **BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING: FUNKSIONERING VAN TAAKSPAN ATBV (vgl Agenda A.4 bl 50 pt 4.2; Notule Dag 3 bl 95)**

### **1 Personeel**

Die Algemene Sinode wys die volgende lede aan om vir die volgende termyn in die ATBV te dien:

#### **1.1 Deur NG Kerk Dosenterade van die drie Teologiese Fakulteite aanbeveel:**

OT: Proff HL Bosman (US), DJ Human (UP), SD Snyman (UV)

NT: Proff HJB Combrink (US), GJ Steyn (UP), HC van Zyl (UV)

#### **1.2 Deur VGKSA aanbeveel:**

Proff PJJS Els (OT), GD Cloete (NT)

#### **1.3 Deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika aanbeveel:**

Di GS Kritzinger en DC Taljaard

#### **1.4 Vakkundiges deur ATBV aanbeveel:**

Proff JA Naudé en CHJ van der Merwe (Hebreus/Vertaalkunde), JA du Rand (NT) en DF Tolmie (NT).

### **2 Begroting**

Die Algemene Sinode begroot vir die werksaamhede van die Taakspan ATBV

## **BYBELVERTALING, -VERKLARING EN –VERSPREIDING: FUNKSIONERING VAN DIE TAAKSPAN ATBV (vgl T.12.2 pt 3.1.1; Notule Dag 3 bl 95)**

Die TRK het die wysigings nagegaan en vind dit in orde dat die Reglement (ATBV) dienooreenkomsdig gewysig word deur die ATR en met die goedkeuring van die Moderamen.

## **DIENS EN GETUIENIS (vgl Agenda A.5 bl 57 pt 15; T.5.1 pt 3; Notule Dag 4 bl 110)**

1 Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig van die voorgestelde strukturering van die Algemene Sinodale werksaamhede, die ooreenkoms met die ander kerke rakende 'n Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis in stand gehou word en dat verteenwoordigers van die NG Kerk om in die VDDG te dien, aangewys word.

2 Die Algemene Sinode identifiseer die volgende sake as prioriteite en verwys dit na die Moderamen om in terme van die voorgestelde strukturering verder daarmee te handel:

2.1 die voortgaande besinning oor diens en getuienis as 'n geïntegreerde bediening en hoe dit vêrder in die kerklike praxis neerslag kan vind;

2.2 die samevoeging van die verskillende studiestukke rakende 'n missionale ekklesiologie, insluitend studiestukke oor die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit in een dokument wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat;

2.3 versoening in die NG Kerkfamilie en in die breë Suider-Afrikaanse gemeenskap;

2.4 'n seisoen vir evangelisasie;

2.5 die bestryding van armoede en ekonomiese ongeregtheid;

2.6 globalisering en die effek daarvan op die mens en die ekologie;

2.7 die kerk se rol in die bekamping van misdaad en geweld.

## **DIENSVERHOUDINGE (Notule Dag 5 bl 114)**

Die Algemene Sinode:

1. Versoek Sinodes om moeite te doen met die opleiding van Gemeentelike Diensverhoudingskommissies.

2. Versoek Sinodes om in hulle opleiding aandag te gee aan:

\* Formele aspekte

\* Versorgingsaspekte

3. Gebruik te maak van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge.

4. Versoek Sinodes om riglyne daar te stel vir die samestelling, toerusting en funksionering van Diensverhoudingskommissies.

**DIENSVERHOUDINGE EN BESTUURSHANDLEIDING** (vgl A.6.1: Wysiging van Agenda A.6 bl 71 pt 2.3; T.12.2 pt 4.1.1; Notule Dag 5 bl 114)

**Die Algemene Sinode**

2.3.1 besluit dat, die ATDV as selfstandige Taakspan van die Algemene Sinode, ontbind

2.3.2 besluit dat die ATDV se werkzaamhede/opdragte verdeel word soos volg:

2.3.2.1 die hantering van die Bestuurshandleiding deur die ATR

2.3.2.2 sake wat predikante raak deur die ABR

2.3.2.3 bestuur van die Algemene Sinode se personeel deur die Sinodale Kantoor in samewerking met die ATR

2.3.3 Versoek die ATR om te begroot vir die voortdurende hersiening van die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge

**DIENSVERHOUDINGE: ART 7** (vgl Agenda A.12 bl 286 pt 5.1.3; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode keur die versoek van die ATR goed dat die voorstelle van die Oostelike Sinode oor die Art 7-besluite verwys word na die Algemene Taakspan Diensverhoudinge vir opname in die Bestuurshandleiding vir Diensverhoudinge van die Algemene Sinode.

**DIENSVERHOUDINGE: VERLOFREËLINGS** (vgl Agenda A.12 bl 285 pt 2.25; Notule Dag 2 bl 88)

2.25.1 Die finalisering van die Reglement vir Verlof word na 'n werkinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.

**DIENSVERHOUDINGE: VASTE TERMYNPOS** (vgl Agenda A.12 bl 281 pt 2.12.3; Notule Dag 2 bl 89)

Die finalisering van die Reglement vir Vaste Termyn kontrakpose word na 'n werkinkel van kundiges verwys om die nodige reglement(e) saam te stel en so spoedig moontlik na die Algemene Sinode aan die ASM vir goedkeuring voor te lê. Die ATR word versoek om die werkinkel te reël en kundiges daarna uit te nooi.

**DIVERSITEIT** (vgl Agenda A.11 Bylaag 4 bl 233 pt 6.2.5; Notule Dag 4 bl 107)

Die Algemene Sinode aanvaar dat diversiteit nie die belydenisgrondslag van ons Kerk in gedrang mag bring nie (kyk pt 6.2.5 van A.11 Bylaag 4 Diversiteitsbestuur).

**DOOP** (vgl Agenda Bekrywingspunte B.1 en B.2 bl 291; T.10.1 pt 2.2; Notule Dag 3 bl 92, 93)

1. Die Algemene Sinode bevestig ons gereformeerde oortuiging dat die Verbondsdoop uitdrukking gee aan die grondwaarheid van die Evangelie dat God se genade en trou te alle tye ons gelowige aanvaarding daarvan voorafgaan en selfs omsluit.

2. Die Algemene Sinode vra daarom kerkrade en predikante om die gereformeerde verstaan van die verbondsdoop met oortuiging en deernis te verduidelik en te bevestig, ook aan lidmate wat ander oortuigings oor die doop huldig.

3. Die Algemene Sinode gee terselfdertyd erkenning aan die feit dat Christelike kerke nie almal dieselfde Doopbeskouing huldig nie, maar dat ons nogtans saam met mekaar deel uitmaak van die Kerk van Christus.

4. Die Algemene Sinode gee dankbaar erkenning aan lidmate wat ten spyte van hulle ander verstaan van die doop steeds lojaal bly aan die kerkverband en wil hulle verseker dat hulle 'n geestelike tuiste in die NG Kerk het.

5. Die Algemene Sinode vra opreg verskoning vir lidmate wat op een of ander wyse rondom die doop seergekry het, en nooi hulle uit tot onderlinge gesprek waar daar op pastorale wyse saam oor die saak gesels en gebid kan word.

6. Die Algemene Sinode verseker lidmate wat die NG Kerk vanweë hulle doopverstaan verlaat het, dat die NG Kerk 'n geestelik tuiste wil wees vir alle kinders van die Here en nooi hulle hartlik uit om hulle regmatige plek in hulle plaaslike NG gemeente in te neem en saam te werk aan die koms van God se koninkryk.

**DOOPHERDENKING/ HERINNERING** (vgl Agenda A.8 bl 146 pt 9; T.10.1 pt 2.2; Notule Dag 3 bl 92)

1. Vertrekpunte vir gesprek

1.1 Die Sinode is van oordeel dat die gesprek en beredenering oor die gereformeerde vertrekpunte van die doop deur die jare in die Nederduitse Gereformeerde Kerk deurdag is en 'n rykdom van teologie ontsluit.

1.2 Die Sinode bevestig weer dat die verbondsteologie sentraal staan in die beredenering van doopherdenking of -herinnering.

1.3 Die Algemene Sinode bevestig dat in gehoorsaamheid aan die verbondsbelofte van ouers, ouers en die kerk verantwoordelikheid moet aanvaar vir die verbondsonderrig (kategese) van hul gedoopte kinders sodat hulle gelei word tot 'n toe-eiening van die heil (belydenisaflegging) wat nie aan 'n bepaalde

ouderdom gekoppel kan word nie (soos tans in die kerkorde vasgestel word), en versoek daarom die Taakspan Kategese om die plek, aard en ouderdom vir belydenisaflegging te ondersoek.

1.4 Die Sinode besluit om niks by te voeg tot die gesprek oor die doop, kindernagmaal en kategese nie, maar wel net te fokus op die opdrag oor doopviering.

## 2. Terminologie

Die Sinode besluit dat die kerk eerder die woorde doopherdenking of doopherinnering sal gebruik.

### 3. Riglyne vir die herdenking/herinnering

3.1 Die Sinode bevestig dat die heil altyd en in alle omstandighede gevier moet word.

3.2 Die Algemene Sinode wys lidmate daarop dat die gereelde viering van die nagmaal die primêre plek van viering is.

3.3 Die Algemene Sinode bevestig dat die doopherinnering/viering nie as 'n her/weerdoop interpreteer mag word nie, maar direk met die verbonds-/christelike doop saamhang.

3.4 Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig word om geleenthede te skep waar doopherinnering of herdenking deel word van lidmate en gemeentes se verhaal.

3.5 Die Sinode beveel aan dat sakramentsviering 'n groter rol binne liturgie, kategese en die erediens sal speel.

3.6 Dit staan Kerkrade ook vry om toepaslike rituele te vestig wat die behoeftes van sulke lidmate opvang om simbolies uitdrukking te gee aan hulle sterwe en opstanding saam met Christus. Hierdie rituele is nie Sakamente nie en vervang nie die Verbondsdoop nie.

### DOOP: OPDRAGTE RONDOM (vgl Notule Dag 3 bl 93, 94)

1. Die Algemene Sinode gee aan 'n projekspan opdrag om ondersoek te doen na wyses waarop daar aan doopherinnering / doopherdenking gestalte gegee kan word.

2. AKLAS word versoek om die Sinode te bedien met 'n dokument wat die noodsaak van die verhouding tussen die doop as eenmalige toesegging in die heil en nagmaal as herhalende viering van die heil binne die verbondsteologie belig.

### EKUMENE: WRF (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 250 pt 1.4.3; Notule Dag 4 bl 108)

Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk lid word van die WRF.

### EKUMENE: LIGGAAM VIR KERKE VAN DIE BREËR NG KERKFAMILIE (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 252 pt 2.3; Notule Dag 4 bl 108)

1 Die Algemene Sinode besluit om kennis te neem dat die Federale Raad ontbind het (die besluit is reeds in 2004 deur die NG Kerk geneem).

2 Die Algemene Sinode onderskryf die besluite 1-6 tov die band tussen die kerke van die NG Kerkfamilie:

#### *Die vergadering*

1. Besluit om die Federale Raad te ontbind met onmiddellik effek;
2. Herbevestig dat voortdurend na geleenthede gesoek moet word om die onderlinge eenheid van die NG Kerke in Afrika te versterk en uit te bou;
3. Besluit dat in plaas daarvan om dadelik weer 'n struktuur daar te stel, riglyne ontwikkel moet word vir die instandhouding en versterking van die eenheid van die familie;
4. Versoek die NG Kerk van Suid-Afrika om telkens saam met vergaderings van ekumeniese liggeme waaraan die verskillende kerke behoort, soos die Wêreldgemeenskap van Gereformeerde Kerke (WCRC), die Community of Reformed Churches in Africa (CRCA) en die All Africa Conference of Churches (AACC), asook saam met vergaderings van die Algemene Sinode van die NG Kerk, vergaderings van die familie van NG Kerke te reël;
5. Besluit dat die venootskapsvergaderings van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis ook benut moet word as geleenthede waar die onderlinge eenheid van die NG Kerkfamilie in Afrika verder versterk en uitgebou word en versoek dat die vergaderings op 'n gereelde basis, verkieslik elke tweede jaar sal plaasvind;
6. Besluit dat 'n gereelde nuusbrief verkieslik twee keer per jaar aan al die kerke wat deel is van die familie van NG Kerke gestuur sal word. Die doel van die nuusbrief is om die verskillende kerke in die familie aan mekaar bekend te stel, nuus van die werkzaamhede van die verskillende kerke te publiseer en sake vir voorbidding bekend te maak. Die NG Kerk word versoek om verantwoordelikheid vir die uitstuur van die nuusbrief te neem.

### EKUMENE: GCF (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 251 pt 1.5.5; Notule Dag 4 bl 109)

Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk lid word van die GCF.

### EKUMENE: LIDMAATSKAP VAN DIE AACC (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 252 pt 2.2.5; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit om dit aan die Moderamen op te dra om 'n weg te vind tov die NG Kerk se aansoek om lidmaatskap van die AACC.**

**EKUMENIESE BANDE MET DIE ACK** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 254 pt 4.6.4; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit om itv Kerkorde Art 70 volle ekumeniese bande met die ACK van Nieu-Seeland aan te gaan.**

**EKUMENIESE BANDE GEKA** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 254 pt 4.7.3; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit om itv Kerkorde Art 70 volle ekumeniese bande met die GEKA aan te gaan.**

**EKUMENIESE BANDE UCA** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 254 pt 4.9.4; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Art 70 met die UCA te onderhandel oor 'n bilaterale ekumeniese verhouding en moontlike volle ekumeniese bande.**

**EKUMENIESE BANDE RCEA** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 255 pt 5.5.5; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Art 70 met die RCEA te onderhandel oor volle ekumeniese betrekkinge.**

**EKUMENIESE BANDE MET KERKE BUISTE SA WAT UIT DIE NG KERK SPRUIT** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 255 pt 5.2.3: Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Art 70 met die kerke buite SA wat uit die NG Kerk spruit volle ekumeniese betrekkinge aan te gaan.**

**EKUMENIESE BANDE FJKM** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 255 pt 5.3.4; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit om in terme van Kerkorde Art 70 met die FJKM te onderhandel oor 'n bilaterale ekumeniese verhouding.**

**EKUMENIESE BANDE CEC** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 255 pt 5.4.6; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode besluit dat die NG Kerk vir die huidige itv Art 70b.3.2 in 'n gedeeltelike verhouding met die CEC tree.**

**EKUMENIESE BANDE MET DIE VOLKSKERK VAN AFRIKA EN DIE CALVYN PROTESTANTSE KERK** (vgl Agenda A.11 Bylaag 6 bl 256 pt 6.7.4; Notule Dag 4 bl 109)

**Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om ekumeniese verhoudinge met die Volkskerk van Afrika en die Calvyn Protestantse Kerk te ondersoek.**

**EKUMENE: MODELLE VIR DIVERSITEIT VAN EKUMENIESE VERHOUDINGE** (vgl A.11 Bylaag 6 bl 257 pt 8; Notule Dag 4 bl 109)

1. Die Algemene Sinode erken die diversiteit van ekumeniese verhoudinge.
2. Suid-Afrikaners in Groot Brittanje, Europa, Afrika en Dubai wat kerklik wil inskakel bevind hulleself in buitengewone en unieke situasies. Denominasies en gemeentes het spesifieke behoeftes rondom kerklike en ekumeniese bande met die NG Kerk.
3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die moderamen om modelle daar te stel wat ruimte maak vir betekenisvolle kerklike en ekumeniese verhoudinge.
4. Die Algemene Sinode word versoek om die saak as hoë prioriteit te hanteer.

**EKUMENE: WAARDERING VIR EKUMENIESE BETREKKINGE** (vgl T.11.2; Notule Dag 4 bl 109)

1. Die Algemene Sinode het met groot waardering geluister na die talle groeteboodskappe van oor die hele wêreld, VSA, Europa, Afrika en Australasië, wat aan die NG Kerk Sinode gerig is.
2. Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor dr Kobus Gerber vir sy onvermoeide passie om die NG Kerk se ekumeniese betrekkinge te vestig en uit te brei – en sodoende ook die kerk instaat stel om 'n deurslaggewende rol te speel in die kerk se getuienis in die wêreld.

**EKUMENIESE VERTEENWOORDIGERS: SPREEKBEURTE** (vgl Notule Dag 5 bl 125)

**Die Sinode dra dit aan die Moderamen op om op voetspoor van die Sinode van Dordrecht (1618-19), te oorweeg om spreekbeurte tydens debatte toe te laat aan die verteenwoordigers van ons ekumeniese genote ter vergadering.**

**ERDienste (Leiding van): ARTIKEL 48** (vgl Agenda A.8 Bylaag 3 bl 113 pt 5; T.12.2 pt 6.5; Notule Dag 5 bl 122)

**1 Die Algemene Sinode keur nie ADGO se voorstel vir die wysiging van Art 48 goed nie.**

**2 Die Algemene Sinode besluit dat die ATR se voorstel gewysig word, naamlik dat 48.3.5 soos volg lui: 'n ouderling wat preekvergunning van die kerkraad en die ring en ontvang het (sien ook Kerkorde Art<sup>s</sup> 3 en 10).**

**3 Die Algemene Sinode besluit dat die voetnota by Art 48.3.3 uitgebrei word (Agenda bl 290) (Voeg in).**

**4 Die Algemene Sinode neem die voorstel van die ATR rakende Art 48 in sy geheel in behandeling en keur dit goed met die wysiging van punt 2 hierbo.**

**EVANGELISASIE** (Notule Dag 2 bl 82)

**Die Algemene Sinode dra dit aan ADD op om 'n meer omvattende omskrywing van Evangelisasie te formuleer en om ook die Skriftuurlike verstaan van Evangelisasie by te werk.**

**FLAM** (vgl Agenda A.8 Bylaag 6 bl 122 pt 4.5; Notule Dag 2 bl 84)

**1 Die Algemene Sinode ondersteun die samestelling en werkswyse van Flam**

**2 Algemene Sinode moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie theologiese- en musikaal-gekeurde nuwe kontemporêre liedere**

**FLAM-MUSIEKUITGEWERS** (vgl Agenda A.8 Bylaag 6 bl 122 pt 5.3; Notule Dag 2 bl 84)

**1 Die Algemene Sinode ondersteun die samestelling en werkswyse van Flam Musiekuitgewers.**

**2 Gemeentes word aangemoedig om die lede van Flam uit te nooi om die liedere in hul gemeentes te kom bekendstel.**

**FLAM: PRODUKTE EN DIENSTE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 6 bl 122 pt 6.10; Notule Dag 2 bl 84)

**1 Gemeentes en veral skribas word aangemoedig om so spoedig moontlik in te teken op Flam se nuusbrief om sodoende op hoogte te bly van nuwe geleenthede en produkte wat tot voordeel van die kerk kan wees.**

**2 Streek- en algemene sinodale vergaderings word aangemoedig om gebruik te maak van Flam se begeleidingsgroep tydens sinodesittings.**

**FLAM: WERKSAAMHEDE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 6 bl 123 pt 8.2; Notule Dag 2 bl 84)

**Die Algemene Sinode oorweeg dat die werksaamhede van Flam as 'n prioriteit in die kerk voortgesit moet word en indien wel, dat die nodige fondse, soos in die verlede, daarvoor opsy gesit moet word.**

**FONDSE: INKOOP VAN DIENSTE** (vgl Agenda A.7 bl 72 pt 2; Notule Dag 4 bl 110)

**Die Algemene Sinode besluit om die inkoop van dienste tot uitgawes van funksionarisse te beperk. Leraars wat vir bepaalde dienswerk verkies word, moet dit binne die riglyn van 10% van hulle tyd aan die kerkverband uitvoer. Taakspanne van die Algemene Sinode moet so funksioneer dat hulle hulle personeel binne hierdie riglyn aanwend.**

**FONDSE: BEFONDSING VAN DIE ALGEMENE SINODE** (vgl Beskrywingspunt B.6 bl 298; T.7.1 punt 1.2; Notule Dag 4 bl 110)

**Die Algemene Sinode onderskryf die meriete van die beskrywingspunt van Oostelike sinode (B.6) Dit is egter op die oomblik nie haalbaar nie.**

**FONDSE: BEFONDSING VAN DIE ALGEMENE SINODE** (vgl T.7.1 pt 1; Notule Dag 4 bl 110)

**Die Algemene Sinode onderskryf die besluite van die ATF soos in hierdie verslag (pt 1.1) vervat.**

**GEMEENTEGRENSE: INSKAKELING OOR** (vgl Agenda A.12 bl 283 pt 2.18.1; Notule Dag 2 bl 116)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen voorstel van ADGO óf van die Sinodes hieroor ontvang nie en dus géén aanbeveling aan die Algemene Sinode hieroor kan maak nie.**

**GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING** (vgl Agenda A.11 Bylaag 3 bl 226 pt 4.2; Notule Dag 4 bl 107)

**1 Die Algemene Sinode aanvaar dit as uitgangspunt dat Grondhervorming, in 'n Suid-Afrikaanse konteks (en veral teen die agtergrond van ons unieke geskiedenis), vanuit Christelike oortuiging geregverdig en noodsaaklik is.**

**2 Die Algemene Sinode aanvaar dit ook as uitgangspunt dat blywende vrede en voorspoed vir alle inwoners van ons lande in Suidelike Afrika vanuit ons Christelike geloof gemotiveer kan word – en wil die verantwoordbare proses (waarin reg en geregtigheid geskied teenoor almal) tot die verkryging van hierdie ideaal voorstaan en help bevorder.**

**3 Die Algemene Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor sy lidmate in die boerderygemeenskap vir die wyse waarop hulle, in 'n gees van konstruktiewe betrokkenheid, die afgelope jare sedert die nuwe staatkundige bedeling in Suid-Afrika (1994) tot stand gekom het, bereid was om verskillende psigiese en politieke grense oor te steek om tot die staat se Grondhervormingsbeleid by te dra. Hulle word aangemoedig om in geloof en vertroue daarmee voort te gaan aangesien dit ooglopend en vanselfsprekend is dat die regering alleen, sonder privaatsektor-betrokkenheid, nie grondhervorming sal kan laat slaag nie.**

4 Die Algemene Sinode besef ook met hartseer dat daar deur die boerderygemeenskap al tot dusver groot offers betaal is, wat huis ook blyk uit die ontstellende hoë gewelddadige sterftes (moorde) onder hierdie sektor van ons samelewing.

5 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om alles in diestryd tewerp om met 'n nuwe beleidsdokument oor Grondhervorming vorendag te kom – wat in terme van die waardes van die Grondwet (met spesifieke verwysing na Artikels 9 en 25) uitgewerk word tot bevrediging van al die partye betrokke.

6 Die Algemene Sinode verseker ook die regering dat die kerk (ook in ekumeniese verband) sy volle samewerking sal gee in die formulering en uitvoering van 'n billike grondbeleid op grond van hierdie Grondwetlike waardes.

7 Die Algemene Sinode wil ook 'n duidelike getuienis teenoor die staat lewer oor *versoenende geregtigheid*. Dit beteken dat reg en geregtigheid ten opsigte van die regte en menswaardigheid van alle mense (wat dus vanselfsprekend die hele boerderygemeenskap insluit) tot uitvoering moet kom – en dat die kerk vanuit sy Godgegewe roeping ook die staat hiervoor verantwoordelik sal hou (Artikel 36 van die NGB).

8 Die Algemene Sinode doen ook 'n beroep op die regering (en sal dit skriftelik aan hom stel) dat die voedselsekuriteit van ons land, as 'n voorvereiste vir vrede, stabiliteit en voorspoed, nie verder gekompromitteer mag word nie – veral en huis gesien in die lig van die groot aantal voorheen produktiewe plase wat op 'n rampsspoedige en onomkeerbare wyse uit die voedselketting verdwyn het.

9 Die Algemene Sinode is oortuig daarvan dat die ontelinge van kommersiële landbougrond (op watter wyse ookal gedoen) op sigself NIE die huidige ellende van 50% van Suid-Afrika se bevolking (wat blootgestel is aan die destruktiewe armoedeekultuur waarin hulle noodgedwonge leef) gaan verbeter nie. Die teendeel kan eerder waar wees, aangesien kommersiële boerdery tans nog 'n groot verskaffer van werkgeleenthede is.

10 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op al die strukture van die NG Kerk om 'n gebedsaksie rondom grondhervorming te loads waarin voorbidding vir alle betrokkenes gedoen word (nuwe begunstigdes, die kommersiële landbousektor en die regering).

11 Die Algemene Sinode versoek sy taakspan om die sake vervat in hierdie aanbevelings, tot die grootste mate moontlik, tot uitvoering te bestuur.

#### HANDVES VIR GODSDIENSREGTE (vgl Agenda A.12 bl 286 pt 5.1.7; Notule Dag 5 bl 117)

Die Algemene Sinode besluit dat die Handves van Godsdiensregte asook die A tot-Z-Beleid in die *Kerkorde* opgeneem word as funksionele besluite.

#### HK VRAAG/ANTWOORD 80 (vgl Agenda A.10 Bylaag 1 bl 173 pt 10; T.10.1 pt 2.7; Notule Dag 5 bl 115)

1 Die Algemene Sinode neem kennis van die feit dat die Rooms Katolieke Kerk die Roomse Mis anders verstaan as die verduideliking wat die Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 80 gegee is en besluit om die gesprek hieroor met die Rooms Katolieke Kerk voort te sit.

2 Die Algemene Sinode bevestig dat daar ingrypende verskille tussen die gereformeerde verstaan van die Nagmaal en die Roomse verstaan van die Mis is.

3 Die Algemene Sinode besluit om langs gepaste weë oor hierdie saak met plaaslike lidkerke van die WGGK in gesprek te tree.

4 Die Algemene Sinode dra dit aan ATLAS op om die moontlikheid van 'n vereenvoudigde vertaling van die Heidelbergse Kategismus te ondersoek.

5 Die Algemene Sinode gee opdrag aan ATLAS om die onderlinge samehang van die doop en die Nagmaal in diepte te ondersoek.

#### HUWELIK EN SAAMWOON (vgl Agenda A.10 bl 204 pt 6; T.10.1 pt 2.8; Notule Dag 3 bl 96)

1. Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag en spreek sy waardering uit vir die kommissie se eerlike poging om verantwoordelik met hierdie kontekstuele saak om te gaan.

2. Die Algemene Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruiken soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.

3. Die Algemene Sinode erken dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit) vandag 'n werklikheid in die samelewing is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon. Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiviteit nie as 'n belangrike aspek van 'n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.

4. Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom ander pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle die huwelik hoog ag en daarom seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, ook wat die seksuele betrek, voordat hulle trou. Hierdie verhoudings reflekter in baie opsigte die Bybelse waardes van liefde, respekte en eksklusiviteit en kan dus nie sonder meer afgewys word nie.

5. Die Algemene Sinode is nogtans daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat 'n Christelike huwelik is: 'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as 'n wettige huwelik.

6. Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele ooreenkoms nie aan Christelike riglyne voldoen nie.

7. Die Algemene Sinode beskou die reëlings van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontnem wanneer hulle na die dood van 'n eggenoot/eggenote weer in die huwelik tree, as eties problematies en onderneem om nogeens met die betrokke owerhede hieroor in gesprek te tree.

8. Die Algemene Sinode wil mense wat in'n etiese saamwoonverhouding leef en dus die Christelike norme vir die huwelik uitleef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte ook in plek te kry.

9. Bostaande besluite word nie afsonderlik nie, maar deurgaans as 'n eenheid beskou oor die kerk se standpunt ten opsigte van die saamwoon van ongetroudes.

10. Die Algemene Sinode aanvaar dat al die implikasie rondom die bevestiging van 'n enkel kerklike huweliksverbintenis nog nie uitgeklaar is nie en daarom op hierdie stadium nie ten gunste van so 'n reëling nie.

#### **HUWELIK EN SAAMWOON: PASTORALE VERSORGING** (vgl Notule Dag 3 bl 96)

Die Sinode versoek leraars om in pastorale hantering van pare-in-verhouding, hulle met deernis te begelei van onvolledige verbintenisse na die omvattende, Bybelse verbintenis van die Christelike huwelik, en hierdie ideaal nooit af te water nie.

#### **HUWELIK: ROL EN PLEK** (vgl Notule Dag 3 bl 97)

1. Die Algemene sinode bevestig die plek en waarde van die Christelike huwelik in die kerk en die gemeenskap en motiveer leraars en lidmate om die duursaamheid daarvan te bevorder.

2. Die Algemene sinode versoek leraars en lidmate om gesonde huwelike aktief te bevorder en moeite te doen met huweliksvoorbereiding en huweliksverryking, omdat die idee en praktyk van huwelike verskraal het.

3. Die Algemene Sinode motiveer gemeentes om jaarliks op die tweede Sondag van Februarie wêreldhuweliksdag te vier.

#### **HUWELIK EN SAAMWOON: OPDRAGTE** (vgl Notule Dag 3 bl 97)

1. Die Algemene Sinode verwys vir ondersoek na 'n kommissie die vraagstuk van die veranderende seksuele raamwerk en seksuele waardes van ons gemeenskappe.

2. Die Algemene Sinode word versoek om 'n huwelikskursus te ontwikkel wat aan die jeug en ander vrywillig bedien word in die jaar na belydenis aflegging. Die oorsprong van huweliksprobleme word dan aangespreek en word die simptome (soos saamwoon) voorkom. Tans is die leiding vir die huwelik nie voldoende nie en word voorbeeld van ouers en die media slaafs nagevolg.

3. Die Algemene Sinode gee opdrag aan die Moderamen om weë te soek waarin daar met die staat en ander rolspelers in gesprek getree word om wyses te vind waar daar nie teen persone gediskrimineer word op grond van die voortgaande voordele verbonde aan mediese fondse en pensioenskemas nie.

#### **JEUGBEDIENING** (vgl Agenda A.8 Bylaag 8 bl 127 pt 4.1; Notule Dag 2 bl 84)

1 Die Algemene Sinode word versoek om die bediening van die jeug as 'n prioriteit van die Algemene Sinode te aanvaar.

2 Indien Jeugbediening as 'n prioriteit aanvaar word, gee die Algemene Sinode opdrag dat 'n projekspan aangewys word wat aktuele jeugkwessies identifiseer en relevante tendense in jeugbediening navors om die kerk sodoende te adviseer om te verseker dat effektiewe jeugbediening plaasvind.

#### **JEUGBEDIENING** (vgl Notule Dag 2 bl 85)

Die Algemene Sinode word versoek om die bediening van die jeug (wat insluit studentebediening) as 'n prioriteit van die Algemene Sinode te aanvaar.

#### **JEUGBEDIENING: JEUGWERKERS** (vgl Agenda A.12 bl 282 pt 2.15; Notule Dag 2 bl 89)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor die opleiding en amptelike status van jeugwerkers nie.

#### **KATEGESE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 9 bl 129 pt 4; Notule Dag 2 bl 85)

1 Die Algemene Sinode oorweeg Kategese as 'n prioriteit van die Algemene Sinode.

**2 Indien Kategese as prioriteit aanvaar word, word 'n projekspan aangewys om navorsing te doen, voorligting te gee en eietydse, relevante materiaal en ander hulpmiddels binne die raam van die gereformeerde teologie en belydenisskrifte van die NG Kerk te ontwikkel**

**KERK EN WETENSKAP** (vgl Agenda A.11 bl 212 pt 7.6.2; T.10.1 pt 2.6; Notule Dag 3 bl 92)

**1 Die Algemene Sinode keur die hantering van die saak deur die ASM goed en neem kennis van die formulering as 'n standpunt-stuk van die ASM.**

**2 Die Algemene Sinode bedank graag alle wetenskaplikes, wat as Christene hulleself in die openbaar blootstel ter wille van hulle geloofsoortuigings, terwyl hulle as Christene met oorgawe as wetenskaplikes hulle professie uitoefen.**

**KERKHERENIGING** (A.11 Bylaag 5 bl 246 pt 8.2; Notule Dag 4 bl 100)

**Die Algemene Sinode besluit soos volg tov kerkhereniging:**

**KERKHERENIGING**

**1 Inleiding**

\* Ons is diep oortuig dat die Gees van God sy kerk lei om die eenheid van die kerk van Jesus Christus na te jaag. Daarom is ons hartseer en jammer omdat ons na baie jare se gesprekke oor kerkhereniging nog nie een nuwe kerkverband gevorm het nie. Terwyl daar faktore is wat die proses baie moeilik maak, is ons oortuig dat ons die verantwoordelikheid het om die proses hoopvol voort te sit.

\* Ons bevestig die belangrikheid van sigbare kerkeenheid en wil onsself wy aan die vorming van een kerkverband as uitdrukking van die eenheid. Ons glo dat die versoening wat Jesus Christus bring ons help om ou breuke te heel en as volle familie van kerke byeen te kom. Ons glo ook dat 'n verdeelde kerk dit moeiliker maak om ons roeping uit te voer en dat ons ook nie ons verantwoordelikheid teenoor die Suider-Afrikaanse samelewing op so 'n manier nakom nie.

\* Ons pleit by die ander kerke van die NG Kerkfamilie vir 'n inklusiewe herenigingsproses waarin ons poog om sover moontlik almal wat deel is van ons familie saam te neem op die pad vorentoe.

\* Ons is verbind aan die VGKSA wat vir ons sê dat die Belharbelydenis vir hulle baie belangrik is en dat hulle dit deel wil maak van die nuwe verband. Ons is verbind aan die NGKA en die RCA wat vir ons sê dat hulle nie kans sien om Belhar volledig as belydenisskrif te onderskryf nie.

\* Ons erken dat daar in die NG Kerk baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid en graag Belhar onderskryf. Ons erken ook dat daar baie gemeentes, predikante en lidmate is wat gereed is vir 'n hegte eenheid maar om verskillende redes nie kans sien om Belhar as belydenisskrif te onderskryf nie.

\* Ons glo dat ons 'n verantwoordelikheid teenoor al hierdie groepe het. Ons is oortuig dit is moontlik om een te word in 'n "ruim huis" wat plek maak vir almal – insluitende ons verskille.

\* Ons is baie jammer oor die moontlikheid dat 'n belydenisskrif wat die eenheid van die kerk bely, die kerke uit mekaar kan hou.

\* Ons pleit by die familie van NG Kerke sowel as ons lidmate vir sigbare hereniging in 'n ruim en breë eenheid waarin ons die verskille wat oor die loop van tyd ontstaan het aanvaar, maar steeds oortuig is dat 'n hegte en sigbare eenheid deur Gees moontlik is. Die verskeidenheid wat volg uit verskillende gawes, ons geskiedenis en ook taal en kultuurverskille verruum en verryk ons sodat ons mekaar en die wêreld beter kan dien.

\* Ons sien die kerk en ook kerkhereniging as 'n organiese groeioproses wat beteken dat ons baie geduld en liefde met mekaar nodig het, maar altyd daaraan vashou dat die Gees kragtig is om meer te doen as wat ons dink of droom.

\* Ons bied die volgende voorstel aan die ander lede van die Familie aan as ons aanbeveling oor hoe ons mekaar kan ontmoet en 'n saam kan groei.

\* Ons hoop dat ons uitdrukking aan sigbare eenheid kan gee en een nuwe herenigde kerkverband kan vorm. Ons is oortuig dat dit tot eer van die Hoof van die kerk en tot die voordeel van al die kerke en lidmate van die Familie van NG Kerke sal wees.

**2 Verbintenis tot kerkhereniging**

Die NG Kerk herbevestig sy ernstige en duidelike verbintenis tot die herstel van een kerkverband met die ander drie kerke van die Familie, nl die VGKSA, die NGKA en die RCA. Hierdie verbintenis is gegronde in die oortuiging dat die Here dit van ons vra - ter wille van sy eer (Joh 17:23) en ter wille van ons gesamentlike roeping (Ef 4:4) en getuienis in Afrika – sodat die wêreld kan glo.

**3 'n Keuse om gou weer op gang te kom met die proses en saam te groei na groter eenheid**

**3.1 Die NG Kerk is jammer dat die herenigingsproses so stadig vorder. Ons vertroue in die Here van die kerk gee ons egter hoop dat die proses kan voortgaan:**

(1) Ons het 'n gedeelde geskiedenis en is diep onder die indruk van die feit dat al die kerke in die familie oortuig is dat ons bymekaar hoort;

(2) Al die kerke aanvaar reeds die Drie Formuliere van Eenheid as 'n gemeenskaplike belydenisbasis.

(3) Die Algemene Sinode het reeds in 1998 gesê dat hy die wesenlike inhoud van die Belharbelydenis aanvaar.

(4) Daar bestaan in baie gemeentes, ringe en sinode reeds baie goeie samewerkingsverbande en strukture en op sommige plekke is daar reeds eenheidstrukture opgerig.

(5) Lidmate in die familie van NG Kerke gee uitdrukking aan die feit dat geloof die enigste voorwaarde vir lidmaatskap is deur oor en weer deel van kerke in die familie te word.

(6) Die moratorium van die VGKSA skep probleme vir die proses. Ons vertrou dat hulle dit op grond van die gees van die Belydenis van Belhar by hulle eersvolgende Algemene Sinode sal ophef.

3.2 Ons is diep oortuig dat die vordering wat wel gemaak is, ons gedeelde geloof en tradisie en veral die onbeperkte moontlikhede wat die Gees skep, die moontlikheid bied om met nuwe energie en toewyding te werk aan sigbare eenheid. Ons is oortuig dat ons baie moeite moet doen om die hindernisse uit die weg te ruim en sodat sigbare eenheid as kosbare gawe nagejaag kan word.

3.3 Ons glo dat ons so 'n pad nie alleen aanpak nie. Die getuienis van ander wat die pad reeds geloop het, help ons om ons vertroue te stel op die versoenende krag van die evangelie van Christus en die werking van die Gees wat ons steeds nader aan mekaar bring en ons laat groei in ons liefde en begrip vir mekaar.

#### **4 'n Pad wat baie geduld, begrip en tegemoetkomendheid van almal vra**

Die geskiedenis en ervaring van ander gereformeerde kerke leer ons dat verenigingsprosesse tussen kerke nooit eenvoudig is nie. Dit vra van alle betrokkenes gehoorsaamheid, geestelike toewyding, geduld, liefde en veral tegemoetkomendheid. Dit beteken onder meer dat ons moet onderskei om mekaar te vind en bereid moet wees om ter wille van 'n geloofsaak op te offer. Liefde beteken ons sal rekening hou met vrae en onsekerheid wat mense het en dit onderskeidend met groot geduld en sensitiwiteit hanteer.

#### **5 Die Belydenis van Belhar (en Laudiumdeklaasie)**

5.1 Ons is na ons konsultasieprosesse deeglik bewus daarvan dat

(a) 'n Groot deel van die gemeentes en lidmate van die NG Kerk weens 'n verskeidenheid faktore nie die Belydenis van Belhar as vierde belydenisskrif wil aanvaar nie. Dit is baie belangrik dat ons oor al hierdie faktore sal praat sodat ons nie "by die verlede stilstaan nie" (Jes 43:18), maar saam kan fokus op ons roeping vandag en in die toekoms. Ons verbind onsself hiertoe (vgl AS Besluit 2004).

(b) hierdie verskille kan oorbrug word deur 'n deeglike studie te maak van Belhar self.

5.2 Soos oorengerek met die Taakspan van die WBGK (nou die WGGK) is ons verbind om dmv 'n gesamentlike taakspan met die VGKSA weer deeglik te besin oor hoe ons *saam in beide kerke* met mekaar oor hierdie Belydenis kan praat.

5.3 Ons is steeds oortuig dat die wesenlike inhoud van die Belydenis van Belhar (ons verbintenis aan die Bybelse getuienis oor God Drie-enig, oor die eenheid van die kerk, oor geregtigheid en versoening) baie wyd aanvaar word (vgl AS besluit 1998).

5.4 Omdat die Belharbelydenis 'n belydenisskrif van een van die Familiekerke is, stel ons voor dat dit as een van die belydenisskrifte in die herstelde kerkverband opgeneem word. Dit impliseer nie dat alle gemeentes, predikante, kerkraadslede en lidmate van die nuwe verband dit vanselfsprekend as belydenisskrif hoef te aanvaar nie.

5.5 Die volgende formulering van die belydenisgrondslag (met inagneming van pt 5.4) vir 'n herenigde kerk word aanvaar as basis vir onderhandeling met die familie van NG Kerke:

1. *Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, geskied in gemeenskap met die belydenis van ons voorgeslagte soos dit verwoord is in*

1.1 *die Apostoliese Geloofsbelid, die Geloofsbelid van Nicea en die Geloofsbelid van Athanasius waardeur die Kerk haar verbondenheid met die algemene christelike Kerk uitdruk, en*

1.2 *die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelid en die Dordtse Leerreëls waardeur die Kerk haar verbondenheid met die gereformeerde tradisie uitdruk.*

2. *In verbondenheid met ons eie konteks erken ons die Belydenis van Belhar.*

3. *Die Kerk erken die betekenis van die Laudiumdeklaasie vir ons missioneare karakter.*

4. *Die Kerk aanvaar dat die taak van die kerk in belydenisvorming nie afgehandel is nie. In die toekoms mag veranderde omstandighede en 'n beter verstaan van die Woord van God lei tot die aanvaarding van verdere belydenisskrifte of die wysiging van bestaande belydenisskrifte.*

#### **6 Model: 'n verenigde kerkverband van selfstandige plaaslike gemeentes**

6.1 Ons besluit dat die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model vir die organisering van die nuwe een kerkverband gebruik word. Dit beteken dat al die gemeentes as selfstandige gemeentes ingevoeg word in ringe, sinodes en een algemene sinode.

6.2 In die proses moet ruimte gelaat word vir onderhandeling, nuwe moontlikhede en 'n groei na mekaar en samevoeging van gemeentes.

#### **7 Gemeentes se reg om hul oor hul eie werk te besluit, word erken**

Al die bestaande gemeentes van die verenigde verband sal so behoue bly en almal saam die gemeentes van die nuwe verband wees. Gemeentes is onderling oop vir bywoning en lidmaatskap. Waar meer as een

gemeente in dieselfde gebied val, staan dit gemeentes vry om hulle onderlinge sake en samestelling spontaan en sonder voorskrif of dwang te reël volgens plaaslike behoeftes. Kerkrade funksioneer binne die gereformeerde aard in terme van hulle besluitnemingsbevoegdheid oor gemeentes.

#### **8 Ander kwessies word gedurende die proses onderhandel**

Daar is 'n aantal sake waaroor saam onderhandel moet word as die voorbereidende proses aan die gang kom. Dit sluit in die skryf van 'n nuwe kerkorde, die naam van die kerk, theologiese opleiding, organisasie van kerklike werksaamhede, finansies en eiendomme, taal, ens. Ons is bewus daarvan dat van hierdie sake baie sensitief en emosioneel van aard is en dat die onderhandelings hieroor met baie wysheid, oorleg en sensitiwiteit hanteer sal moet word. Tog is ons van oordeel dat meningsverskille oor hierdie meer praktiese sake nie in die pad van spoedige kerkhereniging behoort te staan nie.

#### **9 Wesenlike rol van gesamentlike gesprek en besinning op alle vlakke asook fasiliteringshulp van buite**

9.1 Ons glo dat die proses van kerkhereniging inbringende gesprekke en begeleiding op alle vlakke gaan vra - veral ook op grondvlak met gemeentes en lidmate. Ons verbind onself tot hierdie gesprekke en oordeel dat dit 'n groot wins gaan wees as van hierdie gesprekke ook saam gevoer kan word. Ons is oortuig dat dit die proses sal aanhelp as die gesprekke oor eenheid gevoer word in die lig van ons gesamentlike roeping in ons lande en ons gesamentlike geloof in die evangelie.

9.2 Ons is intens bewus van die huidige onvermoë van die gespreksvennote om self die gesprekke weer op dreef en die onderhandelinge aan die gang te kry. Ons is dankbaar vir die hulp van die WGGK en in besonder die fasilitateerde dr Jerry Pillay. Ons bevestig ons volledige verbintenis en samewerking tot die fasiliteringsproses.

#### **10 Kerkskeuring moet ten alle koste probeer vermy word**

Ons spreek die oortuiging uit dat ons in die herstel van een kerkverband kerkskeuring moet vermy. Dit het te dikwels gebeur - ook in ons gereformeerde tradisie - dat kerkverenigingsprosesse aanleiding gegee het tot kerkskeuring, die vorming van nuwe kerke en nuwe twiste. Ons sal die proses so wil hanteer dat alle predikante, gemeentes en lidmate van die kerke saam hierdie pad aanpak.

#### **11 Versoening**

11.1 Ons erken dat onversoende kerke en kerkleiers deel van die stadige vordering is.

11.2 Die hofsake tussen die NGKA en die VGKSA is 'n bron van groot kommer. Ons sal graag 'n konstruktiewe rol wil speel om die spanninge op te los.

11.3 In die fasiliteringsgesprekke is daar ook gesprekke aan die gang oor herstellende geregtigheid. Ons is ook verbind om deel van die gesprekke te wees en 'n oplossing te vind.

11.4 Ons is oortuig dat 'n kerklike waarheids-en versoeningsproses in die familie van NG Kerke ons gaan help om die kerkherenigingsprosesse te laat vorder. Ons wil graag met die Familie hieroor gesprek voer.

#### **12 Die byeenbring van alle gereformeerde kerke**

Ons spreek die hoop uit dat die hereniging van die familie 'n tree sal wees op pad na die byeenbring van alle kerke van gereformeerde belydenis in SA.

#### **13 Raadpleging van gemeentes**

13.1 Gemeentes is na die 2007 Algemene Sinode geraadpleeg oor die Achterbergh-voorstelle. Ons wil dit duidelik stel dat dit nie 'n stemming of kwantitatiewe meningspeiling was nie. Ons het die water in 'n raadplegende proses getoets.

13.2 Die Algemene Sinode is verbind om ons gemeentes te raadpleeg en mettertyd te toets. Die kerkverband moet hierdie pad saam kan loop. Dit vra vir 'n proses waarin ons vorentoe beweeg maar mekaar ook in liefde en respek hanteer.

#### **14 Proses verder**

14.1 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 oor die herstel van een kerkverband in die NG Kerkfamilie het die *status van beleidsbesluite* vir gebruik in die verdere verloop van die gesprek met hierdie familie.

14.2 Hierdie besluite word deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings. Die verdere gesprekke met kerkrade en gemeentes is die verantwoordelikheid van elke sinode / sinodale kommissie / sinodale diensraad /moderamen en word in oorleg met die Moderamen van die Algemene Sinode (plus ander kundiges) as die lede van die taakspan vir kerkhereniging. Die gesprekke gaan oor die volgende:

14.2.1 Die besluite oor kerkhereniging van die Algemene Sinode 2011;

14.2.2 Die praktiese implikasies van elemente van die proses soos gevisualiseer in hierdie besluite plus die bepalings van Die Kerkorde (onder andere Artikel 36, 37 en 44) en die Algemene Sinode se besluit oor 'n moontlike konsensus of 'n tweederdemeerderheid van kerkrade (in 1998 en 2002).

14.3 Daar word onderskeidend te werk gegaan na afhandeling van hierdie gesprekke. Die NG Kerkfamilie is, sover moontlik, deel van die onderskeidingsproses.

14.4 Die besluite van die Algemene Sinode 2011 word in beide bilaterale gesprekke asook gesamentlike gesprekke met die kerke van die NG Kerkfamilie bespreek.

14.5 Die toetsing van kerkrade en sinodes oor "finale" of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat totdat 'n behoorlike proses van gesprekke met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die Moderamen van die Algemene Sinode plaasgevind het.

14.6 Werklike kerkeenheid staan of val by die wyse waarop dit op rings- en gemeentevlak sigbaar word. Daarom moet ringe/ gemeentes gemotiveer en konkreet gehelp word om na gelang van hulle plaaslike omstandighede met die ander ringe/ gemeentes van die NG Kerkfamilie in hulle omgewing, asook binne ander samewerkingstrukture, daadwerklik saam te werk asook eenheidstrukture te vestig. Aangesien hierdie 'n saak is wat binne die hele kerkverband belangrik is, is dit 'n dringende prioriteit wat die Moderamen in samewerking met en deur sinodes en ringe moet hanteer.

## **15 Approbasié by kerkeenheid**

15.1 Die Algemene Sinode besluit soos volg oor die wyses waarop die instemming van en approbasie deur die gemeente verkry kan word by die voorgestelde wysiging van die belydenisgrondslag van die NG Kerk en/of die voorgestelde wysiging van die kerkverband by moontlike eenwording van die Familie van NG Kerke:

15.1.1. Voeg die volgende voetnota by Kerkorde Art 44.1 "Vir die wyse waarop die besluit van Kerkrade oor die verandering van die belydenisgrondslag van die NG Kerk hanteer word ten einde die instemming en approbasie van gemeentes met die besluit te verkry, sien Kerkorde Reg 6: 6"

15.1.2. Verander die opskrif van KO Reglement 6 om te lees: "Reglement vir die Vermeerdering, Kombinasie, Eenwording en Samesmelting van gemeentes, en vir die Vorming van 'n nuwe Kerkverband."

15.1.3. Voeg nuwe pt 6 by Kerkorde Reglement 6, met die opskrif "Die Vorming 'n Nuwe Kerkverband".

15.1.4. Die nuwe Reglement 6: 6 lees soos volg:

*"6.1 Die kerkraad lê sy voorstel oor die wysiging/handhawing van die belydenis/kerkverband éérs aan die gemeente voor vir die instemming van die belydende lidmate. Nadat die instemming van twee derdes van die lidmate verkry is, finaliseer die Kerkraad sy besluit met tweederde meerderheid, waarna die finale besluit wéér op twee agtereenvolgende Sonde aan die gemeente vir approbasie voorgelê word.*

*6.2 Die Kerkraad besluit om die instemming van die gemeente soos in 6.1 hierbo genoem, op een van die volgende twee wyses te verkry:*

*6.2.1 Die instemming van belydende lidmate word per gesloten stembrief verkry tydens 'n gemeentevergadering wat die kerkraad met die belydende lidmate van die gemeente belê het en waarvan daar by die erediens(te) op vier agtereenvolgende Sonde vooraf kennis gegee is van beide die vergaderdatum en die inhoud van die voorstel. By hierdie vergadering is twee waarnemers deur die ring/sy gevoldmagtigde kommissie aangewys, teenwoordig. Die voorste en skriba van die kerkraad tree op as ampsdraers van hierdie vergadering.*

*6.2.1.1 Lidmate wat 'n wettige verskoning het waarom hulle nie die betrokke gemeentevergadering kan bywoon nie, kan hul stem vooraf per gesloten stembrief uitbring. Hierdie stemme word getel nadat die stemming op die gemeentevergadering uitgebring is.*

*6.2.2 Die instemming van belydende lidmate word per gesloten stembrief verkry wat persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die kerkraad aan elke ongesensureerde belydende lidmaat van die gemeente beskikbaar gestel word. Minstens 14 (veertien) dae moet na ontvangs toegelaat word vir die inhandiging van die stembrief.*

*6.2.2.1 Dit is die lidmaat se verantwoordelikheid om toe te sien dat die voltooide stembrief die kerkkantoor van die gemeente voor of op die sperdatum bereik. Die stemtelling vind plaas in die teenwoordigheid van twee waarnemers deur die ring/sy gevoldmagtigde kommissie aangewys.*

*6.3 Die tweederde meerderheid van die gemeente se instemming word bepaal deur die getal uitgebragte stemme.*

*6.4 Die kerkraad kan met lidmate en die kerkverband kan met gemeentes wat in die minderheid gestem het en wat nie bereid is om deel te word van die nuwe kerkverband nie, onderhandel oor billike kompensering.*

*6.5 Die kerkraad stel deurgaans alle pogings in werking om kerskeuring te voorkom."*

15.2 Twee derdes van alle kerkrade moet hierdie geaprobeerde besluit verkry.

15.3 Elke sinode moet dan met 'n tweederde meerderheid tot kerkeenheid besluit.

15.4 Nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederde meerderheid ten gunste daarvan besluit het, moet die Algemene Sinode dit ook met 'n tweederde meerderheid aanvaar (Art 43 en 44).

## **16 Sinodevorming**

Aangesien strukturele eenheid op Algemene Sinodale vlak noodwendig 'n langsame proses is, kan sinodes wat daarvoor gereed is, wel struktureel met mekaar verenig as sinodes sonder om die bestaande kerkverbande prys te gee. Die bedoeling hiermee is ook om die herenigingsproses op Algemene Sinodale vlak te bevorder.

**KERKHERENIGING: NG KERK, NGKA EN RCA** (vgl Agenda A.11 Bylaag 5 bl 242 pt 4.4; T.12.2 pt 8.2.2; Notule Dag 5 bl 122)

Die TRK beveel aan dat indien die voorstel van die Moderamen rakende die hereniging met die NGKA en RCA goedgekeur word, die Algemene Sinode opdrag gee aan die ATR omregsadvies in te win om die Algemene Sinode te adviseer oor die implementering daarvan op die pad vorentoe.

**KERKHERENIGINGSPROSESSE TUSSEN DIE NG KERK, NGKA EN DIE RCA** (vgl Agenda A.11 Bylaag 5 bl 242 pt 4.4; T.11.1 pt 4.4; Notule Dag 4 bl 106)

Die Algemene Sinode neem instemmend en met groot dankbaarheid kennis van die versoek van RCA/NGKA, maar ook van die VGKSA se versoek om hierdie herenigingstree met groot wysheid en versigtigheid te gee. Ten einde nie met 'n kortpad die VGKSA te vervreem nie maar ook nie die RCA/NGKA-versoek te negeer nie, verwys die Algemene Sinode die voorstel na die bemiddelingsproses olv die WGGK.

**KERKHERENIGING EN HOSFAKE** (vgl Notule Dag 4 bl 106)

1. Die Algemene Sinode neem met hartseer kennis van die destruktiewe impak wat jare se hofsake op die wese van die kerk gelaat het.
2. Die Algemene Sinode bevestig dat ons in ons wese 'n kerk is wat teokraties/ Christokraties funksioneer - wat altyd wil vra na Christus se Hoofskap oor ons.
3. Die Algemene Sinode dra dit aan die ATR op om alle moontlike weë te ondersoek om dit weer vir die kerk moontlik te maak om reg te laat geskied aan die regering van Christus, deur kerkorde wysigings en ander aksies, selfs regspreses, wat die impak, in 2.5.1 beskryf, omkeer.

**KERKHERENIGING: REGSADVIES** (vgl Agenda A.12 bl 271 pt 2.6.1; Notule Dag 5 bl 116)

Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Art 44 en Regl 6: 6.

**KERKORDE: WYSIGINGE** (vgl Agenda A.12 bl 286 pt 5.1.1; Notule Dag 5 bl 116)

Die Algemene Sinode keur die reëeling van die ATR goed dat persone wat wysiginge aan die Kerkorde wil bespreek die Tydelike Regskommissie voor die behandeling van die ATR-verslag ontmoet.

**KERKORDE: HERSIENING** (vgl Agenda A.12 bl 286 pt 5; Notule Dag 5 bl 116)

**KERKORDE: HERSIENING VAN BESLUIT BY ART 70** (vgl T.12.3 pt 5.3.1; Notule Dag 5 bl 123)

Die Algemene Sinode verwys die hersiening van die besluit by Artikel 70 na die ATR.

**KLEIN GEMEENTES** (vgl Agenda A.8 Bylaag 12 bl 160 pt 8; Notule Dag 2 bl 82)

- 1 Die Algemene Sinode word versoek om 'n navorsingsprojek oor klein gemeentes as prioriteit te aanvaar.
- 2 Indien dit as prioriteit aanvaar word, word 'n Netwerk vir Klein Gemeentes in die lewe geroep met die opdrag om as gespreksforum vir klein gemeentes te dien, vitaliteit in klein gemeentes te bevorder, studie oor hierdie onderwerp te stimuleer en studieresultate in die kerklike lewe te integreer. Die Netwerk nooi ook die Familie van NG Kerk en ander Gereformeerde kerke uit om aan die gesprek deel te neem.
- 3 Die Algemene Sinode keur die beginsel van afstandsonderrig vir tweedeloopbaanpredikante goed. ATTO word getakaak om hierdie besluit te implementeer volgens die *Theological Education by Extension*-model.

**KONSTITUERING** (vgl T.12.1 pt 1.1.1; Notule Dag 1 bl 77)

1 Die TRK beveel die onderstaande Kerkordewysigings aan as ordevoorstel ter aanvang van die vergadering (met konstituering) van die Algemene Sinode aan.

2 Die AS keur die wysiginge van die Kerkorde Artikels 39, 40, 41 goed en besluit dat dit onmiddellik van krag is.

3 Die AS besluit dat die aanbeveling vir die wysiging van die Kerkorde Artikels 40.2 en 40.3 oorstaan tot by hantering van verslag van Moderamen (Bylaag 1).

#### **Artikel 39**

Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit 'n moderator, 'n assessor, 'n aktuaris en 'n addisionele lid, lei die Sinode (Artikel 25). Die algemene sekretaris tree op as skriba van die vergadering, met adviserende stem.

#### **Artikel 40**

40.1 Ter aanvang van die Algemene Sinode word 'n Moderatuur verkies vir die duur van die vergadering.

## **Artikel 41**

Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, open die vergadering en gaan voor totdat die moderator gekies is. Die algemene sekretaris help met die konstituering van die vergadering en die verkiesing van die moderator.

## **LIDMAATBEMAGTING (vgl Agenda A.8 Bylaag 3 bl 114 pt 7.10; Notule Dag 2 bl 83)**

**1 Die Algemene Sinode versoek dat lidmaatbemagtiging as 'n prioriteit oorweeg word en dat Rimpels as 'n projek voortgesit word.**

**2 Die Algemene Sinode versoek dat 'n projekspan saamgestel word wat 'n behoeftebepaling doen rondom watter materiaal nodig is vir die toerusting en begeleiding van volwasse lidmate.**

## **LIDMAATBEMAGTING (vgl Agenda A.12 bl 282 pt 2.16.1; Notule Dag 5 bl 116)**

Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Art 55.

## **MEDIA: DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA (vgl A.9 bl 166 pt 16; A.11 bl 210 pt 6.2.3; Notule Dag 5 bl 112)**

Die Algemene Sinode voeg die volgende besluit oor die bedryf van die Kerklike Media in die Kerkorde in as deel van die Funksionele Besluite:

### **DIE BEDRYF VAN KERKLIKE MEDIA**

#### **1 INLEIDING**

Die Bybel-Media Groep van Maatskappye ("die Groep") hanteer die bedryf van kerklike media.

#### **2 ORGANISASIE**

**2.1 Die Groep bestaan uit die volgende Artikel 21-maatskappye: Bybel-Media, Bybel-Media Handel en die Tydskriftemaatskappye van die NG Kerk.**

**2.2 Die ledevergaderings van die Groep het dieselfde personeel as die personeel van die Moderamen van die Algemene Sinode van die NG Kerk en wys op aanbeveling van die uittredende direksies die lede van die onderskeie direksies aan. Die ledevergaderings konstitueer afsonderlik ooreenkomstig die statute van die onderskeie maatskappye.**

**2.3 Die ledevergaderings van die Groep sal so gou as moontlik ná elke gewone sitting van die Algemene Sinode die lede van die direksies van die Groep aanwys. Die direksies word saamgestel soos wat die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye bepaal. Lede sal kollektief oor bewese kundigheid beskik ten opsigte van mediabehoeftes en mediabeleid asook van die bestuur en finansies van die mediabedryf.**

**2.4 Ander persone wat by die kerklike media-aktiwiteite of kommunikasie-aktiwiteite betrokke is, kan op uitnodiging direksievergaderings bywoon.**

#### **3 OPDRAG**

##### **Die Direksies**

**3.1 voer hulle opdrag uit ooreenkomstig die bepalings van die aktes en statute van die onderskeie Artikel 21-maatskappye van die Groep;**

**3.2 streef daarna dat die evangelie in sy volle omvang en toegepas op alle lewensbehoeftes aan almal gebring word deur gebruikmaking van geskikte media;**

**3.3 verseker dat hierdie bediening op 'n doeltreffende, ekonomiese en ekumeniese wyse plaasvind;**

**3.4 sal strategieë daarstel om met die kerkverband in gesprek te wees oor mediabehoeftes;**

**3.5 toesien dat doeltreffende kanale vir die kommunikasie van kerklike inligting beskikbaar is;**

**3.6 doen aan die ledevergadering verslag oor die stand van die kerklike mediabediening;**

**3.7 stel die uitvoerende hoof van die Groep en die redakteur van die amptelike lyfblad van die NG Kerk aan, ná advies van die Moderamen tov die kortlys van benoemdes vir die onderskeie poste.**

**3.8 Die redakteur van die amptelike lyfblad is 'n funksionaris binne die Groep wat aan die uitvoerende hoof van die Groep rapporteer, en moet oor uitstekende joernalistiese vaardigheid beskik. As funksionaris woon die redakteur in 'n verslaggewerskapasiteit ook vergaderings van die Moderamen van die Algemene Sinode by.**

## **MEDIA: ONDERSTEUNING VAN BYBEL-MEDIA (vgl A.9 bl 166 pt 16.2; Notule Dag 5 bl 113)**

Die Algemene Sinode dra sy dank en waardering oor aan al die donateurs uit gemeentes en kerkrade wat met bydraes en donasies die kerklike mediabediening van Bybel-Media gereeld ondersteun en moontlik maak. Kerkrade word opgeroep om jaarliks 'n spesiale kollekte vir dié doel te oorweeg.

## **MENSWAARDIGHEID (vgl A.11 Bylaag 4 bl 237 pte 12.1-12.6; Notule Dag 4 bl 107) (Kyk ook by Diversiteit)**

**1. Die Algemene Sinode oordeel dat menswaardigheid 'n kernwaarde van die Evangelie is.**

**2. Die Algemene Sinode dra dit aan die moderamen op om 'n taakspan vir menswaardigheid te benoem om die ASM op kontinue wyse te adviseer oor die hantering/bestuur van hierdie kernwaarde. Die taakspan moet ook adviseer tov navorsing oor 'n verantwoordelike antropologie vir die kerkverband.**

**MISSIONALE EKKLESILOGIE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 10 bl 141 pt 20.1; Notule Dag 2 bl 81; Notule Dag 5 bl 114; T.5.1 pt 2)

**Die Algemene Sinode besluit dat aanbeveling 20.1 van die Verslag oor 'n Missionale Ekklesiologie (A.8 Gemeente-Ontwikkeling Bylaag 10 bl 141) soos volg gewysig word:** Die Algemene Sinode aanvaar hierdie dokument as deel van die NG Kerk se gesprek oor 'n missionale ekklesiologie.

**MISSIONALE EKKLESILOGIE: OMVATTENDE BELEIDSOKUMENT OOR DIE KERK SE GETUIENIS** (vgl Agenda A.5 bl 58 pt 5.2.2; Notule Dag 2 bl 81, Notule Dag 5 bl 114; T.5.1 pt 3)

**Die Algemene Sinode besluit dat aanbeveling 15.2.2 van die ADD verslag (A.5 bl 58) soos volg gewysig word:**

**15.2.2 die samevoeging van die verskillende studiestukke rakende 'n missionale ekklesiologie, insluitend studiestukke oor die kerk en die konteks, evangelisasie en diversiteit in een dokument wat as 'n raamwerk die kerk in al haar verbande (Algemene Sinode, sinodes, ringe en gemeentes) sal dien. Hierdie dokument moet nie net 'n teologiese besinning wees nie, maar ook riglyne vir die praktyk bevat.**

**MISSIONALE EKKLESILOGIE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 10 bl 141 pt 20; T.12.2 pt 6.7; Notule Dag 5 bl 122)

**Die Algemene Sinode besluit:**

**1 om nie Kerkorde Artikel 1 te wysig nie omrede dié artikel die grondslag van die NG Kerk omskryf nie en nie die roeping nie. Die voorgestelde wysigings is reeds in ander artikels van die Kerkorde vervat.**

**2 om nie die ADGO se wysiging van Artikel 9 goed te keur nie.**

**3 om die wysiging van Artikel 9 soos voorgestel deur die ATR, goed te keur (Agenda bl 287)**

**4 om die voorgestelde gewysigde Kerkorde Artikel 10 (soos aanbeveel deur die ATR – Agenda bl 287) goed te keur en dat die voorstel van ADGO nie goedgekeur word nie.**

**5 om die wysiging aan Kerkorde Artikel 16 soos voorgestel deur die ATR (Agenda bl 288) goed te keur met invoeging van die woord "onderskeiding," voor "versorging", sodat Artikel 16 soos volg lui: "16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike onderskeiding, versorging, leiding, bestuur en toesig en omvat: ..."**

**MISSIONALE EKKLESILOGIE** (Notule Dag 2 bl 82)

**Vervang 7.5 van bl 135 met:**

**Die Kerk gaan nie op in formele strukture, ampte, geboue, ordes of aktiwiteite nie. Die Kerk is tegelyk ook instelling én organisme, strukture én diens. Vanuit die NT perspektief is alle gelowiges voltydse verteenwoordigers van Christus op elke plek waar hulle hulself bevind. Kerkwees gebeur daarom binne elke lewenssfeer. In die erediens word gemeenskap met die lewende God beoefen en so rus die Here ons toe om Christus se voltydse gestuurdes te wees.**

**MISSIONALE EKKLESILOGIE: EKKLESILOGIESE GESPREKSDOKUMENT** (vgl Agenda A.12 bl 269 pt 2.1.1; Notule Dag 5 bl 115)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat daar geen kerkordelike wysiginge op grond van die dokument aanbeveel word nie.**

**MODERATUUR: VERKIESING VAN** (vgl Agenda A.12 bl 284 pt 2.23; Notule Dag 1 bl 77)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die Kerkorde.**

**MODERATUUR: VERKIESING VAN** (vgl by Konstituering)

**NAVORSING** (vgl Agenda A.11 Bylaag 8 bl 268 pt 6; Notule Dag 5 bl 125)

**Die Algemene Sinode**

**1 bevestig dat navorsing onontbeerlik vir die werksaamhede van die kerk is**

**2 versoek die Moderamen om 'n Taakspan: Navorsing aan te wys wat navorsing in die Algemene Sinodale sisteem, insluitend navorsing wat na ander instellings soos ISWEN uitgekontrakteer word, moet koördineer**

**3 versoek die Moderamen om 'n begroting vir die funksionering van die Taakspan beskikbaar te stel**

**4 versoek die Moderamen om jaarliks vir navorsingsprojekte wat in lyn is met die gestelde prioriteite te begroot.**

**NUWE BEDIENINGSONTWIKKELING/ NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING** (vgl Agenda A.8 Bylaag 5 bl 120 pt 6; Notule Dag 2 bl 82)

**1 Die Algemene Sinode aanvaar dat die saak van Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente-Ontwikkeling (NGO) belangrik is en daarom as 'n prioriteit oorweeg word.**

**2 Die Sinode oorweeg die ontwikkeling van motiverings- en oriënteringsmateriaal, wat in sinodes en gemeentes gebruik kan word, as 'n prioriteit.**

**3 Die Sinode herbevestig sy besluit van 2007 en versoek ATTO om toe te sien dat die saak van NBO/ NGO die nodige aandag in die kurrikula van die verskillende teologiese fakulteite kry.**

**4 Die Sinode versoek dat die verskillende VBO-sentrum (Stellenbosch, Bloemfontein, Pretoria) prioriteit sal verleen aan die opleiding en toerusting van leraars en lidmate vir die saak van NBO/ NGO.**

**5 Die Sinode bevorder die saak van Nuwe Bedieningsontwikkeling (NBO) / Nuwe Gemeente Ontwikkeling (NGO) met as riglyn goeie verhoudinge met die naaste plaaslike gemeente, die Ring en /of Sinode, sodat dit die eenheid van die Kerk sal dien en die uitbreiding van die Koninkryk van God bevorder.**

**NUWE GEMEENTE-ONTWIKKELING** (vgl Agenda A.12 bl 269 pt 2.2.1; Notule Dag 5 bl 115)

**Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy hersiening van Kerkorde Reglement 6.**

**OFFERGawe** (vgl Notule Dag 5 bl 112)

**Ons bly en eet baie lekker en is dankbaar vir die seën van die Here. Die Algemene Sinode kan 'n verskil maak in die lewe van minderbevoorregtes in die omgewing waar ons die sitting hou deur 'n offergawe te gee. Dit kan geskenk word aan 'n verdienstelike organisasie soos aangewys deur die Sinode van Wes-Transvaal.**

**ONDERWYS** (vgl Agenda A.11 Bylaag 2 bl 222 pt 3; Notule Dag 4 bl 110)

**1 Die Algemene Sinode verklaar dat die NG Kerk verbind is tot uitnemende onderwys op alle vlakke.**

**Sinodes, ringe en gemeentes word opgeroep om daadwerklik en positief betrokke te raak by onderwys deur skole en ander onderwysinstansies op welke moontlike vlak te ondersteun.**

**2 Die Algemene Sinode gee opdrag aan 'n taakspan om die kerkverband oor die onderwys te adviseer. Hulle moet onder andere die volgende sake oorweeg:**

**2.1 'n program wat deur gemeentes gebruik kan word om betrokke te raak by skole;**

**2.2 'n afrondingsjaar as alternatief vir bestaande moontlikhede;**

**2.3 moontlikhede rondom die aanwending van jeugwerkers in skole;**

**2.4 in watter mate die Hugenote Kollege en soortgelyke sentra ten beste aangewend kan word vir die onderwys.**

**3 Die Algemene Sinode is verder verbind daartoe om as deel van die NG Kerk se publieke getuienis 'n aktiewe rolspeler in die openbare gesprek oor die onderwys te wees.**

**ONDERWYS** (Verhelderingsgesprek oor die kerk en ons konteks: onderwys; Notule Dag 4 bl 111)

**Die Algemene Sinode word versoek om 'n hoë prioriteit aan aanbevelings 3.1 – 3.3 van die verslag *Die rol van die NG Kerk in die Onderwys* (Moderamen Bylae 2 bladsy 220) toe te ken die Moderamen te versoek om toe te sien dat die sake genoem in aanbeveling 3.2 dadelik aandag kry.**

**PREDIKANTEBEGELEIDING** (vgl Agenda A.8 Bylaag 1 bl 82 pt 3; Notule Dag 2 bl 87)

**1 Die Algemene Sinode besluit dat predikantebegeleiding, in lyn met die strukturering van die Algemene Sinode se werk, 'n saak is wat as prioriteit hanteer word.**

**2 Indien Hoofstuk 6 van die A tot Z-Beleid goedgekeur word (sien VERSLAG OOR DIE UITROL VAN DIE A TOT Z-BELEID EN VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING), word die ATPB versoek om 'n opgedateerde inligtingstuk en CD voor te berei vir alle leraars en gemeentes.**

**3.3 Die Algemene Sinode keur die vervanging van langverlof deur Sabbatstyd goed soos uiteengesit en aanbeveel in BYLAAG 1.1: SABBATSTYD (5. VOORGESTELDE REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG) – Verwys na Tydelike ATR en Tydelike ADGO.**

**4 Die Algemene Sinode bevestig die geïntegreerde "Bedieningsvreugde-Model" as uitgangspunt vir 'n holistiese benadering vir predikantebegeleiding in die NG Kerk.**

**5 Die Algemene Sinode gee opdrag aan die ATPB om, indien dit met die strukturering van die Algemene Sinode se werk as prioriteit bepaal word, moontlikhede te ondersoek vir meganismes om gereelde gesprekke met leraars op verskillende lewensfasies te voer oor die behoud van roeping en toewyding aan die bediening, asook emeritaat.**

**6 Die Algemene Sinode besluit dat die ATPB dringend uitvoering sal gee aan die opdrag mdo op die koördinering van alle rolspelers wat by predikante betrokke is en so spoedig moontlik sorg dat die ATPB, ATTO, ATR en VBO-Forum saam vergader.**

**7 Die Algemene Sinode versoek dat dringend navorsing gedoen word oor die mobiliteit, toekomstige voorsiening en emeritaat van predikante in die NG Kerk en die effek daarvan op die bediening in gemeentes van die kerk.**

**PREDIKANTEBEGELEIDING: SABBATSTYD** (vgl Agenda A.8 Bylaag 1 bl 82 pt 3.3 en T.12.2 pt 6.2.1; Notule Dag 2 bl 88)

**Die Algemene Sinode keur die vervanging van langverlof deur Sabbatstyd goed soos uiteengesit en aanbeveel in BYLAAG 1.1: SABBATSTYD (5. VOORGESTELDE REGLEMENT VIR SABBATSTYD (WAT LANGVERLOF VERVANG).**

Die Algemene Sinode besluit dat die bogenoemde aanbeveling verwys word na die ATR-werkswinkel.

## REËLINGS ALGEMENE SINODE 2011 (vgl Agenda A.1 bl 15 pt 17; Notule Dag 1 bl 77)

Die Algemene Sinode keur die reëlings van die Agendakommissie/Ontwerpspan goed.

## REGLEMENT VIR DIE TAAKSPAN ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE (vgl Agenda A.2 bl 31 pt 4.3; T.12.2 pt 1.1; Notule Dag 5 bl 121)

Die Algemene Sinode verwys die Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Inligtingsdienste na die Moderamen en die Algemene Taakspan Regte vir finalisering.

## REGLEMENTE VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL ÉN KERKLIKE REGISTERS

(vgl Agenda A.2 bl 31 pt 4.3; T.12.2 pt 1.1; Notule Dag 5 bl 121)

1 Die Reglemente vir die hantering van Argief- en Museummateriaal, soos in Die Kerkorde (Algemene Sinode, 2007) opgeneem is, word weer in Die Kerkorde opgeneem met die weglatting van 6. *Inlewing van Argivale Bronne* in Bylaag 1.

2.6. *Inlewing van Argivale Bronne* en die *Reglement vir die Hantering van Kerklike Registers* word in 'n afsonderlike, uitgebreide "Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer" opgeneem.

3 Die "Handleiding vir Kerklike Registers en Rekordbeheer" word, nadat dit goedgekeur is deur die ASM, aan alle gemeentes, sinodes en Kerkargjewe beskikbaar gestel as beleidsdokument vir die hantering van kerklike registers en die bewaring en vernietiging van argivalia.

4 Die Algemene Sekretaris dra die besluit hierbo aan Sinodes en Sinodale Kerkkantore oor sodat gemeentes ingelig kan word oor die gebruik van Kerklike Registers en die korrekte toepassing van Rekordbeheer.

## REGLEMENTE: HERRANGSKIKKING VAN (T.12.3 pt 6.1; Notule Dag 5 bl 123)

Die Algemene Sinode neem kennis van die herrangskikking van die Reglemente:

### REGLEMENTE

#### 1 Algemene Reglemente

- 1.1 Reglement: Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)
- 1.2. Reglemente vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk
- 1.3 Reglement vir die vermeerdering, kombinering, eenwording en samesmelting van gemeentes
- 1.4 Reglement van Orde
- 1.5 Reglement vir die reëling van eiendomme, goedere en fondse
- 1.6 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en ander Christelike Kerke en Groepe

#### 2 Reglemente vir Taakspanne

- 2.1 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Argief en Bestuursinligtingsdienste (ATABID)
- 2.1.1 Reglement vir die hantering van argief- en museummateriaal
- 2.1.2 Reglement vir die hantering van registers
- 2.2 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding (ATBV)
- 2.3 Reglement vir die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis (ADD)
- 2.4 Reglement vir die Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling (ADGO)
- 2.5 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Kerklike Media (ATKM).
- 2.6 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Leer en Aktuele Sake (ATLAS)
- 2.7 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Fondse (ATF)
- 2.8 Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (ATR)
- 2.9 Reglement vir die Sending/Getuienis van die NG Kerk
- 2.10 Reglement vir die Vrouelessenaar

#### 3 Reglemente rakende Bedienaars van die Woord

- 3.1 Reglement vir die Algemene Taakspan vir Teologiese Opleiding (ATTO)
- 3.2 Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasié van Evangeliedienenaars
- 3.3 Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente.
- 3.4 Reglement vir die Algemene Bevoegdheidsraad (ABR)
- 3.5 Reglement vir Tentmakerbediening
- 3.6 Reglement vir Termyn bepaalde poste
- 3.7 Reglement vir die Verlof van Predikante en Sinodale Amptenare

## REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (vgl T.12.4 pt 1.1; Notule Dag 5 bl 124)

Die Algemene Sinode besluit om die vorige Reglement vir die Moderamen van die Algemene Sinode te vervang met die volgende:

## **1. Naam**

Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

## **2. Samestelling**

2.1 Die Moderamen word soos volg saamgestel:

2.1.1 die lede van die Moderatuur wat tydens die Sinode verkies is

2.1.2 een lid met sekundus uit elke Sinode deur die Sinode genomineer en deur die Algemene Sinode verkies

2.1.3 vier addisionele lede met sekundi deur die Algemene Sinode verkies

2.1.4 die Algemene Sekretaris dien met adviserende stem in die ASM

2.2 Die Moderamen se samestelling sluit in:

2.2.1 ten minste drie vroue waarvan ten minste een 'n gelegitimeerde is; en

2.2.2 ten minste twee nie-gelegitimeerde persone.

2.3 Die Moderamen word verkies vir 'n termyn van twee jaar en lede kan slegs twee termyne in dieselfde hoedanigheid dien

2.4 Wanneer 'n vakature tydens die dienstermyne ontstaan, vul die Moderamen dit aan uit die lys van verkoze sekundi lede

## **3. Opdrag**

3.1 Die Moderamen neem verantwoordelikheid vir die leierskap tussen sinodesittings met betrekking tot:

3.1.1 die identifisering, prioritisering en evaluering van werksaamhede

3.1.2 die samestelling van projek-, program- en taakspanne

3.1.3 die monitering van die proses

3.2 Die Moderamen wys vir elke termyn 'n Bestuurspan aan om die werksaamhede van die Algemene Sinode uit te voer. Dit geskied aan die hand van die betrokke reglement

3.3 Die Moderamen stel die senior personeel in diens van die Algemene Sinode aan

3.4 Die Moderamen bestuur die personeel in diens van die Algemene Sinode in samewerking met die ATR en ABR

3.5 Die Moderamen koördineer en integreer die werksaamhede van die Algemene Sinode

3.6 Die Moderamen hanteer spoedeisende sake met verslag aan die Algemene Sinode

3.7 Die Moderamen tree op as die ledevergadering van die Algemene Sinode se media maatskappye

3.8 Die Moderamen werk ten nouste saam met die leierskapstrukture in die sinodes rondom kommunikasie en uitvoering van besluite

3.9 Die Moderamen keur, in opdrag van die Algemene Sinode, reglemente en reglementwysigings vir die werksaamhede van die Algemene Sinode goed.

## **4. Vergaderings**

4.1 Die Moderamen konstitueer voor die verdaging van die Algemene Sinode

4.2 Die Moderamen vergader ten minste twee maal tussen sinodesettings

## **5. Dagbestuur**

5.1 Die Moderamen kies sy eie dagbestuur van ten minste vyf lede waarvan:

5.1.1 ten minste een lid 'n nie-gelegitimeerde is

5.1.2 die Algemene Sekretaris *ex officio* lid is

5.2 Die Dagbestuur vergader wanneer nodig

5.3 Die Dagbestuur hanteer sake wat deur die Moderamen na die Dagbestuur verwys is

5.4 Die Dagbestuur hanteer spoedeisende sake met verantwoording aan die Moderamen

## **SEISOEN VAN LUISTER** (vgl Agenda A.11 Bylaag 7 bl 265 pt 7; Notule Dag 4 bl 107)

**Die Algemene Sinode besluit dat die Seisoen van Luister-bestuur sy werksaamhede voortsit as projek van die Algemene Sinode.**

## **SKRIFBESKOETING** (vg Agenda A.10 Bylaag 3 bl 192 punt 5 bl 192; T.10.1 pt 2.5; Notule Dag 3 bl 91)

**1 Die Algemene Sinode herbevestig die verklaring Skrifgebruik en Skrifgesag, soos aanvaar by die Sinode van 2004, as 'n eenvoudige en prinsipiële samevatting van die NG Kerk se Skrifbeskouing.**

**2 Die Algemene Sinode wys daarop dat vir 'n meer volledige uiteensetting van die saak, die verslae soos goedgekeur in 1986, 1990 en 2002 hiermee saam gelees behoort te word.**

**3 Die Algemene Sinode besluit om al die dokumente oor Skrifverstaan in een bundel aan al die sinodes te stuur met die versoek om dit aan leraars en gemeentes in hulle sinodale gebiede deur te stuur en gesprek daaroor te faciliteer.**

**STRUKTURERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE** (vgl Agenda A.11 Bylaag 1 bl 117/8 pt 5.1-5.3; Notule Dag 2 bl 79)

1 Die Algemene Sinode keur die beginsels vervat in hierdie verslag goed.

2 Die Algemene Sinode keur die theologiese vertrekpunte vir kerkverband as beleidstelling goed.

3 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 43 (werksaamhede van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemmeerderheid goed.

**STRUKTURERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE: WYSIGING VAN KO ART 38** (vgl Agenda A.11 Bylaag 1 bl 216 pt 4.4.1.1-4.4.1.4, bl 218 pt 5.4; Notule Dag 3 bl 98)

4.4.1.1 Die Algemene Sinode word uit 200 afgevaardigdes wat bestaan uit 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge/diakens saamgestel.

4.4.1.2 Die eerste honderd afgevaardigdes word uit 10 persone per Sinode saamgestel.

4.4.1.3 Die oorblywende honderd word proporsioneel volgens die aantal belydende lidmate van die Sinodes saamgestel.

4.4.1.4 Die Algemene Sinode vergader weer in 2013.

**STRUKTURERING VAN DIE WERKSAAMHEDE VAN DIE ALGEMENE SINODE: WYSIGING VAN KO ART 38** (vgl Agenda A.11 Bylaag 1 bl 218 pt 5.4-5.6; Notule Dag 3 bl 99)

5.4 Die Algemene Sinode keur die voorgestelde wysiging van Artikel 38 (samesetting van die Algemene Sinode) met 'n tweederdemmeerderheid goed.

5.5 Die Algemene Sinode keur goed dat die volgende sitting in 2013 gehou word.

5.6 Die Algemene Sinode keur die wyse waarop die Moderamen en die Bestuurspan saamgestel word, goed en gee opdrag aan die Tydelike ATR om die betrokke reglemente dienooreenkomsdig aan te pas.

**STRUKTURERING: WERKING VAN SINODE** (vgl Agenda A.12 bl 285 pt 2.26; Notule Dag 2 bl 79)

Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR die opdrag uitgevoer het en die saak afgehandel het met die hersiening van die Kerkorde.

**TELEFOON-/ ELEKTRONIESE VERGADERINGS EN STEMWYSES** (vgl Agenda A.12 bl 286 pt 5.1.8; Notule Dag 5 bl 117)

Die Algemene Sinode keur die volgende advies van die ATR oor telefoonvergaderings en elektroniese stemwyse of -vergaderings goed:

1 Telefoon- en elektroniese vergaderings vir die taakspanne (sluit diensrade/diensgroepe in) van die Sinode(s) is toelaatbaar vir die hantering van spoedeisende sake onder die volgende voorwaardes:

1.1 Die vereistes vir die telefoonvergadering is dieselfde as wat geld vir 'n gewone vergadering van die taakspan onder andere ten opsigte van kennisgewing, agenda, kworum en besluitneming.

1.2 Die notule van so 'n vergadering word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.

2 Elektroniese stemwyse vir taakspanne van die Sinodes is toelaatbaar onder die volgende voorwaardes:

2.1 Die Dagbestuur van die taakspan stel 'n verslag op in verband met die saak waaraan die taakspan besluit(e) wil neem. In die verslag word die sake waaraan die manier waarop daar gestem moet word, duidelik aangedui.

2.2 Die verslag word elektronies aan al die lede van die taakspan versend.

2.3 Die elektroniese stemming se uitkoms is alleen geldig as die meerderheid van die lede hulle instemming met die voorstel wat voorgelê is vir stemming betuig het.

2.4 Die notule van so 'n stemming word by die volgende vergadering van die taakspan voorgelê vir goedkeuring.

**TEOLOGIESE OPLEIDING: UITGANGSPUNTE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 2 bl 88 pt 1.2; Notule Dag 2 bl 86)

Die Algemene Sinode keur die volgende stellings goed as uitgangspunte van hoe daar gedink word oor theologiese opleiding en gee dit aan die voorgestelde Algemene Kuratorium en die Kuratoria deur as'n basis vir hulle werk:

1 Die NG Kerk staan in 'n tradisie wat deur die eue deeglike theologiese opleiding as 'n uiters belangrike saak vir die kerk beskou het en baie tyd en bronne daarin geïnvesteer het. Die NG Kerk wil graag hierdie tradisie handhaaf en beskou die verantwoordelikheid vir theologiese opleiding as een van die sentrale take van die Algemene Sinode.

2 Die theologiese opleiding van die kerk is primêr gefokus op die opleiding en vorming van predikante vir die bediening van die kerk.

3 Die NG Kerk erken dat benewens hierdie hoofoogmerk die theologiese opleiding van die kerk ons ook moet rekening hou met

+ Die opleiding van potensiële teoloë wat die kerk en evangelie dien deur voltyds te doseer en navorsing te doen oor die teologie en bv werk soos Bybelvertaling te kan doen.

+ Die opleiding van ander dienste/ampte soos wat die kerk dit mag nodig ag (bv jeugwerkers, pastorale

**werkers, evangeliste, ens)**

+ Die opleiding en toerusting van lidmate wat geestelike werk in die gemeente of buite die gemeente wil doen inlyn met hulle gawes.

4 Die teologiese opleidingsinstansies moet ook help skep aan 'n wyer teologiese klimaat en gesprek in die kerk – onder predikante en lidmate. As die NG Kerk sy geloof reg wil leef, sal ons ook daaroor moet reflekteer en praat. Die kerk self het ook 'n verantwoordelikheid om hierdie gesprek te stimuleer en in stand te hou. Sonder hierdie teologiese klimaat en gesprek in die kerk sal teologiese skole ook moeilik hulle werk behoorlik kan doen.

5 Die NG Kerk is oortuig dat die teologiese opleidingsinstansies saam met sinodale sisteme en die gemeentes verantwoordelikheid dra vir die leeramp van die kerk – 'n wesenlike element van ons gereformeerde tradisie. Die kerk het 'n mede-verantwoordelikheid om die ruimte te help skep vir opleidingsinstansies om hierdie rol te kan speel.

6 Die NG Kerk aanvaar dat daar in die opleiding van predikante aandag gegee sal word aan die geïntegreerde vorming van kennis (logos), karakter (etos) en vaardighede en houdings (patoe). Nie een van hierdie elemente "gebeur" vanself nie – dit vra intensionele aandag en tyd. Dit vra dat daar aan ten minste die volgende fasette gereelde aandag gegee moet word: aan die studente

+se geestelike lewens en dissiplines;

+se roepingsbewustheid;

+se psigiese gesondheid en persoonsgroei;

+se Bybelse en teologiese kennis en insig;

+se kontekstuele insig en oordeel;

+se verstaan van die kerk en van die roeping en werking van gemeentes;

+se vorming van spesifieke vaardighede wat vir die bediening nodig is.

7 Die NG Kerk aanvaar dat die kerk in nuwe tye en situasies gekonfronteer word met nuwe uitdagings. Dit mag van ons vra om nuwe antwoorde vir nuwe probleme te soek, om nuwe weë te eksploréer en selfs nuwe bedienings en praktyke te ontwikkel. Daarom wil die NG Kerk die persone betrokke by opleiding aanmoedig om hierdie uitdagings op te neem – met die nodige openheid, kreatiwiteit en verantwoordelikhedsin.

8 Teologiese opleiding kan nooit konteksloos gedoen word nie. Dat ons nou in Suider-Afrika leef en werk, is deel van die werklikheid van die NG Kerk. Ons glo dat een van die groot uitdagings vir die kerk is om saam met ander gelowiges in ons land te vra wat ons gesamentlike roeping nou in Afrika is.

9 Hoewel die teologiese opleiding van die kerk veel meer vra as net akademiese opleiding, wil die NG Kerk bly streef na akademiese uitnemendheid in ons opleiding. Daarom sou die NG Kerk graag, solank dit moontlik is, die opleiding aan die universiteite in ons land, wat daarvoor voorsiening maak, wil koppel. Op die manier behou die kerke ook hulle presensie by die universiteite en het hulle'n besondere geleentheid vir publieke getuienis en gesprek.

10 Die NG Kerk is bewus van die feit dat teologiese fakulteite ter wille van dienslewering aan meer denominasies in die land meer ekumenies geraak het in hul aanbod van kursusse. Ons het volle begrip daarvoor en oordeel dat dit ook belangrike voordele vir die kerke inhoud. Kontak met studente van ander denominasies kan ons studente voorberei vir 'n bediening waarin daar meer rekening gehou word as in die verlede met die eenheid van die kerk.

11 Terwyl ekumene en die eenheid van die kerk vir die NG Kerk baie belangrik is, glo die NG Kerk dat 'n kreatiewe getrouheid aan ons eie gereformeerde identiteit en tradisie uiters belangrik is en deel is van wat ons in die huis van die ekumene inbring. Ons besef dat die gereformeerde tradisie nie iets staties is nie, maar in nuwe situasies herbedink moet word. Die NG Kerk besef ook dat ons hierdie herformulering nie sal kan doen as ons ons eie tradisie nie teologies en histories baie goed ken nie. Wanneer die teologiese fakulteite in hul formele kursusse nie meer genoegsaam hieraan aandag kan gee nie, moet die kerk self verantwoordelikheid hiervoor aanvaar.

12 Hoewel maksimale residensie vir ons 'n voorkeur sal bly, wil ons dit moontlik maak vir meer tweedeloopbaanstudente om hulle roeping tot die bediening op te neem. Kuratoria word versoek om alternatiewe weë te ondersoek waardeur dit vir tweedeloopbaanstudente moontlik word om 'n groter deel van hul studie deeltjys te doen – sonder dat die nodige vormingswerk en praktiese voorbereiding vir die bediening afgeskeep word.

13 Die NG Kerk glo dat teologiese en bedieningsopleiding 'n lewenslange taak en verantwoordelikheid is. Daarom wil die NG Kerk graag 'n tradisie van lewenslange leer by ons predikante vestig. Ons is dankbaar vir die Algemene Sinode se verbintenis aan, en besluite oor, VBO en vra dat sinodes alles in hul vermoë doen om die vestiging van die praktyk goed te vestig.

**TEOLOGIESE OPLEIDING: ALGEMENE KURATORIUM** (vgl Agenda A.8 Bylaag 2 bl 91 pt 2.6; Notule Dag 2 bl 87)

1 Die Algemene Sinode keur goed dat daar 'n Algemene Kuratorium tot stand kom en dat Artikel 5 van die Kerkorde gewysig word soos voorgestel in Bylaag 2.1 (soos gemaandeer L Ungerer/DJ Malan).

**2 Die Algemene Sinode keur Bylaag 2.2 (soos geamendeer L Ungerer/ DJ Malan) en Bylaag 2.3 goed.**

**3 Die Algemene Kuratorium word versoek om 'n fyn balans te handhaaf tussen sentralisering van wesenlike sake waaroor daar eenstemmigheid moet wees en genoeg selfstandigheid aan plaaslike kuratoria om hulle werk te doen.**

**TEOLOGIESE OPLEIDING: ALGEMENE KURATORIUM** (vgl T12.2 bl 10 pt 6.3.1; Notule Dag 2 bl 87)

**1. Die Algemene Sinode besluit dat die volgende voetnotas by Art 5, soos gewysig, gevoeg word:**

**Art 5.1.1 vergelyk Regl 12:4.1**

**Art 5.1.2 vergelyk Regl 12:4.2.**

**2. Die Algemene Sinode besluit dat die bogenoemde aanbevelings van ATTO ivm die reglemente voorgestel in Bylaag 2.2 op bl 102 en Bylaag 2.3 op bl 104 verwys word na die ATR-werkswinkel.**

**TEOLOGIESE OPLEIDING: GEWYSIGDE ART 5 VAN DIE KERKORDE** (Notule Dag 2 bl 88)

**By bl 101 by punt 5.1.3 – Skrap alles na “legitimasierverklaring”.**

**By bl 102 by punt 1.1.2 – Skrap die woorde “op eie koste” (sien ook bl 91 punt 2.6.2).**

**TEOLOGIESE OPLEIDING** (vgl Agenda A.3 bl 43 pt 6.6; T.12.2 pt 2.2.1; Notule Dag 2 bl 88)

**1 Die Algemene Sinode aanvaar steeds dat die normale opleiding vir teologiese studente ses jaar van suksesvolle studie moet wees.**

**2 Die Algemene Sinode verleen tot by die volgende Algemene Sinode aan 'n algemene kuratorium die volmag om met groot diskresie alle aansoeke van tweedeloopbaanstudente of persone op meer gevorderde ouderdom te oorweeg en die nodige aanbevelings te maak oor aanvullende studie met die oog op legitimasie.**

**TEOLOGIESE OPLEIDING: VBO** (vgl Agenda A.8 Bylaag 2 bl 99 pt 9.6; Notule Dag 2 bl 89)

**Die Algemene Sinode**

**1 neem met dank kennis van die goeie vordering wat gemaak is met die implementering van die sinodebesluite van 2007 oor Voortgesette Bedieningsontwikkeling as deel van die beleid vir die bedieningsvreugde van predikante. Beskikbare informasie dui daarop dat tussen 70-80% van die leraars reeds ingeskakel het by die program en dat die kursusse oor die algemeen baie positief beoordeel word.**

**2 bedank sinodes, gemeentes en die VBO-instansies (Communitas, Excelsus en Shepherd) vir hulle gesindheid en vir die werk wat hulle gedoen het om van die program 'n sukses te maak.**

**3 bevestig sy verbintenis om die besluite oor Voortgesette Bedieningsontwikkeling verder deur te voer as 'n uitvloeisel van die NG Kerk se beleid vir predikante, die belangrikheid van teologiese opleiding en vorming en twv die professionaliteit van ons beroep.**

**4 doen 'n ernstige beroep op leraars om in die lig van die verpligte aard van Voortgesette Bedieningsontwikkeling self verantwoordelikheid vir hulle bedieningsvreugde en voortgesette bedieningsontwikkeling te aanvaar.**

**5 versoek sinodes, verantwoordelike kommissies of taakspanne en die huidige drie instansies vir Voortgesette Bedieningsontwikkeling om ernstig aandag te gee aan die gehalte en toepaslikheid van die kursusse, deeglik kennis te neem van leraars en gemeentes se behoeftes en soepel te wees in hul toepassing en implementering van die program.**

**6 herbevestig dat hierdie program afhanklik is van die verhoudings binne, onderlinge sorg en toesig van ringe. Die Algemene Sinode versoek sinodes om in oorleg met die ringe soepel te wees in hul toepassing en implementering van die program terwyl daar met erns gewerk word aan die noodsaak van hierdie bedieningsontwikkeling vir die behoud van bedieningsbevoegdheid.**

**7 doen 'n beroep op die sinodes, ringe en gemeentes om indien enigsins moontlik medeverantwoordelikheid vir die voortgesette bedieningsontwikkeling van predikante wat aan die program deelneem, te aanvaar.**

**TEOLOGIESE OPLEIDING: ALTERNATIEWE BANE VAN OPLEIDING** (vgl Agenda A.12 bl 282 pt 2.13.1; Notule Dag 5 bl 116)

**Die Algemene Sinode neem kennis dat die ATR geen aanbeveling kan maak oor alternatiewe bane van opleiding nie.**

**TUG EN DISSIPLINE** (vgl Agenda A.12 bl 274 pt 2.7.3; Notule Dag 2 bl 89)

**Die Algemene Sinode**

**1 keur die voorgestelde wysigings aan *Artikel 58 tot Artikel 66 (Hoofstuk 5 van die Kerkorde)* met 'n tweederdemeerdeerdheid goed.**

**2 keur die bykomende voorstel by *Artikel 63* met 'n tweederdemeerdeerdheid goed.**

**3 keur die bykomende voorstel by *Artikel 66* met 'n tweederdemeerdeerdheid goed.**

**TUG: KERKLIKE** (vgl Agenda A.12 bl 283 pt 2.17.1; Notule Dag 5 bl 116)

Die vergadering neem kennis dat die ATR uitvoering aan hierdie opdrag gegee het in sy aanbevelings soos vervat in A.12 punt 2.7 hierbo.

**VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS** (vgl Agenda A.12 bl 284 pt 2.22; Notule Dag 4 bl 110)  
Die Algemene Sinode neem kennis van die adviese van die ATR aan die ASM, asook dat die saak afgehandel is by die hersiening van die *Kerkorde*.

**VERENIGDE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS** (vgl Agenda A.5 bl 57 pt 15.1; Notule Dag 4 bl 110)  
Die Algemene Sinode besluit dat, in die lig van die voorgestelde strukturering van die Algemene Sinodale werksaamhede, die ooreenkoms met die ander kerke rakende 'n Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis in stand gehou word en dat verteenwoordigers van die NG Kerk om in die VDDG te dien, aangewys word.

**VERSOENING: BEHOEFTE AAN** (vgl Notule Dag 4 bl 107)

Die Algemene Sinode

1. spreek sy diepe kommer uit oor die groot mate van onversoendheid wat daar nog in die Suid-Afrikaanse samelewing heers
2. roep al die verbande van die kerk op om die "bediening van versoening" onvermoeid en met groot erns te beoefen.

**VONKK: WERKWYSE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 124 pt 2.4; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode ondersteun die werkwyse van VONKK en moedig gemeentes aan om gebruik te maak van hierdie teologies- en musikaal-gekeurde nuwe klassieke liedere.

**VONKK EN FLAM: CCLI** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 125 pt 4.2; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vir die gebruik van VONKK- en FLAM-liedere by CCLI te registreer en ook erns te maak met die noukeurige rapportering aan CCLI van die VONKK- en FLAM-liedere wat gebruik word.

**VONKK CD en DVD** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 125 pt 5.2; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode moedig gemeentes en lidmate aan om die nuwe VONKK CD en DVD aan te koop en ook lidmate aan te moedig om dit te koop

**VONKK: SAMEWERKING MET DIE NHKA** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 125 pt 6.2; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode ondersteun die samewerking wat tussen die NHKA en VONKK ontwikkel het en versoek VONKK om voort te bou aan hierdie samewerking.

**VONKK EN TAIZÉ** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 125 pt 7.3; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode ondersteun die samewerking wat tussen VONKK en die Taizé-gemeenskap ontwikkel het, asook internasionale skakeling en leiding op die verskillende vlakke en versoek VONKK om daarop voort te bou.

**VONKK: LIEDERE VIR** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 126 pt 8.2; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode versoek lidmate, gemeentes, musici en liedskrywers om liedere wat aan die nodige kriteria voldoen aan VONNK te stuur sodat dit vir gebruik aan die breë kerk beskikbaar gestel kan word.

**VONKK EN OOSTELIKE SINODE SE LIEDSKRYFKOMPETISIE** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 126 pt 9.2; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode ondersteun die liedskryfkompeticie wat deur die Oostelike Sinode en VONKK gereël word en moedig liedskrywers aan om daaraan deel te neem.

**VONKK: WERKSAAMHEDE VAN** (vgl Agenda A.8 Bylaag 7 bl 126 pt 10.2; Notule Dag 2 bl 84)

Die Algemene Sinode keur dit goed dat die werksaamhede van VONKK as 'n prioriteit in die kerk voortgesit moet word.

**VROUE IN DIE KERK** (vgl Agenda A.8 Bylaag 4 bl 117 pt 7; Notule Dag 2 bl 83)

- 1 Die Algemene Sinode keur die beleid ten opsigte van vroue in die kerk (pt 6.1-6.4) goed.
- 2 Die Algemene Sinode word versoek om die Vrouelessenaar se werksaamhede as prioriteit te aanvaar.
- 3 Die Algemene Sinode keur die funksionering van die Vrouelessenaar soos voorgestel in pt 5, goed.
- 4 Indien die Vrouelessenaar as 'n prioriteit aanvaar word, word die volgende projekte aan die Vrouelessenaar opgedra:

4.1 Skakel ekumenies met die vroueleiers van ander kerke in koördinering met die ekumeniese skakeling van die NG Kerk.

**4.2 Reël ten minste een ekumeniese geleentheid met die NG kerkfamilie sowel as die Gereformeerde (reformatoriese) kerke in Suid Afrika se vroue.**

**4.3 Koördineer die netwerk van kundiges uit die sinodes met betrekking tot vrouebediening soos uiteengesit in die funksionering van die Vrouelessenaar.**

**4.4 Dra by tot die emosionele versorging van predikantsgesinne en emeriti en hul vroue of weduwees.**

**ZIMBABWE** (vgl A.11 bl 207 pt 5.1; Notule Dag 5 bl 125)

**The General Synod of the Dutch Reformed Church feels constrained:**

- 1. To bring to the attention of the government of South Africa the plight of the remaining commercial farmers in Zimbabwe and the farm workers and their households who are dependent on them, who continue to live under the threat of displacement;**
- 2. To point out to the South African government that the reason for the farm invasions is not the need for land reform, but racism and greed, since the majority of the less than 200 remaining farmers are white Zimbabweans, and around 4500 commercial farmers have already been forced off their farms;**
- 3. To request the South African government to:**
  - a) Appeal to the Zimbabwean government to see that any remaining illegal farm invasions be stopped immediately, and**
  - b) To the Southern African Development and Economic Commission (SADEC) to do everything in their power to see that the implications of the SADEC Tribunal ruling of 2010 is taken forward, to ensure that legal issues regarding land ownership be addressed, and that the rebuilding of the farming sector and food security can be ensured for the well-being of all the people of Zimbabwe.**

## **SAKEREREGISTER**

# SAKEREREGISTER

(A=Agenda; H=Handelinge; Besluiteregister nie in sakeregister vervaat aangesien dit alfabeties gerangskik is)

- A tot Z-beleid** A36, 80, 96, 275, H87, 88, 116  
**AACC** A252, H109  
**Aanbiddingstyl: kontemporêre** H126  
**Aanspreeklikheid: vrywaring van** A283, H116  
**Aarde** A211  
**Aborsie** A297, H38, 49, 81, 115  
**ABR** A275  
**Adriaan Vlok** A208  
**Afgevaardigdes** A10, 19, H74  
**Afrikaanse Christen Kerk van Nieu-Seeland (ACK)** A254, 257, H109, 142  
**Aftree-ouderdom: predikante** A298, H49, 68, 81, 122  
**Agendakommissie** A10, H77  
**Agief en Inligtingsdiens: taakspan** A31  
**Algemene Bedieningsfonds** A207  
**Algemene Bevoegdheidsraad** A275, H32, 88  
**Algemene Kuratorium** A89, H56, 87  
**Algemene Sinode: Befondsing** A298, H35, 49, 55, 81, 110  
**Algemene Sinode: samestelling** A216, H98, 122  
**Algemene Sinode: werking van** A214, 285, H79  
**Algemene Sinode: werkzaamhede** A215  
**Alternatiewe bane: teologiese opleiding** A281  
**Ampsbevoegdheid** A34, H31, 53, 113, 114  
**Andrew Murray-Prysfonds** A165  
**Anglikaanse Kerk** A256, H135  
**APK** A256  
**Apostolicum** H8, 38, 91  
**Approbasie by belydeniswysiging/ kerkeenheid** A270, H103  
**Argief en Inligtingsdiens: reglement** A31, H52, 121  
**Argief- en inligtingswetgewing** A31, 283, H116, 125  
**Argief- en museummateriaal: reglement** A31, H52, 121  
**Argief: oordrag** A28  
**Argivalia: digitalisering** A30, H125  
**Armoede** A55, H111  
**Art 1** A141, H61  
**Art 5** A101, H56, 88  
**Art 7** A286, H116  
**Art 9, 10, 16** A141, H61  
**Art 20: Beskrywingspunt B.1.2 (2007)** A269, H115  
**Art 38** A216, 218, H63, 65, 69, 98, 122  
**Art 39** H46, 63, 65, 68, 69, 77, 123  
**Art 40** H46, 63, 65, 68, 69, 77, 123  
**Art 41** H46, 68, 77  
**Art 42** H65, 70  
**Art 43** A215, H65, 70, 123  
**Art 48** A113, H58, 83, 122  
**Art 48.2** A270, H84, 115  
**Art 55** A112, H57, 82  
**Art 58** A272  
**Art 59 – 66** A272  
**Art 70: besluite by** H71, 123  
**ATTO** A77  
**Bediening van Bevryding** A174, H38, 97  
**Bedieningsbevoegdheid** A279, H116  
**Bedieningsvreugde** A80, 87, H87  
**Befondsing van Algemene Sinodale werkzaamhede** A73, H35, 49, 99, 110  
**Befondsing: Algemene Sinode** A298, H36, 49, 81, 99, 110  
**Bekeringsdoop** A291, H38, 47, 80  
**Belhar: Belydenis van** A245, 292, H18, 40, 45, 48, 51, 80, 81, 101, 105, 106

<b>Belydenis: Algemene Sinode 2011</b>	H155
<b>Belydenisdoop</b>	A291, H38
<b>Belydenisgrondslag: wysiging van</b>	A301, H50, 69, 81
<b>Beskrywingspunt B.1.2 (2007)</b>	A269, H115
<b>Bestuursake deur Moderamen hanteer</b>	A213
<b>Bestuurshandleiding vir diensverhoudinge</b>	A71, H34, 54, 89, 114, 116
<b>Bevoegdheid</b>	A34, H31, 53, 113, 114, 116
<b>Bevoegdheid van geestelike werkers</b>	A283, H116
<b>Bevoegdheid van proponente tov sakramente</b>	A279, H114, 116
<b>Bevoegdheid: beperkte</b>	H113
<b>Bevoegdheid: emeritus as huweliksbevestiger</b>	H89
<b>Bevoegdheid: lidmate</b>	A113, H83
<b>Bevoegdheid: sentrale kantoor</b>	A44, H32, 53, 88, 113
<b>Bevoegdheid: sentralisering van data</b>	A43
<b>Bevoegdheid: volle (emeritus)</b>	H113
<b>Bevoegdheidsaangeleenthede</b>	A285, H116
<b>Bevoegdheidsraad</b>	A275, H32, 88
<b>Brugbediening</b>	A81
<b>Buitelandse Bediening</b>	A257, H109
<b>Bybelgenootskap</b>	A48
<b>Bybel-Media</b>	A162, H113
<b>Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding</b>	A46, H94
<b>Bybelvertaling, -verklaring en -verspreiding: taakspan</b>	A50, H53, 95
<b>Calvyn Protestantse Kerk</b>	A256, H109, 136
<b>CCAP (Nkhoma)</b>	H131
<b>Christelike Lektuurfonds</b>	A57
<b>Christian Reformed Church in North America (CRCNA)</b>	A253, H146
<b>Christian Reformed Church in Sri Lanka</b>	A253, H150
<b>Christian Reformed Churches in Australia (CRCA)</b>	A253, 257, H144
<b>Church of Jesus Christ in Madagascar</b>	A255, H109
<b>Communauté Evangélique du Congo (CEC)</b>	A255, H109
<b>Communion of Reformed Churches in Africa</b>	A251
<b>Conventus van Reformatoriiese Kerke</b>	A252
<b>Diens en Getuienis</b>	A51, H110
<b>Diens en Getuienis: konseptualisering van begrip</b>	A52, H110
<b>Diensverhoudinge</b>	A71, H34, 54, 89, 114
<b>Diensverhoudinge: Art 7</b>	A286, H116
<b>Diensverhoudinge: kantoor van die Algemene Sinode</b>	A71
<b>Diensverhoudinge: Termynposte</b>	A280, H89
<b>Diensverhoudinge: Verlof</b>	A284, H55, 88, 90
<b>Digitalisering van argivalia</b>	A30
<b>Diversiteit</b>	A211, 228, H107
<b>Doop</b>	A212, 291, H38, 47, 80, 92, 93
<b>Doop: bekeringsdoop</b>	A291, H38, 47, 80, 92, 93
<b>Doop en nagmaal</b>	H94
<b>Doopviering/-herinnering</b>	A79, 142, 212, H92
<b>Duiwel</b>	A174
<b>Dutch Reformed Church in Botswana</b>	H131
<b>Ekklesiologie: gemeentelike</b>	A52, 269, H115
<b>Ekklesiologie: missionale</b>	A78, 130, 269, H33, 60, 81, 114, 115, 122
<b>Ekologie</b>	A211
<b>Ekonomiese geregtigheid</b>	A55, 211
<b>Ekumene</b>	A250, H45, 108
<b>Ekumeniese verhoudinge: diversiteit</b>	H109
<b>Ekumeniese verhoudinge: waardering</b>	H109
<b>Ekumeniese verteenwoordigers</b>	A14
<b>Ekumeniese verteenwoordigers; spreekbeurte</b>	H125
<b>Elektroniese vergaderings en stemwyse</b>	A286, H117
<b>Erediens</b>	A76, H58, 84, 121, 126
<b>Emeritus as huweliksbevestiger</b>	H89
<b>Evangelies-Lutherse Kerk (EKLSA)</b>	A256, H137
<b>Evangelisasie</b>	A53, 64, H82

<b>Evolusie</b>	A212
<b>Federale Raad</b>	A252, 255, H45, 108
<b>Finansiële bestuursbenadering</b>	A72
<b>FJKM</b>	A255
<b>FLAM</b>	A78, 121, 165, H84
<b>Fondse</b>	A72, H35, 55, 110
<b>Fondse: inkoop van dienste</b>	A72, H110
<b>Fondse: Taakspan</b>	A75
<b>Frank Chikane</b>	A208
<b>Funksionering van sinode</b>	A14
<b>GDN</b>	A165
<b>Geestelike werkers: bevoegdheid</b>	A283, H116
<b>Geloofsonderskeidende gesprek</b>	A14, H79, 81, 85, 91, 95, 100
<b>Gemeentedienstenetwerk (GDN)</b>	A165
<b>Gemeentegrense: inskakeling oor</b>	A283, H82, 116
<b>Gemeentelike ekklesiologie</b>	A52
<b>Gemeente-ontwikkeling</b>	A76, H55, 82
<b>GER</b>	A250
<b>Gereformeerde Evangeliese Kerk van Australië (GEKA)</b>	A254, 257, H109, 145
<b>GKSA</b>	A256, H137
<b>Global Christian Forum</b>	A250, H109
<b>Groeteboodskappe</b>	A14, H77, 78, 80, 83, 86, 92, 93, 95, 98, 100, 104, 105, 107, 109, 112, 114, 127
<b>Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling</b>	A223, H107
<b>Handves van Godsdienstregte en Vryhede</b>	A209, H117
<b>Heidelbergse Kategismus (Vr&amp;A 80) en die Roomse Mis</b>	A168, H39, 115
<b>Hugenote Kollege</b>	A57, 68
<b>Huwelik en saamwoon</b>	A193, H39, 96
<b>Huweliksbevestiger: emeritus</b>	H89
<b>Huwelikskursus</b>	H97
<b>Induksie</b>	A82
<b>Inkoop van dienste</b>	A72, H110
<b>Jaarboek</b>	A164
<b>Jeugbediening</b>	A78, 127, 282, H84
<b>Jeugwerkers</b>	A282, H89, 116
<b>JONK</b>	A78, 127, 282, H116
<b>Kapelaansdienste</b>	A209
<b>Kategesebediening</b>	A78, 128, 164, H84, 85
<b>KBB</b>	A257
<b>Kerk in konteks</b>	A53, 59
<b>Kerkbode</b>	A164
<b>Kerkbode: redakteur</b>	A210
<b>Kerkhereniging</b>	A239, H40, 66, 100
<b>Kerkhereniging: kerklike eiendomme</b>	A245
<b>Kerkhereniging: konsultasieproses in NG Kerk</b>	A239
<b>Kerkhereniging: proses tussen die vier kerke</b>	A240
<b>Kerkhereniging: proses tussen NG Kerk, NGKA en RCA</b>	A240, H40, 41, 66, 106, 122
<b>Kerkhereniging: regsadvisie/ hofsake</b>	A245, 271, H106, 116
<b>Kerkhereniging: verhouding met VGKSA</b>	A242
<b>Kerklike maatskaplike welsynsdienste</b>	A56
<b>Kerklike media</b>	A162, H62, 112
<b>Kerklike Media: bedryf</b>	A166, 209, H62, 112
<b>Kerklike registers: reglement</b>	A31
<b>Kerklike tribunale</b>	A271, H89
<b>Kerkorde: hersiening van</b>	A286, H70, 116, 117
<b>Kerkspieël</b>	A267
<b>Kerkverband: vertrekpunte</b>	A215
<b>Klein gemeentes</b>	A79, 148, 268, H82
<b>Kletskerk</b>	A210
<b>Kommunikasie</b>	H112
<b>Kommunikasiestrategie</b>	A209
<b>Konstituering</b>	A11, H46, 68, 74, 77, 122
<b>Kontemporêre aanbiddingstyl</b>	H126

<b>Kontrakposte</b>	A280
<b>Koste vergadering Algemene Sinode</b>	A74, H36, 99, 110
<b>Kuratoria: Reglement</b>	A102, H56
<b>Kuratorium Bloemfontein</b>	A95
<b>Kuratorium Pretoria</b>	A94
<b>Kuratorium Stellenbosch</b>	A92
<b>Landbou</b>	A209, 223, H107
<b>Langverlof</b>	Vgl Sabbatstyd
<b>Lausanne III</b>	A250
<b>Leer en Aktuele Sake</b>	A167, H8, 38
<b>Leerdwaling</b>	A297, H48, 80
<b>Leierskap: Algemene Sinode</b>	A216
<b>Leraars: vergoedingspakket</b>	A74
<b>Lidmaatbemagtiging</b>	A77, 112, 282, H82, 83, 116
<b>Lig</b>	A164
<b>Liggaam vir kerke van die breër NG Kerkfamilie</b>	A252, H45, 108
<b>Lord of the Dance</b>	H154
<b>Madagascar: Church of Jesus Christ in</b>	A255, H109
<b>Media: kerklike</b>	A166, 209, H62, 112
<b>Menswaardigheid</b>	H107
<b>Mentorprogram</b>	A81
<b>Metodiste Kerk</b>	A256, H138
<b>Misdaad en geweld</b>	A55, 208
<b>Missionale ekklesiologie</b>	A78, 130, 269, H33, 60, 81, 114, 115, 122
<b>Moderamen</b>	A206, H62, 66, 72
<b>Moderatuur: verkiesing van</b>	A217, 284, H77
<b>Musiek</b>	H84
<b>National Religious Leaders Forum</b>	A256
<b>Navorsing</b>	A266, H125
<b>NGKA</b>	H128
<b>NG Kerkfamilie buite SA</b>	A255, H109
<b>NHKA</b>	A255, H139
<b>NILC</b>	A256
<b>NRLF</b>	A256
<b>Nuwe Bedieningsontwikkeling</b>	A77, 118, 269, H82, 115
<b>Nuwe Gemeente-ontwikkeling</b>	A77, 118, 269, H82, 115
<b>Offergawe</b>	H112
<b>Onderwys</b>	A209, 220, H110
<b>Openbare Getuienis</b>	A207
<b>Openbare uitsaaiers</b>	A210
<b>Openingsliturgie</b>	H152
<b>Parlementêre skakeling</b>	A208
<b>Pastorale versorging: huwelik en saamwoon</b>	H96
<b>PKN</b>	A253
<b>Politieke partye; gesprek</b>	A209
<b>Predikante: aftree-ouderdom</b>	A298, H49, 68, 81
<b>Predikante: voorsiening</b>	A82
<b>Predikantebegeleiding</b>	A77, 80, H55, 87, 88
<b>Prediking</b>	A76
<b>Presbyterian Church of Aotearoa New Zealand</b>	A257
<b>Presbyterian Church of Australia</b>	A257
<b>Prioriteite</b>	H126
<b>Publieke Getuienis</b>	A208, H125
<b>RCA</b>	H129
<b>Reformed Church in East Africa (RCEA)</b>	A254, H109
<b>Reformed Church in Hungary (RCH)</b>	A254, H147
<b>Reformed Church in Japan (RCJ)</b>	A253, H150
<b>Reformed Churches of New Zealand</b>	A257
<b>Reformed Church in Zambia</b>	H133
<b>Reformed Church in Zimbabwe</b>	H134
<b>Gesprek met staat oor diskriminasie tov medies/ pensioen</b>	H97
<b>Regering: sonde in geledere van</b>	A300, H50, 81

<b>Reglement: Argief- en museummateriaal</b>	A31, H52, 121
<b>Reglement: Bybelvertaling, -verklaring en –verspreiding</b>	A50, H53, 54
<b>Reglement: JONK</b>	H116
<b>Reglement: Kerklike registers</b>	A31, H121
<b>Reglement: Kuratoria</b>	A102
<b>Reglement: Moderamen</b>	H64, 66, 72, 124
<b>Reglement: Opleiding en legitimasie van evangeliedienenaars</b>	A104
<b>Reglement: Taakspan Argief en Inligtingsdiens</b>	A33, H52
<b>Reglement: Verlof</b>	A71, H55, 90
<b>Reglement: Vrouelessenaar</b>	H60
<b>Reglemente: hersiening</b>	A284, H116
<b>Reglemente: herrangskikking</b>	H71, 123
<b>Regsadvies: kerkhereniging</b>	A271
<b>Regte</b>	A269, H46
<b>Roepingsverklaring 2007</b>	A2, H2, 77
<b>Rooms-Katolieke Kerk</b>	A256, H140
<b>Saanwoon</b>	A193, 212, H39, 96
<b>Sabbatsjaar</b>	A279
<b>Sabbatstyd</b>	A80, 84, H55, 88
<b>Sakramente: bevoegdheid van proponente</b>	A279, H114
<b>SARK</b>	A253
<b>Seisoen van Luister</b>	A262, H107
<b>Sentralisering van gemeentelike registers</b>	A29
<b>Skrifbeskouing</b>	A190, H38, 91
<b>Sosiale ongeregtigheid</b>	H111
<b>Spoedeisende sake deur Moderamen hanteer</b>	A213
<b>Staatstoelae</b>	H108
<b>Stemwyse: elektronies</b>	A286, H117
<b>Strukturering</b>	A207, 214, H62, 69, 79, 98
<b>Swaziland Reformed Church</b>	H134
<b>TEASA</b>	A253, H149
<b>Teologiese opleiding</b>	A41, 77, H53, 86
<b>Teologiese opleiding: alternatiewe bane</b>	A281, H116
<b>Teologiese opleiding: Familie van NG Kerke</b>	A92
<b>Teologiese opleiding: Graadstruktuur</b>	A91
<b>Teologiese opleiding: Kerkeie opleiding</b>	A91
<b>Termynposte</b>	A280, H89
<b>TKR</b>	A253
<b>Tug en dissipline</b>	A271, 282, H89, 116
<b>Tweedeloopbaanstudente</b>	A96, H87, 88
<b>Tydelike Kommissies</b>	A13, H30
<b>Tydskriftemaatskappy</b>	A163
<b>Uniting Church in Australia (UCA)</b>	A254, 257, H109, 148
<b>Uniting Presbyterian Church in Southern Africa (UPCSA)</b>	A256, H141
<b>UPCSA</b>	A256
<b>Vakbonde</b>	A209
<b>VBO</b>	A96, 110, H87, 89
<b>Venootskappe</b>	A56
<b>Venootskappe: ekumenies</b>	A57
<b>Verenigde Diensgroep Diens en Getuienis (VDDG)</b>	A51, 284, H110
<b>Vergaderings: elektronies</b>	A286, H117
<b>Verhelderingsgesprekke</b>	A14
<b>Verkiesings</b>	A209
<b>Verlof</b>	A284, H55, 88, 90
<b>Verlofreglement</b>	A71
<b>Verslae (aanvullend)</b>	H7
<b>Versoening</b>	A54, H107
<b>VGKSA</b>	A242, H130
<b>Volkskerk van Afrika</b>	A256, H109, 142
<b>VONKK</b>	A78, 124, 165, H84
<b>Vrouelessenaar</b>	A77, 115, H59, 83
<b>Vrou as predikant: viering</b>	H90

<b>WARC</b>	A250
<b>WCRC</b>	A250, H141, 150
<b>Welsynsdienste: kerklike maatskaplike</b>	A56
<b>Wêreldbekersokkertoernooi</b>	A54
<b>Werkloosheid</b>	H111
<b>Werksaamhede van die Algemene Sinode</b>	A207, 215
<b>Werkskema</b>	A16, H78
<b>Wetenskap: Kerk en</b>	A212, H38, 92
<b>World Reformed Fellowship</b>	A250, 258, H108
<b>WRK</b>	A250
<b>Wysiging van Belydenisgrondslag</b>	A301, H50, 69, 81
<b>Zimbabwe</b>	A207, H125